UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Verkenning van die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene

*deur*

**Adeline Twigge**

*Ingedien ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad*

Philosophiae Doctor

*in die*

Departement Opvoedkundige Sielkunde

Fakulteit Opvoedkunde

*aan die*

Universiteit van Pretoria

**Promotor: Prof. J.G. Maree**

Julie 2015

© University of Pretoria

# Hierdie proefskrif word opgedra aan elkeen wat reeds welwillendheid koester en bevorder, asook elkeen wat mettertyd bereid raak om mee te doen.

ʼn Storie is een van die mees effektiewe maniere van menslike kommunikasie en in die eenvoud daarvan is dit gelaai met skerp verpakte inligting (wat maklik geberg en ontgin kan word), asook veerkragtig in die sin dat dit aangepas en/of verander kan word. In die lig hiervan en teen die agtergrond van die huidige navorsing is daar ’n besef oor hoe kragtig die rol van ʼn storie oor ʼn veranderde en beter toekoms is en watter impak dit op die betrokkenes kan hê. Om die waarheid te sê – opsteller of verteller en luisteraar of leser baat ewe veel daarby.

In die konteks van die navorsing is ʼn (lewens) storie oor beplande goedheid die bepaler van wat in die volgende lewenshoofstuk in werklikheid kan of sal uitspeel. Die kern hiervan is die visie of verbeel van ʼn beter toekoms en ʼn beter wêreld (ʼn nuwe storie) wat die verlede en die hede insluit. So belangrik is ʼn storie dus, dat dit nie net ʼn individu se lewe ten goede kan verander nie, maar ook die behoud van ons planeet in pag kan hou. ’n Logiese verdere vraag sou wees: wie is die held(e) of heldin(ne) in ons verhaal, oftewel die hoofrolspeler(s)?

In die onderhawige navorsing, is die hoofkarakter ʼn ‘welwillende’ individu wat benoem word as ’n ‘relasioneel-morele self’. Laasgenoemde word moontlik ten beste beskryf deur ʼn besondere stelling van Buechner (1993:119) en ʼn observasie deur Savickas (2006, 2011b:33). Buechner posisioneer die mens se lewensreis as’t ware as ʼn antwoord op ʼn roepstem, naamlik: *The place God calls you to is the place where your deep gladness and* the world's deep hunger *meet*, terwyl Savickas stukrag verleen met sy observasie dat iets besonders (towerkrag) gebeur wanneer daar beweging is: *Magic happens when we move [forward]*. Die waarde van die dinamiek kan dus in ʼn neutedop saamgevat word en volgens my kulmineer dit in ʼn kombinasie van Buechner (1993) en Savickas (2006, 2011b:13) se opmerkings: ***The magic happens where your deep gladness and the world’s deep hunger meet***. ʼn Reël uit Robert Frost se gedig getiteld *A Red, Red Rose* bevestig my oortuiging dat wanneer die mens harmonie tussen die eie diepste vreugde en die wêreld se diepste honger vind, ʼn hoogs welluidende produk die gevolg is: *O my Luve’s like the melodie that’s sweetly play’d in tune.*

Verder omvat die samevattende storie van die onderhawige navorsing (na my mening) al die elemente van ʼn boeiende verhaal en kan opgesom word as ʼn sprokie wat op ʼn goeie noot eindig (in die sin dat ʼn ’towerkrag’ manifesteer wanneer goedheid en daadwerklikheid hande vat (Savickas, 2011b; Taylor, 1989). Dit is ook ʼn feitelike verhaal wat, hoewel dit in die konteks van lewensontwerpberading afspeel, heelwat draaie in die sprokiewêreld maak. Die storie begin met die gesegde dat skoonheid (goedheid en welwillendheid) in *the eye of*

© University of Pretoria

*the observer* lê – en met hierdie gesegde is daar die implikasie dat die waarnemer ʼn keuse het oor wat hy of sy graag in die spieël wil sien. Die verhaal speel af as ʼn sprokie (ʼn toekomstige verhaal van goedheid en welwillendheid) in die waarnemer se spieëlbeeld. Die sprokie is die sprokie van *ubuntu,* of anders gestel die sprokie van die *common good,* die held(in) is *iSintu* die nuwe kollektiewe modus van 'om te wees' of soos deur Nhat Hanh (1993, 1998, 2009) gestel, *interbeing*, en die towerkrag lê in wat Benson (2008) benoem as die (aanwending van) *sparks* – om saam te leef en saam te werk vir die *common good*.

My uitnodiging aan jou is: Kom stem jouself en jou passie in op *the music of the greater whole* en sien hoe ʼn ongekende towerkrag in jou lewe ontvou! En meer nog, wanneer jy andere betrek of bereid is om betrokke te wees, is daar die volgende belofte: *When people come together to do what they love, something symphonic/magical happens!*

Vervolgens gee ek graag erkenning aan die towerkrag van elkeen se *spark* wat kollektief bygedra het tot die onderhawige navorsing en bedank ek die volgende persone uit my hart:

- Prof. Kobus Maree vir sy uitmuntende en meesterlike begeleiding as my promotor. Dankie dat u telkens sonder om te skroom, die ekstra myl gestap het. Dankie ook vir u menswees van welwillendheid en onkreukbare integriteit.
- Apostel Scholtz vir sy diep geestelike insig en missie en visie om onwrikbaar permanente geestelike waardes en ideale te vestig in elkeen wat sy pad kruis – waardes en ideale wat die individu in sy of haar eie en in ʼn kollektiewe hoedanigheid aanspoor om selfloos te dien – en om dit self as nederige rolmodel voor te leef.
- My man, vir sy stille teenwoordigheid en ondersteuning, sy oneindige geduld en die skep van ʼn ruimte waarin ek my droom kon vervul.
- Die ontluikende volwassenes in my persoonlike lewe (Arthur, Adeline en skoonseun Tommy, Ansley en vriendin Leonie, Victor en vriendin Simone). Dankie vir die deel van jul paradoksale sterkte en weerloosheid. Dankie vir jul rou en eerlike opinies, optimisme, *fun-loving* benaderings en fyn, skerp humor waarmee ek telkens die horison van my navorsing kon verbreed. Julle is *awesome*!
- My ouers en drie broers, vir oop gesprekke oor die lewe, die mensdom, ideale en die realiteit.
- Norah Lubisi, my huishoudelike ondersteuningspilaar oor jare heen. Dankie Norah, vir selflose diens en ʼn huishouding wat sy eie loop die afgelope paar jaar moes loop.
- Die deelnemers aan my navorsing vir jul kosbare bydraes en gewilligheid om jul lewensverhale te deel.
- Die geestelike gemeenskappe van al die lewensfases saam met wie ek al van kindsbeen stap en wat aan my menswees help vorm gee het (en nog steeds doen). Ek waardeer elkeen se inset uit my hart.
- My professionele groepie vriendinne van die Gautengse Welsynsdienste; vir jul ywer en strewe om onverpoosd ʼn verskil te maak in lewens wat gefragmenteerd is of geraak het.

© University of Pretoria

- Die geestelike gemeenskappe van Mosambiek wat my geleer het van die skoonheid, krag en onblusbare vreugde van kollektivisme.
- Die Enneagram-ondersteuningsgroep vir indringende gesprekke oor die mooi essensie in elke mens wat saam met die ego van die mens, ŉ besonderse en eiesoortige lewensreis vir elke individu impliseer.
- Elke vriendin, vriend en familielid wat altyd belangstellend wou weet *Waar trek jy?!* Ek waardeer julle opreg!
- Isabel Claassen vir uitmuntende taalversorging.
- Dr. Annelien Nieman wat as kritiese leser opgetree het ten opsigte van die kodering van die kwalitatiewe data.

En laastens, maar nie die minste nie:

- Die Groot Skeppingskrag wat in die konteks van die onderhawige navorsing manifesteer as die geestelike wortel van *a good will* of ŉ gees van welwillendheid wat die geheel effektief, konstruktief en aanhoudend sal bly voed – solank die dinamiek van ŉ positiewe, wedersyds-voordelige regulering gehandhaaf word.

© University of Pretoria

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID**

*Hierdie dokument moet geteken en ingedien word met elke opstel, verslag, projek, opdrag, skripsie en/of proefskrif*

Volle name van die student: Adeline Twigge

Studentenommer: 77278951

**VERKLARING**

1. Ek, Adeline Twigge (77278951 verklaar dat die proefskrif **Verkenning van die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene,** wat ek hiermee vir die graad PhD Opvoedkundige Sielkunde aan die Universiteit van Pretoria indien, my eie werk is en nie voorheen deur my vir ’n graad aan hierdie of ’n ander tersiêre instelling ingedien is nie.
2. Ek verklaar dat ek weet wat plagiarisme is en dat ek bewus is van wat die Universiteit se beleid in verband hiermee is.
3. Ek verklaar dat waar ander mense se werk gebruik is (hetsy in ’n gedrukte formaat, vanaf die internet of uit enige ander bron), is behoorlik erkenning daaraan verleen en verwys ek daarna in ooreenstemming met die departement se vereistes – al die bronne wat gekonsulteer is in die bronnelys vervat.
4. Ek het nie werk ingehandig as my eie wat voorheen deur ’n ander student of enige ander persoon geproduseer is nie.
5. Ek het nie toegelaat en sal nie toelaat dat enigeen my werk met voorbedagte rade kopieer om dit as hulle eie werk deur te gee nie.

HANDTEKENING VAN STUDENT: ____________________________________________

HANDTEKENING VAN PROMOTOR: __________________________________________

© University of Pretoria

# ETIESE KLARINGSERTIFIKAAT

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Faculty of Education

RESEARCH ETHICS COMMITTEE

| | |
|---|---|
| **CLEARANCE CERTIFICATE** | **CLEARANCE NUMBER :** EP 13/10/01 |
| **DEGREE AND PROJECT** | PhD<br>Verkenning van die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene |
| **INVESTIGATOR(S)** | Adeline Twigge |
| **DEPARTMENT** | Educational Psychology |
| **DATE CONSIDERED** | 3 June 2015 |
| **DECISION OF THE COMMITTEE** | APPROVED |

Please note:

*For Masters applications, ethical clearance is valid for 2 years*

*For PhD applications, ethical clearance is valid for 3 years.*

**CHAIRPERSON OF ETHICS COMMITTEE** Prof Liesel Ebersöhn

DATE 3 June 2015

CC
Jeannie Beukes
Liesel Ebersöhn
Prof JG Maree

This ethical clearance certificate is issued subject to the following condition:

1. It remains the students' responsibility to ensure that all the necessary forms for informed consent are kept for future queries.

Please quote the clearance number in all enquiries.

© University of Pretoria

**ETIESE VERKLARING**

Die outeur, wie se naam op die titelblad van hierdie proefskrif verskyn, het vir die navorsing in hierdie werkstuk die toepaslike goedkeuring rakende navorsingsetiek verkry. Die outeur verklaar dat sy die etiese standaarde, soos vereis in die Universiteit van Pretoria se *Etiese kode vir navorsers* en die *Beleidsriglyne vir verantwoordelike navorsing*, gehandhaaf het."

________________________________

Adeline Twigge

Julie 2015

© University of Pretoria

# VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat ek,

**Isabel M. Claassen** (APBVert(SAVI)),

voltydse vryskutvertaler, taalversorger/redigeerder en taalkonsultant

van
Lawsonlaan 1367, Waverley, Pretoria
(tel. 012 332 2040; selfoon 082 701 7922)

en
geakkrediteerde lid (No. 1000583) van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI)

die *taalversorging** gedoen het van die verhandeling getiteld

**Verkenning van die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene**

deur

**Adeline Twigge**

ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad Philosophiae Doctor

Departement Opvoedkundige Sielkunde
Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit van Pretoria

E-pos: adlntwigge@gmail.com
Selfoonno.: 082 417 0529

**Datum afgehandel: 22-06-2015**

**Neem asseblief kennis dat die taalversorger geen verantwoordelikheid neem vir die korrektheid van stellings of argumente in die betrokke dokument, of vir veranderings wat na afhandeling van die taalversorging aangebring is nie. Let ook daarop dat inhoudsredigering nie deel uitmaak van die taalversorger se taak nie en dat dit inderdaad oneties is.*

© University of Pretoria

# *Dr. Annelien Nieman*

## *Educational Psychologist – Opvoedkundige Sielkundige*

*B. Soc. Sc., HDE (Natal, PMB) B. Ed., M.Ed. (Guidance & Counselling) (UNISA), D.Ed (Psychology) (Unisa)*

*Tel: 082 342 2868* *Reg. HPCSA PS 0067784* *Fax: 086 5446 835* *Pr. No. 8645906*


---

2015-05-08

**Wie dit mag aangaan**

Geagte Prof/Dr/Mr/Mev

Hiermee bevestig ek dat ek, Dr. Annelien Nieman, as Mev. Twigge se eksterne data kodeerder opgetree het en dat ek die data-analise van die proefskrif getiteld "Verkenning van die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene" deeglik gekontroleer het en daarmee saamstem. Die temas, subtemas en subsubtemas wat in die studie geidentifiseer is, word volgens my akkuraat weergegee.

Die uwe

Dr. Annelien Nieman

© University of Pretoria

# EXPLORING THE VALUE OF LIFE DESIGN COUNSELLING IN THE SELF-CONSTRUCTION OF THE EMERGING ADULT


BY: ADELINE TWIGGE

SUPERVISOR: PROFESSOR J.G. MAREE

DEPARTMENT: EDUCATIONAL PSYCHOLOGY


DEGREE: PHILOPSOPHIAE DOCTOR

## ABSTRACT


The aim of the research was to determine whether a life design perspective could potentially serve as a way of counselling emerging adults to construct a self that enables them to be agents of both their own development and the development of a healthy and sustainable environment.

The study was based on a socio-constructivist paradigm which was well suited to a qualitative research design comprising case studies. Six participants who complied with the definition of 'emerging adults' and were comparatively representative of the ethnic diversity in South Africa were selected purposively from a group of individuals who had applied for career counselling in a private practice context. Qualitative data collection, analysis and interpretation techniques were used to explore the effect of life design counselling on the self-construction of these emerging adults.

The themes and subthemes implemented in the research were determined deductively (a priori), and the concepts 'agency' and 'communion' served as the two main research themes. Subsubthemes that emerged inductively – no themes or subthemes emerged inductively – and were engaged in an integrated manner, demonstrated that a balanced oscillation between self-centredness and 'other'-centredness could be negotiated, and that deliberate diversification which comprises the combination of virtues and meaningful activities (including a profession), could be fundamental to spiritual or relational-moral identity formation. Findings suggest that the participants in my study benefited from the implementation of a life design counselling intervention aimed at constructing a (relational-moral) self and the necessary human capital resource for becoming citizen leaders.



**KEY WORDS:** Life design counselling, emerging adult, self-construction, relative plasticity, purposeful diversification of self, spiritual development, prosocial values, generative behaviour, conscious evolution, citizen leadership.


© University of Pretoria

**INHOUDSOPGAWE**

## HOOFSTUK EEN: ORIËNTASIE TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSING


| | | |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 29 |
| 1.1 | DIE WAARDE VAN 'N KONSTRUKTIVISTIESE BENADERING TOT SELF- EN BEROEPSKONSTRUKSIE BY DIE ONTLUIKENDE VOLWASSENE | 31 |
| 1.1.1 | Inleiding | 31 |
| 1.1.2 | Savickas se metateorie | 31 |
| 1.1.3 | Lewensontwerpberading | 32 |
| 1.1.4 | Die beroepstorie-onderhoud en verdere proses | 32 |
| 1.1.5 | Bydraes op nasionale vlak | 35 |
| 1.2 | LEEMTE IN DIE LITERATUUR | 35 |
| 1.2.1 | Ten slotte | 35 |
| 1.3 | PROBLEEMSTELLING | 36 |
| 1.3.1 | Primêre navorsingsvraag | 36 |
| 1.3.2 | Sekondêre navorsingsvrae | 36 |
| 1.4 | BEGRIPSVERKLARINGS | 37 |
| 1.4.1 | Ontluikende volwassenes | 37 |
| 1.4.2 | Sin- en betekenisgewing ten opsigte van 'n leef-beroep | 37 |
| 1.4.3 | Lewensontwerpberading | 38 |
| 1.4.3.1 | Inleiding | 38 |
| 1.4.3.2 | Selfkonstruksie | 38 |
| *i* | *Die waarde van 'n 'evaluerende taal'* | 38 |
| *ii* | *'Self in relasionele-morele konteks' as nuwe morele horison* | 39 |
| *iii* | *Sosiale konstruksionisme* | 39 |


© University of Pretoria

1.4.3.3 Selfontwikkeling en groter heelwording 40

1.4.3.4 Ten slotte 40

1.5 TEORETIESE EN KONSEPTUELE RAAMWERK 40

1.5.1 Ontwikkelingsielkunde 41

1.5.2 Konstruktivisme en sosiale konstruksionisme 41

1.5.3 Beroepkonstruksieteorie 42

1.6 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF 44

1.7 NAVORSINGSONTWERP 44

1.7.1 Eienskappe van die navorsingsontwerp 44

1.7.1.1 Modus van ondersoek 44

*i* *Inleiding* 44
*ii* *Die kwalitatiewe paradigma* 45
*iii* *Gevalstudie* 45

1.8 NAVORSINGSMETODOLOGIE 46

1.8.1 Seleksie van deelnemende individue 46

1.9 KWALITATIEWE DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE 52

1.10 DATA-ANALISE 55

1.11 KRITERIA TEN OPSIGTE VAN DIE KWALITEIT VAN DIE NAVORSING 56

1.12 ETIESE VOORSORG 57

1.12.1 Etiese aspekte tydens al die fases van die navorsingsproses 57

1.12.2 My rol as navorser 59

1.12.3 Beperkinge van die navorsing 60

1.12.4 Voorgestelde uitleg van die verskillende hoofstukke 60


© University of Pretoria

**HOOFSTUK TWEE: LITERATUURSTUDIE**

2.1 INLEIDING 61

2.2 ONTLUIKENDE VOLWASSENES . 62

2.2.1 Die fase 'ontluikende volwasseneskap' as 'n nuwe en onderskeidende fase 62

2.2.1.1 Kriteria vir volwassenheid 62

2.2.1.2 Beroepsmoontlikhede 63

2.2.1.3 Ideologiese perspektiewe 64

2.2.1.4 Romantiese verhoudings 64

2.2.1.5 Individuele verskille 64

2.2.1.6 Sosiale ondersteuning 65

2.2.1.7 Kulturele identiteit 66

2.2.1.8 Hormonale en neurologiese ontwikkeling 67

2.2.2 Ontluikende volwassenes en psigososiale uitdagings 68

2.2.3 Ontluikende volwassenes en die uitbreiding van die self 69

2.3 ONTLUIKENDE VOLWASSENES EN SIN- EN BETEKENISGEWING 69

2.3.1 Kognitiewe ontwikkeling 70

2.3.1.1 Outoriteitsgebonde en dualistiese vorms van betekenisgewing 70

2.3.1.2 Ongekwalifiseerde relativisme 71

2.3.1.3 'n Proefnemende verbintenis 71

2.3.1.4 'n Oortuigde verbintenis 71

*i* *Die ontluikende volwassene se ondersoekende verbintenis tot sin- en betekenisgewing (Die vorming van identiteit – 'n self-bewuste self – op die drumpel van jong volwassenheid)* 72

*ii* *Vorms van weetbaarheid weer besoek* 74

2.3.2 Affektiewe ontwikkeling 74

2.3.2.1 Afhanklikheid van outoriteitsgebonde en dualistiese weetbaarheid 75

2.3.2.2 Innerlik-afhanklikheid versus onafhanklikheid 75

© University of Pretoria

2.3.2.3 'n Brose innerlik-afhanklike verbintenis 76

2.3.2.4 'n Selfversekerde innerlik-afhanklike verbintenis 76

2.3.2.5 Interafhanklikheid 76

2.3.3 Sosiale ontwikkeling 77

2.3.3.1 Vorms van gemeenskap 77

2.3.3.2 Die konvensionele gemeenskap 78

2.3.3.3 Die uitgebreide gemeenskap . 78

2.3.3.4 Die raadgewende gemeenskap 79

2.3.3.5 Die selfgekose klas of groep . 79

2.3.3.6 Oop teenoor die 'ander' 80

2.3.3.7 Die posisie van die ontluikende volwassene era in die ontwikkeling van volwasse sin- en betekenisgewing, asook die waarde van erkenning aan die Ontluikende Volwassene Era 80

2.4 ONTLUIKENDE VOLWASSENES EN SIN- EN BETEKENISGEWING IN DIE WERKPLEK . 81

2.4.1 Interpersoonlike selfkonstruksies in die werkplek 81

2.4.2 Interafhanklike selfkonstruksies ingebed in 'gemeenskaplikheid in die organisasie' 82

2.4.3 Die huidige organisasie 83

2.4.4 Spiritualiteit as middelaar vir positiewe ekonomiese en sosiale veranderings 84

2.4.4.1 Die verrysing van spiritualiteit in die werkplek 84

2.4.4.2 Die belang van spiritualiteit in die werkplek 85

2.4.4.3 Die belang van sistemiese refleksie op globale vlak en in die organisasie 85

2.4.4.4 Van nasionale burgerskap na globale burgerskap 87

© University of Pretoria

2.5 ONTLUIKENDE VOLWASSENES EN HUL BYDRAE TOT DIE BREËR WELSYN 88

2.5.1 Barrett se 'Sewe vlakke van bewustheid'-model 88

2.5.1.1 Inleiding 88

2.5.1.2 Die sewe vlakke van persoonlike bewustheid 89

2.5.1.3 Die hoër vlakke van bewustheid 91

*i* *Bewustheid van die siel* 91
*ii* *Kosmiese bewustheid* 92
*iii* *Geestelike bewustheid* 92
*iv* *Bewustheid van eenheid* 92
*v* *Verspreidheid van die vlakke van bewustheid* 93

2.5.2 Die sewe vlakke van groepbewustheid 93

2.5.3 Vier paaie na betekenisvolle werk: 'n teoretiese raamwerk 95

2.5.3.1 Individuasie 95

2.5.3.2 Die lewer van 'n bydrae 95

2.5.3.3 Selfkonneksie 96

2.5.3.4 Eenwording 96

2.5.4 Selfontwikkeling en groter heelwording 96

2.5.4.1 Dinamiese interaksies (veranderende, wederkerige verhoudings) tussen individue en meervlakkige kontekste 99

2.5.5 Ontluikende volwassenes as burgerskap-leiers 99

2.5.6 Oorsigtelike opsomming 100

2.6 BEROEPSKONSTRUKSIETEORIE 102

2.6.1 Inleiding 102

2.6.2 Savickas se metateorie 102

2.6.3 Selfheid 103

2.6.3.1 Inleiding 103

2.6.3.2 'Self' as proses 105

© University of Pretoria

i Die rol van taal 107

2.6.3.3 Identiteit-as-projek 108

2.6.3.4 Narratiewe identiteit . 109

i *Inleiding* 109
ii *Narratiewe identiteit by die ontluikende volwassene* 109
iii *Die outeur* 111

2.6.3.5 Die Sisteem-teoretiese Raamwerk van Beroepsontwikkeling (STR) 113

i *Inleiding* 113
ii *STR en narratiewe beroepsberading* 114
iii *'n Beroepsidentiteit* 115
iv *Beroepsaanpasbaarheid* 116

2.6.3.6 Sin- en betekenisgewing 117

2.6.3.7 Lewensontwerpberading 118

i *Ontluikende volwassenes en kritiese denke* 119
ii *Die waarde van 'n 'evaluerende taal'* 121
iii *'Self in relasioneel-morele konteks' as nuwe morele horison* 121
iv *Die beroepskonstruksie-onderhoud en verdere proses* 122
a *Inleiding* 122
b *Savickas se 8-stapstrategie vir die saamstel van die lewensportret* 124

- *Die opening of inleidende vraag* 126
- *Rolmodelle* 126
- *Gunsteling tydskrif, TV-program en webtuiste* 127
- *Boek en/of fliek* 128
- *Gunstelinggesegdes* 129
- *Vroeë herinnerings* 129
- *Konstruksie van 'n lewensportret* 130
- *Konstruksie* 131
- *Dekonstruksie* 131
- *Rekonstruksie* 132
- *Ko-konstruksie* 132
- *Aksie* 133
- *Faktore wat effektiewe berading beïnvloed* 133
- *Geskrewe oefeninge* 134
- *Individuele interpretasie en terugvoer* 134
- *Beroepsinligting* 134
- *Modellering* 134


© University of Pretoria

- *Aandag aan die bou van ondersteuning* 135

2.6.3.8 'n Sin van samehang (SVS) 135

2.6.4 Samevatting ten opsigte van die afdeling oor beroepskonstruksieteorie 136

2.7 TEORETIESE RAAMWERK 138

2.7.1 Inleiding 138

2.7.2 Die wetenskap van ontwikkeling 140

2.7.2.1 Menslike ontwikkeling as rypwordingsaksie 140

2.7.2.2 Menslike ontwikkeling vanweë verhoudings, sisteme en die lewensspan 142

*i* *Die integrale (kollektiewe) benadering* 143

2.7.2.3 Samevatting van ontwikkelingteorie 148

2.7.3 Konstruktivisme en sosiale konstruksionisme 149

2.7.4 Beroepskonstruksieteorie 149

2.7.5 Samevatting van hoofstuk twee 153

2.7.6 Beskrywing van en vergelyking met die YDS-program in die Wes-Kaap 153


© University of Pretoria

## HOOFSTUK DRIE: NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

3.1 INLEIDING 156

3.2 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF OP DIE NAVORSINGSPROSES 156

3.2.1 Interpretivistiese paradigma 156

3.2.1.1 Bewustelike evolusie 156

3.2.1.2 Sosiale konstruksionisme 158

*i* *Die aard van realiteit* 158
*ii* *Die tipe kennis wat verlang word* 158
*iii* *Die rol van die navorser* 158
*iv* *Implikasie van bevindings* 158

3.3 NAVORSINGSONTWERP 159

3.3.1 Eienskappe van die navorsingsontwerp 159

3.3.1.1 Modus van ondersoek 159

*i* *Inleiding* . 159
*ii* *Die kwalitatiewe paradigma* 159
*iii* *Gevalstudie* 160

3.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE 160

3.4.1 Seleksie van deelnemende individue 160

3.5 KWALITATIEWE DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE 168

3.6 DATA-ANALISE 171

3.7 KRITERIA TEN OPSIGTE VAN DIE KWALITEIT VAN DIE NAVORSING 178

3.8 ETIESE VOORSORG 179

3.8.1 Etiese aspekte tydens al die fases van die navorsingsproses 179

3.8.2 My rol as navorser om te verseker dat my navorsing aan die basiese vereistes vir etiese navorsing voldoen 181

3.8.3 Beperkings van die navorsing 182

3.9 SAMEVATTING 182

© University of Pretoria

## HOOFSTUK VIER: BESPREKING VAN RESULTATE

4.1 INLEIDING 183

4.2 AGTERGROND VAN DIE DEELNEMERS 186

4.2.1 Aanmeldingsrede van elkeen van die ses deelnemers 187

4.2.1.1 Intellektueel 187

4.2.2.2 Entoesias 188

4.2.2.3 Saint 188

4.2.2.4 Charisma 188

4.2.2.5 Perfek 188

4.2.2.6 Sonnig 189

4.3 RESULTATE VAN DIE DATA-ANALISE 189

4.3.1 Resultate van die kwalitatiewe data-analise van die individuele semi-gestruktureerde onderhoude en refleksiejoernale: subsubtemas wat op induktiewe wyse na vore getree het 197

4.3.1.1 Tema 1 en subtema 1.1 197

*i* *Subsubtema 1.1.1: 'n Selfvervullende wêreldbeskouing* 198
*ii* *Subsubtema 1.1.2: 'n Selftransenderende wêreldbeskouing* 199

4.3.1.2 Tema 1 en subtema 1.2 201

*i* *Subsubtema 1.2.1: 'n Selfhandhawende wyse van hantering van lewenservarings* 202
*ii* *Subsubtema 1.2.2: 'n Selftransenderende wyse van hantering van lewenservarings* 203

4.3.1.3 Tema 1 en subtema 1.3 204

*i* *Subsubtema 1.3.1: Intrapersoonlike diversiteit (karaktereienskappe wat positiewe waardes impliseer en wat ten opsigte van bydraes tot die samelewing benut kan word –.ook bekend as sparks)* 205
*a* *Subsubsubtema 1.3.1.1: Prososiale doelwitte* 205
*b* *Subsubsubtema 1.3.1.2: Generatiewe waardes* 206

© University of Pretoria

4.3.1.4 Tema 2 en subtema 2.1 207

i *Subtema 2.1: Familie, vriende en intimiteit*

a *Subsubtema 2.1.1: Hersentrering van die ontluikende volwassene* 207

b *Subsubtema 2.1.2:Familie as die primêre 'konteks' vir spirituele ontwikkeling* 207

c *Subsubtema 2.1.3:Georganiseerde jeuggroepe as addisionele konteks vir spirituele ontwikkeling* 208

d *Subsubtema 2.1.4:Lewenskeuses neig na waar die swaartekrag lê in terme van lewensbeplanning (die koördinering van intimiteit as een van verskillende fasette van ontluikende volwassenes se lewens)* 208

4.3.1.5 Tema 2 en subtema 2.2 208

i *Subsubtema 2.2.1: Spirituele doelwitte (dieper beroepsbetekenis) wat aanvullend tot gedefinieerde mates van sukses is* 209

4.3.1.6 Tema 2 en subtema 2.3 209

i *Subsubtema 2.3.1: Gemeenskapsgeoriënteerde aspekte* 210

ii *Subsubtema 2.3.2: Politieke aspekte* 212

4.3.1.7 Tema 2 en subtema 2.4 213

i *Subsubtema 2.4.1 Sosiopolitieke geletterdheid* 214

ii *Subsubtema 2.4.2: Die belang van sistemiese refleksie op globale vlak* 216

4.4 BESPREKING VAN RESULTATE IN DIE KONTEKS VAN DIE LITERATUUR (SOOS BESPREEK IN HOOFSTUK 2, MAAR OOK INSIGTE WAT SEDERT MY AANVANKLIKE LITERATUURSTUDIE VERWERF IS) 216

© University of Pretoria

**HOOFSTUK VYF: BESPREKING VAN DIE BEVINDINGS VAN DIE NAVORSING**

5.1 INLEIDING 219

5.2 VERGELYKING VAN BEVINDINGS VAN EIE NAVORSING MET BEVINDINGS VAN ANDER NAVORSERS 221

5.2.1 TEMA 1: EIE DAADWERKLIKHEID (Individuasie) 223

5.2.1.1 Subtema 1:1: Ideologie of wêreldbeskouing 223

*i* *Subsubtema 1.1.1: ’n Selfvervullende wêreldbeskouing* . 223
*ii* *Subsubtema 1.1.2: ’n Selftransenderende wêreldbeskouing* 225

5.2.1.2 Subtema 1.2: Sleuteltonele (hoogte-, laagte- en omkeerpunte in die lewensverhaal) 226

*i* *Subsubtema 1.2.1: ’n Voorbeeld van ’n selfhandhawende wyse van hanteringvan lewenservarings (wat bydra tot die regulering van emosionele welstand)* 226

*ii* *Subsubtema 1.2.2: Twee voorbeelde van ’n selftransenderende wyse van hantering van lewenservarings (wat moontlik spirituele groei en ontwikkeling impliseer)* 227

5.2.1.3 Subtema 1.3.1: Sleutelbeelde 228

*i* *Subsubtema 1.3.1: Intrapersoonlike diversiteit (karaktereienskappe wat positiewe waardes impliseer en wat ten opsigte van bydraes tot die samelewing benut kan word – ook bekend as sparks)* 228

*a* *Subsubsubtema 1.3.1.1: Prososiale doelwitte* 229
*b* *Subsubsubtema 1.3.1.2: Generatiewe waardes* 229

5.2.1.4 Opsomming van bespreking ten aansien van die daadwerklikheidsaspek

van die deelnemers se lewensverhale 230

5.2.2 TEMA 2: GEMEENSKAPLIKHEID 231

5.2.2.1 Subtema 2.1: Familie, vriende en intimiteit 233

*i* *Subsubtema 2.1.1: Hersentrering van die ontluikende volwassene* 233
*ii* *Subsubtema 2.1.2: Familie as die primêre konteks vir spirituele ontwikkeling* 234

© University of Pretoria

*iii* *Subsubtema 2.1.3: Georganiseerde jeuggroepe as addisionele konteks vir spirituele ontwikkeling* 234

*iv* *Subsubtema 2.1.4: Lewenskeuses neig na waar die swaartekrag lê in terme van lewensbeplanning (die koördinering van intimiteit as een van verskillende fasette van ontluikende volwassenes se lewens)* 235

5.2.2.3 Subtema 2.2: Huidige of voornemende werk- of studierol 236

*i* *Subsubtema 2.2.1: Spirituele doelwitte (dieper beroepsbetekenis) wat aanvullend tot gedefinieerde mates van sukses is* 236

5.2.2.4 Subtema 2.3: Burgerskap-self 238

*i* *Subsubtema 2.3.1: Gemeenskapsgeoriënteerde aspekte* 239

*ii* *Subsubtema 2.3.2: Politieke aspekte* 240

5.2.2.5 Subtema 2.4: Kosmopolitaanse self 241

*i* *Subsubtema 2.4.1: Sosiopolitieke geletterdheid* 241

*ii* *Subsubtema 2.4.2 Die belang van sistemiese refleksie op globale vlak* 242

5.3 OPSOMMING VAN RESULTATE 243

© University of Pretoria

**HOOFSTUK SES: BEVINDINGS, SAMEVATTING EN AANBEVELINGS**


6.1 INLEIDING 245

6.2 OORSIG VAN DIE STUDIE 245

6.2.1 Navorsingsdoel en -vrae 245

6.2.2 Opsomming van die hoofstukke 245

Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering 245

Hoofstuk 2: Literatuuroorsig 246

Hoofstuk 3: Navorsingsproses 250

Hoofstuk 4: Bevindings van die studie 250

Hoofstuk 5: Bespreking van die studie 250

6.3 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE 251

6.4 ETIESE OORWEGINGS 252

6.5 OPSOMMING VAN RESULTATE (BEVINDINGE) 253

6.5.1 Tema 1 en subtema 1.1: Deelnemers se insette ten aansien van hul eie wêreldbeskouings of ideologie 253

6.5.2 Tema 1 en subtema 1.2: Deelnemers se insette rakende die hoogte-, laagte- en omkeerpunte in hul lewensverhale (sleuteltonele in die lewensverhaal) 255

6.5.2.1 Die verhoging van eksterne plastisiteit (welvarendheid) wanneer ’n gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerdheid en ‘ander’-gesentreerdheid bewerkstellig word 256

6.5.3 Tema 1 en subtema 1.3: Deelnemers se insette rakende hul eie intrapersoonlike diversiteit (idiosinkratiese karaktereienskappe wat positiewe waardes impliseer en wat ten opsigte van bydraes tot die samelewing benut kan word – ook benoem as *sparks* 258


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6.5.4 Tema 2 en subtema 2.1: Die teenwoordigheid van spirituele dimensies in die konteks van familie, vriende en intimiteit 260

6.5.5 Tema 2 en subtema 2.2: Spirituele doelwitte (dieper beroepsbetekenis) wat aanvullend tot gedefinieerde mates van sukses is 261

6.5.6 Tema 2 en subtema 2.3: Die burgerskap-self 261

6.5.7 Tema 2 en subtema 2.4: Die kosmopolitaanse self 262

6.6 BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAE 264

6.6.1 Wie is die ontluikende volwassene? 265

6.6.2 Wat is die psigososiale vereistes vir die vervulling in die breër welsyn se behoeftes? 268

6.6.3 Wat is lewensontwerpberading en wat is die waarde daarvan ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene? 268

6.7 MOONTLIKE BYDRAE VAN DIE STUDIE 270

6.7.1 Verdere bydraes van die studie 270

6.7.1.1 Bydraes wat van toepassing is op universele vlak 270

6.7.1.2 Bydraes wat van toepassing is vir lewensontwerpberading 270

6.8 AANBEVELINGS 271

6.8.1. Aanbevelings vir die praktyk 271

6.8.2 Aanbevelings vir verdere navorsing 272

6.8.2.1 Aanbevelings op universele vlak wat ook ten opsigte van lewensontwerpberading van toepassing raak 272

6.9 REFLEKTIEWE OPMERKINGS 274

6.9.1 Bevindings wat ek verwag het 274

6.9.2 Bevindings wat my verras het 274

6.9.3 Bevindings wat my teleurgestel het 274

6.9.4 Bevindings wat ek nie verwag het nie 274

6.9.5 Wat ek anders sou wou doen 274

© University of Pretoria

7 SAMEVATTING 275

LITERATUURVERWYSINGS 279

**LYS VAN TABELLE**


| | | |
|---|---|---|
| Tabel 1.1: | Beroepstorie-onderhoud | 33 |
| Tabel 1.2: | Beroepstorie-domeine | 34 |
| Tabel 1.3: | Verloop van die beradingsessies | 47 |
| Tabel 1.4: | Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke | 52 |
| Tabel 1.5: | Die koppel van navorsingsvrae aan die data-insamelingstegnieke | 55 |
| Tabel 1.6: | Etiese kwessies in kwalitatiewe navorsing (Creswell, 2013) | 57 |
| Tabel 2.1: | Progressiewe ontwikkeling van kognitiewe sin- en betekenisgewing | 70 |
| Tabel 2.2: | Posisie van die ontluikende volwassene se ontwikkeling van sin- en betekenisgewing in die gang van die ontwikkeling van volwasse sin- en betekenisgewing | 72 |
| Tabel 2.3: | Vorms van afhanklikheid ten opsigte van sin- en betekenisgewing | 75 |
| Tabel 2.4: | Korresponderende vorms van gemeenskap ten opsigte van sin- en betekenisgewing | 78 |
| Tabel 2.5: | Die sewe vlakke van persoonlike bewustheid | 90 |
| Tabel 2.6: | Die sewe vlakke in die ontwikkeling van groepbewussyn | 93 |
| Tabel 2.7: | Beroepskonstruksie-onderhoud | 122 |
| Tabel 2.8: | Beroepstorie-domeine | 123 |
| Tabel 2.9: | Skematiese voorstelling van die literatuurstudie | 138 |
| Tabel 3.1: | Verloop van die beradingsessies | 163 |
| Tabel 3.2: | Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke | 168 |


© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| Tabel 3.3 | Die koppel van navorsingsvrae aan die data-insamelingstegnieke | 170 |
| Tabel 3.4: | Uiteensetting van die data-analisetegnieke wat in die studie gevolg gaan word | 172 |
| Tabel 3.5: | Operasionalisering van die terapeutiese ingreep | 174 |
| Tabel 3.6: | Etiese kwessies in kwalitatiewe navorsing | 179 |
| Tabel 4.1: | ŉ Opsommende oorsig van die agtergrondinligting van die deelnemers | 187 |
| Tabel 4.2: | Die vyfsyferkoderingstelsel wat na die data in die getranskribeerde onderhoude verwys | 190 |
| Tabel 4.3: | Opsomming van temas en subtemas wat geblyk het uit die diepgaande analise van verbatim transkripsies van elke individuele terapeutiese ingreep | 193 |
| Tabel 5.1: | Die twee temas wat deduktief na vore getree het | 221 |
| Tabel 5.2: | Die eerste tema en subtemas wat deduktief na vore getree het, asook subsubtemas wat induktief na vore getree het | 222 |
| Tabel 5.3: | Verkenning van die aspekte van gemeenskaplikheid as verdieping van die aspekte van die daadwerklikheid van ontluikende volwassenes by wyse van die interseksie van spirituele en (narratiewe) identiteitsontwikkeling en ŉ ekologiese benadering | 231 |
| Tabel 5.4: | Die tweede tema en subtemas wat deduktief na vore getree het, asook subsubtemas wat induktief na vore getree het | 232 |
| Tabel 6.1: | Die verhoging van eksterne plastisiteit (welvarendheid) wanneer ŉ gebalanseerde ossilasie | |


© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | tussen selfgesentreerdheid en 'ander'-gesentreerdheid by die ontluikende volwassene bewerkstellig word | 257 |
| Tabel 6.2: | Relasioneel-morele selfkonstruksie (spirituele ontwikkeling) vanweë doelbewuste diversifisering en die gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerdheid en 'ander'-gesentreerdheid (asook die verhoging van eksterne plastisiteit (welvarendheid) | 259 |


**LYS VAN FIGURE**

| | | |
|---|---|---|
| Figuur 1.1: | Konseptuele raamwerk | 43 |
| Figuur 2.1: | Transformasie as die spilpunt waarom sin- en betekenisgewing in die werkplek draai | 98 |
| Figuur 2.2: | 'n Progressiewe strukturele model van die hipotetiese verhoudings tussen aanpasbare (wedersydse, voordelige) ontwikkelingsregulerings, uitgebreide ontwikkeling en GLD | 145 |
| Figuur 2.3: | 'n Progressiewe strukturele model van die hipotetiese verhoudings tussen aanpasbare (wedersydse, voordelige) regulerings, uitgebreide ontwikkeling ('n relasioneel-morele self) en prososiale gedrag (bydraes tot die breë welsyn) | 147 |
| Figuur 2.4: | Konseptuele raamwerk | 151 |
| Figuur 4.1: | Lewensontwerpberading as die gereedskapstuk vir identiteitswerk oftewel selfkonstruksie by die ontluikende volwassene | 185 |
| Figuur 4.2: | Die drie areas van die self betrokke by refleksie en ontwerp tydens lewensontwerpberading | 186 |


© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| Figuur 6.1: | Die verbandhoudende konsepte wat 'n gestalt vorm en aangewend is as 'n poging om selfkonstruksie by die ontluikende volwassene beter te verstaan | 246 |
| Figuur 6.2: | Die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van (relasioneel-morele) selfkonstruksie by die ontluikende volwassene | 249 |
| Figuur 6.3: | Die drie areas van die self betrokke by refleksie en ontwerp van 'n (relasioneel-morele) selfkonstruksie by die ontluikende volwassene met behulp van lewensontwerpberading | 263 |


**LYS VAN BYLAE**


| | | |
|---|---|---|
| Bylae A | Ingeligte-toestemmingsbrief vir deelname aan die lewensontwerpberadingsprogram | 311 |
| Bylae B | Volledige beskrywing (van die relevante aspekte wat betrekking het op die navorsing) van elke deelnemer | 315 |
| Bylae C | Oorsigtelike bewusmaking van die evolusie van die menslike bewussyn – die mensdom se 'gister', 'vandag' en 'môre' | 319 |
| Bylae D | Video-insetsels | 326 |


© University of Pretoria

# HOOFSTUK EEN

# ORIËNTASIE TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSING

## 1. INLEIDING

*'She isn't where she has been, she isn't where she is going, but she is on her way.'*

(Muurplaat: Harter, 2012, p. 131).

Arnett (2000, 2007, 2012) stel die term 'ontluikende volwassene' bekend, en verleen so kredietwaardigheid aan 'n nuwe en onderskeidende oorgangsperiode in die gang van menslike ontwikkelingsfases. Hierdie fase blyk toepaslik te wees ten opsigte van jongmense in die meer welvarende gemeenskappe tussen die ouderdomme 18 (wanneer die meeste van hulle hul skoolloopbane voltooi) en 30 (voordat hulle die volwassenheidsfase betree). Dit blyk dat die volgende groot veranderinge (wat grotendeels op 'n langer pad na volwassenheid neerkom) oor die afgelope halwe eeu kenmerkend van hierdie ontwikkelingsfase geword het: 'n toename in die tydperk van onderwys; verhoogde ouderdomme voordat daar tot die huwelik en ouerskap toegetree word; groter toleransie ten opsigte van voorhuwelikse seks en saamwoon; meer geleenthede wat vir vroue beskikbaar is; en hoe volwassenheid tans beskou word (Arnett, 2012). Smith, Christofferson, Davidson en Hertzog (2011) meld dat hierdie fase verder gekenmerk word deur 'n eksplorasie van eie identiteit, onstabiliteit, self-fokus en 'n sin vir moontlikhede, terwyl geleenthede en ongeëwenaarde hoop dikwels vergesel word van groot dosisse verwarring, angstigheid, self-obsessie, melodrama, konflik, teleurstelling en emosionele verwoesting.

Volgens Smith et al. (2011) beleef hedendaagse ontluikende volwassenes 'n totaal anders lewenservaring as die jongmense van 'n paar dekades gelede. Kommunikasie, geleenthede om te reis, kern- en biologiese tegnologie, tesame met 'n groeiende omgewingsbewustheid, het oorsprong gegee aan 'n wêreldmark en botsende kulture wat 'n sogenaamde 'new global commons' meegebring het (Dadush & Shaw, 2011). Parks (2011) beweer dat hierdie globalisasie toenemend gelei het tot 'n bewustheid dat almal in die groot lewenstapyt ingeweef is – ´n tapyt van interafhanklikheid binne 'n raamwerk wat grootliks onbeteuelbaar is. Sy glo dat globalisasie 'n behoefte aan 'n menslike ontwikkelingspraktyk meebring, wat individue moet voorberei om *burgers* van die nuwe 'commons'[1] te word. Hierdie burgers moet in staat wees om betrokke te raak by groot hedendaagse vraagstukke waar oplossings en antwoorde op nuwe, sowel as oeroue kwessies gevind moet word: *We are*

[1]Parks definieer die begrip 'commons' soos volg: *The commons is the image that stands behind the concept of the common good. It is a 'place' where people meet by happenstance and intention and have a sense of a shared, interdependent life within a manageable frame. The commons affords practices of interrelatedness, belonging, and learning how to stand – and stand with – each other over time* (Parks, 2011, pp. 200-201).

© University of Pretoria

*all swept up into an interdependent world, which requires new meaning-making at all levels* (p. 226).

Parks (2011) debatteer verder dat erkenning van die belangrikheid van die rol wat die ontluikende volwassene in hierdie konteks kan speel, beskou word as ’n essensiële element van die ontwikkeling van demokratiese samelewings wat afhanklik is van ’n universele, komplekse morele gewete – ’n burgerskap-leierskorps wat die eise van veelvoudige perspektiewe kan herken en assesseer en wat deurtrokke is met ’n kritiese, konnektiewe en deernisvolle bewussyn. Eietydse sosio-kulturele invloede soos materialisme, individualisme, morele relativisme en fundamentalisme wat ’n sterk vormende impak op die ontluikende volwassene het, blyk egter ’n teenvoeter te wees vir hierdie ideaal van ’n leierskorps met ’n koöperatiewe ‘burgerskap’-bewussyn (Parks, 2011; Smith et al., 2011; Sullivan, 2011; Fay, 2012). My eie ervaring (as moeder van vier ontluikende volwassenes; as opvoedkundige sielkundige wat ontluikende volwassenes op ŉ gereelde basis konsulteer en as gespreksgenoot waar die leefstyl en ideologieë van jeuglede in hierdie lewensfase gereeld onder bespreking is) is dat die kwessie van byvoorbeeld deelnemende en/of barmhartige of medelydende burger op plaaslike, streek-, nasionale en internasionale vlak feitlik geensins figureer nie.

Arnett, Ramos en Jensen (2001) vat bogenoemde kwessies verbaal raak as die noodsaaklikheid van ’n balans tussen twee menslike fasette, naamlik outonomie en gemeenskap. Die afwesigheid van ’n ossilasie tussen outonomie en gemeenskap raak aspekte soos die betekenis van self, jeug, verhoudinge en lewensverpligtinge, asook ŉ verskeidenheid van gedragspatrone en lewensingesteldhede ten opsigte van ontluikende volwassenes (Arnett et al., 2001). Dit bring mee dat ontluikende volwassenes ’n inisiëring verg tot lewensvatbare vorme van sin- en betekenisgewing ten opsigte van ’n self wat weet dat die persoon wat die ‘ander’ uitmaak, die een is aan wie die self onlosmaaklik in ’n wedersydse interafhanklikheid verbind is. Hierdie interafhanklikheid dui nie net op die onmiddellike omgewing, soos Collin en Guichard (2011, p. 103) dit tereg stel nie: *here it prompts the question whether the care of close others is sufficient to cope with the major crises of the world, such as global climate change, starvation, overpopulation, unemployment, poverty, and so on*.

UNICEF HQ se verslag *Generation 2030: Child demographics in Africa,* verskaf byvoorbeeld in verband met oorbevolking, die volgende vooruitskouing vir die Afrika-kontinent: Afrika se onder-vyfs gaan met 51% toeneem vanaf 179 miljoen in 2015 na 271 miljoen in 2050 en die algehele kinderbevolking (onder-18s) gaan met twee-derdes van 547 miljoen in 2015 na ongeveer 1 miljard teen die middel van die eeu toeneem. Volgens hierdie verslag toon Afrika die hoogste kinderafhanklikheidsverhouding in die wêreld en meer as enige ander streek in die wêreld lê Afrika se kinders in die hart van sy demografiese en sosiale oorgang. Verdere bevindings van die verslag toon dat Afrika die toekoms van die mensdom kan bepaal aangesien die verwagting is dat meer as die helfte van die geprojekteerde 2.2 miljard toename in die wêreldbevolking tussen 2015-2050 in Afrika gaan plaasvind.

© University of Pretoria

In aansluiting by Collin en Guichard (2011) se bekommernis oor krisisse op kollektiewe vlak, brei Savickas, Nota, Rossier, Dauwalder, Duarte, Guichard en Van Vianen (2009) uit oor hierdie onderwerp deurdat hulle verwys na die nuwe benadering in beroepsberading waar werkers bemagtig word om nie net hulself in die beroepswêreld te handhaaf nie, maar ook om bydraes tot die gemeenskap te lewer waardeur hulle dan op individuele vlak 'n groter heelwording beleef. In hierdie verband fokus ek in die volgende afdeling eerstens op hierdie sogenaamde 'konstruktivistiese benadering' tot beroepsberading en ek lig dit uit in die konteks van werk wat reeds gedoen is in die internasionale, en daarna die nasionale of plaaslike arena. Dit word gevolg deur die uitlig van 'n leemte in die literatuur – met 'n gepaardgaande aksent op die motivering vir my navorsing. Daarna bespreek ek die doel van die navorsing, die probleemstelling, 'n teoretiese en konseptuele raamwerk, my paradigmatiese perspektief en navorsingsontwerp, kwalitatiewe data-insameling en data-analise tegnieke, etiese voorsorg, my rol as navorser, beperkinge van die navorsing, voorgestelde uitleg van die navorsing en die beplande navorsingskedule.

## 1.1 Die waarde van 'n konstruktivistiese benadering tot self- en beroepskonstruksie by die ontluikende volwassene

### 1.1.1 Inleiding

Beroepsbegeleiding se bemoeienis is nie meer hoofsaaklik beroepskeuse soos 'n eeu gelede, of beroepsontwikkeling soos 50 jaar gelede nie (Collin & Guichard, 2011). Die fokus in die 21ste eeu blyk [2] leef-beroepskonstruksie te wees in die vorm van lewensontwerp wat individue daarop rig om al hul sentrale lewensrolle, lewenservaringe en sosiale prosesse te integreer in 'n toekomstige lewensbaan wat hul lewensdoel onderskraag. In die proses word 'n nuwe 'self' gekonstrueer (Guichard & Dauwalder, 2010; Collin & Guichard, 2011; Maree, 2010a; Savickas et al., 2009; Savickas, 2011a). Collin en Guichard (2011, p. 93) bevorder 'n sielkundige konseptualisering van die 'self' wat daarop neerkom dat daar wegbeweeg word van die insig van 'n 'self' wat beskou word as *something that the individual posesses, a unique, discrete, decontextualized, relatively stable entity, a constellation of identifiable traits that can be studied as objects*. Die fokus skuif dus na 'n begrip van die self as 'n dinamiese, veranderlike konstruktiewe sisteem en behels 'n proses waarby kliënte aangemoedig word om hul eie toekomstige lewensverhaal – met beroep daarby geïnkorporeer – te skryf om sodoende die belewenis van hul eie lewe as 'n persoonlike betekenisvolle konteks vir ontwikkeling te bevorder asook 'n sosiale relevante bydrae te lewer (Savickas, 2005). Die proses staan bekend as 'lewensontwerpberading' en die oorsprong daarvan is geleë in Savickas se metateorie wat vervolgens bespreek word.

[2] ´n Leef-beroep is die lewenslange ontwerp, beplanning en ameboïdale uitleef van ´n suksesvolle beroepslewe waarvan die ontwerp en beplanning geleë is in ´n interpersoonlike proses wat afspeel tussen berader en kliënt. Narratiewe metodes word gebruik om die kliënt te help om sy of haar lewensverhaal op alchemiese wyse koöperatief te ontgin (Savickas et al., 2009; Hartung, 2007, Bernaud, 2013, Di Fabio & Maree, 2013; Guichard, 2013, Rehfuss, 2013).

© University of Pretoria

### 1.1.2 Savickas se metateorie

Savickas het in 2006 sy stempel ten aansien van die beroepsielkunde afgedruk deur die drie hoof beroepsintervensieteorieë naamlik differensieel, ontwikkelend en psigodinamies in een oorkoepelende metateorie, beroepskonstruksieteorie, te verenig. Persoonlike karaktertrekke, ontwikkelingstake en lewenstemas is onderskeidelik in die gedaantes van beroepsleiding, beroepsonderrig en beroepsberading in ag geneem (Savickas, 2001 in Savickas 2011b, pp. 7-8):

> *Vocational guidance, from the objective perspective of individual differences, views clients as actors who may be characterized by scores on traits and who may be helped to match themselves to occupations that employ people whom they resemble. Career education, from the subjective perspective of individual development, views clients as agents who may be characterized by their degree of readiness to engage developmental tasks appropriate to their life stages and who may be helped to implement new attitudes, beliefs, and competencies that further their careers. Career counseling, from the project perspective of individual design, views clients as authors who may be characterized by autobiographical stories and who may be helped to reflect on life themes with which to construct their careers.*

Soos wat die teorie rondom bogenoemde beroepskonstruksie ontvou het, het Savickas ’n eksplisiete model vir beroepsberading toegevoeg wat daarop konsentreer om kliënte te bemagtig om suksesvolle lewens te ontwerp en te lei waarbinne werk, vriendskappe, intimiteit en dies meer op ’n holistiese wyse geïnkorporeer word en wat terselfdertyd bydraes tot die breër welsyn lewer (Savickas et al., 2009). Dit is ’n narratiewe benadering wat, by wyse van refleksie op lewensverhale, lewenstemas as konstrukte vir lewensontwerp en lewensprojekte blootlê en staan as lewensontwerpberading bekend (Savickas et al., 2009, Savickas, 2011b). Vervolgens word daar uitgebrei oor die moontlikhede en potensiaal daarvan.

### 1.1.3 Lewensontwerpberading

Savickas (2009a; 2009b in Maree 2012a) en White (1995, 2007) maak die stelling dat mense op outobiografiese redenering staatmaak wanneer hulle ’n verandering in hul lewens maak. Hulle gebruik dus hul eie stories om hulself bymekaar te hou, ’n proses bekend as ‘narratibility’. Dit gaan oor mense se vermoëns om te sê wie hulle werklik is en waaroor hulle lewens gaan, asook sogenaamde ‘mattering’: *counseling for career construction aims to help clients understand how their life project matters to themselves and to other people* (Savickas, 2005, p. 59). Savickas (2009a; 2009b in Maree 2012a) het ook die term ‘biographicity’ gemunt vir kliënte se vermoëns om hul eie stories te gebruik om oorgangsfases te onderhandel. Biografisiteit toon kliënte se vermoë om hul eie stories as reddingstoue te benut wanneer lewensveranderinge intree.

Kliënte behoort dus aangemoedig te word om hul eie lewensverhale te ondersoek en hul eie lewenstemas te ontgin om dit sodoende produktief in ’n nuwe lewensverhaal aan te

© University of Pretoria

wend – nie om net ’n onsekere toekoms tegemoet te gaan nie, maar ook om bewus te wees van hul verantwoordelikheid ten opsigte van die breër welsyn (Parks, 2011). Ontginning van en voortbou op lewensverhale staan dus sentraal in lewensontwerpberading (Savickas et al., 2009) en vanweë die feit dat die berader die rol van medewerker eerder as deskundige aanneem, maak dit die aard van die proses in die geheel samewerkend (Maree, 2007).

Savickas et al (2009) stel ŉ model voor vir lewensontwerpberading wat ses stappe behels:

- Definiëring van die probleem en identifikasie van wat die kliënt hoop om te vermag.
- Die kliënt en berader ondersoek die kliënt se huidige scenario.
- Perspektiewe word geopen deurdat die kliënt se storie vertel en hersien word.
- Die probleem word inŉ nuwe storie geplaas.
- Aktiwiteite wat die kliënt in die praktyk moet omsit, word gespesifiseer.
- Opvolg in die kort- en langtermyn om te bepaal of daar enige sukses behaal is, al dan nie.

In die geheel word beoog om die kliënt se aanpasbaarheid, narratibiliteit (vermoë om sy of haar eie verhaal te vertel) en aktiwiteit te verhoog. Aanpasbaarheid het te doen met verandering, terwyl narratibiliteit te doen het met kontinuïteit. Tesame voorsien die twee uitkomstes aan individue die buigsaamheid om hul lewensontwikkeling kreatief aan te spreek. Lewensontwerp sluit ook die ondersoek van werklike aktiwiteite in waartydens die persoon leer watter vermoëns en belangstellings hy of sy sal wil beoefen (Savickas et al., 2009).

Savickas (2011b) benadruk dat kundige beraders die dialoog tydens berading aanpas soos wat die deelnemers se behoeftes na vore kom. Die uiteindelike doel is dat kliënte aangemoedig sal word om ŉ beroep te kies en te beoefen wat vir hulself betekenisvol is en wat vir die gemeenskap saak maak. Betreffende die kliënt se vermoëns en belangstelling, begin lewensontwerpberading met ’n onderhoud wat assesseringskomponente soos selfkonsep en voorkeurberoepsomgewing behels. Soos reeds vermeld, word dit gevolg deur oplossings wat gesamentlik deur kliënt en berader geïdentifiseer word (Savickas, 2011b; White, 1995, 2007). Die proses van lewensontwerpberading word vervolgens bespreek.

### 1.1.4 Die beroepstorie-onderhoud en verdere proses

Volgens Savickas (2011b) bestaan die beroepstorie-onderhoud uit ’n inleidende vraag wat die kliënt se doelwitte vir berading uitlig, asook ’n inleidende gesprek rondom moontlike beroepsvoorkeure. Laasgenoemde berus op Maree (2010c) se *Beroepsbelangstellingsvraelys* wat ontwerp is met 19 beroepskategorieë wat die oorgrote aantal beroepe in die nuutste sensusopname verteenwoordig (1.1.5). Vyf primêre domeinvrae word verder gebruik om huidige en nuwe narratiewe uit te lig waarby kliënte se lewens begryp en gekonstrueer kan word (Savickas, 2011b). Die vyf vrae wat selfkonsep, voorkeurwerksomgewings, lewensdraaiboek of manuskrip, kliënt se advies aan self en sy of haar fiksasies hanteer, word vervolgens uitgestip:

© University of Pretoria

**Tabel 1.1: Beroepstorie-onderhoud**

| **In watter opsigte kan ek vir jou bruikbaar wees met die konstruksie van jou beroep?** | |
|---|---|
| 1. | Wie het jy bewonder toe jy omtrent so ses jaar oud was? Nadat die kliënt een rolmodel genoem het, word hy of sy gevra om nog twee rolmodelle te noem, waarna elkeen deur die berader op die volgende wyse ondersoek word:<br>a) Beskryf hierdie persoon vir my.<br>b) In watter opsigte is jy eenders as hierdie persoon?<br>c) In watter opsigte verskil jy van hom of haar? |
| 2. | Watter tydskrifte lees jy gereeld? Waarvan hou jy in die tydskrifte?<br>Watter TV programme of webtuistes geniet jy regtig baie?<br>Hoekom? |
| 3. | Gee vir my die titel van jou mees geliefkoosde storie. Vertel vir my die storie. |
| 4. | Het jy ŉ gewilde gesegde of leuse? Vertel my van ŉ gesegde waarvan jy al gehoor het. |
| 5. | Wat is die vroegste dinge wat jy kan onthou van jou eie lewe? Ek sal graag van drie stories wil hoor toe jy so drie tot ses jaar oud was. |

**Tabel 1.2: Beroepstorie-domeine**

| | |
|---|---|
| **Rolmodelle** | Verteenwoordig die invloede en identifikasies wat die kliënt se selfkonsep gevorm het. |
| **Tydskrifte/TV-vertonings/Webtuistes** | Verskaf ŉ aanduiding van die kliënt se omgewingsvoorkeure wat by die individu se leefstyl pas. |
| **Geliefkoosde storie** | Stories openbaar ŉ belangrike karakter wat dieselfde uitdaging as die individu het en toon aan hoe die kliënt kans sien om die eie uitdaging te hanteer. |
| **Geliefkoosde gesegde** | Bekroon die kliënt se lewensverhaal en impliseer as't ware die kliënt se advies aan hom- of haarself. |
| **Vroegste herinneringe** | Openbaar die kliënt se perspektief op die lewe en impliseer ŉ kernprobleem of fiksasie wat die individu in die gesig staar. |

Soos wat die kliënt respondeer, luister die berader intensief, vra opklarende vrae, maak reflektiewe stellings en skryf die responses neer as opgawe vir interpretasie. Daar word

© University of Pretoria

na aanleiding van die navorsingsprobleem spesifiek gelet op die mate van ossilasie, indien enige, tussen selfbelang en die breër welsyn (Barrett, 2013). Ten einde meer data rakende laasgenoemde ossilasie te kan versamel, sal addisionele tegnieke ('n collage (Watson & McMahon, 2010) en/of 'n joernaal deur die deelnemer opgestel, asook informele gesprekke) betrek word (Niewenhuis, 2007b). Hierna word die response in 'n betekenisvolle patroon, makro-narratief of lewensportret gerekonstrueer wat betekenis blootlê, 'n nuwe betekenisvolle en sinvolle lewe (met 'n beroep as sentrale punt) skilder en 'n nuwe lewenskrag aanspoor.

### 1.1.5 Bydraes op nasionale vlak

Verskeie beroepskundiges (Maree, Ebersöhn, Stead & Watson) is reeds besig om in Suid-Afrika by te dra tot die konvergerende benadering tot beroepsielkunde wat globaal aanvaar word (Maree, 2010b). Hul bydraes bevestig leef-beroepskonstruksie en lewensontwerp, en plaas sterk klem op die bemagtiging van persone om nie slegs in hul eie lewensverhale betekenis te vind nie, maar om ook tot die breër welsyn by te dra. Maree (2010c) het verder 'n Beroepsbelangstellingsvraelys ontwerp met 19 beroepskategorieë wat die oorgrote getal beroepe in die nuutste sensusopname verteenwoordig. Dit voorsien aan beraders 'n beginpunt vir 'n gesprek rondom moontlike beroepsprofiele in tandem met die lewenstemas wat in die lewensverhale blootgelê word.

Tot dusver was die fokus op die belang van konstruktivisme, en veral die konstruksie van die 'self' in beroepsielkunde, met 'n aksent op lewensontwerpberading. Vervolgens word uitgebrei oor 'n leemte in die literatuur wat as die probleemstelling vir die onderhawige studie beskou word.

## 1.2 Leemte in die literatuur

In die inleiding van hierdie hoofstuk is beskryf hoe die samelewing 'n behoefte het aan ontluikende volwassenes wat hul eie belang kan transendeer en bydraes kan lewer tot die breër welsyn, waardeur hulle dan op individuele vlak 'n groter heelwording sal beleef. Die kwessie is geplaas in die raamwerk van 'n ossilasie wat tussen outonomie en gemeenskap moet plaasvind. Daar is toe verder uitgebrei oor hoe leef-beroepskonstruksie kan bydra om 'n 'self' te konstrueer wat onafhanklik en suksesvol opereer en wat terselfdertyd ook 'n sosiale bydrae kan lewer.

Hoewel sosiale bydraes tot die breër welsyn in die literatuur beklemtoon word, het ek bevind dat daar in die literatuur nie aangedui word presies hoe 'n onafhanklike self in die behoeftes van die breër welsyn sal kan voorsien nie. Daar is dus 'n behoefte vir die konstruksie van 'n 'self' wat nie net onafhanklik funksioneer nie, maar wat ook 'self-ander' gerig is, dit wil sê, wat interafhanklik kan funksioneer. Parks (2011) verwys na die konstruksie van 'n 'self met deurlaatbare grense' wat 'n bewustheid van 'self en ander', 'self en die wêreld' kan vergroot en onderhou. Volgens haar moet hierdie grense deurlopend hersien word om die buurskap, die gemeenskap, die samelewing, die wêreld en selfs die onuitputlike uitspansel waarin die mens homself bevind, te omarm.

© University of Pretoria

### 1.2.1 Ten slotte

Opsommend het ek in die voorafgaande paragrawe bevind dat postmoderne sieninge wat op die gemeenskap, kultuur, die samelewing en die globale konteks (in plaas van net die individu) fokus, tans in die beroepsielkunde aan die orde is. Sodanige sieninge onderskryf die konstruksie van 'n 'self' – in wisselwerking met konteks – onder andere by wyse van die narratief (Vondracek, Ferreira & dos Santos, 2010). Selfontwikkeling blyk ook ter sprake te wees: *Such intersubjectivity lies at the very core of the development of the self in relation to others* (Trevarthen, 1993; Werner & Kaplan, 1963, in Labouvie-Vief, Grűhn, & Studer, 2010).

Presies hoe dit moet geskied, blyk onseker te wees en is uitgewys as 'n leemte in die literatuur. Die vermoede is dat lewensontwerpberading (met narratief as voertuig wat bydra om die outonome self uit te brei na 'n 'self-in-konteks' wat 'self-ander' gerig is – dit wil sê, bydraes lewer tot die breër welsyn), sig daartoe verleen om die leemte te oorbrug. Taylor (1989, p. 197) skryf soos volg: *in order to make minimal sense of our lives, in order to have an identity, we need an orientation to the good*, en *we see that this sense of the good has to be woven into my understanding of my life as an unfolding story*. Die vraag is weer eens: Hoe verweef 'n mens die belewing van 'n sin vir wat goed is in sy of haar siening van die lewe as 'n ontluikende storie? Op grond van bogenoemde, verwoord ek dus vervolgens die probleemstelling vir die voorgenome navorsing.

## 1.4. PROBLEEMSTELLING

Die doel van die onderhawige studie is om die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene te verken.

### 1.3.1 Primêre navorsingsvraag

Wat is die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene?

### 1.3.2 Sekondêre navorsingsvrae

- Wie is die ontluikende volwassene?
- Wat is die psigososiale vereistes vir vervulling in die behoeftes van die breër welsyn?
- Wat is lewensontwerpberading en wat is die waarde daarvan ten opsigte van self-konstruksie by die ontluikende volwassene?

In die volgende afdeling bespreek ek enkele beskouings waarop pertinent in my studie gefokus word. Dit sluit die volgende begrippe in:

- Ontluikende volwassenes
- Sin- en betekenisgewing in die leef-beroep opset
- Lewensontwerpberading

Ek begin met 'n bespreking van ontluikende volwassenes en die belang van sin- en betekenisgewing vir hulle (in hierdie geval bydraes tot die breër welsyn). Daarna fokus ek

© University of Pretoria

agtereenvolgens op hoe die konsep ‘werk’ as katalisator ten opsigte van sin- en betekenisgewing by ontluikende volwassenes kan dien en sluit af met die bydrae wat lewensontwerpberading moontlik kan lewer ten opsigte van sin- en betekenisgewing wat selfkonstruksie en selfontwikkeling by ontluikende volwassenes ondersteun.

## 1.4 Begripsverklarings

### 1.4.1 Ontluikende volwassenes

Harter (2012) beskryf die ontwikkelingsfase waarin ontluikende volwassenes verkeer as waarskynlik oorwegend normatief omdat hierdie middelklas-jongmense oor die luuksheid beskik om verskeie dimensies van hul eie identiteit te ondersoek voordat hulle bindende ooreenkomste aangaan. Sodoende, volgens Arnett (2000, 2010), eksperimenteer ontluikende volwassenes met beroepsmoontlikhede, sosiale en intieme verhoudings en geloofsoortuiginge (godsdienstig, moreel, polities, ens.). Die groot ontwikkelingstaak in hierdie ontwikkelingsfase is egter nie net om te ondersoek en te eksperimenteer nie – die uitkomste van sodanige ekspedisies moet integreer word om samehang en betekenis te verskaf, met ander woorde ’n geïntegreerde en gerigte ‘self’ (Harter, 2012). Dit bring mee dat ontluikende volwassenheid ’n belangrike lewensfase blyk te wees vir die ontwikkeling van sin- en betekenisgewing (Adams, 2012).

Kashdan en McKnight (2009) in Bundick (2011) beskryf singewing as ’n sentrale, selforganiserende lewensdoel wat ’n predominante komponent van iemand se identiteit is en wat ’n raamwerk vir doelwitte en aksies voorsien. Damon, Menon en Bronk (2003) in Bundick (2011) benadruk hierteenoor dat singewing ’n noodsaaklike self-transenderende doelwit het wat as motivering dien vir die verbinding tot en deelname aan prososiale, generatiewe gedrag. Duchon en Plowman (2005) beweer dat daar ’n afname is in tradisionele plekke vir gemeenskaplike bymekaarkom (d.i. buurtskappe, kerke, ens.). Dit bring mee dat bronne van samehorigheid en betekenisgewing opdroog en vir daardie rede poog mense oor die algemene spektrum om beide betekenis en gemeenskaplike samesyn ten opsigte van werk te vind. Dit blyk dus dat sin- en betekenisgewing in die werkplek kan bydra tot die vervulling van die ontluikende volwassene se behoefte aan sin- en betekenisgewing en vir hierdie rede word daar vervolgens daarop uitgebrei.

### 1.4.2 Sin- en betekenisgewing ten opsigte van ‘n leef-beroep

Giacalone en Jurkiewicz (2010) vermeld dat die werk wat ’n individu doen en die omgewing waarin die werk gedoen word, ’n integrale deel vorm van die individu se selfkonsep. Laasgenoemde affekteer ook die kwaliteit van die individu se lewe buite die werkplek. Genoemde outeurs meld verder dat individue bevrediging nastreef in terme van die bydraes wat hulle maak en die wyses waarop dit gedoen word. Volgens Parks (2011) lê die waarde van sin- en betekenisgewing in die werkplek vir die ontluikende volwassene verder opgesluit in die positiewe beeld van wat werk vir ’n jong mens kan behels en beteken. Dit noodsaak ’n besinning oor eksistensiële vrae soos: *How do I find my place in the world of adult work? Who am I as worker? What is the work reality within which I must find my*

© University of Pretoria

*place? What and who is trustworthy? What is going to really matter? Can I make a difference?* (Parks, 2011, p. 251).

Lent (2011) propageer ‘n holistiese benadering in die sin van ‘n ‘werk-in-verhouding’ perspektief aangesien werk en beroepskwessies verstrengel is met lewensuitdagings (bv., in gesinsverband of romantiese verhoudings) – verhoudings verskaf volgens hom die medium waarin meeste werk geskied. Die metafoor van leef-beroep as deel van sosiale konstruksie pas gemaklik in by die siening van beroepsberading as ‘n proses wat mense ondersteun om hul lewens as ‘n geheel te konstrueer of te ontwerp en nie net die werk of beroepsgedeeltes daarvan nie.

Volgens Savickas (2011b) word betekenisgewing in die beroepskonstruksiemodel by wyse van transformatiewe gesprekke deur die kliënt en berader gekonstrueer en hierdie proses word vervolgens bespreek.

### 1.4.3 Lewensontwerpberading

#### 1.4.3.1 Inleiding

Lewensontwerp word gekonseptualiseer as ’n lewenslange selfkonstruksieproses wat in veelvoudige lewensrol kontekste ingebed is en wat onsekerheid omvat (Savickas et al., 2009). Lewensontwerpberading, soos reeds vermeld, is ’n narratiewe benadering wat by wyse van refleksie op lewensverhale, lewenstemas blootlê as konstrukte vir lewensontwerp en lewensprojekte (Savickas et al., 2009, 2011b). Tydens die selfbewuste refleksie – wat ’n individu se kulturele konteks asook sosiale verhoudinge en – aksies by wyse van taal verken en omskryf – verrys die idee van ’n ‘self’ as ’n aparte mens: *through self-conscious awareness, the self recognizes itself* (Savickas, 2011b, p. 17). Vervolgens verwys Hess (2003) na Gadow (1999) se konsep van ’n ‘relasionele narratief’. Dit word beskryf as ’n morele narratief wat deur luisteraar en storieverteller uitgekerf word, waar waardes geïdentifiseer en geprioritiseer word, waar betekenis geheg word aan die goeie wat in die waardes bevind is, en waar die voorgenome pad na die realisering van die goeie, ontwerp word. Volgens Gadow (1999, p. 65) geskied die konstruksie van ’n relasionele narratief dus nie binne ’n voorafgestelde normatiewe of voorskriftelike raamwerk vir morele voornemens en aksies binne ’n geassosieerde sisteem van waardes nie: *Because individuals are particular, situated, and self-interpreting, the most faithful way to know the good they seek is through their own accounts, their personal ethical narratives*. By implikasie word ’n relasioneel-morele self dus by wyse van taal gekonstrueer. Hierdie begrip word vervolgens van naderby beskou.

#### 1.4.3.2 Selfkonstruksie

*i Die waarde van ’n ‘evaluerende taal’*

Savickas (2011b) maak die uitspraak dat kliënte nuwe woorde mag benodig om nuwe gesigspunte omtrent die self te vorm, asook om nuwe horisonne ten opsigte van die wêreld van werk te open. Taylor (1989) beweer dat daar nie net ’n behoefte nie, maar ’n noodsaaklikheid is vir ’n ‘evaluerende taal’ om ‘strukture van waarde’ in die daaglikse lewe

© University of Pretoria

te onderhandel. Hierdie evaluerende taal geskied meestal tussen gespreksgenote by wyse van ’n vorm van ‘morele aandag’ aan die goedere wat aan ons ’n morele identiteit verskaf; wat ons ’n ‘self-in-morele-ruimte’ maak (Parker, 2007, p. 105): *To know who you are is to be oriented in moral space, a space in which questions arise about what is good or bad, what is worth doing and what not, what has meaning and importance for you and what is trivial and secondary* (Taylor, 1989, p. 28). Hierdie goedere bou ‘strukture van waarde’ en laat die mens na sekere keuses en aksies eerder as ander neig (Taylor, 1989). Parker (2007) maak die stelling dat ’n nuwe taal ten opsigte van ‘die goeie’ benodig word om nuwe moontlikhede te midde van troebel ondervindings raak te sien. Volgens hom kan dit moreel bemagtigend wees omdat dit nuwe morele horisonne kan bemiddel. ’n Voorbeeld van so ’n nuwe morele horison is die ‘self’ in ’n relasioneel-morele konteks (wat vervolgens onder die loep geneem word).

*ii ‘Self in relasioneel-morele konteks’ as nuwe morele horison*

Volgens Parker (2007) was daar ’n onlangse morele skuif – weg van die realisering van outonome outensiteit as die hoogste prestasie van die mens – na ’n meer ‘ander’-sentreerde etiek waarin ‘self’ as ‘in-relasie-met-betekenisvolle-ander’ verstaan word. Barrett (2013) verwys na ’n toenemend vergrotende en uitbreidende gevoel van persoonlike identiteit wat meegebring word deur ’n groter gevoel van konneksie met die wêreld.

Parker (2007) vermeld dat hierdie erkenning heel nuwe perspektiewe vereis. Voorbeelde hiervan is die respek wat daarmee gepaardgaan om ’n ander mens te sien as ’n volle en onderskeibare ‘ander-perspektief-op-die-wêreld’; om ander nie net te sien as ‘anders’ nie, maar met die oë van ’n ‘common humanity’ wat die moontlikheid inhou dat die ‘ander’ waarlik moreel ekwivalent is aan die self; om die ‘ander’ te sien as ’n essensiële bestanddeel van ’n vervulde menslike lewe, ’n gemeenskap van gelykes, elkeen waardig om in die ander se deugde en prestasies te deel (Parker, 2007, p. 130). Parks (2011, p. 242) noem dit ’n bewussyn van eerbied vir ‘the whole – the holiness of life’. Barrett (2013) se mening in hierdie verband is dat die uitbreiding van die self, byvoorbeeld in die konteks van die werkplek, nuwe aspekte aanraak soos dienslewering met ’n besorgdheid oor hoe om die breër welsyn in die geheel te ondersteun en hoe om te verseker dat die organisasie ’n voordelige en heilsame impak op die wêreld het.

Aangesien die self-in-relasioneel-morele konteks – wat deur Parks (2011) as ’n uitbreiding van die self beskryf word – ’n kwessie van’n ‘bemiddeling van ’n nuwe morele horison’ (met ander woorde ’n gesprek) omsluit, word daar vervolgens na die moontlikheid van sosiale konstruksionisme as hefboomwerking van die hele proses gekyk.

*iii Sosiale konstruksionisme*

Konstruktivistiese sielkunde is al vir meer as 50 jaar bekend (Raskin, 2002), tog definieer die literatuur dit nie duidelik nie. Collin en Guichard (2011) meld dat die konsep konstruktivisme soms generies gebruik word. Hulle verwys verder na Gergen (1999) wat noem dat konstruktivisme en konstruksionisme as konsepte soms uitgeruil word, asook na Raskin (2007, p. 2) wat reken dat dit ‘idiosyncratically and inconsistently’ gebruik word.

© University of Pretoria

Volgens Patton (2007) dui konstruktivisme op die konstruksie van ’n verstandelike binnewêreld by wyse van individuele, kognitiewe prosesse, terwyl sosiale konstruksionisme die effek van sosiale prosesse en interaksies tot innerlike konstruksies toevoeg.

Verder geniet die beroepsielkunde ’n ryk tradisie van teoriebou en in die loop van hierdie geskiedenis het die perspektief ten opsigte van die ‘self’ deur onderskeibare periodes ontplooi, gelyklopend met uitbreiding in sielkundige teorie en praktyk (Savickas & Baker, 2005, in Hartung & Subich, 2011). Volgens Savickas (2011a) het die twee perspektiewe op ‘self’ – enersyds as objek en andersyds as subjek– die beroepsielkunde vir ’n lang periode in twee kampe verdeel. Hierdie twee perspektiewe behels egter hedendaags ’n benadering wat die ‘self’ as ’n psigososiale projek beskou. Daar is waardering vir die dimensies van ’n objektiewe persoonlikheid wat as stabiel en konsekwent beskou word – teenoor ’n subjektiewe selfkonsep (’n projektiewe, sosiaal gesitueerde ‘self’ wat gevorm word deur interaksie tussen die individu en sy gemeenskap).

Volgens Gergen (1991) is die ‘self’ vanuit hierdie gesigspunt ’n relasionele self, terwyl Parker (2007) na ’n self in morele konteks verwys. McGoldrick en Carter (1999, pp. 27, 29) benadruk ook ’n self wat erkentlik is teenoor die verskillende verhoudinge waarin die self verkeer en maak die stellling dat *maturity depends on seeing past myths of autonomy and self-determination* (p. 29). Hulle definieer volwassenheid verder as ‘self in context’ (p. 27). In hierdie verband benadruk die ‘narratief’ volgens Jordan (1997) die self, outensiteit en stem, asook die relasionele, en benoem grense as punte van ontmoeting of kommunikasie.

Sosiale konstruksionisme kan dus moontlik die hefboom verskaf vir die konstruksie van ’n relasioneel-morele self wat ’n volwassenheid en heelwording (m.a.w. ’n ontwikkeling) impliseer, soos tereg vervolgens bespiegel word.

#### 1.4.3.3 Selfontwikkeling en groter heelwording

Barrett (2010, p. 256) beskryf selfontwikkeling en heelwording as ’n transformatiewe proses wanneer individue in staat is om eie belang aan die ‘common good’ of ‘collective interest’ (d.w.s. die breër welsyn) ondergeskik te stel:

> *It is about fully integrating the concept of service to others into an individual’s life. It also involves a further deepening of an individual’s sense of internal cohesion, as well as extending the sense of external connectedness to include all humanity and the planet.*

#### 1.4.3.4 Ten slotte

Lewensontwerpberading neem selfkonstruksie en selfontwikkeling in ag en skep by wyse van ’n koöperatiewe ontginning van narratiewe die ruimte vir die konstruksie en ontwikkeling van ’n relasioneel-morele self wat in die werkplek sin- en betekenisgewing, en dus ’n volkomendheid kan ervaar. Savickas (2011b) verwys na ‘mattering’ wat betekenis en substansie aan mense se lewens verleen deurdat hul stories in verband gebring word met ’n groter prentjie, naamlik vrede, regverdigheid en skoonheid. Lewensverhale kan derhalwe vars

© University of Pretoria

etiese moontlikhede blootlê, verandering inspireer en 'n 'self' konstrueer wat 'n lewenswyse gerig op die breër welsyn as doelwit kan stel (Parker, 2007, p. 10).

### 1.5 Teoretiese en konseptuele raamwerk

Ferreira (2012) vermeld dat enige nuwe navorsing óf steun op óf in verband gebring kan word met bestaande teorieë, konsepte, konstrukte of rigtingwysers. Sy verwys na Maree en Van der Westhuizen (2009) wat ′n onderskeid tref tussen ′n teoretiese en ′n konseptuele raamwerk. Volgens die genoemde outeurs voorsien ′n teoretiese raamwerk ′n oorsig van perspektiewe en navorsing resultate ten opsigte van die navorser se tema, terwyl ′n konseptuele raamwerk ′n tentatiewe verduideliking bied vir gebeure deurdat dit sleutelkonsepte of beginsels wat in die literatuuroorsig geïdentifiseer is, voorlopig aan mekaar koppel. ′n Teoretiese en konseptuele raamwerk bied dus die nodige platform vir die beplanning van nuwe navorsing op die basis van bestaande idees in die veld (Ferreira, 2012).

In die lig van bogenoemde en ten opsigte van my eie voorgenome navorsing, beoog ek om die waarde van lewensontwerpberading te verken ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene. Bestaande teorieë wat ′n platform hiervoor bied, is ontwikkelingsielkunde, konstruktivisme, sosiale konstruksionisme en beroepskonstruksie. Hierdie begrippe word agtereenvolgens kortliks bespreek.

#### 1.5.1 Ontwikkelingsielkunde

Die konsep 'ontluikende volwassene' as ′n 'nuwe' lewensfase betrek die ontwikkelingsielkunde. Arnett (2012) gaan van die uitgangspunt uit dat dit noodsaaklik vir navorsers is om oor die verskillende periodes van die lewensspan te kan kommunikeer, omdat besprekings wat uitsluitlik onder die vaandel van 'prosesse' plaasvind, spoedig struktuurloos en ondeursigtig raak. Lewensfases in menslike ontwikkeling is verder nodig omdat daar in elke lewensfase algemene kenmerke voorkom wat dit as ′n lewensfase konseptualiseer, ongeag verskillende kontekste.

Ten opsigte van my navorsing is die konsep 'lewensfase' nie net nuttig vir navorsers nie, maar ook vir ontluikende volwassenes en hul naasbestaandes, omdat dit help om te verstaan wat gedurende die ouderdomsperiode vanaf die laat tienerjare en deur die loop van die opvolgende twintigerjare gebeur. Mense in hierdie ouderdomsfase vind dikwels groot verligting en vertroosting in die besef dat onsekerheid, asook uitdagings rondom identiteit algemeen in die twintigerjare voorkom en dat die pad na stabiele volwassenheid vir die meeste jongmense deesdae langer neem as in die verlede. In hierdie opsig word ontwikkeling dus beskou as ′n rypwordingsaksie en ′n ontvouiing in die gedaante van lewensfases (Patton, 2007) – ′n proses wat nie deur die individu as sodanig gereguleer kan word nie.

#### 1.5.2 Konstruktivisme en sosiale konstruksionisme

Kontemporêre en postmoderne teorieë soos konstruktivisme en sosiale konstruksionisme voeg ′n unieke gesigspunt by ten opsigte van 'ontwikkeling'. Laasgenoemde word nie deur hierdie benaderings as biologies en as ′n ontplooiing van chronologiese lewensfases beskou nie (organisisme). Ontwikkeling word eerder as ′n

© University of Pretoria

gereguleerde verstandelike proses beskou. Betekenisse verrys uit die voortdurende vloei of patroon van sosiale gedrag soos vertoon oor tyd en binne konteks. Vorms van simboliese interaksie, byvoorbeeld die gebruik van taal (dialoog), word ingesluit (Lyddon, 1995, in Patton, 2007). Menslike ontwikkeling is met ander woorde ´n individuele kognitiewe proses (konstruktivisme) wat van fisiese deelname aan sosiale prosesse en interaksie (sosiale konstruksionisme) afhanklik is en wat – in teenstelling met organisisme se chronologiese proses – repeterend is.

Collin en Guichard (2011) bevorder in soortgelyke verband die sielkundige konseptualisering van die 'self' as ´n dinamiese, veranderlike konstruktiewe sisteem, met ander woorde ´n self wat verstandelik gekonstrueer en derhalwe ontwikkel kan word (by wyse van taal en gesprekke). Sosiale prosesse en interaksie speel dus ´n belangrike rol in die konstruksie van die self. In hierdie verband (soos reeds in 1.4.3.2 vermeld) beskou Gergen (1991) die self as ´n 'relasionele self', terwyl Parker (2007) na 'die self-in-morele-konteks' verwys. Deur die onsekerheid en uitdagings van ontluikende volwassenes tydens die ontwikkeling en konstruksie van ´n eie identiteit in ag te neem, asook ag te slaan op die rol wat sin- en betekenisgewing in die konstruksie en ontwikkeling van ´n geïntegreerde en gerigte 'self' speel (1.4.1), verskaf konstruktivisme en sosiale konstruksionisme die potensiaal vir ´n mate van beheer ten opsigte van die ontwikkeling van ´n stabiele self.

### 1.5.3 Beroepskonstruksieteorie

Die beroepskonstruksieteorie voorsien ´n teoretiese raamwerk rondom beroepsgedrag, asook ´n beradingsmodel en metodes waarin individue tot self-voltooiing en sosiale bydraes by wyse van werk ondersteun kan word (Savickas, 2002; Savickas, 2005a, in Hartung, 2007). Hierdie teorie berus verder op biografisiteit en identiteitswerk, wat daarop neerkom dat ´n essensiële self nie *a priori* bestaan nie, maar as ´n lewensprojek gekonstrueer word. Volgens hierdie gesigspunt word die self as ´n storie beskou (Savickas, 2011b). Daar word klem gelê op die vertel van stories (lewensverhaal) waardeur die kliënt deur die berader op samewerkende wyse betrek word tot ´n aktiewe agent in die konstruksie of ontwerp van ´n toekomstige beroepstorie (Patton & McMahon, 2006, in McMahon, Watson, Chetty, & Hoelson, 2012). Die individu konstrueer ´n storie wat die self se ervaringe in sosiale rolle en verhoudinge as ´n eenheid en ´n kontinuïteit verduidelik (Savickas, 2011b). Dit help die kliënt om betekenis uit lewenservaringe te verwerf en tydens hierdie proses word die holistiese, kulturele en kontekstuele aard van beroepe herken en aangewend (Watson & McMahon, 2005, in McMahon et al., 2012).


Beroepskonstruksie konsentreer dus op selfkonstruksie by wyse van ´n storie gegrond op veral werk en ander verhoudinge – die aanname is dat daar geen plaasvervanger vir ´n gegronde sin van self is nie. Beroepskonstruksie vereis ´n wetenskap van intervensie wat op die ontwerp van ´n lewe gerig is (met die gepaardgaande besluite van hoe om werk in daardie lewe te gebruik) en staan as lewensontwerpberading bekend.

Ten opsigte van my navorsing verskaf ontwikkelingsielkunde, konstruktivisme, sosiale konstruksionisme en beroepskonstruksieteorie ten slotte ´n platform vir die verkenning van die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van die konstruksie (en

© University of Pretoria

ontwikkeling) van ´n (relasioneel-morele) self by die ontluikende volwassene. Vervolgens word die verwantskap tussen die konsepte in die vorm van ´n konseptuele raamwerk aangedui (figuur 1.1). Hierdie konseptuele raamwerk help my as navorser om fokus op die navorsingstema te behou deurdat die sleutelkonsepte of beginsels wat uit die teoretiese raamwerk geïdentifiseer is, visueel met mekaar in verband gebring word.

**Figuur 1.1: Konseptuele raamwerk**




Die figuur kom op die volgende neer: die breër welsyn se behoeftes is reikhalsend (Watts, Diemer, & Voight, 2011) en psigososiale bydraers daartoe is dringend noodsaaklik (Bundick, Yeager, King, & Damon, 2010). Ontluikende volwassenes kan moontlik in hierdie behoefte voorsien, mits hulle ondersteun word om ´n relasioneel-morele self in hul leef-beroep te konstrueer (Srirangarajan & Bhaskar, 2011). In die proses word daar aan hul behoeftes vir sin- en betekenisgewing voldoen (Bundick, 2011), wat weer tot hul selfontwikkeling en heelwording kan bydra (Harter, 2012). Lewensontwerpberading leen

© University of Pretoria

sigself moontlik daartoe om ontluikende volwassenes se lewensverhale te ontgin en sodoende vars etiese moontlikhede bloot te lê. Daar word gespekuleer dat, by wyse van ′n koöperatiewe ontginning van narratiewe, die breër welsyn in elkeen se narratief blootgelê en in lyn gebring kan word met die ontwerp van ′n lewe wat tot die breër welsyn bydra.

## 1.6 Paradigmatiese perspektief

'n Paradigmatiese perspektief verwys na die wyse waarop die navorser die wêreld beskou en omvat sekere aannames (Maree & Van der Westhuizen, 2009). Maree en Van der Westhuizen (2009) verwys na Hitchcock en Hughes (in Cohen, Manion & Morrison, 2001) wat drie lense aanbeveel as dit kom by die ondersoek van navorsingpraktyk. Hierdie drie lense is ontologiese aannames wat die basis van die navorser se epistemologiese aannames vorm wat op hul beurt die metodologiese oorweginge help bepaal. Laasgenoemde is weer behulpsaam by besluitneming ten opsigte van navorsingsinstrumente en metodes van data-versameling.

Vervolgens word uitgebrei op hierdie navorsingstudie wat in ′n interpretivistiese paradigma ingebed lê en sekere ontologiese en epistemologiese aannames propageer. Proponente van interpretivisme debatteer dat menslike ervaring net vanuit die gesigspunt van mense verstaan kan word. Realiteit is dus ′n sosiaal gekonstrueerde verskynsel en daarom is daar veelvuldige realiteite (Henning, Van Rensburg & Smit, 2004; Nieuwenhuis, 2007a, in Morgan & Sklar, 2012). Hierdie gedagtes is verder ontwikkel deur Kelly (1955) wat geredeneer het dat mense betekenis konstrueer – ′n standpunt wat tot die ontwikkeling van sosiale konstruksionisme gelei het (Chen, 2007). Die sosiale konstruksionistiese gesigspunt word benader vanuit die perspektief dat mense by wyse van taal realiteit skep en dat veelvuldige waarhede bestaan (Collin & Guichard, 2011). Volgens genoemde outeurs is die sosiale konstruksionistiese tradisie aan postmodernisme verwant – die redenasie van voorstanders van die postmodernisme is dat daar geen universele waarheid is nie en dat dit die rol van die wetenskap is om verskillende aannames en diskoerse wat in die wêreld opereer, bloot te lê of te openbaar (Remenyi, Swan, & Van den Assem, 2011).

Ek hoop om vanuit die interpretiewe/konstruktiewe oogpunt, soos deur lewensontwerpberading moontlik gemaak, insig in die etiese moontlikhede van ontluikende volwassenes se narratiewe te verkry.

## 1.7 Navorsingsontwerp

My navorsingsontwerp is kwalitatief van aard en behels ′n gevalstudie waarop hier onder uitgebrei word.

### 1.7.1 Eienskappe van die navorsingsontwerp

#### 1.7.1.1 Modus van ondersoek

Navorsers kan ′n kwalitatiewe, kwantitatiewe of multi-metode ondersoekmodus toepas (Maree & Van der Westhuizen, 2009). Die soort of kombinasie moet duidelik beskryf

© University of Pretoria

word en die geselekteerde metode moet by die navorsingsvrae pas om te verseker dat die navorsingsvoorstel oor interne geldigheid beskik (Punch, 2005).

*i Inleiding*

Kwalitatiewe navorsers onderneem ŉ indringende ondersoek ten opsigte van ´n probleem en vir hierdie rede word ´n kleiner steekproef gebruik. Feite word in die vorm van ´n beskrywing aangebied – data word dus by wyse van woorde en illustrasies versamel en aangebied, eerder as deur middel van statistiek (Fraenkel & Wallen, 2006, in Maree, 2009). Aangesien my navorsing die verstaan en interpretasie behels van betekenisse wat gedurende ´n interaksie (tussen my as navorser en ´n ontluikende volwassene) blootgelê word (´n interpretivistiese/konstruktiewe benadering – sien 1.6), ressorteer dit onder die kwalitatiewe paradigma.

*ii Die kwalitatiewe paradigma*

Volgens Merriam (2009) is kwalitatiewe navorsing *interested in understanding how people interpret their experiences, how they construct their worlds, and what meaning they attribute to their experiences*. My navorsing fokus dus op die begryp en beskrywing van deelnemende individue in hul natuurlike omgewing en konteks (Nieuwenhuis, 2007). Die proses is induktief aangesien betekenis tydens die navorsingsproses opgebou word eerder as dat ŉ teorie of hipotese bewys wil word (Merriam, 2009; Fraenkel & Wallen, 2006).

Ek beoog om met my kwalitatiewe benadering insig te verskaf in die etiese moontlikhede en meer spesifiek in die relasionele-morele verhoudinge van ontluikende volwassenes in die werkplek. Anders gestel, met behulp van ´n kwalitatiewe benadering beoog ek om ´n groter insig te verkry in ontluikende volwassenes se konstruksie van ´n self in tandem met hul keuse van ´n beroep. (Die bewustheid van wat goed is en goed kan wees – wat in hul narratiewe ontbloot word – word aangewend om ´n bydrae tot die breër welsyn te lewer). Ek beoog ook om ´n holistiese prentjie te voorsien van die interaksie tussen al die ander subsisteme (lewensrolle en verskillende leefkontekste) wat tydens die konstruksies van ´n beroep, en derhalwe ´n self, betrokke is.

Soos reeds vermeld, is my navorsingsontwerp kwalitatief van aard en gaan dit ´n gevalstudie behels vir redes wat vervolgens verskaf word.

*iii Gevalstudie*

Gevalstudie navorsing is ´n benadering tot navorsing eerder as ´n navorsingsmetode op sigself (Willig, 2008, in Morgan & Sklar, 2012). Die onderskeidende kenmerk van ´n gevalstudie is dat dit ´n verskynsel ondersoek wat ´n begrensde sisteem het (Merriam, 2009; Stake, 2005) en deur Merriam (2009) as die 'eenheid van analise' beskryf word.

Die doel met my gevalstudie is dus om die 'geval' of eenheid van analise (in hierdie geval, die ontluikende volwassene as relasioneel-morele beroepskonstrueerder) in die nodige diepte en in die natuurlike konteks te begryp. 'Gevalle' kan mense, gebeure, instansies of selfs programme insluit. Multidimensionele data rakende die ontluikende volwassene as relasioneel-morele beroepskonstrueerder sal versamel en geanaliseer word. Die tipiese

© University of Pretoria

kenmerke van my gevalstudie kan dus (vanuit ´n interpretiewe perspektief) beskryf word as ´n strewe na ´n uitgebreide begrip van hoe ´n deelnemer in ´n spesifieke konteks geposisioneer is en optree, en watter betekenisse die deelnemer toeken en verwerf ten opsigte van die fenomeen wat bestudeer word (Nieuwenhuis, 2007a).

Soos reeds vermeld, is die ‘geval’ wat in hierdie navorsing bestudeer gaan word, die ontluikende volwassene as relasioneel-morele beroepskonstrueerder. Gepaste data-insamelingstegnieke en data-analise is verder van belang in hierdie navorsing en word nou verder bespreek onder die opskrif ‘navorsingsmetodologie’.

## 1.8 Navorsingsmetodologie

### 1.8.1 Seleksie van deelnemende individue

Soos reeds vermeld, is dit die doel van kwalitatiewe navorsing om ´n grondige beskrywing van ´n verskynsel te formuleer (Creswell, 2011). Die seleksie van ´n geskikte eenheid vir analise moet dus verband hou met die navorsingsvraag, konseptuele raamwerk, die metodologie wat gebruik word, asook die doel van die navorsing (Creswell, 2011; Mouton, 2001). Seleksie moet ook verseker dat die fenomeen waarin die navorser belang stel uit die ondersoek na vore sal kom (Miles & Huberman, 1994 in Punch, 2005).

Twee tipes seleksie gaan in hierdie navorsing gebruik word (Creswell, 2011; Fletcher & Plakoyiannaki, 2010; Nieuwenhuis, 2007; Stake, 2005; Strydom & Delport, 2002): Gerieflikheidseleksie, wat impliseer dat individuele deelnemers vanuit ´n gerieflike omgewing gekies word (Maree & Pietersen, 2010), en doelgerigte seleksie, wat vereis dat die navorser spesifieke grense stel om sodoende die doelwitte van die navorsing en die navorsingsvrae te ondersteun (Punch, 2005). Die navorser moet dus ´n goeie idee te hê van hoe die omstandighede van die deelnemers moet lyk en oor watter spesifieke eienskappe hulle moet beskik (Strydom & Delport, 2002).

Dit is verder belangrik dat die deelnemer ´n behoefte aan lewensontwerpberading moet hê, aangesien die persoonlike voordeel wat inherent aan deelname is, sy of haar betrokkenheid by die proses sal bevorder. Ontluikende volwassenes wat beroepsleiding vanaf sielkundiges, onderwysers of ander relevante rolspelers versoek, sal vir moontlike deelname aan die navorsing oorweeg word. Slegs deelnemers wat aan die spesifieke, idiosinkratiese seleksiekriteria voldoen, sal uiteindelik vir die navorsing gekies word.

Soos reeds verskeie kere vermeld, sal die doel van die navorsing wees om die waarde van lewensontwerpberading te ondersoek ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene. Lewensontwerp blyk ´n langtermynkwessie te wees en word gekonseptualiseer as ´n lewenslange selfkonstruksieproses wat in veelvoudige lewensrolkontekste (waarvan ´n beroep een is) ingebed is. Daarteenoor is lewensontwerpberading, soos elders reeds genoem,´n korttermyn-, narratiewe benadering wat by wyse van refleksie op lewensverhale, lewenstemas blootlê en sosiale bydraes promoveer as konstrukte vir lewensontwerp en lewensprojekte (Savickas, 2009, 2011b). Tydens die ontginning van die lewenstemas word gepoog om terselfdertyd moontlike waardes ten opsigte van die ‘goeie’ te identifiseer en te

© University of Pretoria

prioritiseer. Die voorgenome pad na die realisering van die goeie tydens die 'doen van 'n beroep', hoe dit ookal sy, word dan in die nuwe relasioneel-morele narratief verweef.

Die proses steun op die ko-konstruksie van betekenis ten opsigte van die deelnemer se lewensontwerp by wyse van die gebruik van sosiale dialoog en meer spesifiek, ´n eksplorasie van ´n nuwe morele horison by wyse van evaluerende taal (1.4.3.2.i). Die spesifieke aspekte wat in die lewensontwerpproses betrokke is (Savickas et al., 2009) en waardeur die deelnemer en navorser gesamentlik tydens die voorgestelde navorsing sal werk – in ses weeklikse sessies van ongeveer twee ure elk, asook opvolgsessies – word in Tabel 1.3 opgesom.

**Tabel 1.3: Verloop van die beradingsessies**

| Sessie | Lewensontwerpintervensie | Voorgenome inhoud van sessies | Verwagte uitkomste |
|---|---|---|---|
| 1 | Die probleem word gedefinieer en die resultate wat die deelnemer hoop om te bereik, word geïdentifiseer. | Die doel van die navorsing, asook toestemming daartoe word met die deelnemer uitgeklaar – laasgenoemde word gevra om die toestemmingsvorm te teken.<br><br>Die deelnemer word vriendelik versoek om 'n joernaal op te stel wat 'n refleksie moet wees van gedagtes, gevoelens en ervaringe tydens die beradingsproses en tussen die beradingsessies (die deelnemer word ingelig dat die joernaal aan die einde van die beradingsproses ingehandig moet word).<br><br>Die navorser bevestig die kwessie van vertroulikheid van inligting.<br><br>Daarna word die deelnemer se doelwitte vir berading uitgelig met die inleidende vraag: **In watter opsig kan ek vir jou bruikbaar wees met die konstruksie van 'n beroep?**<br><br>Maree (2010c) se | Deelnemers word eerstens by wyse van die skep van 'n 'uitnodigende' omgewing gemotiveer om aan die lewensontwerp-intervensieprogram deel te neem. Verder is die doel van die aktiwiteit die identifisering en verkenning van die deelnemers se belangstellings en die rol van welwillendheid (na aanleiding van hul opinies en begrip van hul eie lewenservarings). Daar word gehoop dat die deelnemers selfkennis sal opdoen by wyse van insigte wat hulle verkry in sake wat vir hulself en in |

© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Beroepsbelangstellingsvraelys met 19 beroepskategorieë word uitgegee en verduidelik, waarna die vraelys saam met die deelnemer voltooi word.<br><br>Die voltooide vraelys word vervolgens gebruik as basis vir ŉ gesprek rondom tentatiewe voorkeurberoepe en die moontlikheid dat die breër welsyn tydens die beoefening daarvan bedien kan word.<br><br>Aan die einde van die sessie word die sessie kortliks deur die navorser opgesom, die deelnemer word georiënteer ten opsigte van wat in die volgende sessie(s) gaan gebeur en herinner aan die joernaal waarin die eerste sessie se refleksies alreeds aangeteken moet word. Die deelnemer word vriendelik versoek dat die refleksies tuis gedoen moet word. | die breër konteks betekenisvol kan wees. |
| 2 | Die deelnemer en navorser ondersoek die deelnemer se huidige scenario. | Die sessie begin met ŉ herhaling van die deelnemer se doelwitte vir berading en ŉ hersiening van die tentatiewe beroepe wat in die vorige sessie na vore gekom het, met die opsie om terselfdertyd ook die breër welsyn te dien.<br><br>Die versoek word herhaal dat die deelnemer sy of haar joernaal na afloop van die huidige sessie moet aanvul met insigte, gevoelens, ensovoorts, wat gedurende die huidige sessie verwerf is en ontstaan het. | |

© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Vervolgens begin die ko-konstruksie van 'n beroep (in die vorm van 'n nuwe lewensverhaal) met behulp van die beroepsonderhoud: vyf **primêre domeinvrae word gestel (1.1.4).**<br><br>In die proses word die selfkonsep aan 'n voorkeurberoepsomgewing gekoppel, terwyl sentrale lewensprobleme en fiksasies van die kinderjare terselfdertyd uitgesorteer word.<br><br>'n Lewensleuse word ingespan om as hefboom te dien om 'n nuwe hoofstuk in die lewensverhaal te begin. **Die etiese moontlikhede in die narratiewe word deurentyd ko-konstruktief ontgin.** | |
| 3 | Die deelnemer en navorser ondersoek die deelnemer se huidige scenario. | Die etiese moontlikhede in verdere narratiewe word verder ko-konstruktief met die hulp van lewensberadingstegnieke ontgin.<br><br>Voorbeelde hiervan is 'n tydlyn, video-insetsels en 'n collage wat die deelnemer in die lewe wil bereik; wat die deelnemer verwag van die gemeenskap en wêreld waarin hy of sy leef; en wat die bydrae is wat hy of sy tot die gemeenskap en die wêreld kan maak. | Daar word aan deelnemers die geleentheid gebied om sin en betekenis aan hul eie lewens te verskaf. Deur die verlede en die hede (van hul eie lewens sowel as dié van die mensdom) in aanmerking te neem, kan hulle lewenstemas identifiseer wat met toekomstige ideale verweef word en waarin die aanspreek van die behoeftes van die breër welsyn, asook oplossings vir die |

© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | samelewing se dilemmas opgesluit lê. |
| 4 | Nuwe scenarios word geopen deurdat die navorser die deelnemer se storie in 'n nuwe perspektief vertel en saam met die deelnemer hersien. | Die navorser verbind die betekenisse wat tydens die deelnemer se beroepstorie-onderhoud en verdere assessering bevind is met die aanvanklike rede vir berading: die aanvanklike leef-beroepstorie word in 'n duidelike karakterskets met 'n beroepstema omskep.<br><br>Die deelnemer word weer eens gevra om refleksies na die sessie in die joernaal neer te skryf. | Die doel van hierdie aktiwiteit is om 'n geleentheid te skep waartydens die deelnemers hul nuwe lewensverhale kan vertel. Inherente lewenstemas word gekoppel aan kwessies wat persoonlike sowel as sosiale sin- en betekenisgewing verskaf. |
| 5 | Die probleem word in 'n nuwe storie geplaas. | Na aanleiding van inligting wat uit die vorige sessies verkry is, word daar binne die raamwerk van 'n makronarratief of lewensportret gesamentlik 'n nuwe beroeps- en lewensverhaal geskep wat betekenisvol en sinvol is en wat bydraes tot die breër welsyn insluit (met die beroep as sentrale punt). Sodoende word gepoog om´n relasioneel-morele self te konstrueer wat vir elke deelnemer uniek is.<br><br>Die deelnemer word weer gevra om refleksies na die sessie in die joernaal neer te skryf. | |
| 6 | Spesifiseer aktiwiteite wat die deelnemer in praktiese optrede kan omskakel. | Die plan konsentreer op aksies wat direk die kwessies aanspreek wat die kliënt vir berading gebring het. Super, Savickas en Super (1990) (in Savickas (2011b) se model) | Die doel is om die deelnemers te mobiliseer ten aansien van stappe ter oplossing van hul |

© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | benoem die opeenvolgende aksies wat betrokke is, as kristallisasie (die passing tussen self en 'n moontlike beroep), spesifikasie ('n meer gevorderde ondersoek van spesifieke stukkies inligting) en aktualisering (die keuse word werklik gemaak deurdat die deelnemer dit gaan uittoets).<br><br>Die deelnemer word gevra om 'n finale reflektiewe opstel tydens die sessie te skryf oor hoe sy of haar deelname aan die lewensontwerpberadingsproses hom of haar persoonlik bevoordeel het. Hierdie opstel word na die sessie ingeneem. | aanmeldingsredes binne die meer holistiese prentjie (lewensportret) wat deur deelnemer en navorser onderhandel word. |
| 7 | Opvolg. | Korttermyn- en langtermynopvolgaksies word beplan – indien nodig, hersiening van die uitkomste van die eksplorasie en die maak van tentatiewe volgende besluite. | Die doel is om, indien nodig, verdere ondersteuning te verleen ten opsigte van punt 5 hierbo. |
| 1-6 | Joernaalinskrywings. | Die deelnemers word versoek om oor aspekte van hul ervarings ten opsigte van die intervensieprogram te reflekteer en dit neer te stip (o.a. oor emosies wat opwel terwyl hulle enige van die take voltooi; asook gedagtes en beelde rakende hulself en hul lewens wat verrys). | Die doel met die refleksies tydens joernaalinskrywings is om aan die deelnemers dieper insigte te verskaf aangaande hul leefwêrelde. Sodoende kan hulle lewenstemas identifiseer om uiteindelik 'n meer samehangende en sinvolle beeld rakende hulself en hul lewens te |

© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | skulpteer. |

My navorsing sal ses gevalstudies vanuit die 'nuwe-lewensfase'-groep – die sogenaamde ontluikende volwassenes – behels. Ek beoog om drie vroulike en drie manlike deelnemers in te sluit wat uit die blanke, swart en bruin bevolkingsgroepe in Suid-Afrika gekies sal word. Die seleksiekriteria is die volgende:

- Die deelnemers moet tussen die ouderdomme 18 en 30 wees.
- Hulle moet uit die middel- en hoërklas inkomste omgewing kom.
- Deelnemers moet ŉ behoefte aan beroepsberading hê.
- Hulle moet geletterd en verbaal genoeg wees om ŉ konstruktiewe bydrae tot die navorsingsprojek te lewer (akademiese prestasie en ŉ onderhoud sal gebruik word om te bepaal of die kandidaat geskik is al dan nie).
- Deelnemers moet hulself bereid verklaar tot deelname aan die lewensontwerpberading intervensie.

Die rasionaal agter hierdie keuse is dat ontluikende volwassenes uit beide geslagsgroepe in al drie hierdie bevolkingsgroepe voorkom en dat ek in my beroep as opvoedkundige sielkundige met al drie bevolkingsgroepe en geslagte te doen kry. My doelwit is om na die veld te gaan en data-ryke deelnemers te kies waarna ek wil toelaat dat die fenomeen ontvou, naamlik om die waarde van lewensontwerpberading in hierdie ses ontluikende volwassenes se konstruksies van ´n relasioneel-morele self te ondersoek.

Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke wat gedurende die ondersoek aangewend sal word, word vervolgens bespreek.

## 1.9 Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke

Data-insameling en data-analise geskied as ŉ aanhoudende, sikliese proses gedurende kwalitatiewe navorsing, wat dit amper onmoontlik maak om hierdie twee elemente as afsonderlike fases van die navorsing te onderskei. Dit impliseer dat data-insameling, -prosessering, -analise en –verslaggewing ineengeweefde aktiwiteite gedurende die navorsingsproses is (Nieuwenhuis, 2007). Die gebruik van veelvuldige tegnieke (Niewenhuis, 2007; Cohen et al., 2001; Fraenkel & Wallen, 2006) wat tot ´n holistiese begrip van die deelnemer sal bydra en wat die navorser van geleenthede om data te verifieer sal voorsien, word in Tabel 1.4 uiteengesit.

**Tabel 1.4: Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke**

| Data-insamelings-tegniek | Beskrywing van data-insamelingstegniek | Dokumenterings metode | Dataformaat |
|---|---|---|---|
| Opvoedkundig-sielkundige | Die intervensie steun op die krag van outobiografiese storie. Die | Oudio-visuele opname, verbatim | Video (DVD), |

© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| intervensie met behulp van lewensontwerp-berading. | aanname is dat advies vir lewensuitdagings binne die individu lê. Lewenstemas en subtemas in lewensverhale word samewerkend deur deelnemer en navorser by wyse van vyf domeinvrae blootgelê en ingespan om 'n 'leef-beroep' as 'n instrument van self-maak en self-heling te fasiliteer. Deelnemers ondersoek onder andere die geleentheid om vir hulself en andere om te gee – hulle ondersoek die waarde daarvan om tyd vir liefde, die gesin, familie, die gemeenskap en die samelewing in te ruim. Die proses vind plaas by wyse van refleksiewe self- en beroepskonstruksie (Savickas, 1997, in Hartung, 2007; Maree DVD, 2012b). | transkripsie. | transkripsies. |
| Een-tot-een-onderhoude (ko-konstruktiewe gesprekke). | Sodanige onderhoude blyk volgens Seabi (2012) die mees belangrike gereedskapstuk te wees vir data-insameling in kwalitatiewe navorsing. Oop vrae word gevra in 'n poging om meer te leer uit die idees, oortuiginge, gesigspunte en opinies van die deelnemer. Die geskikste tipe onderhoud blyk in hierdie geval 'n semi-gestruktureerde onderhoud te wees, *neither fully fixed, nor fully free and commonly viewed as flexible* (Seabi, 2012, p. 89). 'n Gesprekstyl word dus binne die raamwerk van gedefinieerde vrae gevolg. | Oudio-visuele opnames met verbatim transkripsies. | Video (DVD), transkripsies. |
| Observasie. | Volgens Seabi (2012) is observasie 'n sistematiese proses van data-insameling wat steun op | Notas gemaak tydens die sessies, asook tydens die | Geskrewe notas, reflektiewe |

© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | die navorser se vermoëns om data by wyse van die sintuie te versamel (gehoor, gesig, tas, reuk, smaak). Die deelnemer se optrede, houding, ens. word gedurende interaksie met die navorser waargeneem. Gegewe die feit dat observasie subjektief is, behoort die navorser van sy/haar persoonlike vooroordele bewus te wees. | bestudering van videos (DVD's) na en tussen die sessies; opstel van ŉ reflektiewe joernaal. | joernaal. |
| Navorsingsjoer-naal. | Burns (2000) motiveer die insluiting van ŉ joernaal as ŉ manier waarop persoonlike gedagtes en professionele aktiwiteite neergeskryf word wat kan bydra tot die opklaring van moontlike patrone deurdat dit helder, deursigtige inligting verskaf. | Navorsingsjoer-naal deur die navorser opgestel. | Persoonlike ervaring gedurende die navorsing-sessies. |
| Deelnemers-joernaal (reflektiewe opstel). | Deelnemers aan die onderhoude word gevra om ŉ reflektiewe opstel te skryf oor hoe hul deelname aan die lewensontwerpberadingsproses hulle persoonlik bevoordeel. Die deelnemer sal gevra word om na elke sessie oor eie gedagtes, gevoelens en ervaringe aangaande die proses te reflekteer. | Navorsingsjoer-naal deur deelnemer opgestel. | Persoonlike ervaring gedurende die navorsing-sessies. |
| Ander databronne. | Maree en Van der Westhuizen (2009) verwys onder andere na die inhoud van e-posse en kbd's (kommunikasie tussen die navorser en deelnemer) wat moontlik ook as geskikte databronne kan dien. | Navorser reflekteer op inhoud van e-posse en kbd's en inkorporeer refleksies in die navorsers-joernaal. | E-posse en kbd's. |

© University of Pretoria

Die navorsingsvrae moet ook gekoppel word aan die data-insamelingstegnieke (Maree en Van der Westhuizen 2009) en word verbeeld soos wat in die onderstaande tabel weergegee word.

**Tabel 1.5: Die koppel van navorsingsvrae aan die data-insamelingstegnieke**

| Navorsingsvraag | Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke | Doel |
|---|---|---|
| Wat is die waarde van lewensontwerpberading vir die ontluikende volwassene ten opsigte van sy of haar selfkonstruksie? | Een-tot-een-onderhoude, (ko-konstruktiewe gesprekke), observasies, joernale (navorser en deelnemer), e-posse en kbd’s. | Bepaal:<br>i. die etiese moontlikhede (die belewing van ŉ sin vir wat goed is) in die narratiewe van ontluikende volwassenes;<br>ii. hoe die ontginde etiese moontlikhede van ontluikende volwassenes in ŉ siening van die lewe as ŉ ontluikende storie (ŉ nuwe lewensverhaal) verweef kan word, en tot watter mate;<br>iii. of die verkenning van die nuwe morele horison (integrasie van die konsep van dienslewering plus die uitbreiding van die sin van ŉ eksterne verbintenis met mede-menslikheid en die planeet) ŉ bydrae tot selfontwikkeling en heelwording gelewer het. |

Ten slotte moet daar struktuur en betekenis aan die rou versamelde data verskaf word (De Vos, 2000). Derhalwe word data-analise die volgende punt van bespreking.

## 1.10 Data-analise

Merriam (2009) beskryf data-analise as ´n proses wat gebruik word om die navorsingsvrae te beantwoord en derhalwe sin uit al die data te probeer maak. Dit betrek konsolidasie, reduksie en interpretasie van wat deelnemers te sê gehad het en van wat die navorser gesien, gehoor en gelees het – ´n proses van betekenisvorming. Die betekenisse of begrippe of insigte konstitueer dan die bevindinge van die navorsing.

Soos reeds vermeld, sal my navorsing ses gevalstudies behels. Creswell (2013, p. 101) vermeld dat wanneer veelvoudige gevalstudies gekies word, dit tipies is om eers ´n

© University of Pretoria

gedetailleerde beskrywing van elke geval te voorsien met die temas wat daarin voorkom (bekend as ´n ‘within-case’ of binne-die-geval-analise). Dit word gevolg deur ´n analise van die temas met betrekking tot al die gevalle (bekend as ‘n ‘cross-case’ of kruis-geval-analise), en daarna opsommende verklarings of ´n interpretasie van die gevalle as ´n geheel.

Marshall en Rossman (2011) verdeel analitiese prosedures in die volgende sewe fases waarby data-reduksie en interpretasie telkens ter sprake is:

- Organisering van data
- Verdieping in die data
- Voortbring van kategorieë en temas
- Kodering van die data
- Aanbied van interpretasies by wyse van analitiese aantekeninge
- Soektog na alternatiewe insigte
- Aanbied van die navorsing in die vorm van ´n verslag of in ’n ander formaat

Ten slotte: Tydens die verskeie fases van data-analise en verslagskrywing moet daar voortdurend oorweging geskenk word aan die gegrondheid, bruikbaarheid en etiese aspekte van die kwalitatiewe navorsing. Die dimensies hiervan word vervolgens bespreek binne die raamwerk van kriteria ten opsigte van die kwaliteit van die navorsing.

### 1.11 Kriteria ten opsigte van die kwaliteit van die navorsing

In kwalitatiewe navorsing word die konsepte ‘geldigheid’ en ‘betroubaarheid’ (wat by kwantitatiewe navorsing voorkom) met die meer toepaslike konsepte ‘verdienstelikheid’, ‘vertroubaarheid’, ‘bevestiging of versterking’ en ‘oordraagbaarheid’ vervang (Schwandt, 2007).

Volgens Patton (2002) in Marshall en Rossman (2011) hang die verdienstelikheid van ´n kwalitatiewe verslag af van ´n holistiese benadering wat die wesenlikheid van die ondersoek, die gebruik van nougesette kwalitatiewe metodes, doelgerigte seleksie, deursigtige, induktiewe analise en die geloofwaardigheid van die navorser vervat.

Wat vertroubaarheid – en derhalwe die konsep ‘replikasie’ (sien die bespreking rondom oordraagbaarheid verder aan) – aanbetref, verwys Marshall en Rossman (2011) na die wyses waarop die navorser veranderde omstandighede ten opsigte van die fenomeen wat bestudeer word, asook veranderinge in die ontwerp (vanweë ´n toenemend verfynde begrip van die navorsingsprojek) verreken. Die kwalitatiewe/interpretiewe aanname is dat die sosiale wêreld voortdurend gekonstrueer word en dit op sigself veroorsaak dat die konsep van replikasie problematies raak.

Bevestiging of versterking blyk maniere te wees waarop die kwalitatiewe navorser die tradisionele konsep van ‘objektiwiteit’ ewenaar. Die sterkte van verklarings word verhoog deurdat die logiese gevolgtrekkings en interpretasies van die navorser sin maak en vir ander navorsers deursigtig is (Marshall & Rossman, 2011).

© University of Pretoria

´n Kwalitatiewe navorsingstuk se oordraagbaarheid na ander navorsingsprojekte kan problematies wees, ten minste ten opsigte van die waarskynlikheid daarvan. Om die uitdagings teë te staan, brei Marshall en Rossman (2011) uit oor ՚n paar moontlike oplossings. Eerstens kan die navorser verwys na die oorspronklike teoretiese raamwerk waar aangetoon word hoe data-insameling en data-analise deur konsepte en modelle gelei word. Tweedens, die neem van deeglike notas en behou daarvan in ´n joernaal (wat elke besluit asook die rasionaal daaragter aandui) laat ruimte vir ander navorsers om prosedures, protokolle en besluite te kan inspekteer. Derdens, deur alle versamelde data in ´n goed georganiseerde, toeganklike stelsel te hou, kan kwalitatiewe navorsers dit maklik beskikbaar stel indien hul bevindinge bevraagteken word of indien ´n ander navorser dit wil her-analiseer. Laastens kan 'triangulasie' tot ´n navorsingstuk se oordraagbaarheid bydra deurdat dit verskillende databronne by ´n enkelpunt bymekaarbring. Marshall en Rossman (2011, p. 253) meld dat *[d]esigning a study in which multiple cases, multiple informants, or more than one data-gathering method is used, can greatly strengthen the study's usefulness for other settings*.

Laastens behoort alle kwalitiewe navorsing eties uitgevoer te word. Dit behels meer as bloot die navorser wat by institusionele hersieningskomitees of bestuur toestemming vra. Dit beteken dat die navorser bewustelik al die etiese kwessies rondom kwalitatiewe navorsing aanspreek tydens al die fases waardeur die navorsingstudie ´n paadjie strengel. Volgens Silverman (2011) is die tref van etiese voorsorg belangrik en in die volgende afdeling word daar hierop uitgebrei.

## 1.12 Etiese voorsorg

Daar is ´n aantal doelwitte wat tydens etiese navorsing bereik moet word, naamlik om te verseker dat mense vrywillig deelneem, dat hul opmerkings en gedrag vertroulik hanteer word, dat hulle teen skade beskerm word en dat wedersydse vertroue tussen navorser en deelnemer(s) verseker word (Silverman, 2011). Bogenoemde doelwitte kan bereik word deur verskillende etiese aspekte tydens al die fases van die navorsingsproses in ag te neem en sodanige aspekte word vervolgens bespreek.

### 1.12.1 Etiese aspekte tydens al die fases van die navorsingsproses

Volgens Creswell (2013) kan etiese kwessies in kwalitatiewe navorsing reeds van toepassing wees voordat die navorsing begin, tydens die begin van die navorsing, gedurende data-insameling, tydens data-analise, tydens die rapporteer van data en met die publikasie van die navorsing. In Tabel 1.6 word hierdie etiese kwessies opgesom en moontlike oplossings daarvoor aangedui.

**Tabel 1.6: Etiese kwessies in kwalitatiewe navorsing (Creswell, 2013)**

| Waar die etiese kwessies in die navorsingsproses verskyn? | Tipe etiese kwessie | Hoe om die kwessie aan te spreek |
|---|---|---|
| Voordat die navorsing | • Neem kennis van die riglyne | • Raadpleeg tipes etiese |

© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| geskied. | van die etiese kode van die *Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad.* | standaarde wat in professionele dokumente benodig word. |
| Tydens die aanvang van die navorsing. | • Onthul die doel van die navorsing.<br>• Moenie druk op deelnemers uitoefen om toestemming vorms te teken nie.<br>• Respekteer norme van alle inheemse gemeenskappe. | • Kontak deelnemers en lig hulle in oor die algemene doel van die navorsing.<br>• Lig deelnemers in dat hulle nie die vorm hoef te teken nie.<br>• Vind uit oor kulturele, godsdienstige, geslags- en ander verskille wat respekteer moet word. |
| Tydens die versamel van data. | • Vermy dit om deelnemers te mislei.<br>• Respekteer die potensiële wanbalans ten opsigte van mag, asook moontlike uitbuiting van deelnemers (bv. Onderhoudvoering, observasie). | • Bespreek die doel van die navorsing en waarvoor data gebruik gaan word.<br>• Vermy toonaangewende vrae; weerhou die deel van persoonlike indrukke; vermy die onthulling van sensitiewe inligting. |
| Tydens die analisering van data. | • Vermy die bevoordeling van sekere persepsies.<br>• Vermy dit om net positiewe resultate te onthul.<br>• Respekteer die privaatheid van deelnemers. | • Rapporteer veelvoudige perspektiewe; rapporteer teenstellende bevindinge.<br>• Gebruik fiktiewe name; ontwikkel saamgestelde profiele. |
| Tydens die rapporteer van data. | • Vermy vervalsing van outeurskap, bewyse, data, bevindinge en gevolgtrekkings.<br>• Moenie plagiaat pleeg nie.<br>• Vermy die onthulling van inligting wat deelnemers skade kan berokken.<br>• Kommunikeer in duidelike, reguit, toepaslike taal. | • Doen eerlike verslaggewing.<br>• Volg APA (2010) se riglyne ten opsigte van toestemming wat benodig word om ander se werk te herdruk of aan te pas.<br>• Gebruik saamgestelde verhale sodat individue nie geïdentifiseer kan |

© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | | word nie.<br>• Gebruik taal wat vir verskillende navorsingsgehore toepaslik is. |
| Tydens die publisering van die navorsing. | • Deel data met ander.<br>• Moenie publikasies dupliseer of in stukkies of brokkies aanbied nie. | • Voorsien kopieë van die verslag aan deelnemers en ander belanghebbende partye.<br>• Vermy die gebruik van dieselfde materiaal vir meer as een publikasie. |

Vervolgens stip ek ´n paar punte uit rakende my rol as navorser.

### 1.12.2 My rol as navorser

My rol as navorser in die voorgestelde studie sal gelei word deur die etiese standaarde soos uiteengesit in die etiese kode van die *Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad.* Die wyse waarop ek beoog omdie navorsing te doen, kan soos volg opgesom word:

- Ek sal regdeur die uitvoer van die navorsing die etiese kode vir navorsing respekteer.
- Ek sal die deelnemer inlig oor wat gedurende die navorsing verwag kan word.
- Ek sal ingeligte toestemming vanaf die deelnemer verkry nadat die aard van die navorsing verduidelik is.
- Ek sal gedurende die ondersoek my rol aan die deelnemer asook al die ander relevante rolspelers verduidelik.
- Ek sal verseker dat die fisiese lokaal waarbinne die navorsing geskied in ´n bevredigende toestand is.
- Ek sal informele en direkte gesprekke met die deelnemers fasiliteer.
- Ek sal ´n warm, empatiese atmosfeer gedurende interaksie skep.
- Ek sal die rigting van die navorsing met die deelnemer bespreek.
- Ek sal die interpretasie van die data met die deelnemer op ´n aanhoudende basis bespreek om sodoende te verseker dat misverstande opgeklaar word en die geloofwaardigheid van die navorsing bevorder word.
- Ek sal die data in ´n veilige plek bewaar en dit verantwoordelik analiseer en interpreteer.
- Ek sal terugvoer aan die deelnemer verskaf.

Aangesien die deelnemers ontluikende volwassenes is wat behoefte aan beroepsberading het en aan wie se behoefte ek in my privaatpraktyk kan voorsien, is dit nie vir my nodig om ingeligte toestemming van enige ander partye, buiten die deelnemers en die etiese raad van die universiteit, te verkry nie. Ek is verder ten volle daarvan bewus dat my rol in hierdie

© University of Pretoria

verband suiwer dié van navorser en nie sielkundige gaan wees nie. Ek is egter terdeë bewus van die feit dat daar tydens die verloop van die navorsing emosionele en gedragskwessies kan opduik en beoog om met ŉ bekwame kollega te reël vir die instaan en opvolg van sodanige kwessies. Soos reeds vermeld, onderneem ek om myself aan die etiese gedragskode te onderwerp om sodoende te verseker dat die deelnemers se beste belange voorkeur sal geniet deurdat hulle duidelik sal weet wat van hulle verwag sal word.

### 1.12.3 Beperkinge van die navorsing

Die volgende beperkinge kan gedurende my navorsing na vore kom:

- Deelnemers kan ter enige tyd onttrek of selfs versoek dat spesifieke inligting nie vermeld word nie.
- Kultuurverskille kan by die interpretasie van woorde, konsepte, metafore en gedragskodes (soos byvoorbeeld kollektiewe persepsies) ter sprake kom.
- My persoonlike leefstyl, wat van my vereis om verskeie lewensrolle in ΄n samelewing met ΄n versnelde tempo te vertolk, kan dalk veroorsaak dat ek tydens onderhoude moeg en gespanne is en gevolglik nie die geleenthede maksimaal benut nie.

### 1.12.4 Voorgestelde uitleg van die verskillende hoofstukke

- Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering

Hoofstuk 1 sal ΄n algemene oorsig oor die hele studie voorsien, insluitende die inleiding tot en rasionaal van die navorsing. Die navorsingsprobleem, navorsingsvrae en konseptuele verklaring word hierby ingesluit.

- Hoofstuk 2: Konseptuele raamwerk

Hoofstuk 2 sal die literatuuroorsig en konseptuele raamwerk voorsien. Die literatuuroorsig sal fokus op ontluikende volwassenes, sin- en betekenisgewing in ‘n leef-beroep opset en lewensontwerpberading.

- Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp

Die derde hoofstuk sal die navorsingsproses in detail beskryf, insluitend die navorsingsontwerp en navorsingsmetodologie wat in die navorsing gebruik is.

- Hoofstuk 4: Bespreking van die resultate van die navorsing

Hoofstuk 4 sal ΄n bespreking oor en analise van die resultate van die navorsing behels. Hierdie bespreking sal uit die data-analise, interpretasie van die bevindinge en rapportering van resultate bestaan.

- Hoofstuk 5: Literatuurkontrole van bevindings

In Hoofstuk 5 sal die resultate wat verkry word, met die literatuur (soos bespreek in Hoofstuk 2) in verband gebring word.

- Hoofstuk 6: Bevindinge, aanbevelings en samevatting

© University of Pretoria

In hoofstuk 6 sal die resultate van die navorsing opgesom en bevindings aangebied word. Die beperkinge van die navorsing, aanbevelings vir toekomstige navorsing en ’n samevatting sal ook in hierdie hoofstuk bespreek word.

© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2

# LITERATUURSTUDIE

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk ontgin ek die hooftemas van my navorsing. Ek begin deur te verwys na die fenomeen ‘ontluikende volwassenes’ wat toenemend as ŉ nuwe en onderskeidende lewensfase in welvarende gemeenskappe opvallend begin raak. Volgens die literatuur blyk die sosio-kulturele konteks ŉ outonome ‘self’ – gebed in materialisme, individualisme, morele relativisme en fundamentalisme – te kultiveer wat dikwels met psigososiale uitdagings gepaardgaan. Terselfdertyd en inherent raak dieselfde sosio-kulturele konteks ŉ noodkreet vir ŉ burgerskap-leierskorps wat bydraes tot die breër welsyn (met sy resultante maatskaplike en ekologiese behoeftes) kan lewer. In hierdie opsig word bespiegel oor die mate waartoe bydraes tot die breër welsyn aan ontluikende volwassenes geleenthede kan bied ten opsigte van sin- en betekenisgewing in hul daaglikse leef-beroep en uiteindelik gesonde ontwikkeling en heelwording.

Die dieper vraagstuk wat ontstaan en ŉ verdere diskoers ontlok, is die volgende:

*Hoe kan die outonome self van die ontluikende volwassene uitgebrei word na ŉ relasioneel-morele self wat in die behoeftes van die breër welsyn sal kan voorsien?*

In ŉ poging om hierdie vraag te antwoord, brei ek vervolgens uit oor die moontlike waarde van ŉ nuwe paradigma vir beroepe, naamlik die beroepskonstruksieteorie. Die waarde van beroepskonstruksieteorie lê – vir die doel van die voorgenome studie – in twee essensiële konstrukte van beroepskonstruksieteorie, naamlik selfkonstruksie en leef-beroepskonstruksie. Met verwysing na die ontluikende volwassene se sosiaal-kulturele konteks van ŉ outonome self met gepaardgaande psigososiale uitdagings, kan ‘selfkonstruksie’ moontlik van waarde wees by die uitbreiding van die ontluikende volwassene se ‘self’ na ŉ ‘relasioneel-morele self’. Hierdie ‘uitgebreide self’ kan weer moontlik voorsien in die behoeftes van die breër welsyn – ŉ visie wat by wyse van leef-beroepskonstruksie ŉ positiewe effek op die ontluikende volwassene se lewe en beroep kan hê (Savickas et al., 2009).

Die gereedskapstuk wat in beroepskonstruksieteorie vir berading beskikbaar is, staan bekend as lewensontwerpberading. Lewensontwerpberading behels die ontginning van en voortbou op individue se lewensverhale met die doel om ŉ lewensportret saam te stel. Die doelwit is om lewenstemas (mikro-narratiewe ten aansien van eie unieke passies, ervarings en insigte) in ŉ toekomstige lewensverhaal of lewensportret (makro-narratief) te vervat. Hierdie lewensportret funksioneer as ŉ kontinue, samehangende rigsnoer wat vir die outeur lewenslank gesonde psigososiale ontwikkeling en heelwording kan verskaf, ŉ konstruk wat ŉ belangrike rol speel by ŉ individu se sin van samehang.

Ek sluit die hoofstuk af met ŉ beskrywing van die teoretiese en konseptuele raamwerk wat die moontlike verband tussen ontluikende volwassenes se sosio-kulturele posisie

© University of Pretoria

(outonoom met gepaardgaande psigososiale uitdagings – maar ook met die potensiaal om deel van ŉ burgerskap-leierskorps te word) en beroepskonstruksieteorie (gerig op die konstruksie van ŉ uitgebreide self wat op bydraes tot die breër welsyn ingestel is) uitlig. Kortom gestel, word die moontlikheid van die verwewing van ŉ sin vir wat goed is in ŉ ontluikende volwassene se siening van die lewe (beroep ingesluit) in ŉ ontluikende storie verken – ŉ storie wat uiteindelik daadwerklik gestalte kan aanneem.

## 2.2 ONTLUIKENDE VOLWASSENES

### 2.2.1 Die fase 'ontluikende volwasseneskap' as ŉ nuwe en onderskeidende fase

Sosiale en kulturele veranderings het die laaste paar dekades ŉ nuwe en onderskeidende oorgangsperiode in die gang van menslike ontwikkelingsfases ontketen (Smith et al., 2011). Hierdie fase blyk toepaslik te wees ten opsigte van jongmense in die meer welvarende gemeenskappe tussen die ouderdomme 18 (wanneer die meeste van hulle hul skoolloopbane voltooi) en 30 (voordat hulle die volwassenheidsfase betree) en is deur Arnett (2000, 2007, 2012) as 'ontluikende volwassenes' benoem.

Dit blyk dat die volgende groot veranderings (wat grotendeels op die langer pad na volwassenheid neerkom) oor die afgelope halwe eeu kenmerkend van hierdie ontwikkelingsfase geword het: ŉ toename in die tydperk van onderwys; verhoogde ouderdomme voordat daar tot die huwelik en ouerskap toegetree word; groter toleransie ten opsigte van voorhuwelikse seks en saamwoon; meer geleenthede wat vir vroue beskikbaar is; en hoe volwassenheid tans beskou word (Arnett, 2012; Buhl & Lanz, 2007; Fusell, Gauthier, & Evans, 2007; Settersen, Furstenberg, & Rumbaut, 2005). Harter (2012) verwys na spesifieke ontwikkelingstake en verwante sake wat by hierdie fase betrokke is. Sy plaas dit onder die sambreel van eksperimenteer in verskeie domeine, soos byvoorbeeld beroepsmoontlikhede, die ontwikkeling van vriendskappe, intieme (maar tipies nie-maritale) verhoudings, die heronderhandeling van die ouer-kind-band en geloofsisteme (d.i., religieus, moreel, en politieke identifikasies). Hierdie verskillende aspekte word vervolgens bespreek.

#### 2.2.1.1 Kriteria vir volwassenheid

In ooreenstemming met Arnett (2001) toon navorsingsbevindings (Arnett, 1994, 1997, 1998; Perry, 1970/1999) dat die konstruk volwassenheid meerdimensioneel is en dat ontluikende volwassenes voel dat hulle sommige kriteria bereik het en ander nie. Dit blyk juis hierdie ambivalensie te wees ten opsigte van die status van volwassenheid wat ŉ oortuigende argument is vir die verskynsel 'ontluikende volwassenheid' as ŉ nuwe ontwikkelingsfase (Nelson & Barry, 2005). Arnett (2001) vermeld dat waar die oorgrote meerderheid van ontluikende volwassenes fisiese rypheid bereik het en hulself aan sosiale norme kan onderwerp, ander dimensies van volwassenheid klaarblyklik agterweë gebly het. Die meeste ontluikende volwassenes blyk byvoorbeeld reeds betrokke te wees in werkverwante rolle, terwyl gesins-georiënteerde rolle (die huwelik en ouerskap) nog nie gerealiseer het nie.

Nelson en Barry (2005) vermeld dat volwassenheid gekarakteriseer word deur ŉ meer samehangende sin van persoonlike identiteit. Antonovsky (1987) beskryf ŉ sin van samehang

© University of Pretoria

as die mate waartoe ŉ individu die wêreld, die individuele omgewing en lewensgebeure as verstaanbaar, beheerbaar en betekenisvol bevind. ŉ Samehangende en gesintetiseerde sin van identiteit word geassosieer met ŉ positiewe selfbeeld (Luyckx, Schwartz, Goossens, & Soenens, 2008), positiewe sosiale verhoudings (Zimmer-Gembeck & Petherick, 2006) en ŉ verlaagde graad van internaliserende (bv. Depressie en angs) en eksternaliserende (bv. Verbreking van reëls, vertel van leuens, fisiese aggressie) simptome (Schwartz, 2007).

Die ontwikkeling van ŉ sin van identiteit blyk ŉ kritieke taak gedurende die oorgang na volwassenheid te wees (Erikson, 1968). Lustig en Strauser (2002) rapporteer dat ŉ sin van samehang sterk korreleer met verskeie dimensies van beroepskeuses wat ook dien as domein vir die vorming van ŉ identiteit, soos vervolgens uiteengesit word.

**2.2.1.2 Beroepsmoontlikhede**

Dit blyk dat die verkryging van ŉ beroepsidentiteit die grootste vraagstuk ten opsigte van ontluikende volwassenes se beroepseksperimentering is (Arnett, 2004). Sommige vind ŉ werk of maak ŉ beroepskeuse ten opsigte van voorgenome studies, verander dan van besluit en slaan ŉ ander rigting in. Ander ossileer tussen periodes van werk en werkloosheid. Sommige vertoef in die ouerhuis, ander verlaat dit, net om weer later terug te keer (Shulman, Feldman, Blatt, Cohen & Mahler, 2005).

Heelwat navorsers en teoretici (Berzonski & Adams, 1999) wat sake rondom identitíteitskwessies hanteer, aanvaar Marcia (1980, 1988) se raamwerk wat bou op die invloedryke geskrifte van Erikson (1963, 1968). Erikson (1968) het gefokus op twee kwessies wat tot die bereiking van ŉ volwaardige identiteit kon lei, te wete eksplorasie en verbintenis. Marcia (1980, 1988) propageer vier identiteit-statusse wat kombinasies van eksplorasie en verbintenis is. Volgens hom is die ideale oplossing vir die beroepsidentiteit-dilemma die *bereiking van ŉ identiteit* wat neerkom op ŉ weldeurdagte verbintenis met ŉ geskikte beroep. Die sogenaamde *verhinderde-identiteit*-status dui op individue wat nie by ŉ uitgebreide ondersoek oor beroepe betrokke raak nie, maar ŉ identiteit deur andere 'toegesê' word (d.i. die familiebesigheid of ŉ beroep waarop die ouers besluit het) – dus ŉ verbintenis sonder eksplorasie. Die status van *moratorium* verteenwoordig ŉ verlengde tydperk van eksplorasie waarin verbintenis uitgestel word en kom algemeen by ontluikende volwassenes voor wat verder studeer. In die geval van die *diffuse identiteit* status val die individu rond – daar is geen eksplorasie op ŉ deurdagte of produktiewe wyse ten opsigte van ŉ beroepsidentiteit nie en weinig vermoë om aan ŉ realistiese beroepskeuse te verbind.

Dit wil voorkom asof ontluikende volwassenes (wat, soos reeds vermeld, hul tydperk van opvoeding verleng), as't ware 'toestemming' van die samelewing ontvang om groot lewensbesluite soos beroepsverbintenis, die huwelik, ouerskap en die konsolidasie van ŉ geloofsisteem, uit te stel. Dit impliseer dat die eksplorasiegedeelte van die moratoriumstatus verleng word en sodoende word die potensiaal van ŉ skuif na die dinamiek van ŉ verspreide identiteit ontlok. Laasgenoemde prosesse vertraag en bedreig die tipe verbintenis wat nodig is vir die bereiking van ŉ beroepsidentiteit.

© University of Pretoria

### 2.2.1.3 Ideologiese perspektiewe

Erikson (1968) beskou die ontwikkeling van ŉ ideologiese perspektief as ŉ essensiële deel van die ontwikkeling van ŉ identiteit. Hy beskryf ŉ ideologiese sisteem as *a coherent body of shared images, ideas, and ideals that provides for the participant a coherent, if systematically simplified, over-all orientation in space and time, in means and ends* (Erikson, 1968, pp. 189-190). Dit blyk dat kwaliteite soos om te besluit oor eie oortuigings en waardes – en nie roloorgange soos om te trou of om opvoeding te voltooi nie – vir ontluikende volwassenes baie belangrik is (Arnett, 2001).

Een wyse waarop ideologiese denke gedurende ontluikende volwassenheid beskou kan word, is in terme van Shweder se etiek van outonomie, gemeenskap en goddelikheid (Shweder, Much, Mahapatra, & Park, 1997). Volgens hierdie etiek word drie etiese beginsels voorgestel as wyses waarop individue van diverse ouderdomme in diverse kulture hul oortuigings, waardes en morele gesigspunte kan struktureer. Die etiek van *outonomie* definieer die individu as die primêre morele outoriteit, onbeperk in keuses – veral ten gunste van eie voorkeure. Oortuigings en waardes sentreer om individuele regte, veral die oortuiging dat individue toegelaat moet word om te doen wat hulle wil, solank hulle ander nie direk skade aandoen nie. In kontras hiermee, definieer die etiek van *gemeenskap* individue as lede van groepe teenoor wie hulle verpligtings het. In hierdie geval is verantwoordelikhede ten opsigte van die gesin, die gemeenskap en ander groepe die basis van die individu se oortuigings en waardes. Die etiek van *goddelikheid* definieer die individu as ŉ spirituele entiteit wat ondergeskik is aan voorskrifte van ŉ spirituele of natuurlike beskikking. ŉ Etiek van goddelikheid sluit oortuigings en waardes in wat op tradisionele religieuse outoriteite en dikwels ook religieuse geskrifte (bv. Die Bybel en die Koran) gebaseer is.

Arnett (2000) konstateer dat ontluikende volwassenes op selfontdekking fokus en neig om individuele besluite te neem betreffende liefde, werk en ideologie – eienskappe wat met die waardes van ŉ outonome etiek ooreenstem.

### 2.2.1.4 Romantiese verhoudings

Ontluikende volwassenheid behels nie net eksplorasies ten opsigte van ŉ moontlike beroep nie, maar ook eksplorasies ten opsigte van liefde (Arnett, 2000, 2010). Dit sluit waarskynlik voorhuwelikse seks met of sonder saambly in, maar tipies nie met die oogmerk om te trou nie. Die huwelik is nie een van die kriteria wat volwassenheid in die hedendaagse samelewing definieer nie. Refleksie oor watter persoon ŉ goeie huweliksmaat sal uitmaak, asook watter tipe huweliksmaat die ontluikende volwassene self aspireer om te wees, is wel deel van die eksplorasie. Volgens Kins en Beyers (2010) blyk dit verder dat verbintenis tot die huwelik uitgestel word tot ander uitdagings soos opvoedkundige keuses, finansiële onafhanklikheid en die vestiging van religieuse en politieke oortuigings oorkom is.

### 2.2.1.5 Individuele verskille

Shulman et al. (2005) onderskei drie tipes ontluikende volwassenes ten opsigte van die dimensies van liefde en werk. Die mees aanpasbare tipe word as ‘outentiek en bevoeg’

© University of Pretoria

benoem. Hierdie tipe ontluikende volwassenes beskik oor duidelike beroepsdoelwitte en ŉ sin van rigting na waarheen hulle op pad is. Hulle is waarskynlik in volwasse romantiese verhoudings betrokke en kom geïntegreerd voor in die opsig dat hul lewens ŉ samehangende geheel verbeeld. Daarby vertoon hulle hoë vlakke van sorgsaamheid en die self wat hulle ten toon stel, word deur outentisiteit gekenmerk.

Die ander twee tipes is minder aanpasbaar. Die eerste soort staan bekend as ontluikende volwassenes met ŉ 'swak integrasie'. Dit blyk dat hulle nie duidelike beroepsdoelwitte het nie, omtrent geen rigtingsin vertoon in terme van beroeps- of opvoedkundige opsies nie, en geen romantiese vennoot het nie – of, indien wel, is hulle betrokke by onvolwasse verhoudings. Die uitbeelding van hulself is gefragmenteer en sonder samehang. Hulle is verward oor hul toekoms en vertoon ŉ lae vlak van refleksiwiteit. Die laaste groep word deur Shulman et al. (2005) beskryf as ontluikende volwassenes met 'bevoegde optrede maar met min outentisiteit'. Hulle blyk beroepsaspirasies na te jaag hoewel hulle nie soos die eerste groep die klaarheid van ŉ doelgerigte sin- en betekenisgewing ten toon stel nie. Hulle beskik ook nie oor ŉ vermoë tot refleksiwiteit of outentisiteit nie en vertoon ŉ beperkte bewustheid van hul eie gedrag. Vanweë hierdie kwaliteite is hul pogings om noue en betekenisvolle vriendskappe te sluit, nie noodwendig suksesvol nie. Kortliks kom dit daarop neer dat hulle ŉ masker van bevoegdheid ten toon stel, maar ŉ tekort ten opsigte van outentisiteit toon.

#### 2.2.1.6 Sosiale ondersteuning

Ondersteuning van ouers sowel as vriende ondergaan besliste veranderings gedurende ontluikende volwassenheid. Die ouer-kind-verhouding moet sielkundig herstruktureer word aangesien ontluikende volwassenes meer outonomie bekom. Tanner (2006) verwys na die term 'hersentrering' en beskryf dit as die relasionele herstrukturering tussen die ontluikende volwassene en sy of haar gesin wat plaasvind as gevolg van die resultaat van ŉ skuif in oriëntasie vanaf ouerregulasie na selfregulasie. Gedurende hierdie proses van hersentrering word die ouer-kind-verhouding uitgedaag om getransformeer te word na ŉ volwasse verhouding waarin die ontluikende volwassene die vryheid gegun word om keuses te maak en besluite te neem op die basis van hul eie oortuigings en waardes, terwyl ŉ aaneenlopende verwantskap behou word. Ondersteuning van die ouers se kant en gemeenskaplike nabyheid word dus nog verlang.

Kins en Beyers (2010) maak die bewering dat wanneer ontluikende volwassenes se oorgang na volwassenheid ter sprake is, hul verblyfsituasie altyd in aanmerking geneem moet word, aangesien navorsingsbevindings daarop dui dat residensiële status aan die proses verwant is. Dit blyk dat ontluikende volwassenes wat permanent by hul ouers woon of semi-afhanklik van hulle is, laer op die bereiking van volwasse kriteria meet (Kins & Beyers, 2010).

Wat vriendskappe aanbetref, lei die bywoon van ŉ opvoedkundige instansie of die aanvang van werk tot die ontwrigting van vroeëre vriendskappe. Die sluit van nuwe vriendskappe vereis die vestiging van sosiale verhoudings met die uitsluitlike doel om as

© University of Pretoria

ondersteuningsnetwerke te dien. Hierdie nuwe vriende kan as ŉ klankbord dien tydens die maak van groot lewensbesluite en hopelik ook tot ŉ gesonde selfbeeld bydra.

**2.2.1.7 Kulturele identiteit**

Die invloed van kultuuraspekte op die ontluikende volwassene kan nie ontken word nie, veral omdat 'die self' (sien 2.6.3 vir ŉ onderskeiding tussen die begrippe 'self' en 'identiteit') van die ontluikende volwassene binne sosiale kontekste ontwikkel (Baldwin, 1991). Konstrukte soos taal, geslag, streek van oorsprong en fisiese en kulturele eienskappe is belangrik as dit kom by die definisie van ŉ self.

Volgens Markus en Kitayama (1991) is mense van ŉ individualistiese kultuur byvoorbeeld geneig tot ŉ sterk onafhanklike selfkonstruksie. Hulle dink aan die 'self' as apart van andere asook apart van sosiale kontekste. Die self word gedefinieer as ŉ individu met stabiele, interne eienskappe en selfagting word verkry deur te presteer en sodoende in die lewe vooruit te gaan. Aan die ander kant is individue van kollektivistiese kulture meer geneig om oor sterk interafhanklike selfkonstruksies te beskik. Hulle dink aan die self as aan ander verbind en word gedefineer deur verhoudings met andere en die sosiale kontekste waarin hulle verkeer. Hul 'selwe' is dus meer buigsaam en gevarieerd en hulle verkry hul selfagting deur in die samelewing in te pas en met ander saam te werk.

Benewens hierdie verskille in selfkonstruksie wat op etnisiteit gebaseer is, verskil selfkonstruksies ook op grond van geslag. In ooreenstemming met bewyse vir die meer relasionele sosialisering van vroue in baie kulture, word voorgestel dat vroue meer interafhanklik is as mans (Cross & Madson, 1997). Meer resente bewyse stel egter voor dat mans en vroue verskil in die tipe interafhanklikheid wat hulle uitwys (Gabriel & Gardner, 1999). Vroue is geneig om hoër te meet in 'relasionele interafhanklikheid' waar die self in verhouding tot spesifieke individue staan, byvoorbeeld ŉ beste vriend of ŉ romantiese vennoot), terwyl mans geneig is om hoër te meet in 'kollektiewe interafhanklikheid', waar die self in verhouding staan tot groepe waarvan hulle lede is, byvoorbeeld sportspanne en onderlinge hulpverenigings.

Dit blyk verder volgens Leong, Hardin en Gupta (2011) dat persone met ŉ individualistiese self waarskynlik gemotiveer word deur vrae soos: wat is vir my van waarde?, wat sal my gelukkig maak?, asook wat is my belangstellings?. Vir diegene vir wie ŉ kollektiewe self belangriker is, is die vrae eerder: wat is belangrik vir my familie?, hoe kan ek verhoed om skande oor my groep te bring?, asook wat is in hulle belang?

Ten slotte vorm kultuurkwessies nie net direk die inhoud en opvallendheid van die verskillende soorte selwe nie, maar raak ook indirek geleenthede wat vir individue aangebied word. Dit blyk dat lede van minderheidsgroepe beperkte geleenthede ervaar, wat weer beroepsgeleenthede en verdere ontwikkeling kan beperk (Leong et al., 2011).

© University of Pretoria

### 2.2.1.8 Hormonale en neurologiese ontwikkeling

ŉ Verskeidenheid beserings (en selfs die dood) wat tydens adolessensie voorkom en in die fase van ontluikende volwassenheid voortgesit word, is verwant aan normatiewe uitdagings betreffende die beheer van emosies en gedrag (Dahl, 2004). Dit sluit roekelose bestuur, riskante seksuele gedrag, alkohol- en substansmisbruik, ongelukke en depressie in.

Om ŉ volwassene te word vereis meer as die hormonale en seksuele volwassenheid wat tydens puberteit ontstaan. Volwassenheid vereis ŉ breër stel vaardighede, kennis en ervaring. Nog belangriker is egter die feit dat ŉ groot mate van neurologiese ontwikkeling moet plaasvind. Puberteit blyk toenemend teen jonger en jonger ouderdomme te geskied (Dahl, 2004). Mees onlangse bewyse toon dat puberteit tans met ŉ kaskade van hormonale veranderings tussen die ouderdomme nege en twaalf begin. Hormonale veranderings tydens puberteit prikkel sterk drange, emosionele intensiteit, en die soeke na sensasie geassosieerd met roekelose gedrag. Die grootste voorkoms van riskante gedrag geskied onder toestande van hoogs emosionele opwekking (Steinberg, 2004 in Dahl, 2004). Nog belangriker is dat die tekort aan affektiewe regulasie ontstaan vanuit die feit dat die amigdala, ŉ breinsentrum wat die uitdrukking van emosie behels, met die aanvang van adolessensie meer geaktiveer raak. Kognitiewe ontwikkeling hou egter *nie* tred met hierdie veranderings in pubertale ontwikkeling nie. Soos wat Dahl (2004) uitwys, val kognitiewe aanwinste soos gevorderde redenasievermoëns, probleemoplossing- en besluitnemingsvaardighede, en die vermoë om te kan oordeel asook emosies te reguleer, *nie* saam met die aanvang van puberteit nie. Hierdie vaardighede is meer verwant aan ouderdom, ervaring en latere neurologiese ontwikkeling as aan pubertale veranderings self.

Een implikasie van talmende neurologiese ontwikkeling blyk te wees dat adolessente en jong volwassenes nog nie die vaardighede ontwikkel het om intense emosionele reaksies te hanteer nie (Dahl, 2004). Vaardighede in die selfregulering van affek moet eers wag totdat verdere neurologiese ontwikkeling plaasgevind het, en totdat ondervinding in genoegsame sosiale ervarings deur middel van die nodige steierwerk deur bekwame volwassenes ondersteun word. Dahl (2004) se afleiding is dat selfregulerende prosesse die ontwikkeling van komplekse neurogedragsisteme behels. Hierdie sisteme blyk die laaste dele van die brein te wees wat rypwording ondergaan. Dit word wyd aanvaar dat die frontale lobbe van die brein – wat primêr verantwoordelik is vir oordeel, redenasie, beplanning, beheer en antisipasie van gebeure – eers teen die ouderdom van 25 volledig ontwikkel is. Die intense emosies wat met puberteit geassosieer word, kan die vermoë tot verantwoordelike besluitneming – wat die samelewing van ontluikende volwassenes verwag – in die wiele ry. Steinberg (2004 in Dahl, 2004) ondersteun hierdie redenasie en vermeld dat daar twee bydraers tot risikogedrag is wat in tandem opereer. Die een is hormonale faktore wat riskante gedrag by adolessente stimuleer, terwyl neurologiese reguleerder meganismes wat riskante gedrag aan bande moet lê, stadiger ryp word. Saam lei hierdie twee faktore tot die weerloosheid van ontluikende volwassenes.

Opsommend blyk dit dat ontluikende volwassenes divers is in hul menswees en dat hierdie diversiteit in ag geneem behoort te word. Sommige ontluikende volwassenes vertoon

© University of Pretoria

goed op pad te wees na die verskillende rolle wat hulle moet vertolk en die verantwoordelikhede wat hulle moet opneem – toegerus met stabiele, samehangende en verbintenis-gebaseerde identiteite. Ander ontluikende volwassenes het dalk ŉ behoefte aan eksterne hulp (bv. Intervensie) in hul oorgang na volwasse rolle en gepaardgaande verantwoordelikhede.

### 2.2.2 Ontluikende volwassenes en psigososiale uitdagings

Die oorgang na volwassenheid blyk soms kompleks, onsamehangend en verwarrend te wees. Daar is reeds verwys na riskante gedrag (Arnett, 2000, 2010; Arnett et al., 2001) wat onbeheersde drank- en substansmisbruik, roekelose bestuur onder die invloed van drank, en onverantwoordelike seks insluit. Harter (2012) sluit patologie soos eetversteurings, dissosiatiewe identiteitsindroom, ŉ tekort aan outentisiteit, ernstige depressie, ŉ hopeloosheid en identiteitsverwarring hierby in. Smith et al. (2011) identifiseer aspekte soos verbruikerskapitalisme, voortdurende mislukkings in onderwys, hiper-individualisme, postmoderne morele relativisme en onbetrokkenheid by burgerskap en politieke aktiwiteite. Genoemde outeurs blameer die sosiale-kulturele konteks waarin ontluikende volwassenes hul weg moet baan:

> *The life-course phase through which these young adults are living is structured by a certain configuration of interlocking institutions, flows of sustaining resources, technologies of communication and bodily control, information and image streams, and cultural standards and expectations to look, think, speak, act, and aspire in very particular ways. In many senses, we think emerging adulthood offers many valuable possibilities and human goods. But it also provides a macro-structural context that generates the kind of problems and troubles we have reported* (Smith et al., 2011, p. 232).

Harter (2012) beskou die gevolge van die sosio-kulturele konteks soos uitgespel deur Smith et al. (2011) as ŉ kommerwekkende preokkupasie met die self wat kulmineer in selfverheffende strategieë, selfdienende neigings, ŉ opgeblase self en selfliefde. Giddens (1991) verwys na ŉ dilemma tussen ŉ verpersoonlikte en verbruikersbelewenis – die verbruik van alewige nuwighede wat ŉ plaasvervanging raak vir die outentieke ontwikkeling van die self; voorkoms verplaas die wesenlike; die definisie van die self word vertaal na die besit van begeerde besittings en die najaag van gekunstelde leefstyle.

Sullivan (2011) bespreek die kwessie van interafhanklikheid en die breër welsyn en bespiegel dat die huidige kwessie van individualisme handel oor ŉ aanvaarding dat die self ŉ outonome entiteit geisoleerd van die groter geheel is, behalwe vir ŉ kleiner sirkel van familie en vriende wat dan in hierdie deurtrokke individualistiese kultuur die algehele morele horison raak. Vir hierdie outeur lê die uitdaging daarin dat die wanbalans wat te veel op individualisme en eie belang fokus – ten koste van interafhanklikheid en die breër welsyn – herstel moet word. Arnett et al., (2001) vat bogenoemde kwessies verbaal raak as die noodsaaklikheid van ŉ balans tussen twee menslike fasette, naamlik outonomie en gemeenskap. Hierdie outeurs meld dat dit juis die afwesigheid van ŉ ossilasie tussen

© University of Pretoria

outonomie en gemeenskap is wat aspekte raak soos die betekenis van self, jeug, verhoudings en lewensverpligtings, asook 'n verskeidenheid van gedragspatrone en lewensingesteldhede ten opsigte van ontluikende volwassenes.

### 2.2.3 Ontluikende volwassenes en die uitbreiding van die self

Volgens Parker (2007, p. 158) is daar 'n onlangse morele skuif – weg van die realisering van outonome outentisiteit as die hoogste prestasie van die mens – na 'n meer 'ander'-sentreerde etiek waarin 'self' as 'in-relasie-met-betekenisvolle-ander' verstaan word. Barrett (2013) verwys na 'n toenemend vergrotende en uitbreidende gevoel van persoonlike identiteit wat meegebring word deur 'n groter gevoel van konneksie met die wêreld. Parks (2011) verwys na die konstruksie van 'n 'self met deurlaatbare grense' wat 'n bewustheid van 'self en ander', 'self en die wêreld' kan vergroot en onderhou. Volgens haar moet hierdie grense deurlopend hersien word om die buurskap, die gemeenskap, die samelewing, die wêreld en selfs die onuitputlike uitspansel waarin die mens homself bevind, te omarm. Barrett (2013) se mening in hierdie verband is dat die uitbreiding van die self, byvoorbeeld in die konteks van die werkplek, nuwe aspekte soos dienslewering aanraak, met 'n besorgdheid oor hoe om die breër welsyn in die geheel te ondersteun en hoe om te verseker dat die organisasie 'n voordelige en heilsame impak op die wêreld het.

Interafhanklikheid dui dus nie net op die onmiddellike omgewing, soos Collin en Guichard (2011, p. 103) dit tereg stel nie: *here it prompts the question whether the care of close others is sufficient to cope with the major crises of the world, such as global climate change, starvation, overpopulation, unemployment, poverty, and so on*. In hierdie opsig verklaar Buchan, Brewer, Grimalda, Wilson, Fatas en Foddy (2011) dat menige globale uitdagings in werklikheid sosiale dilemmas is. Waarop dit dus neerkom, is dat ontluikende volwassenes 'n inisiëring verg tot lewensvatbare vorms van sin- en betekenisgewing ten opsigte van 'n self wat weet dat die persoon wat die 'ander' uitmaak, die een is aan wie die self onlosmaaklik in 'n wedersydse interafhanklikheid verbind is. Vervolgens word daar hieroor uitgebrei.

## 2.3 ONTLUIKENDE VOLWASSENES EN SIN- EN BETEKENISGEWING

Parks (2011) is van mening dat die mens nie kan oorleef, en beslis nie kan floreer, indien sin- en betekenisgewing in die individu se lewe ontbreek nie. Wanneer die lewe as uiters toevallig, gefragmenteerd en chaoties ervaar word, met ander woorde betekenisloos, is daar verwarring, bekommernis, stagnasie en 'n uiteindelike desperaatheid. Sin- en betekenisgewing oriënteer die individu se ervaring van die lewensreis – dit bepaal sy of haar sin van 'self' en doel op aarde. Parks (2011) reken verder dat die mens na patroon, orde, samehang, en relasie soek in die dinamiese en ongelyksoortige elemente van die menslike ondervinding.

Teen hierdie agtergrond beskryf Kashdan en McKnight (2009) in Bundick (2011) sin- en betekenisgewing as 'n sentrale, selforganiserende lewensdoel wat 'n predominante komponent van iemand se identiteit is en wat 'n raamwerk vir doelwitte en optrede voorsien.

© University of Pretoria

Daarby blyk sin- en betekenisgewing ’n noodsaaklike selftransenderende doelwit te hê wat as motivering dien vir die verbinding tot en deelname aan prososiale, generatiewe gedrag (Damon, Menon & Bronk, 2003 in Bundick, 2011).

Parks (2011) verwys na ŉ bepaalde ontwikkeling wat ten opsigte van sin- en betekenisgewing by die ontluikende volwassene moet plaasvind. Sy stel ŉ model voor waar drie dimensies van die ontwikkeling van sin- en betekenisgewing – kognitief, affektief en sosiaal – gekombineer word en dui aan wat die plek en rol van ontluikende volwassenes se sin- en betekenisgewing in die ontwikkeling van volwasse sin- en betekenisgewing is. Hierdie proses (en model) word vervolgens bespreek – beginnend by die adolessent en eindigend by die ervare volwassene.

### 2.3.1 Kognitiewe ontwikkeling

Parks (2011) benadruk die belang daarvan dat ontluikende volwassenes die beperkings van oorgeërfde of ander sosiaal-oorgedraagde aannames oor hoe die lewe werk en wat uiteindelik saak maak op ŉ gesonde, beoordelende en doelbewuste wyse moet ontdek – en dan meer waardevolle (volwasse) vorms van sin- en betekenisgewing aan die ander kant moet saamstel. Kognitiewe ontwikkeling van sin- en betekenisgewing, alias Parks (2011), geskied by die ontluikende volwassene by wyse van ŉ wegbeweeg van outoriteitsgebonde en dualistiese vorms van sin- en betekenisgewing, deur ongekwalifiseerde relativisme na modusse van proefnemende en volwasse sin- en betekenisgewing, soos in Tabel 2.1 aangedui.

**Tabel 2.1: Progressiewe ontwikkeling van kognitiewe sin- en betekenisgewing**

| | **Adolessent/ Konvensioneel** | | **Proefnemende volwassene** | **Ervare volwassene** |
|---|---|---|---|---|
| **Vorms van weetbaarheid** | Outoriteits-gebonde, dualisties | Ongekwalifi-seerde relativisme | Beproefde verbintenis (sistemies) | Oortuigde verbintenis (paradoksaal) |

**Saamgestel uit Parks (2011, p. 71).**

#### 2.3.1.1 Outoriteitsgebonde en dualistiese vorms van betekenisgewing

Volgens Parks (2011) lê outoriteitsgebonde vorms van sin- en betekenisgewing buite die self. Dit kan in die gedaante voorkom van ŉ spesifieke persoon (ŉ ouer, onderwyser, godsdienstige leier of die baas in die werkplek) of in kragtige vorms soos die media (die Web, film, televisie, drukwerk – insluitend alle vorms van advertensie en die outoriteit van handelsmerke). Ander voorbeelde van outoriteitsgebonde vorms van sin- en betekenisgewing is kultureel-gevestigde rolle, institusies, kenners, regeringsamptenare, spirituele leiers, kunstenaars, wetenskaplikes, vermaaklikheidskunstenaars, beroemdes, portuurgroep-helde, en laaste maar nie noodwendig die minste, kulturele gebruike in die gedaante van verwagte konvensies (ten opsigte van denke, gevoel en gedrag).

© University of Pretoria

Outoriteitsgebonde weetbaarheid neig ook om dualisties te wees – wit en swart onderskeidings word gemaak tussen wat waar en onwaar is, reg en verkeerd, ons en hulle. Daar is min ruimte vir veelsinnigheid. Die transformasie na volwasse sin- en betekenisgewing begin by ŉ beweging weg van hierdie onondersoekte, ongekritiseerde vorm van outoriteitsgebonde weetbaarheid na ŉ volgende vorm van wete, naamlik ongekwalifiseerde relativisme.

#### 2.3.1.2 Ongekwalifiseerde relativisme

Hierdie skuif begin met die ontstellende ontdekking dat vasgestelde patrone van denke nie meer inpas by dit wat in die regte lewe ondervind word nie. Die geldigheid van kompeterende gesigspunte raak moeilik om te ignoreer en ondermyn ernstig pogings om simplistiese, dualistiese vorms van waar en onwaar, reg en verkeerd te ondersteun. ŉ Kataklismiese skuif vind plaas wanneer die relatiewe karakter van alle kennis die volgende 'waarheid' word.

Die ontluikende volwasene ontdek dat alle kennis relatief raak – alle kennis word gevorm deur en is dus relatief tot die konteks en verhoudings waarbinne dit saamgestel word. Hierdie ongekwalifiseerde relativisme kan (in wisselende grade) as ŉ bodemlose poel ervaar word waar die moontlikheid om sin en betekenis te vind, ŉ nuttelose ondervinding raak wat tot volslae wanhoop lei. ŉ Weg word ontdek by wyse van die imperatief van die lewe wat ongeag alles stilweg sy gang gaan.

#### 2.3.1.3 'n Proefnemende verbintenis

Hier raak die ontluikende volwassene bewus van ŉ aansluiting by ander volwassenes in die onderskeiding van wat genoegsaam, waardevol en waardig is, terwyl daar steeds bewus gebly word van die begrensde aard van alle veroordelings. Dit kulmineer in ŉ eksplisiete sisteem wat gevorm word deur ŉ versterkte begeerte om die betekenis van die lewe so goed mens kan, samehangend te maak (Fowler, 1996 in Parks, 2011). Hierdie gewaarwording reflekteer die groot skuif wat intellektuele refleksie moontlik maak en dien dus as die drumpel tot ŉ bewuswording dat daar oor die lewe in die algemeen, asook die persoonlike lewe van die individu, bewustelik gereflekteer kan word. Hierdie skuif na ŉ kritiese reflektiewe gedagte is ŉ primêre faset van hoe ŉ ervare volwassene die lewe met sin en betekenis aanpak, en is ŉ sentrale kenmerk van die potensiaal wat opgesluit lê in die ontluikende volwassene se vormende jare.

#### 2.3.1.4 'n Oortuigde verbintenis

Parks (2011) beskryf ŉ oortuigde verbintenis as ŉ 'volwasse wysheid' – ŉ belewing van ŉ diep betrokkenheid by die kompleksiteit en misterie van die lewe. ŉ Volwasse respons tot die lewe is nie noodwendig instemming nie, maar dit boei die aandag en dwing respek af. ŉ Oortuigde verbintenis tot sin- en betekenisgewing verteenwoordig dus ŉ verdiepte kapasiteit om ŉ ander se waarheid aan te hoor. Hierdie vorm van weetbaarheid kan paradoks omarm en is ŉ meer volwasse wyse om nie net aan sin- en betekenisgewing vas te hou nie, maar ook om daardeur vasgehou te word.

© University of Pretoria

Opsommend word dus voorgestel dat die evolusie van volwasse sin- en betekenisgewing (oortuigde verbintenis) by die veronderstelde, ongekritiseerde konvensionele weetbaarheid van die adolessent begin en as ŉ outoriteitsgebonde weetbaarheid benoem word. Hierna is daar ŉ soort van ŉ oorgang (ongekwalifiseerde relativisme) na ŉ kritiese, bewuste en verantwoordelike volwasse sin- en betekenisgewing (oortuigde verbintenis). Kegan en Lahey (2009) beskryf dit as ŉ evolusie van die gesosialiseerde verstand (outoriteitsgebonde) na die gesanksioneerde verstand (ŉ oortuigde verbintenis tot die lewe), en die ruimte tussenin (ongekwalifiseerde relativisme) as transisioneel.

Parks (2011, p. 82) voel egter dat die oorgangsfase ŉ soort van ŉ integriteit inhou wat op sy eie uit ŉ afsonderlike en bepaalde vorm van sin- en betekenisgewing bestaan – ŉ ontwikkelende balans wat aandag waardig is: *I began to see the power, promise, and vulnerability of the emerging adult soul.* Om dit raak te sien, moet daar teruggekeer word na adolessensie en progressief geredeneer word terwyl daar spesifieke aandag geskenk word aan die skuiwe wat plaasvind tussen die drumpels van eerstens adolessensie en ontluikende volwassenes, en daarna ontluikende volwassenes en die proefnemende verbintenis (Tabel 2.2).

**Tabel 2.2: Posisie van die ontluikende volwassene se ontwikkeling van sin- en betekenisgewing in die gang van die ontwikkeling van volwasse sin- en betekenisgewing**

| | **Adolessent/ Konvensioneel** | | **Ontluikende volwassene** | **Proefnemende volwassene** | **Ervare volwassene** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Vorms van weetbaar-heid** | Outoriteits-gebonde, dualisties | Ongekwali-fiseerde relativisme | Ondersoekende verbintenis (ideologies) | Beproefde verbintenis (sistemies) | Oortuigde verbintenis (paradoksaal) |

**Saamgestel uit Parks (2011, p. 92).**

**i *Die ontluikende volwassene se ondersoekende verbintenis tot sin- en betekenisgewing (Die vorming van identiteit – ŉ self-bewuste self – op die drumpel van jong volwassenheid)***

Adolessensie begin met puberteit. Saam met biologiese veranderings bring puberteit nuwe kognitiewe moontlikhede: die kapasiteit vir formele operasionele denke en om simbolies en abstrak te kan dink. Aanvanklik lei hierdie vermoëns tot ŉ nuwe (en dikwels pyngevulde) self-bewustheid omdat die adolessent die self vir die eerste keer kan sien soos deur die oë van ander: ŉ self-bewuste self. Hierdie self het egter al genoeg ego-sterkte om te besef dat daar keuses gemaak kan word oor watter soort mens die individu wil word.

Met hierdie nuwe mag kom ŉ korresponderende kwaliteit van verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van die self na vore. Hierdie gewaarwording van verantwoordelikheid vir die self begin korrespondeer met ŉ geleidelike inkrimping van die ongekritiseerde en konvensionele outoriteitsgebonde vorm van weetbaarheid. Hierdie is ŉ enorme prestasie vir ontluikende volwassenes. Hulle kan nou bewustelik kies om van konvensionele outoriteit te verskil en om verskillend te kies vanweë ŉ verantwoordelike lojaliteit teenoor die eie ondervindings, persepsies en kennis. Hierdie nuutgevonde vryheid om te stoei vir ŉ eie

© University of Pretoria

identiteit en om verantwoordelikheid te begin neem, is ŉ teken dat die adolessent ten opsigte van sin- en betekenisgewing die drumpel na ontluikende volwassenheid oorgesteek het.

Vir Parks (2011) is die mees uitstaande kenmerk van hierdie oorgang die kapasiteit om self-bewuste verantwoordelikheid te begin aanvaar vir die keuse van die vorm en pad van ŉ getrouheid aan die self. Afhangende dus van die reeks vrae wat die lewe stel, kan die jong volwassene begin besef dat ŉ mens verantwoordelikheid vir eie sin- en betekenisgewing mag en moet begin aanvaar. Dit is nie meer wenslik om sommer net die oortuigings van andere aan te neem nie, ongeag hoe gewigtig en gerespekteerd dit mag wees. ŉ Mens word ontluikend volwasse in sin- en betekenisgewing wanneer jy ŉ self-bewuste verantwoordelikheid vir die eie wete, wording, en morele optrede begin aanvaar.

Keniston (1960) in Parks (2011) vermeld twee stappe in die samestelling van ŉ self wat terseldertyd ook effektief in die samelewing kan begin funksioneer. Volgens hierdie outeur moet die kritiese en bewuste self eerstens tot geboorte kom. Daarna moet hierdie self op ŉ effektiewe en bevredigende wyse, met die nodige integriteit, in ŉ toenemend komplekse samelewing geïntegreerd raak. Dit beteken dat die groot vrae rondom doel, om-te-behoort en roeping (waar, hoekom en by wie wil ek vertoef, liefhê en werk?) nog beantwoord moet word. ŉ Mens kan sê dat die uitleef van hierdie vrae ŉ taak op sy eie raak en ŉ primêre eienskap word van die ontluikend-volwasse era.

Die kapasiteit van die ontluikende volwassene om krities te kan begin dink, maak dit moontlik om idealisties te wees. Ontluikende volwassenes kan van ŉ beter wêreld droom as waarin hulle hulself bevind. Wat meer is, hulle het ŉ verlange om ŉ rol te speel in die vorming van daardie beter wêreld, eerder as om net in te pas in die wêreld soos dit in die teenwoordige tyd is. Terselfdertyd kan hulle die kwessie bevraagteken of hulle in staat is om hul eie visie tot stand te bring. Hierdie proses van bevraagtekening kan ŉ besluitelose verhouding tussen self en die wêreld meebring. Gevoelens van teenstrydigheid, versigtigheid, ontdekking en vertwyfeling is die skering en inslag van die tapyt wat geweef word in die era van die ontluikende volwassene se sin- en betekenisgewing. Hierdie emosies word egter in balans gebring by wyse van ŉ gesonde en vars herkenning van veelvuldige persepsies –ŉ sentrale kenmerk van gesonde ontwikkeling ten opsigte van sin- en betekenisgewing by ontluikende volwassenes.

Ontluikende volwassenes ondersoek baie vorms van waarheid, sowel as werksrolle, verhoudings en lewenstyle, en stel vas of dit by hul eie ervaring van self en die wêreld pas. Hierdie teenstrydige en versigtige soektog is kwalitatief verskillend van adolessente se eksperimentering in hul soeke na selfdefiniëring. Die ondersoekende verbintenis van die ontluikende volwassene is ŉ ernstige, kritiese en bewuste eksplorasie van die volwasse wêreld en die potensiële weergawes van die toekoms wat dit bied, waardeur die samelewing se sterkte, integriteit en moontlikhede geassesseer word. ŉ Korresponderende selfondersoek toets die sterkte, weerloosheid en kapasiteit van die self om dit wat die samelewing doen, vra en toelaat, teë te staan of te gebruik.

© University of Pretoria

Die fenomeen van ŉ ondersoekende verbintenis by ontluikende volwassenes beïnvloed hul aannames oor die tydsaspek en betekenis van 'volwasse werk', trou, vennootskappe en om kinders te hê. Parks (2011) beskou dit as veranderings in jong volwassenes se sosiale kontrak met die lewe, en beklemtoon dat dit hul besluitneming affekteer en derhalwe hul reis na volwasse sin- en betekenisgewing ten diepste raak.

***ii Vorms van weetbaarheid weer besoek***

Indien volwasse sin- en betekenisgewing herken en geborg moet word, is dit nodig om verder ŉ onderskeid te tref tussen die ondersoekende verbintenis van die ontluikende volwassene en die proefnemende verbintenis van die proefnemende volwassene. ŉ Proefnemende verbintenis begin vorm aan te neem sodra die ontluikende volwassene die eie gesigspunt, die huwelik, beroepsverbintenis, lewenstyl of sin- en betekenisgewing vanuit veelvuldige perspektiewe begin beskou. Die ontluikende volwassene se weetbaarheid en wording neem die vorm aan van ŉ proefnemende kwaliteit – ŉ gewilligheid om vrede te maak met, en mens se plek in die skema van dinge te bevestig (maar nie op ŉ onkritiese wyse nie). Tydens die periode van ŉ proefnemende verbintenis verkry die self ŉ verdiepte kwaliteit van om tuis en gesentreerd te wees – in skrille kontras met die gevoel van verdeeldheid wat geheers het tydens die fase van ŉ ondersoekende verbintenis.

Alhoewel adolessensie kan eindig met die verrysing van die ontluikende-volwassene-era, en alhoewel die samelewing verdraagsaam is ten opsigte van die verlengde periode vir eksplorasie, word die robuuste ontwikkeling van kritiese denke – die kapasiteit vir meer komplekse, relativistiese en voorlopige maniere van verbintenis – nie 'outomaties' gedurende die ontluikende-volwassene-jare bereik nie. Anders gestel, die optimale uitkoms van die ontluikende-volwassene-jare se sin- en betekenisgewing kan bereik word of nie. Soos vervolgens bespreek, hang dit af van die intieme verbintenis tussen kognisie en affek.

### 2.3.2 Affektiewe ontwikkeling

Kognisie en affek, verstand en hart, is intiem verbind in die fabrikaat van sin- en betekenisgewing. Gevoelens is feite en kan nie geïgnoreer word in die spel van sin- en betekenisgewing nie – dus word dit ten nouste met die kwessie van ŉ afhanklikheid van ander mense geassosieer. Afhanklikheid dien as ŉ spesifiek geskikte venster in die affektiewe dimensies van sin- en betekenisgewing: om vas te kan hou, om vasgehou te word, om afhanklik te wees van en op staatgemaak te kan word binne die fabrikaat van die lewe, raak so diepgaande aan die kern van die self dat elementêre emosies soos vertroue, sterkte, mag en weerloosheid noodwendig opgewek word.

Net soos wat vorms van kognisie ten aansien van sin- en betekenisgewing getransformeer en ontwikkel kan word, kan vorms van afhanklikheid ook getransformeer en ontwikkel word (Tabel 2.3).

© University of Pretoria

**Tabel 2.3: Vorms van afhanklikheid ten opsigte van sin- en betekenisgewing**

| | **Adolessent/ Konvensioneel** | | **Ontluikende volwassene** | **Proefondervindelike volwassene** | **Ervare volwassene** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Vorms van weetbaarheid** | Outoriteits-gebonde, dualisties | Ongekwalifiseerde relativisme | Ondersoekende verbintenis (ideologies) | Beproefde verbintenis (sistemies) | Oortuigde verbintenis (paradoksaal) |
| **Vorms van afhanklikheid** | Afhanklik van outoriteits-gebonde weetbaarheid | | Brose innerlik-afhanklike verbintenis | Selfversekerde innerlik-afhanklike verbintenis | Interafhanklikheid |

**Saamgestel uit Parks (2011, p. 97).**

### 2.3.2.1 Afhanklikheid van outoriteitsgebonde en dualistiese weetbaarheid

In tandem met ŉ outoriteits-gebonde en dualistiese weetbaarheid, volg dit dat ŉ persoon se sin van self en die wêreld afhanklik is van ŉ ongekritiseerde, konvensionele outoriteit. Gevoelens van versekering, regtheid, vertroue, hoop, lojaliteit, vrees, minagting of nood word bepaal deur ŉ outoriteit buite die individu. Die persoon se sin van realiteit hang af van ŉ gedeelde etos met ŉ outoriteit wie se belang op ŉ onkritiese wyse aanvaar word. Tydens hierdie vorm van afhanklikheid kan ŉ mens deelneem aan die onreflektiewe hoogtepunt van opsweping in die vreugde (of terreur) van die skare – of dit nou die sportarena is, ŉ aanbiddende gemeenskap of die aandelemark.

Mettertyd begin die ontluikende volwassene agterkom dat outoriteit nie die uiteindelike waarheid of mag in pag het nie. Soos wat ŉ nuwe interieur begin vorm aanneem, begin die jong 'pelgrim' meer kyk na sy of haar eie innerlike outoriteit. Hy of sy begin te beweeg na ŉ eie innerlik-afhanklike verbintenis.

### 2.3.2.2 Innerlik-afhanklikheid versus onafhanklikheid

Die westerse kultuur plaas buitensporige waarde op individualiteit en outonomie (Parks, 2011). Op ŉ verskeidenheid maniere word dit uitgespel dat almal na ŉ soort van ŉ onafhanklikheid moet aspireer. Hierdie sogenaamde onafhanklikheid impliseer ŉ 'sterkte' in die self, asook die afwesigheid van ŉ toegeneëntheid teenoor andere in die gemenebes van menswees.

Hierdie afwesigheid van vorms van afhanklikheid – wat beskou word as tekens van swakheid, onvolwassenheid, of agteruitgang – verarm kulturele gebruike en verberg die eensaamheid van die oorgeïndividualiseerde lewe. Laasgenoemde gaan toenemend agteruit vanweë die hiperkonnektiwiteit van ŉ tegnologiese eeu wat ŉ groter kapasiteit vir individuele outonomiteit sowel as ander ongesonde vorms van afhanklikheid vertroetel.

Wanneer die individu egter in staat raak om ŉ nuwe kwaliteit van gesprek en korrespondensie tussen innerlike en uiterlike realiteite te begin insluit (met die potensiaal van

© University of Pretoria

nuwe bande van verhouding tussen self en die wêreld, sin en betekenis en die lewe) is daar sprake van ŉ ontwikkelingsbeweging. Parks (2011) verwys na hierdie verhouding wat begin ontwikkel tussen die individu en sy of haar afhanklikheid van die wêreld waarin beweeg word, as ŉ 'innerlik-afhanklike verbintenis'. In kontras met die algemene assosiasies wat gemaak word met onafhanklikheid of outonomie, beteken ŉ innerlik-afhanklike verbintenis nie ŉ radikale selfgenoegsaamheid nie – ander bronne van outoriteit het steeds ŉ beduidende invloed, maar die individu begin nou die waarde van die outoriteit van die eie stem herken en waardeer.

Die oorgang van ŉ groter staatmaak op ŉ innerlike outoriteit kan ŉ fase van aansienlike weerloosheid en onsekerheid meebring wanneer die eise van die self en die eise van die wêreld in skerp kontras begin staan.

### 2.3.2.3 'n Brose innerlik-afhanklike verbintenis

Parks (2011) vermeld dat wanneer die lokus van outoriteit skuif vanaf buite die self na binne, beweeg dit eers van afhanklikheid van ŉ gegewe outoriteit na ŉ afhanklikheid van ŉ gekose outoriteit. Hierdie innerlik-afhanklike verbintenis kan aanvanklik as broos beskryf word. Die gevoelens betrokke is verbystering, verlies en uitgelewer – die indompeling van ontluikende volwassenes in kulturele boodskappe dat hulle onafhanklik moet wees, maak hulle weerloos vir teleurstelling, mislukking, isolasie, verlating, en depressie.

### 2.3.2.4 'n Selfversekerde innerlik-afhanklike verbintenis

Parks (2011) verduidelik dat indien die broos innerlik-afhanklike verbintenis met aanmoediging en bevestiging ontmoet en ondersteun word, kan ŉ selfversekerde innerlik-afhanklike verbintenis begin vorm aanneem. Die beweging na ŉ selfversekerde innerlik-afhanklike verbintenis is ŉ kritiese stap vir wat beskryf mag word as innerlike dialoog. Innerlike dialoog is essensieel vir die vorming van ŉ gewete en ŉ morele, etiese lewe. Waarop dit neerkom, is dat ŉ etiese lewe, soos wat dit in ŉ komplekse en moreel dubbelsinnige wêreld gelewe word, minder afhanklik raak van die vermoë om alles die eerste keer reg te doen en meer gerig word op die vermoë om te kan reflekteer oor wat verby is, toekomstige optrede en hul gevolge.

Hierdie versterkte kapasiteit vir ŉ selfversekerde innerlik-afhanklike verbintenis voorsien ŉ manier om veelvoudige en kompeterende gesigspunte vas te hou en te evalueer. Indien hierdie selfversekerde innerlik-afhanklike verbintenis goed gekultiveer word, word die kapasiteit vir verantwoordelike volwassenheid en getroue burgerskap vergroot.

### 2.3.2.5 Interafhanklikheid

Parks (2011) brei uit oor die ontluikende volwassene se interafhanklikheid. Sy noem dat wanneer die volwassene sterk genoeg is – met ander woorde gewillig en in staat daartoe om aandag te gee aan die verrysing van die diep self – kan ŉ verdere transformasie van sin- en betekenisgewing plaasvind. Volgens haar is die dieper self is saamgestel uit daardie begraafde dimensies van ŉ mens self, spesifiek die lyding en vreugdes van kindertyd, die

© University of Pretoria

onopgeloste sake van adolessensie, en die glimmende hoop van ontluikende volwassenheid. Hierdie diep self kan na die oppervlak kom om genees te word en vervuld te raak sodat ŉ mens nie-verdedigend en nie-ontkennend kan lewe. Indien hierdie ontluiking nie teëgestaan word nie, kan dit tot ŉ dieper wete en vertroue van die self en ook tot ŉ diepsinniger persepsie van ŉ mens se verwantheid aan andere lei. Wanneer ŉ mens meer gemaklik raak met beide die sterkpunte en beperkings van die self, kan ŉ gemaklikheid ook intree met die sterkpunte en beperkings van andere. Die sentrum van primêre vertroue lê nou nie meer in die aanvaarde outoriteit van ŉ ander nie en nog minder in die dapper aanspraak van die outoriteit van die innerlike self. Die vertroue is nou eerder in die ontmoeting van self en die ander, in die erkenning van die sterkte en beperkings van elkeen, en in die belofte van die waarheid wat uit die verhouding verrys. Hierdie vertroue neem die vorm aan van ŉ uitsonderlike, self-bewuste oortuiging van die waarde van interafhanklikheid.

Parks (2011) maak die volgende stelling naamlik dat die belewing van interafhanklikheid dit moontlik om op ander staat te maak sonder om die mag van die self te verloor. Daar is ŉ nuwe vryheid in die paradokse van swakheid en sterkte, om behoeftes te hê maar ook van die self te kan gee, teerheid en aanmatiging – sonder om angstig te wees dat die self in die erkenning van die ander sal vergaan. Interafhanklikheid kan nou geëien word op die affektiewe vlak. Die persoon vertrou die waarheid wat verrys in die dialektiese, of beter, in die gemeenskaplikheid tussen self en ander, self en die wêreld, self en God.

Ten slotte is die karakter en kwaliteit van afhanklikheid en gepaardgaande transformasies weer afhanklik van die sosiale ontwikkeling (om iewers te behoort of in te pas) van sin- en betekenisgewing en word sodanige ontwikkeling vervolgens in berekening gebring.

### 2.3.3 Sosiale ontwikkeling

Parks (2011) beskou sin- en betekenisgewing as ŉ patroonvormende, konnektiewe, relasionele aktiwiteit wat nie net in die individu alleen beliggaam en gevorm word nie, maar wat ook opgesluit lê in die gemak en uitdagings van die geselskap waarin ons verkeer. Transformasies in die betekenis van die self vereis dus ook transformasies van die sosiale wêreld – ŉ verhaal van transformasie in die vorms van gemeenskap.

Die beweging van sin en betekenis blyk te lê in die ossilasie tussen twee groot ‘hunkerings’, naamlik om daadwerklik te kan optree (die mag om jou eie wêreld te beïnvloed; om ŉ verskil te kan maak) en om iewers te behoort of in te pas (verhoudings en intimiteit ingesluit). In hierdie opsig word menslike wording gedeeltelik verstaan as ŉ reeks tydelike resolusies van die begeertes van differensiasie en konneksie, en elke ontwikkelingsera blyk ŉ progressiewe oplossing te wees van die universele spanning wat deur die ossilasie veroorsaak word.

#### 2.3.3.1 Vorms van gemeenskap

In 2.3.1 en 2.3.2 is die ontwikkeling van vorms van weetbaarheid (kognisie) asook die vorms van afhanklikheid (affek) ondersoek. Nou word daar bespiegel oor die

© University of Pretoria

korresponderende vorms van gemeenskap wat die ontwikkeling van volwasse sin- en betekenisgewing koester (Tabel 2.4).

**Tabel 2.4: Korresponderende vorms van gemeenskap ten opsigte van sin- en betekenisgewing**

| | **Adolessent** | | **Ontluikende volwassene** | **Proefnemende volwassene** | **Ervare volwassene** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Vorms van weetbaarheid** | Outoriteits-gebonde, dualisties | Ongekwalifiseerde relativisme | Ondersoekende verbintenis (ideologies) | Beproefde verbintenis (sistemies) | Oortuigde verbintenis (paradoksaal) |
| **Vorms van afhanklikheid** | Afhanklik van outoriteits-gebonde weetbaarheid | | Brose innerlik-afhanklike verbintenis | Selfversekerde innerlik-afhanklike verbintenis | Interafhanklikheid |
| **Vorms van gemeenskap** | Konvensioneel | Uitgebreid | Raadgewende gemeenskap | Selfgekose klas/groep | Oop vir ander |

**Saamgestel uit Parks (2011, p. 118).**

### 2.3.3.2 Die konvensionele gemeenskap

Konvensionele gemeenskappe sluit eenvoudig ‘almal soos ons’ in. Hierdie gemeenskappe korrespondeer met die outoriteitsgebonde en dualistiese vorms van kognisie, waardeur outoriteit (implisiet en eksplisiet) ‘ons’ en ‘hulle’ definieer. Hierdie groeperings (wat ook in virtuele vorms kan voorkom) is konvensioneel omdat hulle gekenmerk word deur ongekritiseerde konformering tot kulturele en subkulturele norms en belangstellings.

### 2.3.3.3 Die uitgebreide gemeenskap

Parks (2011) konstateer dat soos wat die sosiale horison uitgebrei word, die vorm van gemeenskap kan begin skuif vanaf ŉ goed gedefinieerde stel veronderstelde assosiasies tot ŉ meer uitgebreide vorm van behoort. ŉ Ondersoekende, eksperimentele en tentatiewe kwaliteit van verhouding kan seëvier terwyl ŉ mens in ŉ wyer spektrum van om-te-behoort inbeweeg. Omdat dit moeilik is om ongekwalifiseerde relativisme in die werklike wêreld van keuses en gevolge te onderhou, sal die meeste ontluikende volwassenes begin om ŉ meer genoegsame patroon van betekenis te soek – ŉ plek van verbintenis binne die gerelativiseerde wêreld. Dit is hier waar toegang tot ŉ geskikte netwerk van ‘om-te-behoort’ ŉ sleutelrol speel, omdat dit ŉ nuwe gevoel van die self bevestig en die saamstel van ŉ nuwe sin- en betekenisgewing ondersteun. Weer eens is daar twee vorms wat onderskei kan word: een wat kenmerkend is van die ontluikende-volwassene-era en ŉ ander wat ŉ meer beproefde volwassenheid ten opsigte van sin- en betekenisgewing aandui.

© University of Pretoria

### 2.3.3.4 Die raadgewende gemeenskap

Volgens Parks (2011) voel ontluikende volwassenes aangetrokke tot ŉ sosiale konteks wat met hulle innerlike waarheid ooreenstem (om net te behoort is nie meer goed genoeg nie). Ontluikende volwassenes maak staat en reageer op daardie individue en groepe wat patrone van betekenis uitdruk wat resoneer met die kritiese ingesteldheid van die brose innerlik-afhanklike self. Daar is egter ŉ ontvanklikheid vir enige netwerk van behoort waar die potensiële volwasse self gekoester sal kan word, selfs (en somtyds veral) as die gemeenskappe veeleisend is en ŉ nuwe sterkte na vore roep. Dit bied ŉ netwerk van om-te-behoort waarin ontluikende volwassenes erkenning ervaar beide vir wie hulle is en wat hulle besig is om te word.

Parks (2011) is verder van mening dat soos wat die ontluikende volwassene met ŉ vars, kritiese self-bewustheid betekenis begin vorm en sodoende vanaf ŉ outoriteitsgebonde oriëntasie na ŉ eksplisiete, sistemiese modus begin skuif, verskyn ŉ nuwe 'ideologiese' kwaliteit in sy of haar sin- en betekenisgewing. (Met ideologie word bedoel die gestruktureerde en hoofsaaklik rasionele pogings wat aangewend word om self en wêreld beter te verstaan.) Hierdie dialoog tussen wêreld en self kan aanvanklik die vorm van ŉ redelike sterk digotomie aanneem. Hierdie digotomieë laat grys areas toe, in kontras met die strak polariteite van die outoriteitsgebonde en dualistieste modi van die vorige era. In teenstelling met die proefnemende volwassene het die ontluikende volwassene nog nie genoeg oefening daarvan om ŉ volle reeks komplekse gevoelens en gedagtes te hou soos wat ervare volwassenheid vereis nie. Hierdie bewustheid dat alle persepsies relatief is, veroorsaak ŉ ontstuimige, soms hardnekkige uitreik na ŉ veilige plek om te kan staan.

### 2.3.3.5 Die selfgekose klas of groep

Parks (2011) is van mening dat proefnemende volwassenes die spanning van digotomieë, veral tussen self en die groter sosiale wêreld, begin onderhou. Volgens haar raak hulle meer betrokke by die wêreld en kan dit ook meer geredelik begin kritiseer. Die vorm van gemeenskap van hierdie selfversekerde volwasse self is nie die ideologies pasbare en raadgewende gemeenskap waarvan die ontluikende volwassene op ŉ primêre wyse afhanklik is nie. Die proefnemende volwassene waardeer ŉ selfgekose klas of groep wat die betekenisse deel wat nou in die self gekonsolideer is. Hierdie nuwe kapasiteit vir ŉ selfversekerde gevoel van outoriteit binne die self, en dus ŉ meer ontspanne betrokkenheid by ander in die wêreld soos dit is, word beide versterk en weerloos gemaak deur ŉ korresponderende gewilligheid om pragmatiese toegewings te maak wat nie langer die essensiële integriteit van die self bedreig nie. Volwasse sin- en betekenisgewing kan respekvol bewus wees van gemeenskappe anders as die eie, en kan die spanning tussen onvermydelike keuses verdra, indien nie omarm nie.

Tog het hierdie vorm van sin- en betekenisgewing sy beperkings sowel as sy sterkpunte in terme van bevoegdheid om die self met die realiteit in lyn te bring. In hierdie era van ontwikkeling, hoewel daar ŉ kapasiteit is vir kritiese denke, kan mens steeds opmerklik stamgebonde wees, en vassteek in die geselskap van 'mense soos ons'. Gevolglik, hoewel die

© University of Pretoria

nuwe netwerk van om-te-behoort inderdaad meer 'selfverkose' is en in sommige aspekte heelwat meer divers is, steun die lede soorgelyke politieke, religieuse en filosofiese gesigspunte en deel hulle die lojaliteite en belangstellings van ŉ bepaalde ekonomiese klas.

Wanneer menslike ontwikkeling goed verloop, synde Parks (2011), word ŉ nuwe wyse omarm waarop die wêreld vertolk word, omdat dit rekenskap kan gee van dinge wat die ou manier nie langer kon doen nie. Erkenning kan gegee word aan oorwegings wat voorheen geïgnoreer is, meer feite kan in ag geneem word, en ŉ uitnodiging kan gerig word aan vrae wat vroeër nie in oorweging gebring kon word nie.

**2.3.3.6 Oop teenoor die 'ander'**

Hierdie vorm van gemeenskap word gekenmerk deur ŉ verlange na gemeenskap met diegene wat in wese verskillend is van die self, nie as ŉ saak van sommer net politieke korrektheid nie, of ideologie, of etiese verbintenis nie, maar as ŉ verlange binne die siel vir ŉ beliggaamde sin- en betekenisgewing na die interafhanklikheid wat ons is.

**2.3.3.7 Die posisie van die ontluikende-volwassene-era in die ontwikkeling van volwasse sin- en betekenisgewing, asook die waarde van erkenning aan die Ontluikende Volwassene Era**

Deur die verloop van die ontwikkeling van volwasse sin- en betekenisgewing by wyse van die drie dimensies van ontwikkeling – denke-wete, gevoel-afhanklikheid, en behoort-gemeenskap – te betrag, kan die posisie van die ontluikende-volwassene-era in die gang van die ontwikkeling van volwasse sin- en betekenisgewing aangedui word. Hierdie model stel ŉ reeks transformasies voor waar beweeg word vanaf outoriteitgebonde vorms van betekenisgewing (geanker in ŉ konvensionele aanmatigende gemeenskap), deur die wildernis van ongekwalifiseerde relativisme na die innerlike-afhanklike modus van sin- en betekenisgewing – aanvanklik broos en later beproefd. Kegan en Lahey (2009, p. 57) konstateer dat die reeks transformasies nie ŉ statiese struktuur – ŉ fase of ŉ reeks fases – is nie, maar ŉ groeiproses: *Growth involves a process of emergence, from embeddedness in the assumed truth of one's perceptions to the dawn of a new consciousness in which those same assumptions become available for more conscious assessment.*

Deur die potensiële belang van die reformasie van doel en betekenis in die twintigerjare te verstaan, kan die waardering van die moed en kostes van die reis na volwassenheid verdiep. Die aannames wat bestaan oor die vorming van ontluikende volwassenes kan weer ondersoek word, en deelname aan die lewens van ontluikende volwassenes asook die eie kapasiteit om ŉ volwaardige, betekenisvolle lewe te hê, kan betrag word. Hiervolgens blyk dit dat ontluikende volwassenheid ŉ belangrike lewensfase vir die ontwikkeling van sin- en betekenisgewing (Adams, 2012) is: *indeed, because the future of our planet may depend on us all becoming more conscious, critically aware, mature adults, we may see that a resilient and vibrant society finds its orientation, in part, in its commitment to the formation and flourishing of emerging adults* (Parks, 2011, p. 11).

© University of Pretoria

Duchon en Plowman (2005) beweer dat daar ŉ afname is in tradisionele plekke vir gemeenskaplike bymekaarkom (d.i. buurtskappe, kerke, ens.). Dit bring mee dat bronne van samehorigheid en betekenisgewing opdroog en vir daardie rede poog mense oor die algemene spektrum om beide betekenis en gemeenskaplike samesyn by hul werkplek te vind. Dit blyk dus dat sin- en betekenisgewing in die werkplek kan bydra tot die vervulling van die ontluikende volwassene se behoefte aan sin- en betekenisgewing en vir hierdie rede verskuif die fokus vervolgens daarheen.

## 2.4 ONTLUIKENDE VOLWASSENES EN SIN- EN BETEKENISGEWING IN DIE WERKPLEK

### 2.4.1 Interpersoonlike selfkonstruksies in die werkplek

Rosso, Dekas en Wrzesniewski (2010) merk op dat die meeste van die navorsing oor die betekenisvolheid van werk uitgevoer is deur Westerse sosiale wetenskaplikes wat sterk leun op Westerse teorieë van werk en die gevolglike betekenis daarvan. Hulle meld dat as daar byvoorbeeld gekyk word na hoe die betekenis van werk oor die eeue verander het, die narratief feitlik altyd met antieke Griekse denke begin. Die impak van die Christelike teologie word benadruk en daar word geëindig met die industrialisasie van Westerse gemeenskappe. Gegewe hierdie lens, word die betekenisvolheid van werk feitlik deurgaans geteoretiseer vanuit ŉ perspektief dat die mens ŉ onafhanklike individu is – iemand wat eie onafhanklikheid moet behou deur eie unieke eienskappe te ontwikkel en uit te leef – ŉ kulminasie van Westelike kulturele waardes en tradisies.

Op grond van die waarneming dat die navorsing hoofsaaklik deur Westerse sosiale wetenskaplikes uitgevoer is, maak Markus en Kitayama (1991) die opmerking dat vakkundiges waardevoller insigte oor die betekenisvolheid van werk kan verkry deur gebruik te maak van kruiskulturele navorsing, met ander woorde deur meer spesifiek te kyk na die verskille tussen ŉ sogenaamde 'onafhanklike' selfkonstruksie en ŉ 'interafhanklike' selfkonstruksie. ŉ Interafhanklike selfkonstruksie blyk ŉ oorwegend Oosterse gesigspunt te wees en is gerig op identiteitsverwerwing deur middel van ŉ fundamentele verwantskap tussen verskillende individue.

Indiese filosofie blyk volgens Gupta, Bishnoi en Mathews (2012, p. 57) die oudste lewende tradisie met ŉ definitiewe etiese leerstelling te wees wat gebaseer is op die beginsel van eenheid in die skepping (alles en almal is verbind aan mekaar) en hulle integreer die fisiese en spirituele dimensies van die menslike bestaan by wyse van die konsep 'geregtigheid':

> *The individual's life is not a means to the satisfaction of his personal desires, but is a trust for humanity. This Vedantic ideal of love, fellowship, and self-sacrifice is the logical outcome of a rational reflection upon man's place in the cosmos.*

Rasheed en Rasheed (2011) verwys na dr. Martin Luther King wat saam met Emeritus Aartsbiskop Tutu ter sprake kom vanweë die feit dat beide se teologieë gewortel is in ŉ

© University of Pretoria

gedeelde en holistiese Afrika en Afrika-Amerikaanse geestelike erflating. Een van die sleutelkonsepte in King se teologie is *'the beloved community'* wat vir hom die interafhanklikheid van mense verteenwoordig:

> *the inviolable sacredness of the person-community relationship is only within the mutual dependency and cooperation of this envisioned beloved community that human life can be actualized* (p. 1).

Op Suid-Afrikaanse bodem was samewerking nog altyd naby die hart van Afrika-leierskap. Die term *iSintu* omvat die beskou van die 'self-identiteit' in die 'ander' (Nussbaum, Palsule & Mkhize, 2010):, terwyl die term *Ubuntu* dui op die menslike verbintenis en interafhanklikheid wat in buurte, organisasies en die wêreldgemeenskap ervaar word (Le Grange, 2012). Sharma (2007) in Srirangarajan en Bhaskar (2011) verwys na die oeroue Indiese konsep *Vasudhaiva Kutumbhakam* (die hele wêreld is een familie) wat wyer as die konsepte 'broederskap' en 'gemeenskap' is en dus eerder ŉ 'familieskap' impliseer. Volgens Sharma impliseer dit 'welsyn vir almal' en 'oorlewing deur almal', in teenstelling met Darwin se gedagte van 'oorlewing van die sterkste'.

**2.4.2 Interafhanklike selfkonstruksies ingebed in 'gemeenskaplikheid in die organisasie'**

Mense is sosiale wesens en die belangrikste vergestalting van hierdie gemeenskapsin is dus dat mense in groepe lewe en as't ware ontwikkel om in groepe te funksioneer: dis ŉ bron van persoonlike sekuriteit, sosiale gemeensaamheid, intellektuele stimulasie en gesamentlike leer (Haslam, Reicher & Reynolds, 2009). Volgens Turner (1975) in Haslam et al. (2009) kan groepe ook energie inspan vir vooruitgang en verandering, byvoorbeeld in die vorm van leierskap, organisasie en ideologie.

In hierdie verband noem Srirangarajan en Bhaskar (2011) dat enige werkplek as ŉ soort sielsgemeenskap beskou kan word waar mense persoonlike groei kan ervaar, waardeer kan word en ŉ gevoel kan ervaar van 'om saam te werk'. Sielsgemeenskap strek verder as die begrip van ŉ 'span' omdat dit aspekte van broederskap en familieskap insluit en Vaill (1998) in Srirangarajan en Bhaskar (2011) verwys daarna as die *fellowship aspect*. Laasgenoemde outeurs verwys na ŉ aantal Indiër-vakkundiges soos Chakraborty (1987), Sharma (2007), Bhatta (2009) asook andere wat *spirit at work* uitlig as omgee, ontferming, integriteit en ŉ daadwerklike poging om eie waardes in die werkplek uit te leef. Dit handel oor werknemers wat passievol en energiek is oor hul werk, wat sin en betekenis vind in hul werk, wat uitnemendheid nastreef en wat voel dat hulle hulself in hul werk kan uitleef. Dit handel oor individue en organisasies wat werk as ŉ geleentheid sien om te groei en daardeur op betekenisvolle wyse tot die gemeenskap by te dra; die uiteindelike doelwit van watter werk dus ookal gedoen word, kom neer op ŉ bydrae tot die wyer of groter goedheid en word onselfsugtig gedoen, deur eie welsyn as bykomend te sien in terme van dienslewering tot die groter geheel. Met so ŉ gesindheid skuif die werkservaring vanaf ŉ beroep wat ŉ inkomste inbring na ŉ roeping waardeur werknemers hulself kan uitdruk en ŉ positiewe verskil in die wêreld kan maak (Jurkiewicz & Giacalone, 2004).

© University of Pretoria

Vervolgens word aspekte van die huidige organisasie uitgelig, waarna die verrysing van *spirit at work* (sien vorige paragraaf) in terme van spiritualiteit as middelaar uitgewys word. Daar word op die belang van transendensie asook sistemiese refleksie gekonsentreer as inleiding tot die potensiaal van ontluikende volwassenes om as burgerskap-leiers te dien. Ter afsluiting van hierdie gedeelte oor ontluikende volwassenes en hul moontlike sin- en betekenisgewing in die werkplek word ten slotte bespiegel oor die rol wat die ontwikkeling van burgerskap-leiers in gesonde ontwikkeling en groei by ontluikende volwassenes kan speel.

### 2.4.3 Die huidige organisasie

Toenemende navorsing oor werk/leef balans, werknemergesondheid en -welsyn, asook die stres- en uitbrandsindroom getuig van die hoogs problematiese aard van betaalde indiensnemingpraktyke (Blair-Loy & Jacobs, 2003; Buzzanell & Liu, 2005; Kirby & Krone, 2002 in Dempsey en Sanders, 2010). Groot veranderings in die wêreld soos globale markinsinkings, ekonomiese herstrukturering en massiewe afleggings laat baie mense met ŉ gevoel van onsekerheid – op beide die ekonomiese- en indiensnemingfront (Khasawneh, 2011; Ashar & Lane-Maher, 2004).

Verder word die korporatiewe karakter al hoe meer bevraagteken sover dit menslike hulpbronsake en besigheidsetiek, omgewingsbeleid, menseregte, korporatiewe bydraes en gemeenskapsontwikkeling betref (Marschke, Preziosi & Harrington, 2009). Volgens Gupta et al. (2012) wil dit voorkom asof organisasies as onafhanklike entiteite ontwikkel het, apart van die organiseerders en eienaars: deur ryker en meer magtig te word as individue. Met die vermoë om die politieke en regsisteem ter wille van beleggingsbelange te beïnvloed, het dit ŉ kultuur van menslike hebsug vir mag en geld, asook korttermyn- finansiële doelwitte, naamlik korporatiewe inkomste en bruto nasionale produk (BNP) begin najaag – ten koste van langtermyn- nie-materiële uitkomstes (die welsyn van die mens, samelewing of omgewing). Onmiddellike bevrediging van behoeftes tesame met verbuikersgedrag en die meet van sukses in materiële terme of bevordering binne gestruktureerde hierargieë het die norm geword (Gibbons, 1999).

Daar blyk dus ŉ behoefte te wees aan organisasies wat ŉ kragtige agent kan wees van positiewe ekonomiese en sosiale verandering, en wat kan bydra tot ekonomiese en sosiale vooruitgang, regte en waardigheid van mense, gesondheid, welsyn, opvoeding, tegnologie, innovasie, ensovoorts (Banyhamdan, Harrim & Al-Qutop, 2012). Teen hierdie agtergrond poog die samelewing om weer die sin en betekenis van die mens se lewe te herontdek deur heersende modelle uit te daag om persoonlike groei (self) asook die oorlewing en onderhoudbaarheid van die eksterne wêreld te verseker (Fris & Lazaridou, 2006). Hierdie aspekte word vervolgens binne die konteks van ‘spiritualiteit as middelaar in die werkplek’ bespreek.

© University of Pretoria

### 2.4.4 Spiritualiteit as middelaar vir positiewe ekonomiese en sosiale veranderings

#### 2.4.4.1 Die verrysing van spiritualiteit in die werkplek

Dent, Higgins en Wharff (2005) gee te kenne dat navorsing en teoretisering in hierdie domein in ŉ verkennende fase is. Volgens Tredget (2001) in Malik, Naeem en Ali (2011),

> *understanding the spiritual will become an important part of workplace human development, It will become part of management training and have multiple favorable outcomes. On the other hand there is increasing evidence that a more benevolent workplace is also more creative, productive and flexible (Workplace Spirituality, 2011). A drive to fulfill the need for spirituality is increasing as cited in Biberman en Whitty (2000), 'an organizational fourth wave is mounting, the spirituality based firm'. The movement toward spiritualizing the organization has apparently caught on, in both theory and practice, even if not yet universally acknowledged as the wave of the future.*

Wat die sogenaamde 'vierde golf van ekonomiese ontwikkeling' betref wat in besigheidsekonomie, wetenskap en religie gewortel is, is spiritualiteit in die werkplek klaarblyklik die ontvouing van ŉ 'spirituele bewustheid' (Fahey, 2007 in Gupta et al., 2012) en word dit ook beskryf as *a part of the emerging civilization wherein 'human consciousness' is the prime mover and integrator of life* (Gupta et al., 2012, p. 52). Daar dien vermeld te word dat die siening van ŉ verrysing van ŉ spirituele bewustheid as vierde golf van ekonomiese ontwikkeling nie noodwendig die algemeen-aanvaarde standpunt ten opsigte van golwe in die ekonomie is nie. Maree (2013a) verwys na Molitor (2000) wat die volgende meer algemeen-aanvaarde ekonomiese golwe lys: die landbou- en industriële golf as onderskeidelik die Eerste en Tweede Golwe van ekonomiese ontwikkeling; die golf van gespesialiseerde dienslewering (die aanstelling van derde party voorsieners van vaardighede) as Derde Golf; en die inligtingsgolf as Vierde Golf van ekonomiese ontwikkeling.Vir die doel van die onderhawige navorsing word egter gefokus op Gupta et al. (2012) se opsomming van die vier bepaalde golwe van ekonomiese ontwikkeling:

Die **Eerste Golf** van ontwikkeling (8500 BC – 1700 AD) was landbou en het die basiese menslike behoefte naamlik voedsel aangespreek en het essensieel reeds tot ŉ einde gekom. Die **Tweede Golf** van ontwikkeling (1700 AD en verder) is meganisasie wat die industrialisasie van die wêreld vooruitgegaan het. ŉ Oordrewe waarde is aan die wetenskap geheg en in tandem met materialisme het dit die tweede golf nuwe idees en gesindhede gestimuleer, maar konsepte van God, reg, liefde, krag, en mooiheid geherdefinieer (Toffler, 1981, p. 110 in Gupta et al., 2012). Die **Derde Golf** van ontwikkeling (vroeë 1900's en verder) het op inligting en kennis begin fokus. Die koms van die gebruik van die lugweë (internet en telefonie) het die mensdom in verskillende lande effektief aan mekaar begin koppel en daarmee saam het ŉ geleidelike insig in die belang van netwerkvorming verskyn. Hierdie golf het ook tot ŉ groeiende kommer oor balans en onderhoudbaarheid in die werkplek asook ŉ groter sensitiwiteit vir sake soos natuurbewaring, onskendbaarheid van

© University of Pretoria

lewe en samewerking onder verskillende insethouers aanleiding gegee. Die **Vierde Golf** van ontwikkeling het oënskynlik in die laat 1990's ontstaan, ontvou tans (in die 21ste eeu) en is gewortel in 'spirituele bewustheid'. Die fokuspunt is die integrasie van alle dimensies van lewe en 'n samelewing wat verantwoordelikheid daarvoor begin neem. Dit erken die identiteit van alle lewende sisteme en vestig nuwe netwerke van verwantskappe en interaksies wat daarop gefokus is om mense te koester (Maynard & Mehrtens, 1996 in Gupta et al., 2012).

### 2.4.4.2 Die belang van spiritualiteit in die werkplek

Pogings om die fenomeen 'spiritualiteit' te verstaan het hul oorsprong in die vroeë 1990's en sedertdien het 'n menigte konseptualiserings en definisies verrys. Hoewel dit verskil in klem, fokus, dimensies, komponente en vlak van analise, is daar ook oorvleueling (de Klerk, 2005; Gupta et al., 2012; Javanmard, 2012).

In die lig van die waarde van onafhanklike en interafhanklike selfkonstruksies, stel Ashforth en Pratt (2010) voor dat spiritualiteit in die werkplek ten minste drie dimensies inkorporeer: transendensie, holisme en harmonie, en groei. Transendering dui op 'n uitbreiding van die grense van die 'self' om ander mense, 'n verdienstelike saak of die natuur en 'n hoër Mag in te sluit (Wigglesworth, 2006). Holisme verwys na die integrasie van verskillende aspekte van die self (bv. identiteit, lewensopvatting, karaktereienskappe) in 'n samehangende self, waar harmonie die gevoel is dat die integrasie van die onderskeie aspekte sinergisties is. Holisme en harmonie veronderstel 'n mate van selfinsig en word geassosieer met voorwaardes soos outentisiteit, balans en perspektief (Ashar & Lane-Maher, 2004). Die outeurs maak die volgende opmerking: *'if transcendence leads to connection, and holism and harmony leads to coherence, then growth leads to completeness (p. 45).'*

Transendensie blyk dus die kern van spiritualiteit in die werkplek te wees. Wanneer individue hulself ondergeskik stel aan groepe, ervarings of entiteite – 'n proses wat die self transformeer – veroorsaak dit 'n betekenisvolle belewing (Frankl, 1959; Weiss, Skelley, Haughey & Hall, 2004 in Rosso et al., 2010). Die transendentele meganisme ('n onderliggende dryfkrag) bring volgens laasgenoemde die kwessie van selfverloëning mee, of die doelbewuste ondergeskikstelling van die self aan iets ekstern en/of groter as die self (bv. aan 'n organisasie se visie, die gesin, 'n sosiale kollektief of 'n spirituele entiteit). Wanneer daar dus oor die vestiging van spiritualiteit in die werkplek gepraat word, is die verandering van 'n organisasie se kultuur ter sprake by wyse van die transformasie van leierskap sowel as werknemers, sodat humanistiese praktyk en beleid 'n integrale deel van die organisasie se dag-tot-dag-funksionering kan word (Vasconcelos, 2011, p. 110).

Aangesien die betekenisvolheid van werk tot dusver geskets is in die lig van 'n kritiese sosiale analise – die hele samelewing se kultuur, beleid en praktyk is ter sprake – word die belang van sistemiese refleksie vervolgens in oënskou geneem.

### 2.4.4.3 Die belang van sistemiese refleksie op globale vlak en in die organisasie

Moldaschl en Weber (2011) vermeld dat dit 'n belangrike politieke en opvoedkundige taak is om die nut asook oorsaaklikheid van sosiale motivering in die organisatoriese konteks

© University of Pretoria

te kritiseer. Die twee outeurs voel dit is noodsaaklik dat kennis aangaande beginsels van menswaardigheid, kwaliteit van die werkslewe en organisatoriese demokrasie gepreserveer, geproduseer en gekommunikeer word. Hulle verwys na Galbraith (1997) en argumenteer dat ŉ markgedrewe ekonomie net kan werk as daar nie-markgedrewe voorwaardes, hulpbronne en regulasies is.

Tams en Marshall (2011) stel ŉ sogenaamde sistemiese reflektiewe gesigspunt voor wat die interafhanklikheid van die subjektiewe/objektiewe aspekte in die wêreld kan verreken. Parker (2007, pp. 120-121) verwys na Guy Rundle se opstel, *The processes of globalization* waarin Rundle die volgende argument voer:

> *In a globalized society, especially with mass scientific and technical education, every aspect of life is drawn 'towards the most socially-abstracted plane of constitution', by which he means 'universal reflexive critique' and 'instrumental rationality'. The one 'enables people to criticise particular and inherited conditions from the universal perspectives of humanity, justice, ethics, authenticity'; by means of the other, 'they became universal subjects via universal media and understood themselves to be humans per se prior to being humans of a particular colour* (p. 146).

Daar blyk algemene konsensus te wees dat die wêreld se politieke strukture hervorm moet word om globale uitdagings die hoof te bied (Hachten & Scotton, 2011). Watts, Diemer en Voight (2011) trek ŉ verband tussen sosiale identiteit en politieke ontwikkeling en in aansluiting hierby vermeld hulle dat groepbesprekings in die gesindheid van luister, dialoog, nederigheid, respek en konstruktiewe kritiek die antwoord is op sosiopolitieke uitdagings soos massa armoede, oorbevolking, voedselskaarste, besoedeling, energietekorte, militêre besteding en die wêreldgeldstelsel.

Robertson (1992, p. 8) verskaf ŉ wyer perspektief van interkonneksie, naamlik globalisasie[3], en maak die volgende opmerking: *once the world gets more compressed and singular, it becomes more and more evident that the basis for identity-construction is widely 'shared'.* Parker (2007) verwys na ŉ nuwe globale bewustheid wat bestaan uit die universele perspektiewe van menslikheid en regverdigheid. Hy verwys na ŉ belangrike boek wat geskryf is deur die morele filosoof Peter Singer, *One world: The ethics of globalization* (2002), waarin Singer debatteer dat globalisasie daarvoor verantwoordelik is dat daar geen ontsnaproete meer vir die universele eise van etiek is nie:

> *A host of transnational issues such as global warming, terrorism, systematic human rights abuses, genocidal wars, as well as vast and increasing economic inequalities between nations, all challenge those of us who live in the West to recognize that 'we all live in one world'* (p. 122).

[3]Die saampers van die wêreld en die intensivering van 'n bewustheid van die wêreld as 'n geheel (Robertson, 1992).

© University of Pretoria

Du, Wu en Wang (2012) reken dat globale samewerking ŉ vereiste is om die risiko's van ekstreme gebeurtenisse en rampe te verminder en Ellemers, De Gilder en Haslam (2004) voeg by dat ŉ kollektiewe identiteit ŉ kragtige bron van groepgebaseerde motivering in hierdie verband kan voorsien. Buchan et al. (2011) beskryf bogenoemde globale probleme as sosiale dilemmas – situasies waar individue moet kies tussen gedrag wat eie belang dien en gedrag wat die kollektiewe welsyn bevoordeel. Morele oortuigings – gedefinieer as sterk en absolute standpunte ten opsigte van morele sake – speel ŉ belangrike rol in kollektiewe aksie wat konstruktiewe verandering kan meebring (Van Zomeren, Postmes & Spears, 2012).

Fay (2012) reken dat menslike welsyn en die goeie lewe ŉ verskeidenheid van nie-ekonomiese voorsorg vereis, soos byvoorbeeld werk wat betekenisvol is; geleentheid vir ontspanning; spirituele vervulling; sosiale betrokkenheid; intimiteit wat die toets van die tyd kan deurstaan; ŉ gevoel van behoort; gemeenskapsbetrokkenheid; gesinsondersteuning; politieke vryheid; en laastens outonomie en selfdeterminasie ten opsigte van fundamentele lewenskeuses. Hachten en Scotton (2012) reken dat die evolusie van ŉ enkele globale gemeenskap, asook die beweging na momentele kommunikasie oor lang afstande op grond van telekommunikasie en digitale rekenaartegnologie, ŉ groot bydrae tot die aanpak van sosiale dilemmas kan maak.

### 2.4.4.4 Van nasionale burgerskap na globale burgerskap

Johnson (2013) vestig aandag op die kwessie van nasie-lande wat tydens die Eerste Industriële Revolusie ontstaan en as teenvoeter vir die soewereiniteit van die feodale staatsbestel ontwikkel het. Volgens Johnson (2013) word nasie-lande in die verbeelding van mense geskep: *they are 'imagined communities'*. Sommige nasie-lande verleen erkenning aan die realiteite van geografie (De Blij, 2012) terwyl ander die pragmatiese realiteite van topografie ignoreer of skend. Hoewel nasie-lande se grense in die verbeelding geskep word, is hulle volgens Johnson (2013, p. 453) vol eiewaan, *as the bodies of our tribe are buried on one side of the line, and the bodies of the other tribe are buried on the other side*. Aan die positiewe kant kan ons sê dat nasie-lande die gemeenskappe en etniese groepe binne sy grense bevestig en sy mense inspireer om allerhande sosiale, ekonomiese, kulturele, wetenskaplik/tegnologiese en gemeenskaplike prestasies te behaal. Aan die negatiewe kant moet daar egter kennis geneem word van die nasie-lande wat gedurig in oorloë betrokke is, byvoorbeeld Rusland wat sedert sy ontstaan meer lewens as enige ander nasie-land opgeoffer het (Johnson, 2013). Elke nasie-land blyk vandag in ŉ gekompliseerde interafhanklikheid met sy buurstate te bestaan en in ŉ wyer sin ook met alle ander lande – dikwels in kompetisie ten opsigte van skaars natuurlike hulpbronne (en markte).

Buckner en Russell (2013) verwys na burgerskap wat in die tradisionele sin beskryf word as lidmaatskap van ŉ bepaalde politieke en geografiese gemeenskap. Burgerskap impliseer verder regstatus, asook ŉ gevoel van verantwoordelikheid en saamhorigheid (Bloemraad, Korteweg & Yurdakul, 2008). Die heersende era van globalisasie het egter vanweë die kragte van globale integrasie, ekonomiese interafhanklikheid en internasionale migrasie die tradisionele insig van burgerskap as territoriaal gebonde en polities gekonstitueer radikaal verander. Nuwe insigte aangaande burgerskap het begin ontwikkel in

© University of Pretoria

die gedaante van ŉ 'postnasionale' of 'kosmopolitiese' of 'gedenasionaliseerde' vorm van burgerskap wat nasieskap oorskry (Soysal, 1994; Bosniak, 2000, 2006; Somers, 2008). Buckner en Russell (2013) gebruik die term 'globale burgerskap' en meld dat dit op die languitstaande ideaal van die 'wêreldburger' voortbou. Die ideaal behels simbolies die verwelkoming van alle mense in ŉ universele gemeenskap met gedeelde waardes en respek vir individuele menslike regte. Opvoeding wat gepaard gaan met globale burgerskap bou op die voorbereiding van burgers vir ŉ intergekonnekteerde globale omgewing. Insigte wat versterk word, is dat burgers nie net aan hul eie nasie behoort nie, maar ook aan die wêreld – wat globale kwessies soos menseregte, demokrasie, sosiale reg, en hantering van konflik insluit (Davies, 2006). Clark (2010) maan burgers om sosiopolities geletterd te begin raak, wat hulle in staat sal stel om die wêreld op ŉ nuwe manier te vertolk om sodoende welsprekende globale deelnemers te kan wees. Hy moedig burgers aan om prakties te wees en te begin met dit wat naby is, byvoorbeeld plaaslike gemeenskapsprojekte. Volgens hom moet die sosiopolitieke geletterdheid (wat noodsaaklik raak vir menslike wesens om te oorleef) by die ABC's van burgerskapdeelname begin – dit sal wêreldburgers leer om hul stem te vind en dit te begin gebruik.

Ten slotte blyk dit dan dat sin- en betekenisgewing in die werkplek by wyse van die spirituele paradigma ŉ oproep blyk te wees om weg te beweeg vanaf selfgesentreerdheid en materialisme na ŉ verbintenis om ŉ bydrae tot die groter goedheid te lewer, sonder enige persoonlike belang (Vasconcelos, 2011). Dit onderskraag ook die betekenisvolheid van werk en bring die bespreking tot by ŉ volgende vraagstuk, naamlik hoe en waar die ontluikende volwassene inpas in die scenario van ŉ wêreld wat na ŉ algemene verhoging van menslike bewussyn hunker – volgens die Pachamama Alliance in Fay (2012, p. 24), *an environmentally sustainable, socially just, spiritually fulfilling human co-presence on this planet.*

## 2.5 ONTLUIKENDE VOLWASSENES EN HUL BYDRAE TOT DIE BREËR WELSYN

### 2.5.1 Barrett se 'Sewe vlakke van bewustheid'-model

#### 2.5.1.1 Inleiding

Barrett (2013) stel dat historiese gebeure die voetspore van die menslike bewussyn[4] se evolusie is en dat daar agter elke historiese gebeure as't ware ŉ stelling met betrekking tot waardes gemaak word. Sy opinie is dat die *common good* nog altyd regdeur die geskiedenis as die primêre motiveringskrag na vore gekom het wanneer die mensdom se oorlewing, voorspoed of geluk bedreig is en konstateer: *My optimism is based on the history of the evolution of consciousness* (Barrett, 2013, p. 26).

[4]Menslike bewussyn: 'n Toestand van bewustheid van self (gedagtes, gevoelens, idees) gebaseer op ŉ stel oortuigings en waardes waarmee realiteit geinterpreteer word. ŉ Skuif na ŉ hoër toestand van bewustheid behels ŉ verandering in oortuigings, waardes en gedrag. Die waardes van die hoër vlak van bewussyn bevorder groter insluiting en verbintenis en minder skeiding en fragmentasie (Barrett, 2013).

© University of Pretoria

Barrett (2013) spekuleer dat die konsep 'evolusie' tans volgens dieselfde parameters as die konsep 'sukses' gedefinieer word. Sy beskouing is dat beide konsepte besig is om toenemend meer spiritueel en kollektief te raak, teenoor materialisme en individualisme wat die Westerse beskawing tot nou toe ingekleur het. Barrett (2013) beweer dat die mensdom en die omgewing toenemend in ŉ interafhanklike en gekonnekteerde lig gesien word. Volgens Ray (1996 in Barrett, 2013) het sosiale navorsers minder as ŉ generasie gelede net twee predominante wêreldperspektiewe beskryf. Die nuwe kultuur, wat Ray (1996) die Integrale Kultuur noem, is besig om op snelgroeiende wyse die tradisionele en modernistiese perspektiewe verby te steek. Die Integrale Kultuur word gekenmerk deur waardes soos ekologiese volhoubaarheid, globale bewustheid, gelykheid, altruïsme, en ŉ goed-ontwikkelde sosiale bewussyn.

Vervolgens verwys Barrett (2013) na mense se waardes en gedrag en bring die konsepte 'verandering', 'transformasie' en 'evolusie' in verband met mekaar. In hierdie opsig definieer hy verandering as wanneer iets op ŉ ander manier gedoen begin word – met ander woorde, dit wat gedoen word, word op ŉ meer doeltreffende, meer produktiewe wyse gedoen en as kwaliteit betrokke is, word dit verbeter. Transformasie is volgens Barrett (2013) ŉ wordingsproses, met ander woorde, ŉ beter manier van 'te word en te wees' en dit behels veranderings in oortuigings, waardes en aannames. Evolusie word beskou as ŉ toestand van voortdurende verandering en voortdurende transformasie wat aanhoudende aanpassings ten opsigte van waardes, gedrag en oortuigings impliseer (Barrett, 2013).

Barrett (2013) beweer dat transformasie vyf fases behels: die aanvangsfase kan as ŉ onbewustheid beskryf word. In hierdie toestand weet ŉ persoon nie dat hy of sy ŉ probleem het nie. Bewustheid van ŉ probleem begin verrys op grond van terugvoer uit die omgewing. Wanneer die probleem baie ongemaklik of bedreigend begin raak, word die persoon genoop om tot aksie oor te gaan, wat die aanleer van nuwe gedrag en nuwe waardes behels. Geleidelik raak die nuwe gedrag en waardes deel van die persoon se tweede natuur – ŉ nuwe wyse van bestaan of wees begin ontwikkel (ŉ wordingsproses). Die persoon is nou gereed vir die volgende uitdaging. Elke keer wat ŉ uitdaging suksesvol bemeester word, vind daar ŉ beweging na ŉ hoër vlak van bewustheid plaas en die proses word herhaal namate nuwe uitdagings na vore tree. Barrett (2013) noem hierdie aanhoudende transformasieproses ŉ 'evolusieproses'. Transformasie geskied op ŉ natuurlike wyse wanneer ŉ persoon evolusie as ŉ wyse van bestaan aanvaar – die persoon is oop vir terugvoer en pas sy of haar gedrag maklik aan om hoër en hoër toestande van bewustheid te bereik.

#### 2.5.1.2 Die sewe vlakke van persoonlike bewustheid

Volgens Barrett (2006) kan sewe goed-gedefinieerde vlakke in die ontwikkeling van persoonlike bewussyn onderskei word. Elke vlak fokus op ŉ spesifieke behoefte wat inherent aan die mens is. Die sewe eksistensiële behoeftes vorm die hoof motiveringskragte in die mens se alledaagse bestaan. Individue groei in bewustheid deur te leer hoe om hul behoeftes te bemeester. Individue wat al sewe vlakke bemeester het, funksioneer vanuit ŉ volle-spektrumbewussyn. Die sewe eksistensiële behoeftes wat die sewe vlakke in die ontwikkeling van persoonlike bewussyn uitmaak,word in Tabel 2.5 aangetoon.

© University of Pretoria

**Tabel 2.5: Die sewe vlakke van persoonlike bewustheid**

| **Vlak** | **Motivering** | **Fokus** |
|---|---|---|
| 7 | Dienslewering | Lei ŉ lewe van selflose dienslewering |
| 6 | Maak ŉ verskil | Maak ŉ positiewe verskil in die wêreld |
| 5 | Interne kohesie | Vind persoonlike betekenis in menslike bestaan |
| 4 | Transformasie | Vind vryheid deur vrese ten opsigte van oorlewing, om geliefd te voel en om gerespekteerd te voel, te laat gaan |
| 3 | Selfbehoud | Verkry ŉ gevoel van persoonlike eiewaarde |
| 2 | Verhouding | Voel veilig, gerespekteerd en geliefd |
| 1 | Oorlewing | Bevrediging van fisiese behoeftes |

**Saamgestel uit Barrett (2006, p. 12).**

Barrett (2006) verduidelik dat die 'laer' of basiese behoeftes, vlakke 1 tot 3, fokus op die mens se behoefte aan oorlewing, fisiese en emosionele veiligheid, en die emosionele behoefte aan selfbehoud (Maslow, 1968). Die 'hoër' behoeftes, vlakke 5 tot 7, fokus op 'spirituele' behoeftes – om betekenis te vind in die lewe, om ŉ verskil te maak in die wêreld, en om ander te dien. Die eerste drie vlakke fokus op persoonlike selfbelang en kom neer op bevrediging van die behoeftes van die ego. Die laaste drie vlakke fokus op die breër welsyn, en op ŉ dieper vlak, bevrediging van die behoeftes van die siel.

Die fokus van die vierde vlak is transformasie – ŉ beweging weg vanaf selfbelang na die breër welsyn. Dit is waar die ego leer om vrese te bowe te kom sodat die ego en die siel een kan word mekaar. Individue wat *eksklusief* op die bevrediging van laer behoeftes fokus, is geneig om selfgesentreerde, vlak lewens te leef, onbewustelik of bewustelik gedomineer deur die vrese van die ego. Die vrese van die ego laat die persoon glo dat daar ŉ skaarste of afwesigheid is aan dit wat die persoon nodig het. Gevolglik is hy of sy nooit ten volle gelukkig nie, omdat daar gevoel word dat daar byvoorbeeld nie genoeg geld, liefde, of respek beskikbaar is nie. As die persoon opgroei en een, sommige of al sy of haar behoeftes nie bevredig word nie, is daar die neiging om die gevoel van eksistensiële leegheid met dinge uit die eksterne wêreld te probeer vul. In hierdie situasie word ŉ afhanklikheidsgebaseerde bestaan gevoer. Die persoon is afhanklik van andere vir oorlewing, beskerming, veiligheid, liefde en ŉ gevoel van eiewaarde. Dit is eers wanneer die vrese van die ego (wat die persoon in ŉ afhanklikheidsgebaseerde bestaan vasgevang hou) te bowe gekom word dat die individu bevry raak.

Barrett (2006) is van mening dat individue wat weer *eksklusief* op die bevrediging van die hoër behoeftes fokus, neig om ŉ tekort te hê aan die vaardighede wat nodig is om in die fisiese wêreld te opereer. Hulle kan oneffektief en onprakties wees as dit kom by die

© University of Pretoria

versorging van hul eie basiese behoeftes. Hulle word as 'nie-gegrond' beskou. Om suksesvol in die wêreld te kan wees, moet ŉ individu leer hoe om die bevrediging van al die behoeftes te bemeester sodat daar vanuit ŉ volle-spektrumbewussyn geopereer kan word. Vlak 1 word bemeester deur ontwikkeling van die praktiese vaardighede wat nodig is om fisiese oorlewing te verseker. Vlak 2 word bemeester deur ontwikkeling van die interpersoonlike verhoudingsvaardighede wat nodig is om veilig en geliefd te voel. Vlak 3 word bemeester deur ontwikkeling van die emosionele vaardighede wat nodig is om goed oor die self te voel in alle situasies – die ontwikkeling van ŉ gesonde gevoel van selfbehoud.

Vlak 4 word bemeester deur te leer om onbewustelike en bewustelike vrese te laat gaan (wat persoonlike behoeftes bevredig), sodat die behoeftes van die ego met die behoeftes van die siel verenig kan word. Daar is ŉ beweging van 'wat kry ek daaruit?' na 'wat is die beste vir die breër welsyn? 'Vlak 5 word bemeester wanneer ŉ persoonlike transendentele rede vir eksistensiële bestaan ontdek word. Vlak 6 word bemeester deur verwesenliking van die gevoel om ŉ verskil in die samelewing te maak. Vlak 7 word bemeester wanneer om ŉ verskil te maak, ŉ lewenswyse raak en die konsep van selflose diens omhels word.

Barrett (2006) konkludeer dat die suksesvolle bemeestering van elke vlak behels twee stappe: eerstens bewuswording van die groeiende behoefte wat met die spesifieke vlak gepaardgaan, en tweedens ontwikkeling van die vaardighede wat die behoefte kan bevredig. ŉ Individu is dus altyd bewus van die behoeftes van die vlak waaruit geopereer word, asook die behoeftes van die vorige vlakke waardeur beweeg is, maar onbewus van die behoeftes van die eersvolgende en daaropvolgende vlakke van bewustheid. Wanneer die individu van ŉ behoefte bewus raak, is hy of sy oor die algemeen onbevoeg om dit te bevredig – die individu word as bewustelik onbevoeg beskou. Namate die vaardighede bemeester word wat nodig is om die behoeftes op ŉ spesifieke vlak te bevredig, raak die individu eers bewustelik en daarna onbewustelik bevoeg op daardie vlak - dit raak so natuurlik soos om motor te bestuur.

#### 2.5.1.3 Die hoër vlakke van bewustheid

Barrett (2013) verduidelik dat indien ŉ mens ŉ duideliker idee wil verkry van watter motiverings by die hoër of spirituele toestande van bewustheid betrokke is, Vediese wetenskap betrek moet word. Alexander en Boyer (1989) van die Sielkunde departement by die Mahahrsihi Internasionale Universiteit in Fairfield, Iowa, beskryf vier vlakke van spirituele bewustheid. Elke vlak sluit aan by ŉ toenemende, vergrote gevoel van persoonlike identiteit wat deur ŉ groter gevoel van verbintenis met die wêreld aangebring word.

***i) Bewustheid van die siel***

Die eerste vlak is ŉ bewustheid van die siel en korrespondeer ten nouste met die toestand wat Maslow (1968) 'selfaktualisering' en Assagioli (1990) 'psigosintese' noem. In hierdie toestand van bewustheid verdwyn die verwydering tussen die ego en die siel namate vrese rondom fisiese en emosionele behoeftes begin verdwyn. Die individu laat gaan die gedagte van wie hy of sy behoort te wees en word dan wie hy of sy werklik is. Jung (1939) noem die proses individuasie – die integrasie van die onbewustelike inhoud van die verstand met bewuste bewustheid. Met ander woorde, onbewuste vrese word binne die bewuste

© University of Pretoria

bewussyn ingebring. Deur dit te doen, leer hy of sy hoe om vrese te oorwin en vermoëns te vermeerder om op stimuli te reageer, of soos Barrett (2013, p. 59) dit stel, '*response-ability'*. Soos wat die individu deur die proses beweeg, raak die persoonlikheid minder gefragmenteer en meer heel. Die individu raak meer outentiek in verhoudings en vind klaarheid oor sy of haar doel in die lewe – om daardie doelwit te vervul, raak een van die sterkste motiverings in die individu se lewe.

***ii) Kosmiese bewustheid***

Die volgende vlak is kosmiese bewustheid. Dit is ŉ permanente toestand van siel-bewustheid waarin die persoonlikheid en siel nie meer van mekaar onderskei kan word nie. In hierdie toestand kan individue hul volle potensiaal verwerklik. Die individu kom in kontak met sy of haar eie outentieke self en wil 24 ure per dag aan sy of haar missie spandeer. Die lewe raak besiel met betekenis. Kreatiwiteit en intuïsie is oorvloedig. Verbintenis aan die gesin, gemeenskap en werkskollegas raak lewensbelangrik omdat dit net moontlik is om deur en saam met hulle die volle potensiaal te verwerklik en die lewe betekenis te gee. ŉ Vergrote gevoel van identiteit begin ontwikkel en daar word besef dat voorsiening in die behoeftes van die selfbelang opgesluit lê in *the good of the whole* (Barrett, 2013, p. 60).

***iii) Geestelike bewustheid***

Geestelike bewustheid is wyer as kosmiese bewustheid. In hierdie toestand van bewustheid ervaar die individu ŉ sterk verbintenis met die skepping as geheel. Die individu begin om met die mensdom en die planeet te identifiseer. Die skoonheid van die aarde en die interafhanklikheid van alle lewensvorms word herken en erken. Op hierdie vlak is die individu nie langer tevrede met betekenisvolle werk nie; die werk moet ŉ werklike verskil maak in die wêreld. Die individu wil weet dat hy of sy ŉ positiewe bydrae maak. Wanneer daar nie ŉ bydrae by wyse van formele werk gemaak kan word nie, begin die individu as gemeenskapsvrywilliger en sosiale en/of omgewingsrentmeester betrokke raak.

***iv) Bewustheid van eenheid***

Die laaste fase is eenheidsbewustheid. In hierdie toestand is daar geen onderskeid of skeiding tussen die observeerder of die geobserveerde nie – *the knower and the object of knowing* (Barrett, 2013, p. 60). Die self smelt ineen met die siel-aspek van die skepping. Die individu raak een met als wat daar is. Die individu se verlange is om tot diens te wees deur ŉ verskil te maak by wyse van als wat hy of sy doen. Daar word besef dat wat vir andere gedoen word, vir die self gedoen word. Die besef is dat enige diens wat gelewer word, die hele samelewing aanraak. Daar is ŉ bemoeienis met die globale situasie. Die individu se lewe raak ŉ lewe van dienslewering aan die mensdom en die planeet.

Die hoër vlakke van bewustheid word gedomineer deur liefde en gevoelens van verbintenis, terwyl die laer vlakke deur vrees gedomineer word. Hierdie vrees word uitgedruk as ŉ gevoel van skeiding en fragmentasie.

© University of Pretoria

***v Verspreidheid van die vlakke van bewustheid***

Dit is raar om individue te vind wat eksklusief op een spesifieke vlak van bewustheid gefokus is. Meer dikwels vertoon mense eienskappe wat met drie of vier aangrensende vlakke geassosieer kan word. Die kern van fokus neig om óf in die laer drie vlakke van bewustheid (selfbelang), óf in die boonste drie vlakke (die breër welsyn), óf in die transformasieproses te wees. Gedurende tye van stres, neig die fokus om na die laer vlakke van bewustheid te verskuif.

### 2.5.2 Die sewe vlakke van groepbewustheid

Die sewe vlakke in die ontwikkeling van persoonlike bewussyn is ook van toepassing op groepbewussyn, waar 'groep' gedefinieer word as ŉ versameling individue wat ŉ gesamentlike fisiese erflating (bloedverwante kulture) of ŉ gesamentlike doel (kultuur met dieselfde betekenisgewing) het. Ingesluit in die definisie van 'kulture met dieselfde betekenisgewing' is alle vorms van organisasies soos korporasies, regeringsinstansies en nie-regeringsinstansies (NRIs). Ingesluit in die definisie van 'bloedverwante kulture' is alle soorte sosiale eenhede soos familiegroepe, stamgroepe, gemeenskappe en nasies.

Groepe groei en ontwikkel op dieselfde wyse as individue – deur die bevrediging van behoeftes suksesvol te bemeester. Die mees suksesvolle groepe is diegene wat die volle-spektrum bewussyn ontwikkel – bemeestering van die behoeftes wat met elke vlak van bewussyn geassosieer word. Sulke groepe is in staat om op geskikte wyse te reageer op die uitdagings van die lewe. Die sewe vlakke in die ontwikkeling van groepbewussyn word in Tabel 2.6 aangedui.

**Tabel 2.6: Die sewe vlakke in die ontwikkeling van groepbewussyn**

| Vlak | Motivering | Fokus |
|---|---|---|
| 7 | Dienslewering | ŉ Omgee vir die mensdom, toekomstige geslagte en die planeet |
| 6 | Maak ŉ verskil | Samewerking met en vorming van bondgenootskappe met ander groepe |
| 5 | Interne kohesie | Bring groeplede in lyn met ŉ gedeelde visie, missie en waardes |
| 4 | Transformasie | Kry groeplede betrokke en gee aan hulle ŉ stem in besluitneming |
| 3 | Selfbehoud | Skep orde, prestasie en effektiwiteit wat respek en groeptrots skep |
| 2 | Verhouding | Bou harmonieuse interne verhoudings wat ŉ gevoel van 'behoort' tot stand bring |

© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Oorlewing | Vestig ŉ klimaat van finansiële stabiliteit en veiligheid vir groeplede |

**Saamgestel uit Barrett (2006, p. 16)**

Groepe bemeester vlak 1 wanneer hulle vaardighede en bevoegdhede ontwikkel wat die fisiese en finansiële oorlewing van die groep kan verseker. Hulle bemeester vlak 2 wanneer hulle vaardighede en vermoëns ontwikkel wat harmonieuse verhoudings kan skep wat aan die groeplede ŉ gevoel van behoort en wedersydse beskerming verleen. Groepe bemeester vlak 3 wanneer hulle orde skep by wyse van die ontwikkeling van reëls, regulasies, wette, sisteme, prosesse en strukture wat hulle toelaat om met trots, effektief binne die raamwerk van hul bestaan, te presteer.

Groepe bemeester vlak 4 wanneer hulle die behoeftes van die groep se ego (die belange van die besluitmakende outoriteit of leierskap-elite) met die behoeftes van die groeplede (die kollektiewe belang van die groeplede) in ewewig hou. Die besluitmakers bemagtig die groep deur aan hulle ŉ stem te verleen. Sonder die bemagtiging of deelname van groeplede in die besluitmakingsproses kan hierdie vlak nie onderhou word en kan die fokus op selfbelang nie na ŉ fokus op die breër welsyn verskuif nie. Groepe bemeester vlak 5 wanneer die waardes en motiverings van *alle* groeplede in lyn gebring word met die visie, missie en voorgestane waardes van die groep. Die resultate is interne kohesie en ŉ vergrote kapasiteit vir groepaksie.

Groepe bemeester vlak 6 wanneer hulle strategiese alliansies begin vorm met ander groepe wat dieselfde oogmerke het – oogmerke ten opsigte van waardes, motiverings en aspirasies, en die verdieping van die interne konneksies van groeplede by wyse van fasilitering, begeleiding en besorgdheid oor die persoonlike vervulling van die lede van die groep. Groepe bemeester vlak 7 deur die interne konneksies van die groep te verdiep by wyse van die beoefening van deernis en vergifnis, en deurdie gevoel van eksterne verbintenis uit te brei deur bondgenootskappe met ander groepe te bou, gebaseer op ŉ fondament van gedeelde waardes en ŉ gedeelde visie vir die toekoms.

Die sewe vlakke is die bloudruk van groepbewussyn wat die evolusie van alle groepe se bewussynsvlakke reguleer – beide 'bloedverwante kulture' en 'kulture met dieselfde tipe betekenisgewing'. Vanuit ŉ evolusieperspektief verteenwoordig die eerste drie vlakke in die ontwikkeling van groepbewustheid, fases in die ontstaan en ontwikkeling van die groep-ego (die besluitnemende outoriteit of leierskap-elite), en die laaste drie vlakke verteenwoordig fases in die ontvouing van die siel van die groep (die kollektiewe belang van alle groeplede). Tussen die laaste vlak in die ontwikkeling van die groep-ego en die eerste vlak in die ontvouing van die groep-siel, lê die vierde vlak in die ontwikkeling van groepbewustheid (transformasie). Dit is die vlak waar die groep leer om die behoeftes van die groep-ego met die behoeftes van die groep-siel te koördineer: die belange van die leierskap-elite kom in lyn met die belange van alle groeplede. Dit is die vlak van bemagtiging.

Kulturele transformasie is nooit ŉ enkele gebeurtenis nie. Dit is ŉ aanhoudende reeks ontmoetings tussen die behoeftes wat deur die onbewustelike vreesgebaseerde oortuigings

© University of Pretoria

van die besluitmakende outoriteit of leierskap-elite verwek word, en die behoeftes van die groeplede. Wanneer die lede van die leierskap-elite gefokus is op die bevrediging van hul eie selfbelang eerder as die behoeftes van die groeplede, kan kulturele transformasie baie pynlik wees. Dit kan stakings, opstande, rebellie, revolusie of selfs siviele oorlog behels. Wanneer die leierskap-elite begin om besluite te neem wat op die kollektiewe belang van die groepgerig is, eerder as op hul eie selfbelang, kan kulturele transformasie relatief maklik en glad verloop.

Rosso et al. (2010) meld dat daar twee sleuteldimensies is wat mees fundamenteel is tot die skep en onderhou van sin- en betekenisgewing in die werkplek. Die eerste dimensie dui op twee verskillende gesindhede waarmee mense hul werk benader en kan vervat word in ŉ kontinuum van eie daadwerklikheid enersyds en/of ŉ gesindheid van bereidwilligheid om deel van ŉ gemeenskap of span te wees (wat sekere doelwitte wil bereik) andersyds. Die tweede sleuteldimensie is persepsies aangaande die betekenisvolheid van werk wat weer eens op ŉ kontinuum lê. Aan die een kant is daar die kwessie van werkservarings wat ten opsigte van die self (intern) georiënteer is teenoor werkservarings wat ten opsigte van die 'ander' (ekstern) georiënteer is – waar beide oriëntasies verantwoordelik kan wees vir ŉ belewing van sin en betekenis. Rosso et al. (2010) vermeld dat die prosesse waardeur die self of 'die ander' as bron van sin en betekenis ervaar word, van mekaar verskil aangesien die 'ander'-georiënteerde optrede of ervarings die self op een of ander betekenisvolle wyse 'verbreed' of 'uitbrei'. Hierdie prosesse word vervolgens bespreek.

### 2.5.3 Vier paaie na betekenisvolle werk: ŉ teoretiese raamwerk

Rosso et al. (2010) bring bogenoemde twee sleuteldimensies bymekaar (figuur 2.1) en spreek die oortuiging uit dat dit by die onderskeie interseksies is waar die ervaring van betekenisvolle werk opgesluit lê. Hierdie outeurs belig vier weë waarvolgens betekenisvolle werk geskep of onderhou kan word, naamlik individuasie (self – eie daadwerklikheid), die lewer van ŉ bydrae ('ander' – eie daadwerklikheid), selfkonneksie (self – gemeenskap) en eenwording.

#### 2.5.3.1 Individuasie

Individuasie reflekteer die betekenisvolheid van optrede wat die self as waardig definieer en onderskei, en wat gevolglik in die vorm van gevoelens van selfbevoegdheid en ŉ gesonde selfagting tot uiting kom.

#### 2.5.3.2 Die lewer van ŉ bydrae

Die lewer van ŉ bydrae reflekteer die betekenisvolheid van optrede wat as belangrik beskou word en/of in ŉ gesindheid van diens of iets groter as die self verrig word. Dit vereis die vermoë om te kan transendeer. Transendensie verwys na konneksie met of oorskryding van die ego na ŉ entiteit groter as die self of buite die materiële wêreld (Maslow, 1971). Werk is betekenisvol wanneer individue hulself kan onderwerp aan groepe, ervarings of entiteite wat die self oorskry (Frankl, 1959; Weiss et al., 2004).

© University of Pretoria

#### 2.5.3.3 Selfkonneksie

Selfkonneksie reflekteer die betekenisvolheid van optrede wat individue in ooreenstemming bring met die wyse waarop hulle hulself sien en dit kristalliseer in die gedaante van outentisiteit. Outentisiteit kan gedefinieer word as ŉ sin van samehang of ooreenstemming tussen ŉ individu se gedrag en persepsies van die 'ware' self (Sheldon, Ryan, Rawsthorne & Ilardi, 1997) en kan beskryf word as ŉ *bevestiging van identiteit*.

#### 2.5.3.4 Eenwording

Eenwording reflekteer die betekenisvolheid van optrede wat individue in harmonie met ander wesens of beginsels bring en fokus op individue se persepsies van saamhorigheid. Saamhorigheid word gedefinieer as ŉ deurdringende dryfkrag om ten minste ŉ minimum hoeveelheid standhoudende, posititiewe en belangrike interpersoonlike verhoudings te vorm en te onderhou (Baumeister & Leary, 1995 in Rosso et al., 2010). Dit blyk Rosso et al. (2010) se oorwoë mening te wees dat lidmaatskap van, asook identifisering en gevoelens van verbintenis met sosiale groepe vanweë werk aan individue sin en betekenis kan voorsien deur hulle te help om ŉ positiewe sin vir gedeelde identiteit, lotsbestemming of medemenslikheid met ander te ervaar (Homans, 1958; White, 1959 in Rosso et al., 2010).

Rosso et al.(2010) beweer dat werkservarings meer as een pad gelyktydig kan aktiveer. Om die waarheid te sê, werkservarings wat meer as een van die paaie aktiveer, kan bydra tot sterker persepsies van betekenisvolle werk. In hierdie opsig kan die vier sleutelpaaie aanvullende of interaktiewe resultate meebring. Hul aanbeveling is dat vir werk om as ŉ geheel betekenisvol te wees, daar genoeg geleenthede moet wees om sommige of al die paaie deur middel van werk te ervaar.

### 2.5.4 Selfontwikkeling en groter heelwording

Barrett (2010, p. 256) beskryf selfontwikkeling en heelwording as ŉ transformatiewe proses wanneer individue in staat word om eie belang aan die *common good* of *collective interest* (d.w.s. die breër welsyn) ondergeskik te stel:

> *It is about fully integrating the concept of service to others into an individual's life. It also involves a further deepening of an individual's sense of internal cohesion, as well as extending the sense of external connectedness to include all humanity and the planet.*

Kegan (1982) in Parks (2011) merk op dat die aanhoudende self-ander-differensiasie en -verhouding een van die mees gewigtige, robuuste en universele verskynsels is wat in die natuur gevind kan word. Hy noem dat daar in die verhouding tussen die self en die ander ŉ gedurige uitsortering plaasvind van wat is wat, wie is wie en hoe is alles en almal aan mekaar verwant. Hy merk egter ook op dat die volle gewigtigheid van die self-ander-verhouding verberg raak as daar versuim word om erkenning te gee aan die bewegingsenergie wat die oorsprong daarvan is. Hy noem dit ŉ *meaning-constitutive evolutionary activity* en voeg daarby – *something that is more than biology, philosophy, psychology, sociology or theology,*

© University of Pretoria

*but is that which all of these, in their different ways, have studied – the restless creative motion of life itself* (Kegan in Parks, 2011, p. 56). Kegan en Lahey (2009) in Parks (2011) verwys na die evolusie (van die bewussyn) wat plaasvind by die ontluikende volwassene, en beskryf dit as ŉ evolusieproses wat plaasvind vanaf ŉ *socialized mind* na ŉ *self-authoring mind*.

Volgens Barrett (2013) het die wêreld ŉ behoefte aan ŉ nuwe tipe leierskap – een wat in staat is om die wen-wen-verhouding te operasionaliseer wat inherent is aan ŉ korporatiewe kultuur wat sosiale verantwoordelikheid, omgewingrentmeesterskap en werknemervervulling ondersteun. Vir Parks (2011) impliseer bogenoemde (soos reeds vermeld in 2.5.5) die eienskappe van burgerskap-leiers – volwassenes wat beide kan behoort en tog hulself kan onderskei, kan konnekteer en tog weer kan skei, waag en kan vertoef. Sy beskou dit as transformasies wat opgesluit lê in die belofte van ontluikende volwassenes se lewens: transformasies ten opsigte van kognisie, affek en die sosiale arena.

Opsommend kan transformasie beskou word as die spilpunt waarom sin- en betekenisgewing in die werkplek draai (figuur 2.1):

© University of Pretoria

**Figuur 2.1: Transformasie as die spilpunt waarom sin- en betekenisgewing in die werkplek draai.**

**EIE DAADWERKLIKHEID**

(Beskik oor ŉ dryfkrag vir differensiasie, om die self te onderskei, die self te handhaaf, die persoonlike lewe uit te brei, dinge te bemeester en te skep)

**Individuasie**

Selfbevoegdheid

Selfagting

**Die lewer van ŉ bydrae**

Transendensie

(Interkonneksie en selfverloëning)

**SELF** →

TRANSFORMASIE

(van kognitiewe, affektiewe en sosiale sin- en betekenisgewing)

SELFONTWIKKELING EN GROEI

→ ***ANDER**

**Selfkonneksie**

Outentisiteit

Sin- en betekenisgewing

**Eenwording**

Saamhorigheid

**GEMEENSKAPLIKHEID**

(Beskik oor ŉ dryfkrag vir kontak, konneksie en eenheid, en wil verbind wees)

*Ander = ander individue, groepe, verenigings, organisasies en hoër magte

**Saamgestel uit Barrett (2010, p. 61), Parks (2011, p. 118) en Rosso et al. (2010, p. 114).**

Hierdie figuur wil die volgende boodskap oordra:

Barrett (2013) beskryf transformasie as die brug wat oorgesteek moet word vanaf ŉ fokus op eie belang (Rosso et al. (2010) se self en eie daadwerklikheid) na ŉ fokus op die breër welsyn (Rosso et al. (2010) se ander en gemeenskaplikheid). Die transformasieproses begin wanneer ŉ individu begin wegbeweeg vanaf outoriteitgebonde vorms van betekenisgewing (geanker in ŉ konvensionele aanmatigende gemeenskap) na ŉ innerlik-afhanklike modus van sin- en betekenisgewing – aanvanklik broos en later beproefd (Parks, 2011). Die proses omsluit selfontwikkeling en groei (Barrett, 2013). Volgens Barrett (2006) is die self wat in die getransformeerde verstand opereer, ŉ self wat die mentaliteit van 'het-nie-genoeg-nie' (oorlewingsbewussyn), 'is-nie-geliefd-genoeg-nie' (verhoudingsbewussyn) en 'is-nie-goed-genoeg-nie' (selfwaardebewussyn) bemeester het – ŉ proses van individuasie en

© University of Pretoria

selfkonneksie wat selfbevoegdheid, selfagting en outentisiteit omsluit (Rosso et al., 2010). Dit is ŉ self wat besorgd is oor die breër welsyn omdat dit ŉ self is wat van persoonlike vrese bevry is – ŉ self wat nie met ongelykheid kan saamleef nie (Barrett, 2006). Dit wil hê dat almal soortgelyke geleenthede moet ervaar. Dit is ŉ self wat bydraes kan lewer vanweë deelname aan transendensie (interkonneksie en selfverloëning) en eenwording – ŉ self wat sin- en betekenisgewing ten opsigte van die behoeftes van die breër welsyn, asook saamhorigheid hoog aanslaan (Rosso et al., 2010).

#### 2.5.4.1 Dinamiese interaksies (veranderende, wederkerige verhoudings) tussen individue en meervlakkige kontekste

Daar blyk ŉ aanname te wees dat individue grootliks passiewe deelnemers in hul werksomgewings is, en dat hulle betekenis verwerf vanaf die mense of vanuit die werkskonteks wat hul omgeef. Anders geformuleer, die aanname is dat werknemers deur hul konteks beperk word. Bell en Staw (1989) beweer egter dat werknemers soos beeldhouers aktief aan hul werksomgewingvorm gee (*sculpture*). Hierbenewens merk Wrzesniewski en Dutton (2001) op dat werknemers gemotiveerde vormgewers (*sculptors*) van betekenis is, en die wyse waarop hulle hul eie werk, werksomgewing en interpretasies van die werk beïnvloed, het ŉ duidelike impak op die betekenis van hulle werk.

### 2.5.5 Ontluikende volwassenes as burgerskap-leiers

Barrett (2006) voel dat die konsep van transformasie reuse-implikasies vir toekomstige leiers inhou. Hy verwys na ŉ toenemend komplekse wêreld waar onsekerheid domineer en noem dat daar ŉ behoefte is aan leiers wat die vreesgebaseerde oortuigings wat deel van hul persoonlike en kollektiewe en kulturasies was, kan transendeer. Hy brei verder uit en vermeld dat daar ŉ behoefte aan leiers is wat vreesloos is en in die belang van die globale breër welsyn kan optree; getransformeerde leiers wat waardes as hul oorheersende modus van besluitneming aanwend; leiers wat diversiteit omarm, verskille erken en verheerlik, en aan mense ŉ stem kan verleen. En bo alles is daar leiers nodig wat vertrou kan word; leiers wat almal se belange op die hart dra; leiers wat erkenning kan gee aan individuele bydraes; en leiers wat hul mense in hul professionele en persoonlike groei kan ondersteun, met ander woorde, leiers wat vanuit ŉ volle-spektrum bewussyn opereer.

Ndebele (2009) skryf in die *Mail & Guardian* dat afhangende van die besluite wat ons as Suid-Afrikaners maak, ons óf ons verlede sonder ŉ toekoms gaan herleef óf ŉ nuwe toekoms gaan skep. Volgens hom is laasgenoemde die groter uitdaging en vereis dit dat ons as Suid-Afrikaners ons herverbind tot die ideaal van diversiteit in solidariteit, samewerking, vertroue, toerekenbaarheid en beskaafdheid. In dieselfde gesindheid het President Thabo Mbeki in Julie 2006 met die inleiding van sy inspirerende toespraak gevra dat Suid-Afrikaners *an RDP (reconstruction and development) of the soul* moet onderneem.

Dit blyk egter dat die ervaring om deelnemende landsburgers te wees in ŉ groot mate by ontluikende volwassenes ontbreek; hulle leer nie om saam met ander in die publieke sfeer

© University of Pretoria

aan besprekings en debatte deel te neem nie, en derhalwe nog minder om saam met ander op te tree om die Suid-Afrikaanse ideaal te verwerklik.

Die ideaal wat Ndebele (2009) verwoord het, beklemtoon die belangrikheid daarvan om ŉ sin van 'self' te hê wat inisiatief neem as sosiale lidmaat teenoor die posisie van ŉ individualis met net eie belang. Die nasionale ideaal maak dit dus moontlik om nuwe wyses te bedink waar ŉ vervullende lewe meer sigbaar en meer bereikbaar kan wees vir die ontluikende volwassene ten einde rigting en betekenis in sy of haar lewe te verkry.

### 2.5.6 Oorsigtelike opsomming

Tot dusver het ek in hierdie hoofstuk gepoog om die komplekse mosaïek van die ontluikende volwassene se reis na die uiteindelike konstruksie van ŉ volwasse identiteit uit te stippel. In die besonder het ek gepoog om die diversiteit en kompleksiteit van psigososiale invloede wat ontluikende volwassenes omgewe te illustreer. Uit dié bespreking het dit geblyk dat ontluikende volwassenes se psigososiale uitdagings – eensaamheid, vervreemding, angstigheid, afwykings, lae selfagting, depressie, verhoudingsuitdagings, verslawings, ensovoorts – ten minste gedeeltelik veroorsaak word deur die oortuigings, gedrag en lewenstyle wat deur die aannames en waardes van ŉ globale kapitalisme gegenereer word. Laasgenoemde is in die besonder op ŉ proksimale vlak uitgepluis as individualisme, ŉ ongenaakbare fundamentalisme, ŉ onrealistiese realitivisme, kru materialisme (met gepaardgaande verbruikersgedrag), en – op ŉ veraf (en meer subtiele) vlak – as hebsug, ongelyke welvaartverspreiding, en arbeidsuitbuiting.

As ŉ moontlike teenvoeter vir die effek van die psigososiale aanslag op ontluikende volwassenes is die komplekse wisseling tussen outonomie en gemeenskap onder die loep geneem. Gedagtes rakende interafhanklikheid en interkonneksie, gekoppel aan bydraes tot die breër welsyn, is genoem. Die tema van ŉ transformasieproses wat groei en ontwikkeling (oftewel die konstruksie van ŉ volwasse identiteit) kan meebring, is verder uitgelig.

Die transformasieproses is grotendeels beskryf as ŉ brug wat oorgesteek moet word sodat die fokus op eie belang na ŉ fokus op die breër welsyn kan verskuif. In hierdie sin kan transformasie beskryf word as die afstanddoening van een fase en die beweeg na ŉ volgende fase om uiteindelik te arriveer by ŉ fase van voltooiing – sodoende word die transformasieproses in die onderhawige navorsing met die ontwikkelingsteorie in verband gebring.

In die geval van ontluikende volwassenes is die ontwikkeling van sin- en betekenisgewing as transformatiewe meganisme betrek; meer spesifiek die beweging vanaf outoriteitgebonde vorms van betekenisgewing na ŉ interafhanklike en interkonnektiewe betekenisgewing. Sin- en betekenisgewing is verder na die werkplek uitgebrei en onder die sambreelterm spiritualiteit in die werkplek is bespiegel oor die konstruksie van ŉ interpersoonlike en interafhanklike self. Laasgenoemde impliseer transformasie en groei by wyse van ŉ beweging vanaf ŉ onkundige bewustheid (komplekse historiese prosesse wat tot en met die hede differensiasie en fragmentasie bevorder het) na ŉ nuwe bewustheid dat ons

© University of Pretoria

as mense inderdaad in ŉ diepgaande *interafhanklike* wêreld leef. Dié nuwe bewustheid is aangedui as ŉ effek van globalisasie.

Aspekte betrokke by globalisasie impliseer vereistes dat ons in samewerking met mekaar op plaaslike en globale vlak moet leef; dat ons die inherente waardigheid en waarde van alle lewende wesens moet eer;dat bewustheid aangaande hierdie aspekte bevorder moet word; en dat ons daadwerklik betrokke moet wees by beleid wat individuele vryheid sowel as ekonomiese en sosiale reg vir almal verseker. Die meganismes wat dit moontlik kan maak, is beskryf as persepsies wat die betekenisvolheid van werk dryf. Hierdie meganismes strek vanaf intrapsigiese prosesse wat vervulling van die self benadruk, na dit wat die self geheel en al transendeer (met die kwessie van die lewer van bydraes in ŉ gesindheid van saamhorigheid, oftewel ŉ eenwording ten aansien van die behoeftes van die breër welsyn) – weer eens die kwessie van wisseling tussen outonomie en die gemeenskap.

Voortspruitend uit die gedagtegang tot dusver is daar verder gespekuleer oor die belang van sistemiese refleksie – veral ten opsigte van globalisasie – met die doel om te fokus op die belang van die globale of wêreldburger. Die uitgangspunt was dat die gesondheid van ŉ spesifieke gemeenskap asook van die globale samelewing afhang van wat die samelewing as waardevol ag en nastreef om te kultiveer. Wêreldorde kan net gebou word op ŉ onwrikbare bewustheid van die eenheid van die mensdom. Universele aanvaarding van hierdie spirituele beginsel is essensieel vir enige suksesvolle pogings ter vestiging van wêreldvrede. Die mees praktiese plek om te begin is uitgewys as die plaaslike en nasionale arena, en in dié hoedanigheid is gefokus op die potensiaal van ontluikende volwassenes as burgerskap-leiers met ŉ volle-spektrum bewustheid.

Opsommend blyk menslike ontwikkeling ŉ proses van konstruktiewe ontwikkeling te wees – dinamiese interaksies (veranderende, wederkerige verhoudings) tussen individue en meervlakkige kontekste (Damon & Lerner, 2008; Lerner, 2002 in Warren, Lerner & Phelps (2012) wat groei meebring. Daar blyk dus ŉ behoefte te wees om die ontluikende volwassene te begelei in die konstruksie van ŉ getransformeerde self met ŉ gedrewe en geïntegreerde bewussyn van interafhanklikheid en as bydraer tot die gemeenskaplike welsyn – ŉ ontluikende volwassene wat as sosiale lidmaat inisiatief kan neem.

Ten opsigte van beroepsberading, volg dit dat effektiewe werk met ontluikende volwassenes die bereidwilligheid behels om hulle innerlike te ervaar, nie merendeels as gevolge van ekonomiese en sosiale veranderings nie, maar as individue met gevoelens en gesindhede wat daarna hunker om gewaardeer en verstaan te word. Hierdie verdiepte perspektief sal in hul groei en ontwikkeling gereflekteer word. Die betekenisse wat hulle huidige omstandighede vir hulle inhou, kan die faktore wees wat as snellers ten opsigte van hul begeleiding kan dien. Transformasie, integrasie en besluitneming blyk alles moontlike perspektiewe te wees wat, wanneer dit bymekaar gevoeg word, kan lei tot ŉ totaliteit, naamlik die konstruksie van ŉ interafhanklike, interkonnektiewe self. Soos McKenzie (1984, p. 87) dit stel: *To be human means to participate. The essence of man is co-essence. The being of truly human existence is being-in-community. To be a person is not a given fact, it is a movement toward others.*

© University of Pretoria

Die dieper vraagstuk wat ontstaan en ŉ verdere diskoers ontlok, is die volgende: hoe kan die outonome self van die ontluikende volwassene uitgebrei word na ŉ getransformeerde self wat in die behoeftes van die breër welsyn sal kan voorsien? In ŉ poging om hierdie vraag te beantwoord, brei ek uit oor die moontlike waarde van ŉ nuwe paradigma vir beroepe, naamlik die beroepskonstruksieteorie.

## 2.6 BEROEPSKONSTRUKSIETEORIE

### 2.6.1 Inleiding

Beroepsbegeleiding se bemoeienis is nie meer hoofsaaklik met beroepskeuse of met beroepsontwikkeling soos wat dit onderskeidelik ŉ eeu en 50 jaar gelede was nie (Collin & Guichard, 2011). Die fokus in die 21ste eeu blyk leef-beroepskonstruksie te wees in die vorm van lewensontwerpberading wat individue daarop rig om al hul sentrale lewensrolle, lewenservarings en sosiale prosesse te integreer in ŉ toekomstige lewensbaan wat hul lewensdoel onderskraag. In die proses word ŉ nuwe 'self' gekonstrueer (Collin & Guichard, 2011; Maree, 2010a; Savickas et al., 2009; Savickas, 2011a). Collin en Guichard (2011, p. 93) bevorder ŉ sielkundige konseptualisering van die 'self' wat daarop neerkom dat daar wegbeweeg word van die insig van ŉ 'self' as *something that the individual possesses, a unique, discrete, decontextualized, relatively stable entity, a constellation of identifiable traits that can be studied as objects*. Die fokus verskuif nou na ŉ begrip van die self as ŉ dinamiese, veranderlike konstruktiewe sisteem en behels ŉ proses waardeur kliënte aangemoedig word om hul eie toekomstige lewensverhaal – met beroep daarby geïnkorporeer – te skryf. Die doel daarmee is om die belewenis van hul eie lewe as ŉ persoonlike betekenisvolle konteks vir ontwikkeling te bevorder asook om ŉ sosiale relevante bydrae te lewer (Savickas, 2005). Die proses staan bekend as 'lewensontwerpberading' en die oorsprong daarvan is geleë in Savickas se metateorie wat vervolgens bespreek word.

### 2.6.2 Savickas se metateorie

In 2006 het Savickas sy stempel op die beroepsielkunde afgedruk deur sy vereniging van die drie hoof beroepsintervensieteorieë – differensieel, ontwikkelend en psigodinamies – in een oorkoepelende metateorie, naamlik die beroepskonstruksieteorie (Savickas, 2001 in Savickas 2011b). Hy koppel dit aan drie gesigspunte oor die 'self' en noem dit *the multiple selves of vocational psychology* (Savickas, 2011a, p. 17). Volgens hom vloei die verskillende modelle oor die 'self' voort vanuit verskillende epistemologieë, waarvan elkeen aan ŉ verskillende benadering tot die wetenskap en praktyk vorm gee. Hy het op insiggewende wyse persoonlike karaktertrekke (beroepspersoonlikheidstipes), ontwikkelingstake (beroepsaanpasbaarheid) en lewenstemas in die gedaantes van onderskeidelik beroepsleiding, beroepsonderrig en beroepsberading in ag geneem (Brown & Lent, 2004; Savickas, 2001 in Savickas, 2011b, pp. 7-8):

> *Vocational guidance, from the objective perspective of individual differences, views clients as actors who may be characterized by scores on traits and who may be helped to match themselves to occupations that employ people whom they*

© University of Pretoria

> *resemble. Career education, from the subjective perspective of individual development, views clients as agents who may be characterized by their degree of readiness to engage developmental tasks appropriate to their life stages and who may be helped to implement new attitudes, beliefs, and competencies that further their careers. Career counseling, from the project perspective of individual design, views clients as authors who may be characterized by autobiographical stories and who may be helped to reflect on life themes with which to construct their careers.*

As sulks het Savickas (2011a) dus die epistemiese konflik beëindig deur die *'either objective or subjective'* digotomie te verplaas na ŉ *'both objective and subjective'* medewerking wat veelvoudige perspektiewe oor die self aanmoedig. Een direkte uitkoms van hierdie benadering is die perspektief dat die self by wyse van ŉ interaktiewe, sosiale proses lewenslank met ŉ projek besig is, naamlik om aan ŉ identiteit vorm te gee – ŉ perspektief wat met groot vrug in lewensontwerpberading op gefokusde wyse benut kan word. Die doel van die onderhawige navorsing is juis om die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van identiteitswerk, oftewel selfkonstruksie, by die ontluikende volwassene te verken. Die verwagting is dat die skep van ŉ interaktiewe, sosiale en koesterende ruimte – gesamentlik bepaal deur kliënt (die ontluikende volwassene) en navorser – ŉ waardevolle bydrae sal kan lewer tot die totstandkoming van ŉ prososiale identiteit by die ontluikende volwassene. Met ander woorde, die verkenning word veral gerig op die moontlike effek wat ŉ groter bewuswording van ŉ interafhanklikheid van die groter geheel op die ontluikende volwassene se selfkonstruksie mag hê – met ŉ gepaardgaande gesindheid om (soms in samewerking met andere) sosiale bydraes te maak. Hierdie epistemiese benadering rekonseptualiseer dus die konstruksie van die self as ŉ proses wat in ŉ sosiale konteks ontvou (hetsy oor die algemeen in die alledaagse gang van die lewe of as deel van ŉ fasiliteringsproses in berading) en word vervolgens bespreek.

### 2.6.3 Selfheid

#### 2.6.3.1 Inleiding

Die oorsprong van wat Taylor (1989) as die *moderne self* (ŉ inherente, refleksiewe, geïnternaliseerde, psigologiese individualiteit) beskryf, kan in die Westerse filosofie teruggespeur word na die tradisies van Plato en Aristoteles wat gepoog het om die aard van die self en die self se wesenlike verwantskap met die samelewing te verstaan (McAdams & Cox, 2010). In dié verband merk Plant en Collinson (2006) op dat die Grieke van daardie tyd selfbeheer as een van die grootste uitdagings van die mens geïdentifiseer het. Die Griekse filosowe het terselfdertyd die self as setel van redelikheid en introspeksie beskou – ŉ gedagte wat in die daaropvolgende jare baie veld gewen het namate filosowe die aard van refleksiwiteit in menslike selfheid begin ondersoek het (John, Robins & Pervin, 2010).

Na Plato en Aristoteles het die filosofiese spoor van die self ŉ eie weg ingeslaan en vanaf Augustine tot William James het Westerse beskouings oor die self, asook die refleksiewe wyse waarop die subjektiewe Ek die objektiewe My opgeneem het (as ŉ objek

© University of Pretoria

vir observasie, refleksie en werk), sterk na vore gekom (sien 2.6.3.2 vir ŉ uitbreiding oor James se gesigspunt). James (1892, 1963 in McAdams & Cox, 2010) het geargumenteer dat die self beide subjek en objek is, proses en produk, die standpunt waaruit die wêreld observeer word (die Ek) en die refleksie in die spieël wat uit die observasie verrys (die My).

Hierna het Freud met sy perspektief op die self tot die debat toegetree en die Ek meer dinamies gekleur deur sy benoeming van die ego (die Ek) as ŉ ewig-eiemagtige, My-observerende bemiddelaar wat menslike impulse moet beheer, die My moet verdedig teen konflik en vrese, aan die eise van die samelewing moet voldoen, en terselfdertyd energie in produktiewe werk en volwasse liefde moet kanaliseer (Westen, 1998). In teenstelling met Freud het Erikson (1963, 1993) ŉ Ek in ŉ verhouding met ŉ sosiale wêreld (met ŉ My as koppelvlak) as visie begin voorhou. Erikson se gesigspunt was onder andere dat die ontluikende volwassene se Ek gekonfronteer word met die uitdaging om ŉ My-identiteit tydens laat adolessensie en ontluikende volwassenheid te vorm. Hy het gereken dat dit die funksie van die ontluikende volwassene se Ek is om die My te omvorm tot ŉ toonbeeld wat sin en betekenis in die lewe moet vind en wat die My terselfdertyd in ŉ kultureel gesanksioneerde psigososiale nis moet onderhou.

Voortspruitend hieruit het die verwantskap tussen die Ek en My ook heelwat akademiese en wetenskaplike aandag uitgelok in die humanistiese tradisie, die kognitiewe-ontwikkelende benadering, die sosiale en persoonlikheidsielkunde asook die meer onlangse narratiewe perspektiewe op self en identiteit (McAdams & Cox, 2010). Byvoorbeeld, sedert Rousseau en Emerson tot met die nuutste geskrifte oor selfbepalingsteorie (bv. Ryan & Deci, 2006) het ŉ duidelike 'Ek' en 'My' beskouiing van selfheid na vore begin tree. Volgens die humaniste is die Ek inherent goed en uniek met ŉ integriteit wat outonoom, innerlik gedrewe en intrinsiek gemotiveerd is – dus ŉ Ek wat sy volle potensiaal mettertyd moet verwesenlik (Ryback, 2011). In aansluiting hierby, vermeld Hetherington, Lerner en Perlmutter (2013) dat (volgens kognitief-ontwikkelingsperspektiewe) ŉ bepaalde groei van die Ek en die My vanaf primitiewe, eenvoudige en egosentriese weergawes na meer beginselvaste, komplekse en sosiosentriese vorms (soos teëgekom tydens die oorgang van adolessensie na ontluikende volwassenheid) gekarteer kan word.

In teenstelling met die vorige perspektiewe het die sosiale sielkunde die siening dat die self op eie stoom met tyd verander en groei, net eenvoudig begin ignoreer. In stede van erkenning te verleen aan ŉ sogenaamde'ontvouing van die self', het sosiale sielkundiges begin fokus op ŉ reeks meer dinamiese selfgedrewe selfprosesse, soos selfregulering, selfbewustheid, selfuitbreiding en selfverifikasie (Abrams & Hogg, 2012). Kontemporêre sosiale sielkundiges het die Ek begin sien as ŉ breë versameling van semantiese inligting – selfskemas, selfaspekte, moontlike selwe, sosiale identiteite, ensovoorts – waarop staatgemaak kan word om ŉ wye reeks uitdagings in tandem met die sosiale lewe aan te pak (Duval, Desgranges, de La Sayette, Belliard, Eustache en Piolino, 2012). Ter byvoeging het onlangs ontwikkelde narratiewe teorieë van die self addisioneel begin voorstel dat episodiese en outobiografiese versamelings, asook ander verhale oor die self (dit wat onthou word van die verlede en in die toekoms verbeel kan word) tot die breë versameling semantiese inligting toegevoeg kan word (McAdams, 1985, 1996, 2013). Vanuit hierdie narratiewe perspektief

© University of Pretoria

word die self beskou as ŉ geïnternaliseerde en ontwikkelende storie wat die Ek oor die My konstrueer om die lewe te voorsien van ŉ soort eenheid, sin en betekenis. Die Ek is (gedeeltelik) ŉ storieverteller, en die My (ook gedeeltelik) die storie wat vertel word. So vind Taylor (1989) se moderne self eenheid en temporale samehang in die vorm van ŉ dinamiese lewensnarratief.

Internasionale pioniers van die beroepsberadingteorie soos Cochran (1997) en Savickas (2001, 2005, 2011b, 2012), Savickas et al., (2009) en Maree (2007, 2010a, 2010b, 2013a, 2013b) het in die 21ste eeu begin om die konsep van die dinamiese lewensnarratief verder te ontgin deur kliënt en berader saam in te span om ŉ geskikte leef-beroep vir die kliënt te ontwerp. As sodanig onderskei beroepsberadingsteorie tussen die self (Ek) en identiteit (die My): die self word tydens berading ko-konstruktief ontgin as ŉ proses om die My as projek of nuwe lewensverhaal (leef-beroep) op vindingryke wyse te herontwerp. In hierdie hoedanigheid kan beroepsberadingsteorie dus moontlik aangewend word om ontluikende volwassenes te ondersteun in die konstruksie van ŉ self met ŉ prososiale identiteit wat hul leef-beroepsreis net soveel meer doelgerig en effektief kan maak. Vervolgens word uitgebrei oor die waarde daarvan om die self as 'proses' (2.6.3.2) en identiteit as 'projek' (2.6.3.3) in die ontluikende volwassene se lewensontwerpberadingsproses in te span.

### 2.6.3.2 'Self'-as-proses

Teen die agtergond van die oorsig oor die evolusie van die moderne self, konstateer Savickas (2012) dat die moderne (humanistiese) gedagte om die self wat binne ŉ persoon bestaan te aktualiseer, beroepsberading goed gedien het in die 20ste eeu. Hy dring egter daarop aan dat hierdie gedagte in die 21ste eeu vervang moet word met postmodernisme[5] – die postmoderne oortuiging dat ŉ essensiële self nie *a priori* bestaan nie. Herhenhahn (2005) in Maree (2013a) ondersteun die gedagte en konstateer dat individue (wat in terme van persoonlike, historiese en kulturele kontekste van mekaar verskil) hul eie selfhede skep. Maree (2013a) beaam dat die insluiting van die persoonlike betekenisse wat mense aan hul beroep en lewensverhale heg, sentraal staan in die maak van suksesvolle beroepsbesluite en die ontwerp van suksesvolle lewens.

Volgens Hartung en Subich (2011) kan die gedagte dat selfhede 'geskep' of gekonstrueer word, gesorteer word onder die opskrif van konstruktivistiese en sosiale konstruksionistiese teorieë (iets wat in die 1990's ŉ vasskopplek in beroepsielkunde begin kry het). Savickas (2011a) meld dat die gedagte van konstruktivisme reeds so vroeg as in 1961 in die geskrifte van David Tiedeman verskyn het. Tiedeman het, in teenstelling met Super (1963) en Gottfredson (1985) wat op stagnante selfkonsepte gefokus het, gemik vir ŉ meer

---

[5]Postmodernisme dui op 'n versameling van teorieë en benaderings met ooreenstemmende kenmerke – in hierdie geval 'n sambreelterm vir kwalitatiewe, narratiewe perspektiewe (Maree, 2013a).

© University of Pretoria

reflektiewe perspektief op die self. Vir Tiedeman was die self ŉ sistematiseringsproses[6] van die psige wat mense in staat stel om ervarings in minder komplekse en meer werkbare vorms te simboliseer. Om die sistematiserende en organiserende proses aan te dui (wat die self is), het Tiedeman die term *selfkonseptualisering* gebruik – die proses van om voortdurend op fagositiese wyse betekenis te gee aan die self-in-ervaring, met ander woorde nuwe betekenisse te akkommodeer en dan aan te pas (Field, Kehas & Tiedeman, 1963 in Savickas, 2011a).

Savickas (2011a) verduidelik dat Tiedeman individue wou leer dat konsepsies van die self presies net dit is – selforganiserende meganismes wat voortdurend orde uit ervarings skep en, in tandem met die veranderde betekenisse die toekoms antisipeer. Tiedeman het beraders aangemoedig om kliënte te help om bewus te raak van hoe hulle hul eie ervarings sistematiseer in dinamiese, gedurig-aanpasbare selfkonsepte. En meer nog, hy het beraders aangemaan om te konsentreer op die vermoëns waaroor individue beskik om hul eie persoonlike struktuur (selfkonsep) by wyse van selfkonstruksie en selforganisering doelbewus positief te kan kultiveer. Tiedeman wou hê kliënte moet bewus raak van hul eie bewussyn. Met ander woorde, hy wou hê individue moes verstaan dat hulle hul eie selfkonsepte of identiteite kan ontwerp en verander, dat dit ŉ projek van die self is – met ander woorde, ŉ doelbewuste sistematiseringsproses[7].

Tiedeman het spesifiek die kwessie van ŉ beroep gekonseptualiseer as ŉ kwaliteit wat mettertyd op meer komplekse en beter geïntegreerde vlakke van self-bewustheid verrys. Wanneer dit verrys het, rig en reguleer die beroep die laer komponente van beroepsgedrag. Tiedeman het dus beroepsielkunde, ten minste die konstruksionistiese vertakking, gelei tot die gedagteprikkelende insig dat beroep of beroepsbewustheid ŉ verrysende eienskap van ŉ selforganiserende sisteem is wat by wyse van die laer komponente rigting op beroepsgedrag afdwing (Savickas, 2011a).

McAdams en Cox (2010) maak die stelling dat die onderskeiding tussen die proses van om ŉ self te vorm (selfkonseptualisering), en die inhoud van die self (selfkonsep), eintlik nog verder terugdelf na die grondleggende werk van William James. Volgens James se gesigspunt van die self, besit menslike wesens beide ŉ selfdenkende Ek en ŉ selfkonseptuele My. James het gepostuleer dat individue beide subjekte wat dink en die objekte van die denkproses is. Vir James is die Ek die subjek (wat gedurig dink – ŉ sistematiserende proses) en die My die objek (waaroor gedink word – die projek of produk). Ek (of die self) is die proses, terwyl die My ŉ akkumulasie van selfbegrippe is (wat in die vorm van taalkundige

---

[6]Sistematisering of selforganisering skep ŉ globale samehangende patroon vanaf aanvanklik onafhanklike komponente soos belangstellings, vermoëns, behoeftes en waardes. Die selforganisering raak toenemend kompleks namate die geheel sy dele van tyd tot tyd herorganiseer (Savickas, 2011a).

[7]Wanneer ŉ self-organiserende sisteem, soos ŉ individu, in sy of haar omgewing verkeer, is die individu, in persoon-omgewing terme, kongruent met die posisie – ŉ stabiele konfigurasie word in lyn met die omgewing gerealiseer. Wanneer die omgewing verander, herrangskik die sisteem in ooreenstemming daarmee in ŉ meer ordelike en komplekse patroon. As die sisteem weer in ŉ samehangende geheel stabiliseer, kan nuwe eienskappe verrys. Hierdie nuwe eienskappe behoort aan die geheel en kan nie gereduseer word tot die elemente waaruit dit saamgestel is nie (Savickas, 2011a).

© University of Pretoria

selfkonstruksies vanuit sosiokulturele bronne verkry is). Selfkonsep word dus bepaal by wyse van konseptuele begrippe gevorm deur die Ek (McAdams & Cox, 2010).

In die taal van die kontemporêre narratiewe sielkunde, kan ŉ mens sê dat die Ek die My omskryf. By monde van Savickas (2011a) speel taal ŉ essensiële rol in die omskrywing van die My en sy siening word vervolgens onder die loep geneem.

***i) Die rol van taal***

Taal speel ŉ sentrale rol in die proses van die konseptualisering van die self, of te wel, 'selfkonstruksie'. Dit is juis die toegang tot taal wat individue in staat stel om bewus te raak van hul eie bewussyn, of anders gestel, self-bewus te raak. Hierdie refleksiwiteit stel hulle in staat om selfdefiniërende konsepte te vorm (en te verander) oor wie hulle is, asook narratiewe te gebruik om te vertel wat hulle doen. Vanuit hierdie perspektief van die self, lê die waarde van taal nie noodwendig in die ekspressie van voorafbestaande gedagtes en gevoelens nie, maar eerder in die wese daarvan as die medium waardeur selfkonstruksie en betekenisgewing kan geskied. Gedagtes ontstaan vanweë die voortreflikheid en wesenlikheid van taal, en by wyse van ŉ verlenging van die denkaksie voorsien taal die woorde om ŉ selfkonsep te vorm en te onderhou. Wanneer daar ŉ woordtekort is, het die konsep van die self ŉ leemte en sodoende is daar ŉ leemte aan daardie komponent van die identiteit – ŉ insig wat van groot waarde in beroepskonstruksie is (2.6.3.5).

Individue gebruik dus taal en woorde om hul konsep van self tot stand te bring en te onderhou. Selfkonsep is nie ŉ essensie wat in die wêreld ontvou nie, dit is ŉ taak – ŉ projek van die persoon. Selfkonstruksie beteken nie van binne na buite nie, maar van buite na binne. ŉ Individu versamel betekenisse vanuit die wêreld wat plek begin inneem in die selfkonsep – sodoende vind die konstruksie van die self plaas. Bourdieu (1977) in Savickas (2011b) het die idee ontwikkel van ŉ 'habitus': ŉ selfkonsep wat gevorm word uit betekenisse wat vanuit die omgewing en ervarings van die self, plek binne die selfkonsep begin inneem. Hy wou die filosofiese probleme van beide objektivisme en subjektivisme vermy deur te propageer dat objektiewe sosiale strukture en skemas in die subjektiewe ervaring van individue ingeskryf word, waardeur ŉ selfkonsep (habitus) gevorm en ŉ sosiale identiteit opgelê word.

Savickas (2012) dui aan dat hierdie gesigspunt die self beskou as ŉ *posterior* storie, nie ŉ *a priori* substans gedefinieer deur ŉ lys eienskappe nie. Soos wat mens jou verhaal vertel, so maak jy jouself en hierdie proses van selfkonstruksie ŉ lewensprojek. Verhale is dus ŉ kritiese element van beroepskonstruksieteorie omdat dit, in byvoeging tot die feit dat ŉ self gekonstrueer word, ook ŉ effektiewe wyse voorsien waarop ŉ individu ŉ subjektiewe beroep kan bou, dit is, ŉ toekomstige verhaal oor sy of haar werkslewe (Young, Valch & Collin, 2002).

Opsommend konstateer Savickas (2012) dat selfaktualisering en selfkonstruksie dus fundamenteel verskillende perspektiewe en vooruitsigte vir beroepsintervensie inhou. Sommige beraders vind die gedagte van selfkonstruksie meer bruikbaar as die gedagte van selfaktualisering. Ander beraders wil die bekende gedagte van selfaktualisering nie laat gaan nie. Heelwat verwarring en konflik word tydens hierdie periode van oorgang ervaar vanweë

© University of Pretoria

die twee epistemologieë van positivisme en sosiale konstruksionisme. Savickas (2012) glo egter dat die heersende paradigma vir beroepsberading in die 21ste eeu ten slotte in sosiale konstruksionisme en identiteit (Guichard, 2009) sal wortel skiet, eerder as in logiese positivisme en persoonlikheid (Holland, 1997). Vervolgens word bespreek hoe identiteit gekonstrueer word, met ander woorde, as ŉ projek ontplooi.

**2.6.3.3 Identiteit-as-projek**

Savickas (2011a) glo dat mense biologiese wesens is wat in die taal en interpersoonlike praktyke van die gemeenskap ingedompel is. Daarby is menslike selfheid refleksief, bedoelende dat die Ek-self (as die een wat weet) die My-self (die een wat aan die self bekend is) kan beskou, met ander woorde kan ken, verbeel, voorstel en formuleer (McAdams, 2001).

Volgens Savickas (2011a) speel persoonlike ervarings ŉ groot rol in die refleksiewe proses en verduidelik dat 'identiteit' of 'storie' van die self-in-situasies gedurig aangepas of hersien word wanneer ervarings op ameboïdale wyse geakkommodeer en deur betekenisgewing getransformeer en geïntegreer word. Hy verduidelik dat identiteit die inhoud in die storie van die My is wat deur die Ek uit ervarings van die verlede gefiltreer en gekristalliseer is. Identiteit omsluit dus veelvoudige selfkonsepte in verskeie sosiale rolle, met ander woorde, identiteit vervat die geïnkorporeerde stories van die self. Deur ŉ enkel lewensverhaal te konstrueer wat ŉ wye reeks selfkarakteriserings integreer, kan die (ontluikende) volwassene oplos wat William James geïdentifiseer het as die *one-in-many-selves paradox* (Knowles & Sibicky, 1990, p. 676 in McAdams, 2001). Identiteit is dus ŉ verrysende kwaliteit wat by wyse van taal geskep word en histories gesitueerd is, menende dat ervarings uit die verlede gedurig geïntegreer word en as ŉ betekenisvolle geheel aangebied word (Savickas, 2011b).

Savickas (2011b) verduidelik dat ŉ individu angstig kan raak wanneer die huidige identiteit nie in staat is om die individu te ondersteun tydens die konfrontasie van ŉ nuwe stel eise wat deur die samelewing afgedwing word nie. Volgens Savickas (2011b) dring hierdie gevoel van angstigheid sommige individue om beroepsberading aan te vra om sodoende hul identiteitswerk voort te sit. Identiteitswerk behels die konstruksie en internalisering van ŉ selfdefiniërende lewensverhaal of narratiewe identiteit. Deur die outeur van die eie lewensverhaal te word, ontwikkel die individu ŉ persoonlike narratief wat die verlede selektief rekonstrueer en die toekoms op so ŉ wyse verbeel dat dit ŉ lewenswyse raak wat die lewe met sin en betekenis, asook temporele samehang kan voorsien. In die geval van die ontluikende volwassene konstateer McAdams (2013) dat die ontwikkeling van ŉ narratiewe identiteit, die ontluikende volwassene gereed moet kry om die uitdagings van die dertiger- en middeljare in die gesig te kan staar. Vervolgens word die hooftemas en prosesse in die ontwikkeling van ŉ narratiewe identiteit by ontluikende volwasseneskortliks geskets.

© University of Pretoria

### 2.6.3.4 Narratiewe identiteit

#### *i Inleiding*

*There is a story, always ahead of you. Barely existing. Only gradually do you attach yourself to it and feed it. You discover the carapace that will contain and test your character. You find in this way the path of your life* (Ondaatje, 2011, p. 181).

McAdams en Olson (2010, p. 527) definieer narratiewe identiteit as *an internalized and evolving life story that a person begins to develop in late adolescence to provide life with meaning and purpose*. Savickas (2011b) verduidelik dat individue poog om die disharmonie wat van tyd tot tyd in hul lewens ontstaan, by wyse van refleksie en kontemplasie te verstaan en te verwerk. In hul soeke na ŉ wyse om te kan floreer, leer individue gewoonlik iets wat hulle as ŉ betekenisvolle verandering in hul lewensverhaal kan inkorporeer, ŉ verandering wat groter diepte en wysheid kan meebring. Die balsem van sin en betekenis dryf die aanpassingsproses wat balans moet herstel.

Volgens Savickas (2011b) ondersteun suksesvolle narratiewe identiteitsprosessering die individu om aan te kan beweeg na ŉ nuwe bewustheid van die wêreld. Hy vermeld dat die identiteitswerk van narratiewe prosessering ook *biografiese werk* genoem kan word. *Biografisiteit* beteken die vermoë waaroor individue beskik om nuwe en soms verwarrende ervarings in hul biografieë te kan integreer (Alheit, 1995 in Savickas, 2011b).

Nog lank voor die term 'ontluikende volwassene' opgeroep was om die lewensfase van 18 tot 30 af te baken, het Erikson (1958) al vermeld dat dit die fase is waartydens die soeke na ŉ *identiteit* ŉ imperatief is. Vervolgens word bespiegel oor die moontlikheid dat ŉ narratiewe identiteit die ontluikende volwassene se soeke na ŉ identiteit kan vergemaklik en bevredig.

#### *ii Narratiewe identiteit by die ontluikende volwassene*

Erikson (1958) se gedagteryke gevalstudie oor identiteit – *Young man Luther* – volg die ontwikkeling van Martin Luther se ideologiese perspektiewe en beroepsaspekte tydens sy soeke na identiteit en die implikasies van sy persoonlike transformasie vir beide sielkundige teorie en die geskiedenis van die Westerse beskawing. Die identiteit-drama speel uit tussen die jare 1505 en 1517, wat rofweg korrespondeer met Luther se twintiger- en dertigerjare. Gedurende hierdie tydperk van ontluikende volwassenheid, verander Luther van ŉ vrome monnik na ŉ kerkhervormer – ŉ oorgang wat dramatiese veranderings in beide sy selfbegrip en siening van die wêreld meegebring het (insluitend nuwe insigte in die betekenis van Christelike geskrifte en praktyke).

Erikson (1958) het voorgestel dat die soeke na identiteit tydens adolessensie begin, maar tipies opbou na ŉ crescendo in die ontluikend volwasse jare soos wat met Luther gebeur het. Om ŉ identiteit te skep en te onderhou, behels die eksplorasie van verskeie ideologiese perspektiewe en beroepsmoontlikhede, sowel as moontlikhede ten opsigte van vriendskappe en die liefde, om sodoende uiteindelik ŉ verbintenis te kan maak wat nie slegs beginselvaste waardes insluit nie, maar ook ŉ beroepsnis omsluit (Kroger & Marcia, 2011). As sodanig

© University of Pretoria

moet jongmense besluit wat hulle as waar en goed (ideologie) beskou en hoe hulle in die volwasse ekonomie wil funksioneer. Identiteit verleen, ter byvoeging aan die ontluikende volwassene se lewe, ŉ gevoel wat Erikson (1958) beskryf as ŉ temporale eendersheid en samehang – ŉ eenheid van selfheid wat die hergekonstrueerde verlede, beleefde hede en verbeelde toekoms saamweef. Om ŉ begrip van die self te verkry wat die verlede en die hede aan mekaar bind, is volgens Erikson (1958) ŉ beduidende sielkundige mylpaal ten aansien van die bereiking van volwassenheid. Hy lig die vermoë uit waaroor die individu beskik om selektief aspekte uit die verlede te neem en dit tot eie voordeel aan te wend om sodoende die huidige, onvoldoende identiteit in ŉ meer suksesvolle futuristiese identiteit te omskep (opgesom in die volgende aanhaling):

> *To be adult means among other things to see one's own life in continuous perspective, both in retrospect and prospect. By accepting some definition as to who he is, usually on the basis of a function in an economy, a place in the sequence of generations, and a status in the structure of society, the adult is able to selectively reconstruct his past in such a way that, step for step, it seems to have planned him, or better, he seems to have planned it. In this sense, psychologically we do choose our parents, our family history, and the history of our kings, heroes, and gods. By making them our own, we manoever ourselves into the inner position of proprietors, of creators* (Erikson, 1958, pp. 111-112).

Hoe ontwikkel ontluikende volwassenes die soort retrospektiewe en prospektiewe begrip van hul eie lewens soos wat Erikson dit in hierdie stemmingsvolle stuk beskryf? McAdams (1985) was die eerste om na aanleiding van verskeie filosofiese (Ricoeur, 1984) en sielkundige (Murray, 1938) bronne voor te stel dat mans en vroue in hul laat tienerjare en vroeë twintigerjare, lewensverhale of persoonlike mites konstrueer en internaliseer om sodoende aan hul lewens ŉ mate van eenheid, eendersheid en aaneenlopendheid te kan voorsien (sien ook Cohler, 1982).

Tans word die term *narratiewe identiteit* gebruik om te verwys na die geïnternaliseerde en ontwikkelende storie van die self wat ŉ persoon in die ontluikende volwassenheidsjare begin konstrueer (Hammack, 2008; McAdams & McClean, in druk; Singer, 2004). Narratiewe identiteit is die storie wat jongmense konstrueer en internaliseer oor wie hulle is, hoe hulle geword het wat hulle nou is, en waarheen hulle volgende op pad is – ŉ storie waaraan alle mense klaarblyklik vir die res van die volwasse lewensfase bly werk.

Die konstruksie van lewensverhale blyk in alle kulturele kontekste, Westers en Oosters, ŉ psigososiale uitdaging te wees. Of kulturele norme nou konstruksies van ŉ onafhanklike of interafhanklike self aanmoedig (Markus & Kitayama, 1991), blyk dit steeds die ontwikkelende imperatief te wees om samehang van ervaring te artikuleer. Ervaring bly ŉ evolusieproses wat voorstu vanaf die verlede en die hede na die toekoms, ongeag individuele of kollektiewe standpunte. MacIntyre (1981) in Savickas (2011b) verduidelik dat hoewel ŉ individu die lewensverhaal vertel, is hy of sy nie die enigste 'outeur' nie. Menige gebeure en mense 'skryf' saam aan die individu se verhaal, met ander woorde in beide individualistiese en kollektiewe gemeenskappe word individuele identiteite eintlik deur eksterne faktore

© University of Pretoria

'beskryf'. Die balans ten opsigte van die outoriteit van die storie kan egter na 'die self' of na 'die ander' oorleun. Om erkenning aan dié kwessie te verleen, kan die terme *gekose* ('n verwerfde) identiteit en *onderhandelde* ('n aangenome) identiteit deur beraders gebruik word. (Daar moet egter in ag geneem word dat identiteit, of dit verwerf of aangeneem is, altyd fundamenteel ko-konstrueer word.) Vanuit 'n Westerse perspektief maak individue met onderhandelde identiteite steeds besluite oor hoe om hul normatiewe identiteite op unieke wyse uit te leef.

***iii Die outeur***

McAdams (2013) se beskouing is dat die mens outeur van die eie lewe word wanneer 'n narratiewe identiteit geartikuleer en die self daaraan verbind begin word. Hy reken dat mans en vroue in moderne gemeenskappe in hul ontluikende volwassenheidsjare begin met die eerste ontwerp van hul narratiewe identiteit – dis asof 'die outeur' vir ongeveer twee dekades in die skeepswerf wag, vanaf die kleinkinderjare deur die fase van adolessensie, besig om materiaal bymekaar te maak vir die selfdefiniërende storie wat hy of sy eendag gaan skryf. Volgens McAdams (2008) gebeur daar baie dinge in daardie jare waarvan sommige insidente implikasies inhou ten opsigte van die soort outeur wat gaan verrys en die soort storie wat die outeur gaan vertel. Temperamentele karaktertrekke, vroeë verkleefheid ervarings en portuurgroepverhoudings kan byvoorbeeld 'n uitwerking hê op die estetiese ontvanklikheid van 'n outeur om 'n narratiewe identiteit saam te stel (McAdams, 2008).

Volle selfouteurskap vereis egter meer as net die vertel van samehangende stories oor individuele episodes in 'n mens se lewe. In narratiewe identiteit moet die outeur ook artikuleer wat die persoonlike herinneringe *beteken*. In vroeë adolessensie begin mense hul outobiografiese redeneringsvermoëns gebruik om betekenis uit persoonlike ervarings te put (Habermas & Bluck, 2000).

Die skryf van 'n selfgedefinieerde lewensnarratief is 'n proses wat in die sosiale ekologie van die alledaagse lewe opgesluit lê. Vanaf adolessensie en deur die ontluikende volwasse jare konstrueer mense 'n narratiewe identiteit vanweë hul ervaring van gebeure. Gebeure word oorvertel aan andere (soos vriende en ouers) terwyl die reaksies van die ander gemonitor word; die vertellings word geredigeer in respons op die reaksies terwyl nuwe gebeure terselfdertyd ervaar word. Die nuwe gebeure word oorvertel in die lig van die vertellings van die gebeure van die verlede. Oor tyd heen skep selwe stories, wat op hul beurt nuwe selwe skep, alles in die konteks van belangrike interpersoonlike verhoudings en groepaffiliasies (McLean, Pasupathi & Pals, 2007). 'n Narratiewe identiteit verrys dus geleidelik by wyse van daaglikse gesprekke en sosiale interaksies, by wyse van introspeksie, by wyse van jongmense se besluite aangaande werk en die liefde, en by wyse van normatiewe en gelukkig-toevallige deurtogte in die lewe (byvoorbeeld wanneer 'n student 'n beroepsberader besoek om die kwessie, 'Wat wil ek met my lewe maak?' te bespreek of wanneer 'n jong paartjie sit en hul huweliksondernemings neerpen).

© University of Pretoria

Geslag, etnisiteit, ras en sosiale klas gee op ŉ baie sterk wyse vorm aan die skryfproses. Vroue vertel ander verhale as wat mans vertel, en verskillende kulture voorsien verskillende spyskaarte van beelde, metafore en storielyne vir die konstruksie van ŉ narratiewe identiteit (Hammack, 2008; McAdams, 2013). Ontluikende volwassenes neem steekproewe uit hierdie spyskaarte tydens die konstruksie van individuele verhale met die oog op die vind van narratiewe wat hul eie persoonlike ervarings vasvang, hul eie beperkings en begrensings toelaat, en hul aspirasies vir die toekoms verpersoonlik. Hulle eien vir hulself rolmodelle toe wat in hul eie kulture voorkom, en in die proses verkry hul lewens samestellende betekenis. In hierdie sin word selfouteurskap selde as ŉ daad van volle outeursvryheid ervaar – dit word eerder ŉ saak van die opstel van ŉ lewensnarratief wat binne ŉ bepaalde sosiohistoriese konteks kan werk, gegewe heersende beperkings en geleenthede.

Wanneer ontwikkeling ŉ normatiewe verloop het, maak die lewensverhale wat in die ontluikend volwasse jare gekonstrueer word die outeur gereed vir die sielkundige en sosiale uitdagings wat volwassenes (sonder uitsondering) in hul dertiger-, veertiger- en later jare in die gesig moet staar. McAdams (2013) reken argumentsonthalwe dat *generatiwiteit* die grootste uitdaging van almal is – die taak om die volgende generasie te kan lei en begelei by wyse van effektiewe ouerskap, onderrig, raadgewing, leierskap en betrokkenheid by ŉ wye reeks aktiwiteite gemik op die nalaat van ŉ positiewe erflating vir die volgende generasie. Ideaal gesproke, moet die outeur se narratiewe identiteit ŉ generatiewe lewe in die middeljare ondersteun (McAdams, 2013) – ŉ kwessie wat konneksie, betekenisgewing, daadwerklikheid, refleksie en leer (met ander woorde ŉ sistemiese raamwerk en meer spesifiek, sistemiese denke) behels.

Vervolgens word die konstruksie van die ontluikende volwassene se identiteit binne die groter raamwerk van die sisteemteorie geplaas, wat voorsiening maak vir die moontlike uitbreiding van die ontluikende volwassene se narratiewe identiteit na ŉ futuristiese relasioneel-morele beroepsidentiteit (ŉ interkonnektiewe en interafhanklike identiteit met ŉ bepaalde sin- en betekenisgewing), oftewel ŉ individu met ŉ volle-spektrum bewussyn (2.5.1). Taylor (1989, p. 197) vergelyk dit met ŉ storie waarin die 'goeie' moet ontvou en beskryf dit soos volg: *in order to make minimal sense of our lives, in order to have an identity, we need an orientation to the good*, en *we see that this sense of the good has to be woven into my understanding of my life as an unfolding story*. Ten einde ŉ oriëntasie tot die goeie te kan bewerkstellig, is kritiese denke (wat ŉ evaluerende taal insluit) nodig en die vermoë om by verandering te kan aanpas – aspekte wat vervolgens bespreek gaan word. Daarna word die beroepskonstruksie-onderhoud as ŉ belangrike komponent van lewensontwerpberading bespreek. Die gedeelte word afgesluit met ŉ samevatting wat met die belang en waarde van ŉ sin van samehang verweef word.

© University of Pretoria

### 2.6.3.5 Die Sisteem-teoretiese Raamwerk van Beroepsontwikkeling (STR)

#### *i* *Inleiding*

Die Sisteem-teoretiese Raamwerk van beroepsontwikkeling (STR) verbeeld die dinamiese kompleksiteit van ŉ individu se beroepsontwikkeling oor tyd heen. Daar word voorsiening gemaak vir die invloede van drie interkonnektiewe sisteme, naamlik die individuele sisteem, die sosiale sisteem en die omgewing-samelewing sisteem. Die verlede, die hede en die toekoms van al drie hierdie sisteme word in ag geneem. Die dinamiese aard van die sisteem is geleë in die prosesse wederkerigheid (wat afspeel as die interaksie tussen die drie sisteme), verandering (wat oor tyd heen ŉ effek meebring) en toeval (wat skielik en onomkeerbaar enige sisteem kan omverwerp, met ander die aspek van onvoorspelbaarheid).

Sisteemteorie maak sistemiese denke moontlik en *takes an 'individual in context' view of clients that considers complexity and avoids oversimplification of career decision-making and career development* (McMahon, Watson & Patton, 2013). Sistemiese denke stel individue in staat om die komplekse sisteme te verstaan waarbinne hul eie identiteite gekonstrueer word (Ryan & Tomlin, 2010). In narratiewe beroepsberading beteken dit byvoorbeeld insig in die rol wat konteks, kultuur, historisiteit, toekoms, onvoorspelbaarheid in die wêreld van werk, beroepsaanpasbaarheid, ensovoorts, speel in die konstruksie van ŉ suksesvolle leef-beroep.

Sisteemteorie bevat ŉ aantal sleutelelemente wat sistemiese denke asook die narratiewe benadering tot beroepsberading deurdrenk (Patton & McMahon, 2006):

- Sisteembenaderings beskou individue holisties (verskillende lewensrolle word byvoorbeeld in ag geneem).
- Die verwantskap tussen die elemente van die sisteem word in die gedaante van patrone en reëls vertoon; in die geval van narratiewe beroepsberading is dit temas wat vanuit kliënte se lewensverhale onthul word.
- Voorsiening word gemaak vir nie-oorsaaklikheid (die veelvoudigheid van moontlike verhoudings binne ŉ sisteem).
- Sisteembenaderings impliseer wederkerigheid (terugvoer en effek) tussen elemente van die sisteem.
- Sisteme is dinamies en maak voorsiening vir verandering wat onsamehangend kan manifesteer.
- Sisteme kan oop of toe wees – oop sisteme impliseer oop vir insette vanuit die eksterne omgewing en is dus relevant vir narratiewe beroepsberading.
- Sisteme behels ŉ vorm van redenasie bekend as abduktief (afvoerend of wegvoerend) wat verwant is aan laterale denke.
- ŉ Verhaal of storie verskaf ŉ verduideliking van die verhoudings en patrone binne die sisteem.

© University of Pretoria

Sistemiese denke onderlê dus narratiewe benaderings tot beroepsbenadering, en die vertel van stories is fundamenteel tot hierdie benaderings (Patton & McMahon, 2006).

***ii Die Sisteem-teoretiese Raamwerk van Beroepsontwikkeling (STR) en narratiewe beroepsberading***

Soos reeds vermeld, is narratiewe beroepsberading eerste deur Cochran (1997) beskryf (McMahon, 2014) en kom dit sedertdien in die gedaante van ŉ groot hoeveelheid verskillende benaderings voor: Amundsen(2009) se aktiewe betrokkenheid; McMahon en Watson (2012a, b) se ‘storievertel’-benadering; Peavy (1998) se sosio-dinamiese benadering; Pryor en Bright (2011) se chaosteorie; Savickas et al. (2009) se lewensontwerp; en Young, Marshall, Valach, Domene, Graham, en Zaidman-Zait (2011) se aksieteorie. Terwyl elkeen van hierdie benaderings sy eie besonderse fokus het, benadruk almal die kliënt se sterkpunte, beskou hulle kliënt en beroepsberader as vennote, steun hulle ŉ konstruksionistiese benadering tot betekenis, en benadruk hulle die narratiewe of storie-vorm van betekenis (Polkinghorne, 2004). Verder is almal ook sistemies van aard.

Alle narratiewe beroepsberadingbenaderings, insluitende die storievertelbenadering, inkorporeer konneksie, betekenisgewing en daadwerklikheid as eksplisiete kernkonstrukte. Hierbenewens inkorporeer die storievertelbenadering refleksie en leer as implisiete kernkonstrukte. Elkeen van hierdie vyf kernkonstrukte is fundamenteel tot sistemiese denke en word nou kortliks beskryf.

Konneksie reflekteer die dinamiek onderliggend aan die storievertelbenadering (waar kliënt en berader aan ŉ ko-konstruksieproses deelneem – temas uit mikro-verhale word in verband met mekaar gebring), asook die rekursiewe interaksie wat binne en tussen individue se sisteme van invloed (sosiaal en omgewing-samelewing) voorkom. Betekenisgewing geskied soos wat individue uit hul ervarings sin maak tydens die vertel van hul lewensverhale in die teenwoordigheid van ŉ fasiliteerder. Daadwerklikheid reflekteer die aktiewe rol wat individue speel in die konstruksie van hul eie stories, hul betrokkenheid by die vertel van hul eie lewensverhale, asook hul bereidwilligheid om hul toekomstige stories te leef.

Die Sisteem-teoretiese Raamwerk van Beroepsontwikkeling (STR) word verder spesifiek deur beroepskonstruksie gekonseptualiseer as ŉ leersisteem waarin berading beskou word as ŉ leerproses, beroepsberaders as leerfasiliteerders en individue as lewenslange leerders wat daarna streef om uit hul lewenservarings sin te maak. Leer is dus ŉ dialogiese en kognitiewe proses sowel as ŉ transformatiewe proses wat by wyse van refleksie tot stand gebring word. Tydens die dialogiese proses in die storievertelbenadering vertel individue stories van hul ervarings en deur op hierdie ervarings op beide die objektiewe en subjektiewe vlakte reflekteer, geskied transformasie. Sulke leer het ŉ invloed op die konstruksie van toekomstige stories.

Opsommend daag sistemiese denke ŉ reduktionistiese, ‘dele-in-isolasie’-enkelstoriebenadering uit, neem konteks in ag, moedig die begrip van kliënte se subjektiewe ervarings aan, benadruk gesonde samewerking tussen berader en kliënt, en minimaliseer deskundig gedrewe prosesse (McMahon et al., 2013). Individue wat die vaardighede van

© University of Pretoria

sistemiese denke ontwikkel, verkeer dus in ŉ goeie posisie om hul beroepsidentiteite te ontwikkel. Soortgelyk verkeer beroepsberaders wat sistemiese denke in hul praktyk gebruik in ŉ goeie posisie om kliënte te help om hul komplekse beroepsituasies beter te verstaan.

Soos reeds vermeld in 2.6.3.4, is identiteitsverwerwing, asook hulpverlening ten aansien van identiteitsverwerwing narratiewe praktyk (LaPointe, 2010) wat deur McAdams (2001, p. 117) as *an internalized and evolving life story* beskryf word. Singer (2004) verduidelik dat identiteit geproduseer word soos wat individue verhale opmaak oor hul ervarings wat hulle vir hulself en andere vertel. Hulle bring ook hierdie verhale in verband met wat hulle van hulself, andere en die wêreld rondom hulle weet. ŉ Beroepsidentiteit kan eweneens beskou word as ŉ beredeneerde proses. Dit is ŉ praktyk van *articulating, performing and negotiating identity positions in narrating career experiences* (La Pointe, 2010, p. 1) en word vervolgens uiteengesit.

***iii ’n Beroepsidentiteit***

In eenvoudige terme is ŉ beroepsidentiteit *the commitment a person has towards specific occupational activities or a specific career* (Meijers, Kuijpers & Gundy, 2013, p. 49). ŉ Beroepsidentiteit word gekonstrueer binne historiese, sosiale en kulturele kontekste en oor tyd heen, beginnende in die kindertyd (Patton & McMahon, 2006). Vanweë hul daaglikse aktiwiteite in die huis en op ander plekke raak kinders bewus van volwasse rolle en die intrinsieke plek wat werk in die lewens van volwassenes inneem. Kinders begin hulself in hul verbeelding te sien in volwasse rolle wat soms gereflekteer word in spel by wyse van speletjies soos dokter en verpleegster. Gedurende die kinderjare word identiteite verwant aan geslag en sosiale status gekonstrueer. Namate kinders ouer word vanweë ervarings, verkry hulle ŉ meer realistiese waardering van hul eie vermoëns. Gedurende adolessensie staar hulle hul eerste belangrike beroepsbesluit in die gesig ten opsigte van beroepsvakke wat op hoërskool gekies moet word en daarna wanneer hulle die skool verlaat. ŉ Beroepsidentiteit word steeds gekonstrueer en geherkonstrueer gedurende volwassenheid soos wat individue op hul ervarings reflekteer en nuwe rigtings vir hulself karteer. Tyd en konteks is ŉ integrale deel ten opsigte van die konstruksie van ŉ beroepsidentiteit (McMahon, 2014).

Beroepsbestemmings bestaan nie vooraf nie; dit kom tot stand oor tyd heen soos wat individue nuwe ervarings bekom, die sosiale diskoers verander, en die doelwitte van hul eie lewensverhale verander (LaPointe, 2010). Narratiewe stel individue in staat om hul ervarings betekenisvol te maak (Polkinghorne, 1988). ŉ Beroepsidentiteit word dus uitgedruk in die verhale wat individue vertel en in die temas wat in hierdie verhale openbaar word (Meijers & Lengelle, 2012). ŉ Rekursiewe verhouding bestaan tussen narratiewe en identiteit soos duidelik beskryf deur Gibson (2004) wat verduidelik dat narratiewe identiteit uitbeeld. LaPointe (2010, p. 2) beskou ŉ beroepsidentiteit as *co-constructed, socially situated and performed in interaction* en daarom is ŉ beroepsidentiteit nooit ŉ vasgestelde gegewe nie. Om die waarheid te sê, die vermoë om te kan reflekteer is noodsaaklik vir die konstruksie van ŉ beroepsidentiteit.

© University of Pretoria

Omdat die self in verhaalvorm is, implementeer individue nie hul selfkonsep in werksrolle net op een spesifieke tyd in hul lewens nie (Savickas, 2005). Individue konstrueer en pas gedurig aan by die verwagtings van elke nuwe ervaring (Bruner, 2004), ŉ aspek wat vervolgens onder die loep geneem word.

***iv Beroepsaanpasbaarheid***

Beroepsaanpasbaarheid handel oor hoe individue hulle storie-selwe in hul werksrolle implementeer om sodoende hul innerlike behoeftes en uiterlike geleenthede in harmonie te bring (Savickas et al., 2009). Persoon-omgewing-passingsprosesse is dus aanhoudend en bly aangaan omdat ideale verhale nooit ten volle gevorm of klaar is nie (Cochran, 1997). Elke nuwe lewens- of werkservaring vorm ŉ kortverhaal. Hoe individue binne elke spesifieke episode, lewenservaring, of beroep aanpas, hang af van hul probleemoplossingstrategieë. Hierdie strategieë is deur Savickas (2005, p. 51) geïdentifiseer as die ABC's van beroepsaanpassing en sluit *attitudes, beliefs en competencies* in. Verder beïnvloed hierdie gesindhede, oortuigings en bevoegdhede die kwessie van hoe besorgd ŉ persoon oor sy beroep is, of hulle glo hulle het beheer oor hul beroepe, of hulle nuuskierig is oor watter werkrolle daarbuite is en hoeveel selfvertroue hulle het om die take te voltooi.

Del Corso en Rehfuss (2011) vermeld dat individue se beroepsaanpasbaarheid (gesindhede, oortuigings en bevoegdhede) nie geheel en al binne die individu sluimer nie; dit word ook gevorm of ontwikkel deur verhoudings met ander, die omgewing of konteks. Die gesindhede of oortuigings van gesinslede, medewerkers, toesighouers, kliënte, organisasies, die regering en media het alles ŉ impak en beïnvloed individue se gesindhede en oortuigings met betrekking tot beroepsverwante besluite. Deur te luister na hoe kliënte hulself as die hoofkarakters in hul eie lewensverhaal verbeeld, is beraders in staat om individue se oortuigings te identifiseer, asook hoe hulle tans met betrekking tot hul beroepsverwante uitdagings oorleef (Del Corso & Rehfuss, 2011).

McAdams (2001) identifiseer twee verskillende soorte manuskripte wat mense geneig is om te skryf wanneer hulle hul lewensverhale konstrueer en aanpas by versperrings en oorgange in hul lewens, naamlik bevryding of kontaminasie. In ŉ bevrydingsverhaal beskryf ŉ persoon ŉ transformasie vanaf ŉ negatiewe toestand na ŉ positiewe een (McAdams, 2001). Hierdie bevrydingsverhaal beskryf hoe ŉ individu verdra, uithou, daarna streef om lyding te verminder, en hom- of haarself van die huidige situasie te verbeter of te bevry (McAdams, 2001). Bevrydingsverhale word geassosieer met meer persoonlike daadwerklikheid, selfbevoegdheid, innerlike krag en vertroue (McAdams, 2001). Hierdie tipe manuskripte word ook geassosieer met hoe ŉ individu ŉ held is in sy of haar eie lewe, ongeag teëspoed. In teenstelling hiermee beskryf individue wat by ŉ kontaminasieverhaal betrokke is, ŉ verlies van ŉ eens positiewe toestand, en ŉ beweging na ŉ toestand wat gekontamineerd of geruïneerd is (McAdams, 2001). McAdams (2001) se navorsing het bevind dat volwassenes wat meer bevrydende lewensverhale het, hoër vlakke van aanpassing in die lewe toon. Persone met meer gekontamineerde verhale rapporteer laer vlakke van aanpassing. Uiteindelik is dit die doel van narratiewe beroepsberaders om kliënte te help om in hul eie

© University of Pretoria

lewens ŉ bevrydingskarakter (McAdams, 2001) of die held van hul eie verhaal (Cochran, 1997) te wees.

ŉ Ander wyse om vas te stel wat ŉ persoon se aanpassingsmodaliteit is, is om te luister tot watter spesifieke kulturele stories (boeke, kuns en mondelinge tradisies) individue aangetrokke voel. Hierdie geliefkoosde verhale kan ŉ ander wyse voorsien waarmee beraders kan vasstel hoe ŉ individu wens om struikelblokke te oorkom en hul ideale self in die wêreld te wees.

**2.6.3.6 Sin- en betekenisgewing**

Die beroepskonstruksieteorie beskou werk as ŉ instrument om die lewe meer betekenisvol te maak (Savickas, 2002, 2011b). Savickas (1997) beweer dat beroepsberaders tradisioneel nie op sin- en betekenisgewing en die rol daarvan in beroepsontwikkeling en beroepsbevrediging fokus nie – ŉ reuse oorsigtelikheid, gegewe die groeiende navorsing rondom positiewe sielkunde wat weergee dat sin- en betekenisgewing bydra tot sielkundige gesondheid en welsyn (Steger, Frazier, Oishi & Kaler, 2006). Met beroepsberading by ŉ kruispad aan die begin van die 21ste eeu (Niles, 2003), blyk dit ŉ imperatief te wees dat beraders, nou meer as ooit, positiewe menslike ontwikkeling behoort te koester (Savickas, 1993) en kliënte te ondersteun om voller betekenis uit die lewe te haal (Kinjerski & Skrypnek, 2008).

Soos reeds vermeld in 2.6.3.4.(ii) is ontluikende volwassenheid ŉ periode waartydens individue streef na die verkryging van ŉ identiteit gekenmerk deur kwaliteite soos ŉ stabiele self – gebed in betekenisvolle volwasse rolle – met ŉ gepaardgaande gevoel van sinbelewing en integriteit (Chickering & Reisser, 1993; Erikson, 1963). Verder blyk dit dat waar ontluikende volwassenes na selfdefiniëring en konneksie met andere en die wêreld strewe (Schultheiss, 2000), hulle op soek is na betekenis in hul lewens (Steger, Oishi & Kashdan, 2009) waarmee hulle poog om hulself in die wêreld van werk te vestig (Super, Savickas & Super, 1996). Jong volwassenes kan dus begin om prososiale lewensdoelwitte en waardes te ontwikkel asook om te begin reflekteer oor hoe om produktief ten opsigte van die breër welsyn te kan wees (Erikson, 1963). Om die waarheid te sê, navorsers het voorgestel dat suksesvolle ontwikkeling gedurende ontluikende volwassenheid die vorming van sin en betekenis impliseer (Damon et al., 2003) asook die vestiging van vaardighede en vermoëns wat beide die self en die gemeenskap kan bevoordeel (Scales & Benson, 2004). Ontluikende volwassenheid blyk dus die ideale lewensfase te wees waartydens daar, in tandem met veranderings in selfkonsep, aan beroepe vorm gegee word (Salomone, 1996). Laasgenoemde sluit die behoefte aan ŉ betekenisvolle werk in, met ander woorde watter doel die werk ten opsigte van bydraes tot die breër welsyn kan dien (Adams, 2012).

Dik en Duffy (2009) vereenselwig bogenoemde redenasie met die konsep *roeping* en beskryf hierdie konsep as sin- en betekenisgewing wat ontluikende volwassenes lei na persoonlik-vervullende en sosiaal-betekenisvolle werk. Adams (2012) vermeld dat, hoewel jongmense op die kwessie van roeping ingestel is (Colozzi & Colozzi, 2000), daar in die sielkundige literatuur min daaroor geskryf is, veral ten opsigte van prososiale waardes en

© University of Pretoria

bydraes tot die breër welsyn. Dik, Duffy en Eldridge (2009) vra dat jongmense aangemoedig word om aandag te skenk aan watter soorte werk die samelewing kan bevoordeel. Adams (2012) se standpunt is dat dit eerder bruikbaar kan wees om kliënte te laat verstaan dat die meeste soorte werk implisiet die breër welsyn kan dien en om te oorweeg op watter wyses hul voorgenome of huidige areas van werk ander kan bevoordeel. Adams (2012) reken dat dit vir baie ontluikende volwassenes moontlik sal wees om sin en betekenis in hul werk te vind deur net hul perspektiewe te verander. Savickas (2005, 2011b) beweer dat die verkryging van nuwe perspektiewe moontlik is binne die raamwerk van die beroepskonstruksieteorie en, meer spesifiek, binne die raamwerk van lewensontwerpberading, wat vervolgens uitgepluis word.

**2.6.3.7 Lewensontwerpberading**

Lewensontwerpberading kom daarop neer dat ŉ individu se ideale leef-beroep uit die aanvanklike raamwerk van ŉ eie lewensverhaal ontrafel word, aan refleksie onderwerp en verbeter word, en in die formaat van ŉ futuristiese ontwerp gegiet word (Savickas, 2005, 2011b). Die redes hiervoor is dat Savickas (2005, 2011b) mense beskou as selfkonstruerende, dinamiese, holistiese en aktiewe vormgewers (*sculptors*) aan hul eie lewens wat hul eie lewensverhale kan gebruik om hulle in beter beroepsituasies te plaas. As sodanig kan beroepsberaders ŉ teoreties-gefundeerde narratiewe benadering soos lewensontwerpberading benut waartydens hulle kliënte help om hul veelvuldige kort verhaaltjies (mikro-verhale) uit die verlede en hede te versamel, en dit dan met mekaar in verband te bring met die doel om ŉ futuristiese makro-verhaal tot stand te bring (Savickas, 2011b; White, 1995, 2007). Lewensontwerpberading inkorporeer ŉ beroepskonstruksieonderhoud, gebed in ŉ model wat die volgende ses stappe behels (Savickas et al., 2009):

- Definiëring van die probleem en identifikasie van wat die kliënt hoop om te vermag.
- Die kliënt en berader ondersoek die kliënt se huidige scenario.
- Perspektiewe word geopen deurdat die kliënt se storie vertel en hersien word.
- Die probleem word in ŉ nuwe storie geplaas.
- Aktiwiteite wat die kliënt in die praktyk moet omsit, word gespesifiseer.
- Opvolg geskied in die kort en langtermyn om te bepaal of daar enige sukses behaal is al dan nie.

Die ses stappe speel uit in vier fases, naamlik konstruksie, dekonstruksie, rekonstruksie en ko-konstruksie. Konstruksie behels die versamel van mikro-verhale wat behulpsaam is met die ondersoek van die kliënt se huidige scenario (vergelykbaar met stap 2); dekonstruksie van die kort verhale behels die open van nuwe perspektiewe (stap 3); herkonstruksie behels die plasing van die probleem in ŉ nuwe storie (stap 4) en ko-konstruksie behels die daadwerklike aksie van die kliënt (stap 5). Volgens Savickas (2011b) lê die toorkrag van die hele beroepsberadingproses in hierdie laaste stap opgesluit. Opsommend gebruik beraders dus intervensies wat op die vertel van verhale gefokus is en wat ontwerp is om individue se betekenisse en optrede wat aan beroep verwant is, te verbeter.

© University of Pretoria

Hulle beoog ook om die individu se konsep van self te verbeter en ŉ betrokkenheid by die lewe self aan te moedig (Savickas et al., 2009; Savickas, 2012; White, 1995, 2007).

Ten opsigte van bogenoemde vra Guichard (2013) egter ŉ fundamentele vraag. Hy wil weet of die konsepsies 'lewensontwerpberading' en 'beroepsberading' – die koester van die self en ŉ omgee vir diegene wat saak maak vir die self, die sogenaamde 'naby ander' – genoegsaam voorsiening maak vir die nood aan innoverende globaal-sosiale veranderings in die huidige wêreldopset. In sy betoog verwys Guichard (2013) onder andere na die wêreld met byna agt miljard inwoners, waar bronne (soos byvoorbeeld water) beperk is, waar daar ŉ tekort aan 'ordentlike werk' is, en waar daar reusekrisisse is (finansieel, bevolkings sonder woonplek en aardverwarming). Guichard (2013, p. 55) betrek Ricoeur se definisie van 'etiese intensie' (1992): *a triad where oneself, close others and distant others are equally honoured: to live well, with and for others, in fair institutions* en Jonas (1984) se verantwoordelikheidsimperatief: *Act so that the effects of your action are compatible with the permanence of genuine human life* (p. 11). Guichard (2013) bepleit dus ŉ uitbreiding van die fundamentele oorwegings van lewensontwerpberading en beroepskonstruksie ten aansien van ŉ universele etiek wat gepaard gaan met die wese van die mensdom as ŉ enkele globale gemeenskap – ŉ kosmiese besorgdheid in elke wêreldburger se lewensontwerp.

Parks (2011) raak ook bogenoemde etiese kwessies aan en kombineer hierdie kwessies met ontluikende volwassenes se soeke na sin- en betekenisgewing, asook die waarde van bydraes van sorgsame mentors. Haar siening word vervolgens ondersoek as ŉ moontlike oplossing vir Guichard (2013) se kommer rakende lewensontwerpberading en die behoeftes van die huidige wêreldopset.

***i Ontluikende volwassenheid en kritiese denke***

Parks (2011) meld dat ontluikende volwassenheid ŉ normatiewe fase is vir die vra van groot vrae en die ontdekking van waardige drome. Die hart van haar boek fokus op sin- en betekenisgewing by ontluikende volwassenes en sy konstateer dat sin- en betekenisgewing die soeke is na en ontdekking van betekenisse in die mees omvattende dimensies van ervarings. Dit is *not only the act of setting one's heart, but it is also what one sets the heart on* (Parks, 2011, p. 45). Vir haar lê die belofte en weerloosheid van ontluikende volwassenheid in *the experience of the birth of critical awareness and the dissolution and recomposition of the meaning of self, other, world and God.* (p. 5). Parks (2011) beklemtoon hiermee die feit dat ontluikende volwassenes as't ware uitgelewer is aan psigologiese en sosiopolitieke dilemmas, en doen ŉ oproep vir die skep van geleenthede waartydens hulle gedaag word om hul persepsies en ideologieë krities te evalueer.

Soos vir Guichard (2013) is die relevante kwessie vir Parks (2011) die uitdagings wat die breër gemeenskap en wêreld teister en sy bring dit nader aan die potensiaal van die ontluikende volwassene. So maak sy die opmerking dat wanneer ontluikende volwassenes besef dat hulle ŉ lewe het, hulle na sin- en betekenis begin te soek en sy konstateer: *It is in the ongoing dialogue between self and the world, between community and lived reality, that*

© University of Pretoria

*meaning – a faith – takes form* (Parks, 2011, p. 23). Vir haar is sin- en betekenisgewing dus nie net die betekenisse wat verleen word aan ervarings, geloofsoortuigings en waardes nie, maar ook die proses van refleksie, uittoets en transformasie daarvan: *A worthy faith must bear the test of lived experience in the real world – our discoveries and disappointments, expectations and betrayals, assumptions and surprises* (Parks, 2011, p. 23).

Parks (2011) redeneer verder dat mentors en fasiliterende omgewings belangrik is in die sin- en betekenisgewingsproses van ontluikende volwassenes om sodoende die nodige uitdaging, ondersteuning en motivering aan hulle te voorsien tydens die bewuswording van die titulêre 'groot vrae'. Vir Parks (2011) word ŉ suksesvolle fasiliterende omgewing geskep uit ŉ vennootskap tussen fasiliteerder en ontluikende volwassene, waartydens ŉ ontginning plaasvind van die kritiese dialoog en entoesiasme vir die potensiaal wat in ŉ wêreld met geleenthede en uitdagings opgesluit lê. Parks (2011) definieer ŉ suksesvolle fasiliteringsverhouding as ŉ situasie waar ŉ ouer, wyser figuur ŉ jong volwassene intensioneel met die oog op ŉ sinvolle toekoms begelei. Parks (2011) glo ŉ fasiliteerder is iemand wat erkenning verleen aan die paradoksale weerloosheid en sterkte van ŉ ontluikende volwassene, en wat hom of haar terselfdertyd kan uitdaag, ondersteun, inspireer en betrokke maak by dialoog. Volgens Parks (2011) kan fasiliteerders omgewings skep waartydens ontluikende volwassenes hul eie 'selwe' kan ontwikkel deur krities te begin dink. Fasiliteerders kan byvoorbeeld, by monde van Parks (2011), besprekings fasiliteer rondom ontluikende volwassenes se potensiaal as betrokke en ingeligte lands- en wêreldburgers, en sodoende die begrip versterk dat daar iets buite of (en groter) is as hulle eie 'selwe'.

Parks (2011) ondersoek verder die krag van verbeelding en kom tot die gevolgtrekking dat dit die verbeelding is wat aanvanklik aan die groot vrae van ons tyd, asook die drome in antwoord daarop, vorm gee sodat dit later as realiteit kan manifesteer. Taylor (1989) ag ŉ oriëntasie tot die 'goeie' as belangrik en vergelyk dit met ŉ storie waarin die 'goeie' verweef moet word.

In dié verband verwys Hess (2003) na Gadow (1999) se konsep van ŉ 'relasionele narratief'. Dit word beskryf as ŉ morele narratief wat deur luisteraar en storieverteller uitgekerf word, waar waardes geïdentifiseer en geprioritiseer word, waar betekenis geheg word aan die goeie wat in die waardes bevind is, en waar die voorgenome pad na die realisering van die goeie ontwerp word. Volgens Gadow (1999) geskied die konstruksie van ŉ relasionele narratief dus nie binne ŉ voorafgestelde normatiewe of voorskriftelike raamwerk vir morele voornemens en optrede binne ŉ geassosieerde sisteem van waardes nie. Die redes wat hy vir sy stelling verskaf, is dat individue besonders is, hul eie konteks het en interpreteerders van hulself is – hulle is dus in staat om die persoonlike etiek in hul eie verhale te ontdek. By implikasie word ŉ relasioneel-morele self dus by wyse van taal gekonstrueer. Hierdie begrip word vervolgens van naderby beskou.

© University of Pretoria

### *ii Die waarde van ŉ 'evaluerende taal'*

Savickas (2011b) maak die uitspraak dat kliënte nuwe woorde mag benodig om nuwe gesigspunte omtrent die self te vorm, asook om nuwe horisonne ten opsigte van die wêreld van werk te open. Taylor (1989) beweer dat daar nie net ŉ behoefte nie, maar ŉ noodsaaklikheid is vir ŉ 'evaluerende taal' om 'strukture van waarde' in die daaglikse lewe te onderhandel. Hierdie evaluerende taal word meestal tussen gespreksgenote gebruik by wyse van ŉ vorm van 'morele aandag' aan die goedere wat aan die individu ŉ morele identiteit verskaf; wat die individu ŉ 'self-in-morele-ruimte' maak (Parker, 2007, p. 105): *To know who you are is to be oriented in moral space, a space in which questions arise about what is good or bad, what is worth doing and what not, what has meaning and importance for you and what is trivial and secondary* (Taylor, 1989, p. 28). Hierdie goedere bou 'strukture van waarde' en laat die mens na sekere keuses en optrede eerder as na ander neig (Taylor, 1989). Parker (2007) maak die stelling dat ŉ nuwe taal ten opsigte van 'die goeie' byvoorbeeld benodig word om nuwe moontlikhede te midde van troebel ondervindings raak te sien. Volgens hom kan dit moreel bemagtigend wees omdat dit nuwe morele horisonne kan bemiddel. ŉ Voorbeeld van so ŉ nuwe morele horison is die 'self' in ŉ relasioneel-morele konteks (wat vervolgens onder die loep geneem word).

### *iii 'Self in relasioneel-morele konteks' as nuwe morele horison*

Parker (2007, p. 158) verwys na ŉ morele skuif – weg van die realisering van outonome outentisiteit as die hoogste prestasie van die mens – na ŉ meer 'ander'-sentreerde etiek waarin 'self' as 'in-relasie-met-betekenisvolle-ander' verstaan word. Barrett (2013) verwys na ŉ toenemend vergrotende en uitbreidende gevoel van persoonlike identiteit wat deur ŉ groter gevoel van konneksie met die wêreld meegebring word.

Parker (2007) vermeld dat hierdie erkenning heel nuwe perspektiewe vereis. Voorbeelde hiervan is die respek wat daarmee gepaardgaan om ŉ ander mens te sien as ŉ volle en onderskeibare 'ander-perspektief-op-die-wêreld'; om ander nie net te sien as 'anders' nie, maar met die oë van ŉ *common humanity* wat die moontlikheid inhou dat die 'ander' waarlik moreel ekwivalent is aan die self; om die 'ander' te sien as ŉ essensiële bestanddeel van ŉ vervulde menslike lewe, ŉ gemeenskap van gelykes, elkeen waardig om in die ander se deugde en prestasies te deel (Parker, 2007, p. 130). Parks (2011, p. 242) noem dit ŉ bewussyn van eerbied vir *the whole – the holiness of life*. Barrett (2013) se mening in hierdie verband is dat die uitbreiding van die self, byvoorbeeld in die konteks van die werkplek, nuwe aspekte soos dienslewering aanraak, met ŉ besorgdheid oor hoe om die breër welsyn in die geheel te ondersteun en hoe om te verseker dat die organisasie ŉ voordelige en heilsame impak op die wêreld het.

Daar is dus ŉ behoefte vir die konstruksie van ŉ 'self' wat nie net onafhanklik funksioneer nie, maar wat ook 'self-ander' gerig is, dit wil sê, wat interafhanklik kan funksioneer. Parks (2011) verwys na die konstruksie van ŉ 'self met deurlaatbare grense' wat ŉ bewustheid van 'self en ander', 'self en die wêreld' kan vergroot en onderhou. Volgens haar moet hierdie grense deurlopend hersien word om die buurskap, die gemeenskap, die

© University of Pretoria

samelewing, die wêreld en selfs die onuitputlike uitspansel waarin die mens homself bevind, te omarm. Savickas (2011b) verduidelik dat kundige beraders die dialoog tydens berading kan aanpas namate die deelnemers se behoeftes na vore kom. Die uiteindelike doel is dat kliënte aangemoedig sal word om 'n beroep te kies en te beoefen wat vir hulself betekenisvol is en wat vir die gemeenskap saak maak.

Opsommend wil dit dan voorkom asof 'n beradingsdialoog – waartydens kritiese denke en 'n gepaardgaande 'evalueringstaal' of 'evalueringswoordeskat' ontwikkel word en waarmee strukture van waarde soos etiese kwessies, skoonheid en regverdigheid onderhandel kan word – die etiese potensiaal in ontluikende volwassenes se lewensverhale kan ontsluit. So 'n beradingsdialoog kan moontlik ontluikende volwassenes se soeke na sin en betekenis asook Guichard (2013) se sorgsaamheid aangaande etiese kwessies aanspreek.

Soos reeds vermeld, begin lewensontwerpberading met 'n onderhoud wat assesseringskomponente soos selfkonsep en voorkeurberoepsomgewing behels. Dit word gevolg deur oplossings wat gesamentlik deur kliënt en berader geïdentifiseer word (Savickas, 2011b). Die beroepskonstruksie-onderhoud en verdere proses van lewensontwerpberading word vervolgens bespreek.

### *iv Die beroepskonstruksie-onderhoud en verdere proses*

#### *a Inleiding*

Volgens Savickas (2011b) begin die beroepskonstruksie-onderhoud uit 'n inleidende vraag wat die kliënt se doelwitte vir berading uitlig. Dit word vergesel van 'n inleidende gesprek rondom moontlike beroepsvoorkeure. Laasgenoemde berus op Maree (2010c) se *Beroepsbelangstellingsvraelys* wat ontwerp is met 19 beroepskategorieë wat die oorgrote aantal beroepe in die nuutste sensusopname verteenwoordig (1.1.5). Maree (2010c) se *Beroepsbelangstellingsvraelys* voorsien aan beraders 'n beginpunt vir 'n gesprek rondom moontlike beroepsprofiele in tandem met die lewenstemas wat in die lewensverhale blootgelê word.

Vyf primêre domeinvrae word verder gebruik om huidige en nuwe narratiewe uit te lig waardeur kliënte se lewens begryp en gekonstrueer kan word (Savickas, 2011b). Die vyf vrae wat selfkonsep, voorkeurwerksomgewings, lewensdraaiboek of manuskrip, kliënt se advies aan self en sy of haar fiksasies hanteer, word vervolgens uitgestippel:

**Tabel 2.7: Beroepskonstruksie-onderhoud**

| **In watter opsigte kan ek vir jou bruikbaar wees met die konstruksie van jou beroep?** | |
|---|---|
| 1. | Wie het jy bewonder toe jy omtrent so ses jaar oud was? Nadat die kliënt een rolmodel genoem het, word hy of sy gevra om nog twee rolmodelle te noem, waarna elkeen deur die berader op die volgende wyse ondersoek word:<br><br>d) Beskryf hierdie persoon vir my.<br>e) In watter opsigte is jy eenders as hierdie persoon? |

© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | f) In watter opsigte verskil jy van hom of haar? |
| 2. | Watter tydskrifte lees jy gereeld? Waarvan hou jy in die tydskrifte?<br><br>Watter TV-programme, webtuistes of selfoontoepassings geniet jy regtig baie?<br><br>Hoekom? |
| 3. | Gee vir my die titel van jou mees geliefkoosde storie. Vertel vir my die storie. |
| 4. | Het jy ŉ gewilde gesegde of leuse? Vertel my van ŉ gesegde waarvan jy al gehoor het. |
| 5. | Wat is die vroegste dinge wat jy kan onthou van jou eie lewe? Ek sal graag van drie stories wil hoor toe jy so drie tot ses jaar oud was. |

**Tabel 2.8: Beroepstorie-domeine**

| | |
|---|---|
| **Rolmodelle.** | Verteenwoordig die invloede en identifikasies wat die kliënt se selfkonsep gevorm het. |
| **Tydskrifte/TV-vertonings/Webtuistes.** | Verskaf ŉ aanduiding van die kliënt se omgewingsvoorkeure wat by die individu se leefstyl pas. |
| **Geliefkoosde storie.** | Stories openbaar ŉ belangrike karakter wat dieselfde uitdaging as die individu het en toon aan hoe die kliënt kans sien om die eie uitdaging te hanteer. |
| **Geliefkoosde gesegde.** | Bekroon die kliënt se lewensverhaal en impliseer as't ware die kliënt se advies aan hom- of haarself. |
| **Vroegste herinnerings.** | Openbaar die kliënt se perspektief op die lewe en impliseer ŉ kernprobleem of fiksasie wat die individu in die gesig staar. |

Fasilitering vereis die vestiging en bevordering van ŉ werksverhouding tussen kliënt en berader terwyl kommunikasie en refleksie geoptimaliseer word (Di Fabio & Maree, 2013). Elke vraag voorsien ŉ stimulus vir eksplorasie – soos wat die kliënt selfdefiniërende verhale in die vorm van antwoorde op die vrae in die beroepskonstruksie-onderhoud verskaf, luister die berader aandagtig, vra opklarende vrae, maak refleksiewe stellings, en skryf die antwoorde neer om te gebruik in interpretasies en as ŉ verslag vir die kliënt om te hou en oor te reflekteer (Hartung, 2007; Taber, 2013).

Daar word na aanleiding van die navorsingsprobleem spesifiek gelet op die mate van ossilasie, indien enige, tussen selfbelang en die breër welsyn (Barrett, 2013; Rosso et al., 2010) in die konteks van Taylor (1989, p. 28) se opmerking: *To know who you are is to be oriented in moral space, a space in which questions arise about what is good or bad, what is*

© University of Pretoria

*worth doing and what not, what has meaning and importance for you and what is trivial and secondary*. Ten einde meer data rakende laasgenoemde ossilasie te kan versamel, kan addisionele tegnieke (ŉ collage (Watson & McMahon, 2010) en/of ŉ joernaal deur die deelnemer opgestel, asook informele gesprekke) betrek word (Niewenhuis, 2007b). Informele gesprekke rondom media kan ontluikende volwassenes byvoorbeeld help om opinies te vorm rakende ŉ verskeidenheid gedrag en filosofieë en daarom stel Coyne, Padila-Walker en Howard (2013) voor dat die gebruik van media in navorsing onder ontluikende volwassenes ingesluit word. Coyne et al. (2013) se navorsing het bevind dat ontluikende volwassenes media gebruik om sekere behoeftes te bevredig; die belangrikste hiervan is vir outonomie, identiteit en intimiteitsbehoeftes. By monde van hierdie outeurs kan die blootstelling aan sekere media-inhoud positiewe uitkomstes in ontluikende volwassenheid, insluitend prososiale gedrag, tot gevolg hê.

Die response word in ŉ betekenisvolle patroon, makro-narratief of lewensportret gerekonstrueer wat betekenis blootlê, ŉ nuwe betekenisvolle en sinvolle lewe (met ŉ beroep as sentrale punt) skilder en ŉ nuwe lewenskrag aanspoor (Savickas, 2011b). Savickas (2011b) se 8-stapstrategie vir die saamstel van sodanige lewensportret word vervolgens uiteengesit (Maree, 2013b).

***b Savickas se 8-stapstrategie vir die saamstel van die lewensportret***

In stap een word die kliënt se doelwitte vir beroepsberading bepaal in ooreenstemming met die kliënt se respons op die vraag: 'Hoe kan ek vir jou tot nut wees?'

In stap twee word die kliënt se vroegste herinnerings gebruik om sy of haar sentrale lewens- of kernprobleem te identifiseer omdat dit daar is waar die lewensverhaal metafories begin (Taber, 2013). Savickas (2011b) beveel die analise van hierdie herinnerings aan in die volgorde wat die kliënt dit aangebied het. Die eerste verhaal dui die kliënt se kernprobleem of preokkupasie aan, en die tweede verhaal kan óf die probleem bevestig óf (soos die derde verhaal) ŉ oplossing vir die probleem bied. Die vraag oor die kliënt se vroegste herinnerings help die berader om ŉ onderliggende struktuur of temas daaruit te identifiseer. Die identifikasie van die onderliggende struktuur of leef-beroeptema word deur Savickas (2011b) as lewensbelangrik beskou en hy vergelyk dit met gom wat alles wat vir die kliënt belangrik is, bymekaar hou. Hierdie struktuur of tema moet later eenheid verskaf aan die kliënt se makro-narratief of lewensportret. (Die geïdentifiseerde temas word ook in verband gebring met die aanvanklike rede waarom kliënte berading wou hê.)

In stap drie word die mense ontleed wat die meeste deur die kliënt tot op ouderdom ses jaar oud bewonder is. Waarop stap drie eintlik neerkom, is die kwaliteite wat hierdie rolmodelle vir die kliënt verteenwoordig, om sodoende die kliënt se selfkonsep, sentrale lewensdoelwitte en moontlike oplossings vir sy of haar sentrale lewensprobleme te help bepaal.

In stap vier word die kliënt se gunstelingtydskrif, TV-program en webtuiste geanaliseer om die plasing of omgewing te bepaal wat die kliënt se leefstyl die beste sal pas.

© University of Pretoria

In stap vyf beeld die kliënt se gunstelingstorie of boek ŉ karakter uit wat dieselfde probleem in die gesig staar as die kliënt, asook hoe die oplossing teweeg gebring word. Die teks of draaiboek voorsien as't ware ŉ voorskrif van hoe die kliënt kan aanbeweeg of andersins, en hoe die huidige beroepsverwante plasing verander kan word na een wat meer geskik is vir die kliënt of groter voorkeur kan wegdra. Savickas (2011b) verwys na hierdie draaiboek as ŉ lewensportret. Die lewensportret word voorgelees aan die kliënt en dit stel hom of haar in staat om na hom- of haarself te luister en sy of haar eie verhaal geldig te maak. (Beraders moet hul interpretasies tot ŉ minimum beperk omdat die storie wat vertel word, die kliënt se verhaal is.) Berader en kliënt gebruik dan die lewensportret om gesamentlik oor die preokkupasie wat deur vroeë herinnerings blootgelê is, te reflekteer. Sodoende ko-konstrueer berader en kliënt ŉ selfs meer betroubare en geldige verhaal, wat aangepas word waar nodig om die kliënt se selfbehoud te bevorder en ŉ meer optimistiese perspektief op die lewe aan te moedig.

Stap ses behels analise van die kliënt se gunstelingaanhalings of leuses en impliseer selfadvies op ŉ spesifieke tyd in sy of haar lewe.

Stap sewe behels analise van verskillende studievelde of loopbane wat geskik of gepas is vir die kliënt.

Laastens, in stap agt, word ŉ respons verskaf op die kliënt se oorspronklike versoek vir beroepsberading. Savickas (2011b) benadruk die belangrikheid om te beweeg vanaf intensie na aksie. Dit kan deur eksplorasie en uittoets verkry word, gevolg deur die neem van ŉ besluit en aksie. Savickas (2011b) verklaar dat ŉ towerkrag in werking kom wanneer kliënte begin beweeg.

Wat nou volg, is ŉ beskrywing van elkeen van die beroepskonstruksie-onderhoudvrae (Savickas, 2011b) en die elemente waarvoor die berader luister as hy of sy saam met ŉ kliënt werk om ŉ makro-narratief op te stel (soos voorgestel deur Savickas (2011b). Weer eens moet Taylor (1989, p. 28) se opmerking in gedagte gehou word: *To know who you are is to be oriented in moral space, a space in which questions arise about what is good or bad, what is worth doing and what not*, *what has meaning and importance for you and what is trivial and secondary,* asook die frases '*what is good or bad?; what is worth doing and what not?*; *what has meaning and importance for you and what is trivial and secondary?* Dit kan gebruik word om die kliënt aan te spoor om etiese moontlikhede uit sy of haar mikro-verhale en die uiteindelike lewensverhaal te ontgin. Kritiese denke word deurgaans aangemoedig (Parks, 2011) asook die oorweging van ŉ nuwe woordeskat (Savickas, 2011b), asook ŉ nuwe evaluerende taal waarmee strukture van waarde onderhandel kan word (Taylor, 1989).

Savickas et al. (2009) benadruk die belangrikheid van aanhoudende refleksie gedurende beroepsberading. Maree (2013) verwys na die term 'meta-refleksie' en spreek die opinie uit dat die sukses van beroepsberading grootliks afhang van die mate waartoe beroepsberaders kliënte kan begelei om op outentieke wyse oor hul eie sowel as die berader se refleksies te kan reflekteer. Die term meta-refleksie (en reflektiewe beroepsberading) word gebruik om te dui op die onopsigtige ondersteuning wat beraders aan kliënte verleen – veral

© University of Pretoria

ten opsigte van hul refleksie oor aksie (Maree, 2013). Die waarde van die klem op refleksie en aksie word geïllustreer in die suksesverhaal van ʼn gevalstudie waar Maree (2014b) ʼn kliënt ondersteun om aktief betrokke te wees in die proses van self- en beroepskonstruksie. Die kliënt word spesifiek begelei om te reflekteer en nogmaals te reflekteer oor die eie beroepsverwante refleksies. Die proses van meta-refleksie stel kliënt en berader in staat om te verifieer of die begrip van die kliënt se innerlike wêreld inderdaad korrek is (Rogers, 1951). Die reflektiewe beroepsberadingstrategie toon duidelik hoe die berader die kliënt help om ʼn geskikte beroep te kies, asook – nog belangriker – om die eie onvoltooide verhaal te bevorder (Maree, 2014b). Wat meer is, in ʼn opvolgblik op die kliënt se loopbaankeuse is daar bevind dat die kliënt tot aksie oorgegaan het en die leer van sukses met rasse skrede begin klim het. Tydens die beradingsessie het die berader spesifiek gebruik gemaak van die metafoor van ʼn leer wat geklim word – ʼn suksesleer wat sy eerste trappie met reflektiewe beroepsberading begin (Die Windpomp Lokprent, 2014).

Metafore as sodanig is van waarde vanweë die toegang wat dit tot weggesteekte psigiese bronne verleen (Yapko, 1995; 2003). Maree (2013) stel voor dat beroepsberaders byvoorbeeld die beroepsonderhoud afsluit deur die metafore te gebruik wat die kliënte tydens die onderhoud gebruik het.

Vervolgens word die beroepskonstruksie-onderhoud in fyner detail uitgepluis soos aan die hand gedoen deur Savickas (2011b) en Taber (2013).

- ***Die opening of inleidende vraag***

Soos reeds vermeld, word die beroepskonstruksie-onderhoud saamgestel uit ʼn inleidende vraag wat die kliënt se doelwitte vir berading uitlig, naamlik *In watter opsigte kan ek vir jou bruikbaar wees met die konstruksie van jou beroep?* Doelwitte wat bereik moet word, word gedefinieer en emosionele selfuitdrukking word in kliënte gestimuleer.

Voordat die vyf vrae gevra word, vertel die persoon dus die verhaal oor hoe hy of sy glo berading vir hom of haar in die konstruksie van ʼn beroep bruikbaar kan wees. Antwoorde op hierdie vraag dui sy of haar beradingsagenda aan en vertel hoe die huidige probleem gesien word, doelwitte om dit op te los, en die oplossing waaraan hy of sy alreeds dink. Die antwoorde voorsien ʼn platform waarop beide die kliënt en berader gesamentlik ooreengekome doelwitte kan vasstel. Deur die antwoord op hierdie aanvanklike vraag aan die antwoorde op al vyf die ander vrae te koppel, help die berader die kliënt om bewus te bly van die probleem wat in die eerste plek gestel is. Daar is ook ʼn tweede gebruik vir die openingsvraag. Wanneer die beroepskonstruksie-onderhoud voltooi is, vra die berader die kliënt of hy of sy sukses behaal het ten opsigte van die bereiking van doelwitte en die verwagtings wat tydens die aanvang van berading gestel is.

- ***Rolmodelle***

Die eerste vraag, naamlik *Wie het jy bewonder toe jy klein was? Vertel my van hom of haar* handel oor ʼn rolmodel, held of heldin wat as kind bewonder is (daar word verkieslik uitgevra oor drie rolmodelle). Die rede vir die vraag is dat kliënte selde in staat is om hulself

© University of Pretoria

te beskryf wanneer hulle direk daarna gevra word. Deur hulle uit te vra oor karakters wat hulle in hul kinderjare bewonder het, verskaf die karakterisering van sulke figure ŉ wyse van selfbeskrywing. Hierdie rolmodelle of figure wat bewonder is, deel dikwels ŉ dilemma soortgelyk aan die kliënt s'n en verteenwoordig ŉ manier waarop die lewe se probleme opgelos kan word. Op baie maniere voorsien hierdie rolmodelle uit die kinderjare ŉ templaat van hoe die lewe suksesvol gelewe kan word en verteenwoordig dit essensieel ook ego-ideale wat nagestreef word. Dis belangrik om in gedagte te hou dat hierdie vroeë identifikasies met rolmodelle plaasvind wanneer kinders hul gedagtes omtrent die lewe opmaak. Deur die rolmodel na te maak, ontwikkel die persoon oorlewingstrategieë wat relevant is tot die oplossing van ŉ sentrale probleem. Sodoende word waardes en belangstellings gekweek as ŉ wyse om deur die lewe te beweeg. Die doelbewuste gekose rolmodelle kan enigeen wees – karakters uit animasiefilms, fiktiewe karakters, superhelde, ŉ bekende persoonlikheid, of iemand uit die buurt waar hulle grootgeword het. Rolmodelle kan dus werklik of verbeel wees, bekend of onbekend. Hoewel rolmodelle vanuit ŉ verskeidenheid bronne kon ontspring, is die een ding wat hulle in gemeen het die feit dat hulle doelbewus gekies is om ŉ metaforiese lewenspad tydens die uitleef van ŉ lewe te word.

Daar word verwag dat kliënte drie rolmodelle moet vermeld. Kliënte kan relevante, persoonlike aspekte van verskillende rolmodelle inkorporeer ten opsigte van belangstellings, gesindhede, vermoëns, waardes en persoonlike karaktertrekke, wat dan in ŉ betekenisvolle, unieke geheel gesinteseer word (Flum, 2015; Gibson, 2004). Daarom poog beraders om gedurende die onderhoud ten minste drie sulke figure uit die gesprek te verkry. Dit is verder belangrik om goed te luister na die beskrywing van die rolmodelle aangesien dit ŉ venster verskaf vir gesigspunte oor die self, lewensdoelwitte, en oplossings vir sentrale probleme. Die beskrywings hoef dus nie feitelik akkuraat te wees nie, aangesien dit meer gaan oor die persoonlike identifikasie met die karakters. Die berader moet versigtig wees om nie eie betekenisse toe te ken indien die kliënt ŉ bekende persoon of bekende fiktiewe karakter kies nie. Kliënte moet ook ontmoedig word om ouers as rolmodelle te kies – ouers dien as begeleiers wat ŉ invloed het op die kind. In kontras hiermee is rolmodelle bronne waarmee kliënte identifiseer (Savickas, 2011b). Dit is by wyse van identifikasie met rolmodelle wat selfkonstruksie plaasvind – deur wyer as die onmiddellike familie te werk, word groter insig rakende die 'self' verkry.

Bewonderde rolmodelle raak op verskeie wyses ŉ embleem van hoe ŉ persoon kies om deur die lewe te beweeg en gevolglik beïnvloed dit sy of haar beroepskeuses. Die frases – *wat is goed en wat is sleg? wat is die moeite werd om te doen en wat nie; wat is minder belangrik en selfs beuselagtig*? (Taylor, 1989) – kan gebruik word om etiese moontlikhede te ontgin – tesame met die gepaardgaande stimulasie van kritiese denke (Parks, 2011), ŉ nuwe woordeskat (Savickas, 2011b) en ŉ nuwe evaluerende taal (Taylor, 1989).

- ***Gunstelingtydskrif, TV-program en webtuiste***

Die tweede vraag – *Watter tydskrifte lees jy gereeld? Waarvan hou jy in die tydskrifte? Watter TV-programme, webtuistes of selfoontoepassings geniet jy regtig baie? Hoekom?* – vra uit oor geliefkoosde tydskrifte en TV-reekse wat eksplisiete omgewings of

© University of Pretoria

plasings voorsien waar individue hulself kan inleef. Op grond van die response op die vraag rakende die rolmodelle kan ŉ berader ŉ beeld vorm van die kliënt se selfkonsep. Die vraag aangaande tydskrfte en TV-reekse help beraders om vas te stel waar die kliënt se selfkonsep geïmplementeer kan word. Menige tydskrifte wat oor spesifieke temas handel, kan in terme van Holland (1997) se Realistiese, Ondersoekende, Kunste, Sosiaal, Ondernemende en Konvensionele tipologie van persoonlikheidstipes en werksomgewings ingedeel word.

Hierdie tipologie kan ŉ basis verskaf op grond waarvan die berader hipoteses kan formuleer en navraag kan doen oor die aantreklike aspekte van die gekose tydskrifte. Dit is belangrik om vrae te vra om sodoende te put uit die spesifieke kenmerke van die omgewing wat ŉ kliënt verkieslik vind. ŉ Vraag soos *Wat is dit van die reeks wat jou aantrek daartoe?* kan byvoorbeeld gevra word. Dit is dus belangrik om spesifiek te fokus op waarom ŉ persoon geïnteresseerd is in die reeks of tydskrif en wat dit vir hom of haar beteken. Ook hier kan die frases – *wat is goed en wat is sleg? wat is die moeite werd om te doen en wat nie; wat is minder belangrik en selfs beuselagtig?*' (Taylor, 1989) – gebruik word om etiese moontlikhede te ontgin, saam met die gepaardgaande stimulasie van kritiese denke (Parks, 2011), ŉ nuwe woordeskat (Savickas, 2011b) en ŉ nuwe evaluerende taal (Taylor, 1989).

- ***Boek en/of fliek***

Die derde opdrag is – *Gee vir my die titel van jou mees geliefkoosde storie (boek of fliek). Vertel vir my die storie* – en dit lig ŉ gewilde storie uit in die vorm van ŉ boek of fliek wat die persoon se aandag getrek het omdat dit ŉ storielyn bevat wat met die individu se eie oorsaaklike probleem, preokkupasie en pyn ooreenstem. Die persoon voel aangetrokke tot die verhaal omdat dit ŉ draaiboek verskaf vir die suksesvolle hantering van die eie kernprobleem en ŉ sentrale karakter beskryf wat die ideale self verteenwoordig. Rolmodelle en tydskrifte voorsien beskrywings van self en watter werksplasings verkies word. ŉ Geliefkoosde storie in die vorm van ŉ boek of fliek voorsien ŉ draaiboek van hoe die interaksie tussen die self en die werksomgewing kan uitspeel (Savickas, 2011b). Alle kulture voorsien mense van mites, legendes en stories vanuit ŉ verskeidenheid bronne wat verduidelik hoe die samelewing funksioneer, asook voorbeelde van wat mense kan doen wanneer hulle probleme ondervind of in oorgangsfases in hul lewens verkeer. So kan ŉ individu aangetrokke voel tot ŉ verhaal omdat dit ŉ draaiboek verskaf van hoe om die probleem suksesvol op te los. Net soos in die geval van ŉ rolmodel, wys die hoofkarakter in die storie hoe die persoon op suksesvolle wyse moeilike en bykans onoorkomelike omstandighede hanteer. Tydens die vertel van die storie kan ŉ persoon visualiseer hoe hy of sy vorentoe kan beweeg na ŉ meer verkieslike narratief wat doelgerigte beweging na ŉ oplossing en gepaste werk koester. Die proses van die oorvertel van die storie kan transformatief wees namate iemand hom- of haarself begin sien as in staat om moeilike omstandighede te oorkom.

Lewensomstandighede verander en so ook geliefkoosde stories. ŉ Geliefkoosde boek of fliek vanuit die verlede kan dalk nie meer van toepassing wees wanneer die persoon meer onlangse uitdagings in die gesig moet staar nie. Daarom, indien ŉ persoon ŉ groot aantal geliefkoosde boeke en/of flieks rapporteer, word daar oor die algemeen aanbeveel dat daar op die mees resente een gefokus word aangesien dit meer emblematies van die huidige situasie

© University of Pretoria

of dilemma kan wees. Die frases – *wat is goed en wat is sleg? wat is die moeite werd om te doen en wat nie; wat is minder belangrik en selfs beuselagtig*?' (Taylor, 1989, p. 28) – kan ook hier heel effektief gebruik word om etiese moontlikhede te ontgin.

- ***Gunstelinggesegdes***

Die vierde vraag – *Vertel my jou geliefkoosde gesegde of leuse* – hanteer 'n geliefkoosde gesegde wat selfadvies aanbied in die vorm van die beste raad vir die hantering van lewensprobleme. Geliefkoosde gesegdes of leuses herinner individue aan maniere om hul probleme aan te spreek en meer heel te word. Geliefkoosde gesegdes of leuses verteenwoordig advies vir die self en voorsien 'n vorm van berading om uitdagings en probleme te kan hanteer (Savickas, 2011b). Regdeur 'n leeftyd word mense blootgestel aan groot hoeveelhede gesegdes, frases en stellings in 'n verskeidenheid kontekste en vanuit veelvuldige bronne. Mense word egter aangetrek na sekere gesegdes of aanhalings wat hulle kan herroep op grond van hoe goed hierdie stellings persoonlik met hulle resoneer en kwessies aanspreek wat hule in die gesig staar.

Gegewe die outoterapeutiese aard van leuses dien dit eweneens as maniere van onthou oor hoe om probleme op 'n persoonlik betekenisvolle wyse te hanteer. In die konteks van die beroepskonstruksie-onderhoud kan die leuse aantoon hoe die kliënt die volgende stap ten aansien van sy of haar beroep gaan benader en hom of haar tot aksie help motiveer (Savickas, 2011b). Selfs hier kan Taylor (1989) se etiese vrae van waarde wees en verbind word met die kliënt se motivering om tot aksie oor te gaan.

- ***Vroeë herinnerings***

Sodra die berader 'n vertrouensverhouding met kliënte opgebou het, word hulle aangemoedig om hul eerste drie herinnerings uit hul vroegste kinderjare te identifiseer en te deel in antwoord op die vyfde vraag: *Wat is jou vroegste herinnerings? Ek is geïnteresseerd om drie verhale te hoor oor dinge wat jy kan oproep wat met jou gebeur het toe jy drie tot ses jaar oud was, of so vroeg as wat jy kan onthou.* Hierdie herinnerings kan as metafore van hul mees sentrale lewensprobleem, vernaamste preokkupasie en mees dominante pyn beskou word. Volgens Savickas (2011b) weerspieël dit 'n persoon se lewensdraaiboek. Verder is Mosak en Di Pietro (2006) van mening dat, vanuit 'n groot verskeidenheid moontlike gebeurlikhede wat herroep kan word, die kliënt tipies diesulkes kies wat die relevantste vir hul huidige situasie is.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hierdie stories om spesifieke gebeure sentreer, eerder as dat dit verslae is oor gesinsroetines of breë beskrywings van vroeë lewenservarings. Met elke herinnering word die kliënt gevra om die toneel te beskryf, wat daar gebeur het en wat die resultaat was. Kliënte word addisioneel gevra wat hul emosies tydens die gebeure was, aangesien dit 'n wenk mag wees oor hoe hulle tipies voel oor die lewe of miskien die huidige kwessie wat hulle in die gesig staar. Die fokus van eksplorasie is nie om vas te stel wat die historiese feite van die storie is nie, maar eerder 'n poging om 'n persoon se selfpersepsies en interaksies met die wêreld te probeer verstaan. Die rede waarom vroeë herinnerings op spesifieke gebeure tussen die ouderdomme drie en ses fokus, is omdat

© University of Pretoria

hierdie stories gevorm word gedurende ŉ tydperk wanneer mense definieer hoe die wêreld vir hulle voorkom en hoe om daarby in te pas.

Die relevansie van vroeë herinnerings lê opgesluit in die vermoë om selfpersepsies en die kliënt se gesigspunt soos deur die verhale geartikuleer, te kan raaksien (Mosak & Di Pietro, 2006). Daarom verskaf hierdie herinnerings dikwels insig in die kliënt se sentrale belangstellings, probleme en preokkupasies wat hul persoonlike strewes en motiverings rig (Adler, 1937). Vroeë herinnerings veroorsaak nie soseer nuwe gedragspatrone as wat dit die rigting aandui wat in die toekoms geneem moet word om veilig in die wêreld te voel nie.

Terwyl die kliënt verhale van die kinderjare vertel, skryf die berader dit woordeliks neer om sodoende die betekenis wat die beskrywing van die gebeure oordra vas te vat. Om die betekenis van elke herinnering duidelik uit te klaar, werk die kliënt en berader saam om ŉ opskrif aan die verhaal toe te ken – ŉ opskrif asof dit in ŉ koerant sou verskyn. Die opskrif verteenwoordig die sentrale tema van die storie (Shulman & Mosak, 1988). Die berader gee spesifiek noue aandag aan die werkwoorde wat in die opskrifte en verhale gebruik word omdat dit aandui hoe die persoon deur die lewe beweeg. Die aksies wat in hierdie werkwoorde opgesluit lê, loop parallel met hoe die individu tipies deur die lewe beweeg.

- ***Konstruksie van ŉ lewensportret***

Nadat die berader die beroepskonstruksie-onderhoud voltooi het, behels die volgende stap, soos reeds vermeld, die verwerking van die kort verhale – soos vertel deur die kliënt (as antwoorde op die vyf vrae) – in ŉ groter verhaal om sodoende ŉ lewensportret te verskaf wat die kliënt se nuwe karakter en nuwe daadwerklikheid rekonstrueer (Savickas, 2002).

Normaalweg word die beroepskonstruksie-onderhoud in die eerste sessie uitgevoer en die lewensportret in die daaropvolgende sessie bespreek. Voor die tweede sessie hersien die berader die verhale deur die 6-staproetine te gebruik (Savickas, 2011b), terwyl die kliënt se redes vir berading (soos verkry uit die aanvanklike vraag) in gedagte gehou word. Die konstruksie van die lewensportret behels ŉ sistematiese roetine waartydens aandag geskenk word aan die kliënt se (a) probleme en preokkupasies soos onthul deur die vroeë herinnerings, (b) selfkonstruksie en oplossings vir die lewe se probleme soos blyk uit die antwoorde oor rolmodelle, (c) geskikte werksomgewings soos afgelei uit antwoorde oor tydskrifte en televisievertonings, (d) lewensdraaiboeke soos blyk uit die antwoorde oor geliefkoosde boeke en flieks, (e) advies aan die self afgelei van ŉ geliefkoosde gesegde en (f) ŉ toekomstige scenario gebaseer op die kliënt se doelwit vir berading. Tydens bogenoemde prosedure ontgin die berader temas, patrone en betekenisse wat weer aan die kliënt voorgehou word vir verdere opklaring en refleksie, aangesien beide partye daaraan werk om ŉ samehangende en betekenisvolle naratief te skep. Daar word veral aandag geskenk aan die moontlike ossilasie tussen die self en andere, aangesien dit die navorsingsprobleem belig.

Opsommend blyk dit dat Savickas (2011b) se beroepskonstruksie-onderhoud moontlik geskik kan wees om kliënte te help om sin en betekenis in hulle leef-beroep te vind (1.1.1). As ŉ narratiewe intervensie maak dit staat op verhale uit individue se lewens wat in ŉ betekenisvolle geheel saamgeweef word. Soos wat die narratief ontwikkel word, kan die

© University of Pretoria

kliënt met duidelike selfklaarheid sien waarheen die verhaal volgende neig. So ŉ innerlike rigtinggewing kan kompenseer vir die onvoorspelbaarheid en onsekerheid wat kenmerkend is van vandag se wêreld van werk.

Soos bespreek, struktureer die paradigma vir lewensontwerpberading intervensies om (a) ŉ beroep te konstrueer by wyse van klein verhale, (b) hierdie verhale te dekonstrueer en rekonstrueer in ŉ identiteitsnarratief of lewensportret, en (c) intensies te ko-konstrueer wat tot die volgende aksie of episode in die regte wêreld lei. Elkeen word vervolgens apart beskryf.

- ***Konstruksie***

Wanneer individue van hul huidige verhale vervreemd raak, begin hulle met die narratiewe prosessering van hul biografieë (Heinz, 2002). Sommige individue soek berading om hulle te help met hul identiteitwerk (Savickas, 2011b). Lewensontwerp begin by hierdie kliënte as ŉ proses waartydens hulle beide die insident wat hulle van die huidige episode van hul lewensverhaal vervreem het en die doelwitte vir die nuwe scenario wat hulle saam met die berader wil ko-konstrueer, moet beskryf (Savickas, 2012).

Die berader vra hulle dan om mikro-narratiewe of klein storietjies te vertel wat demonstreer hoe hulle hulself, hul identiteit en beroep tot nou toe gekonstrueer het. Lewensontwerpberading fokus op die vertel van verhale omdat stories konstruksie-gereedskapstukke is vir die bou van identiteite en beroepe deur middel van komplekse sosiale interaksies. Storievertellings kristalliseer wat kliënte van hulself dink en konstrueer sodoende die self. Hoe meer stories hulle vertel, hoe meer ontwikkel kliënte hul identiteite en beroepe (Savickas, 2012).

Volgens Savickas (2012) stel individue dus stories saam om gebeure in hul lewens in ŉ volgorde te kry. Elke opvoedkundige en beroepsposisie wat hulle beklee het, kan gesien word as ŉ kortverhaal in die beroepsnovelle. In beroepskonstruksieteorie verteenwoordig die volgorde van beroepsposisies as't ware ŉ vervolgverhaal, en dus die persoon se objektiewe beroep.

- ***Dekonstruksie***

Savickas (2012) verduidelik dat die verhale van kliënte in sommige gevalle dominerende verwagtings of idees insluit wat meer lewensverheffende alternatiewe onderdruk, soos byvoorbeeld selfbeperkende gedagtes, inperkende rolle en kulturele hindernisse soos geslag, ras en sosiale status. Wanneer verhale dekonstruksie vereis, kan ŉ berader met die kliënt bespreek wat ŉ verhaal veronderstel, oor die hoof sien, uitlaat, vergeet, of nie genoegsaam aanspreek nie. Die doel is om toegang te verkry tot verskillende betekenisse en nuwe kennis wat 'gestolde' inisiatiewe weer aan die gang kan kry om sodoende nuwe moontlikhede te kan open. Sodoende word die stories gerekonstrueer in ŉ groter storie, soos wat vervolgens bespreek word.

© University of Pretoria

- ***Rekonstruksie***

Savickas (2012) vermeld dat narratiewe prosessering plaasvind wanneer mikro-narratiewe oor belangrike insidente, herhalende episodes, belangrike karakters, selfdefiniërende momente en lewensveranderende ervarings versamel word. Deur met die mikro-narratiewe te werk, versamel die berader die storielyne op aktiewe wyse en verweef dit in een tapisserie om die kliënt te help om ŉ eenvormige sin van individualiteit uit te kerf. Die makro-narratief daarenteen rekonstrueer ervarings om daarvan sin te maak en om sodoende waardes, gesindhede en gewoontes in ŉ grootse verhaal oor die persoon se lewe te giet. Die persoon word ŉ karakter in ŉ wêreld wat hy of sy self gekonstrueer het. Die narratiewe identiteit onderhandel ŉ lewensverhaal oor die self as ŉ sosiale wese. Dit verleen persoonlike en sosiale sin en betekenis aan ŉ lewe namate dit ŉ toonbeeld van heelwording en vooruitgang raak.

Die makro-narratief verduidelik kliënte se verlede, oriënteer hulle in die hede en begelei hulle die toekoms in. In lewensontwerpberading beteken rekonstruksie dus om vorm aan doelwitte en optrede te gee en dit in ŉ samehangende en betekenisvolle narratiewe identiteit of lewensportret te integreer: *This inner journey traces an emotional odyssey shaped by a central conflict with its associated needs and longing* (Savickas, 2012, p. 16). Die beroepstema voorsien ŉ eenvormige gedagte wat ŉ lewe heel maak. Na gelang individue nuwe ervarings inkorporeer, gebruik hulle die implisiete tema om sin en betekenis te verkry. Wanneer individue uitdagings en ontwrigtings in die gesig staar, verleen die makro-narratief rigting en reguleer en ondersteun dit hul optrede.

Savickas (2012) noem dat die beroepstema ook ter byvoeging tot die sentrale gedagte van die verhaal onthul hoe die persoon oor tyd verander het, met ander woorde die hoofkarakter van die verhaal se verloop word oorsigtelik verbeeld. Die verloop beeld uit waar die persoon begin het, waar hy of sy nou is, en waar hy of sy graag ten opsigte van een of ander essensiële persoonlike saak wil eindig. Die proses begin met een of ander tekort of leemte wat die individu aan die beweeg bring en dan voortdryf. Gewoonlik spruit die tekort of leemte uit iets wat in die lewe gemis word, iets waarna individue ŉ verlange ervaar of waaraan hulle nood ondervind. Om hierdie beperking te oorkom of die leemte te vul, wil hulle een of ander doelwit bereik. Hulle worstel met en poog om die vrees, beperking, blokkasie of verwonding te oorkom. Mettertyd oorwin hulle die swaarkry en oorskry die tekorte namate hulle meer word as wat hulle eens was. Individue gebruik werk of ŉ beroep op hierdie wyse om meer heel en volledig te word.

- ***Ko-konstruksie***

Savickas (2012) postuleer dat nadat beraders hul kliënt se narratiewe identiteit vanuit laasgenoemde se mikro-narratiewe gerekonstrueer het, hulle (beraders) aan die kliënt ŉ konsep van sy of haar lewensportret bied wat die beroepstema en karakterverloop in tandem met die beroepstorielyn aandui. Die eerste doelwit ten opsigte van die voorlê van die lewensportret aan die kliënt is om aan hom of haar die geleentheid te bied om die makro-narratief wat deur die berader gerekonstrueer is, te oorweeg. Deur oor die lewensportret te

© University of Pretoria

reflekteer, lei dit die kliënt tipies daarna toe om die narratiewe identiteit te hersien. Hierdie hersiening behels aanpassings wat foute korrigeer en verstellings wat versoening ten aansien van ou konflikte bring – veranderings wat selfbehoud bevorder en ŉ meer optimistiese gesigspunt van die lewe ondersteun (Savickas, 2012).

Om die makro-narratief te hersien, verg egter meer as om net ŉ akkurate stem aan die kliënt se lewensverhaal te gee. Die kliënt het nodig om veranderings aan die portret aan te bring om dit meer leefbaar te maak en dit dan die toekoms in te vat. Dit is waarom die kliënt vir berading kom. Met hierdie nuutgevonde klaarheid kan die kliënt die daaropvolgende tonele visualiseer, intensies vorm en begin om tot aksie oor te gaan (Savickas, 2012).

- ***Aksie***

Savickas (2012) konstateer dat ŉ goeie verhaal oor die self kliënte aanmoedig om beroepsveranderings aan te bring terwyl hulle vashou aan ŉ self wat nou meer lewenskragtig en intensioneel is. Lewensontwerp-intervensies forseer koppeling met die toekomstige wêreld deur intensie en aksie te bevorder. Die nodige aksie is om intensies – gedrag wat met betekenis deurspek is – te verander. Aksie omsluit inherent betekenis vanuit die verlede terwyl dit ŉ persoon die toekoms invat. By wyse van aksie, nie-verbale ekspressies of besluite raak die kliënt betrokke by die wêreld (Krieshok, Black & McKay, 2009). Deur verder en dieper die wêreld in te beweeg, word die vrae wat die kliënt vir berading gebring het, beantwoord. Aksie dring die maak van die self, die vorming van identiteit en beroepskonstruksie.

Savickas (2012) stel voor dat beraders aan die einde van die konsultasie die kliënt vra of die doelwitte wat hy of sy vir berading gebring het, bereik is. Hy noem dat beraders gewoonlik met ŉ paar sinne eindig wat opsom wat gebeur het deur die geko-konstrueerde storie te konsolideer en te verduidelik hoe dit verband hou met die rede(s) waarom die kliënt berading gesoek het. Hulle kan die woorde 'spanning', 'aandag', 'intensie' en 'verlenging' gebruik om aan die kliënt die uitkoms van berading te verduidelik. Die kliënt het spanning gebring, en saam is daar by wyse van beroepsverhale aan die spanning aandag gegee. Toe is die spanning ge-rekonstrueer in intensie. As opvolg na die berading soek die kliënt ŉ soort van verlenging van die self by wyse van doelgerigte aksie wat die spanning oplos (Savickas, 2012).

Savickas (2005) glo dat praktykmaking van die beroepskonstruksieteorie kliënte kan help om ŉ gevoel van betekenisvolheid aan hul werksrol toe te ken, asook aan die belang daarvan vir hul gemeenskappe. Werk wat so beskou word, kan kliënte help om ŉ verbeterde selfbesef te verkry en om projekte vir hul toekomstige lewe in ag te neem, sowel as te ontwikkel. Die uiteindelike doel van berading vanuit hierdie perspektief is om ŉ situasie te bereik waar die werksrol ŉ gepaste selfkonsep kan ondersteun (Savickas, 2001).

- ***Faktore wat effektiewe berading beïnvloed***

Whiston en Rose (2013) formuleer ŉ vraag rondom berading vir ontluikende volwassenes, naamlik of beroepsberading effektief is, al dan nie. Brown en Krane (2000) het

© University of Pretoria

bevind dat beroepskeuseberading veral nuttig is om individue in hul sin van ŉ beroepsidentiteit te ondersteun. Genoemde navorsers het ook bevind dat die effektiwiteit van beroepsberading afhang van die bepaalde faktore wat by die berading ingesluit was. Whiston en Rose (2013) is van mening dat kennis van hierdie faktore veral belangrik is vir beraders wat met ontluikende volwassenes werk. Hulle voel dat beraders veral die vyf bestanddele wat deur Brown en Krane (2000) geïdentifiseer is, moet oorweeg aangesien die effektiwiteit daarvan deur verskeie studies ondersteun word. Die vyf geïdentifiseerde bestanddele is geskrewe oefeninge, geïndividualiseerde interpretasie en terugvoer, beroepsinligting, modellering en aandag aan die bou van ondersteuning. Die onderhawige gedeelte voorsien ŉ kort oorsig oor die vyf kritiese bestanddele soos bevind deur Brown en Krane (2000) en later uitgebrei deur Brown, Krane, Brecheisen, Castelino, Budisin, Miller & Edens (2003).

- ***Geskrewe oefeninge***

Hierdie geskrewe oefeninge of werkboeke sluit verskeie aktiwiteite in soos huiswerkopdragte, oefeninge wat aan selfanalise verwant is, en besluitnemingsaktiwiteite.

- ***Individuele interpretasie en terugvoer***

Brown et al. (2003) het substansiële ondersteuning gevind vir Brown en Krane (2000) se bevinding dat ten minste ŉ gedeelte van die beroepsberading individueel moet wees. Dit kan ooreenstem met Whiston, Sexton, en Lasoff (1998) se bevinding dat individuele beroepsberading die mees effektiewe manier van beroepsberading is.

- ***Beroepsinligting***

Die derde kritiese bestanddeel bevind deur Brown en Krane (2000) behels die gebruik van beroepsinligting binne die sessie. Om te verwag dat die kliënt toegang tot beroepskennis moet verkry, is ŉ alombekende deel van beroepsberading, en die gebruik van beroepsinligting kan teruggespoor word na Parsons (1909) se drieledige model van beroepsberading (d.i. kennis van self, kennis van die wêreld van werk, en ŉ ware redenasie oor die twee). Brown et al. (2003) het bevind dat dit krities belangrik is om die beroepsinligting in die sessie te verwerk, eerder as om die kliënt bloot aan te moedig om die inligting op eie stoom te verkry. Volgens Galassi, Crace, Martin, James en Wallace (1992) wil die kliënt inligting oor spesifieke beroepe tydens die beradingsessie bespreek en is hy of sy gewillig om buite die sessie daaroor te lees, navorsing te doen en onderhoude met individue te voer. Brown et al. (2003) het ook bevind dat terwyl dit moontlik is om die kliënt sover te kry om beroepsinligting buite die sessie te versamel, dit krities was om hulle dit tydens die sessie te laat verwerk.

- ***Modellering***

Die vierde kritiese element behels die voorsien van voorbeelde aan die kliënt van ander wat suksesvol in die maak of heroorweging van hul beroepsbesluite was. Dit kan bereik word deur heterogene groepe te skep en meer gevorderde deelnemers te hê wat hul besluitnemingsprosesse kan deel. Die modellering kan ook geskied deur gematigde

© University of Pretoria

selfonthulling van die berader of om kundiges te nader (byvoorbeeld vorige kliënte wat die besluitnemingsproses suksesvol genavigeer het). Wat ook belangrik omtrent hierdie modellering is, is dat die deelnemers hulself sien as soortgelyk aan die model, en sodoende kan die modellering meer verwant aan en bereikbaar wees vir die kliënt ( Brown et al., 2003).

- ***Aandag aan die bou van ondersteuning***

Die vyfde kritiese bestanddeel behels aandag aan die bou van ondersteuning vir die beroepskeuse of besluit wat tydens die beroepsberading geneem is. Omdat beroepskeuses of besluite nie in isolasie geneem word nie en binne omgewingskonteks geskied, het Brown en Krane (2000) bevind dat dit belangrik is om faktore en individue binne daardie konteks in ag te neem – faktore wat die kliënt se keuses óf kan ondersteun óf kan inhibeer (in ooreenstemming met Blustein (2011) se relasionele teorie van werk). Whiston en Keller (2004) het byvoorbeeld gevind dat ouerondersteuning dikwels ŉ sleutelrol speel in die beroepsontwikkeling van adolessente en jong volwassenes, veral vir bruin ontluikende volwassenes.

**2.6.3.8 ’n Sin van samehang (SVS)**

Savickas (2011c) is van mening dat beroepsontwikkeling sterk deur sielkundige eienskappe beïnvloed word. Hierdie sielkundige eienskappe sluit individue se vermoëns in om aan te pas asook om proaktief om te gaan met werksuitdagings in die globale en voortdurend veranderende werksopset. Rossier, Zecca, Stauffer, Maggiori en Dauwalder (2012) se siening sluit hierby aan en vermeld dat werknemers al meer afhanklik raak van hul eie psigo-sosiale kapasiteit vanweë gereelde beroepsoorgange, die toenemende behoefte aanaanpasbaarheid en individuele daadwerklikheid ten opsigte van beroepsbesluitnemings.

In dié verband word salutogenese as ŉ konsep van positiewe sielkunde by verskeie beroepskonsepte asook by beroepswelsyn betrek (Rothman, 2011; Savickas et al. 2009). Salutogenese definieer gesondheid as ŉ aktiewe, dinamiese, selfregulerende proses (Bengel, Strittmatter & Willmann, 2001). Een sleutelkonsep in salutogenese is ŉ sin van samehang (SVS) wat deur die vader van die salutogenese konsep, Antonovsky (1985, p. 276), soos volg gedefinieer word:

> *It is a feeling of confidence that (1) the stimuli from one's internal and external environments in the course of living are structured, predictable, and explicable; (2) the resources are available to one to meet the demands posed by these stimuli; and (3) these demands are challenges, worthy of investment and engagement.*

Die impak van spesifiek SVS op beroep en beroepsontwikkeling is die afgelope paar jaar empiries nagevors en beskryf. Tans beklee SVS ŉ sentrale posisie in die domein van navorsing met betrekking tot beroepsontwikkeling (Mayer, 2014). SVS het drie komponente, naamlik begryplikheid, bestuurbaarheid en betekenisvolheid. Begryplikheid verwys na die mate waartoe die individu stimuli as voorspelbaar, gestruktureerd en georden ervaar, sowel as dat dit kognitiewe sin maak. Bestuurbaarheid verwys na die beskikbaarheid van die individu se interne en eksterne hulpbronne om die daaglikse lewensstressore te bestuur.

© University of Pretoria

Betekenisvolheid het betrekking op die individu se persepsie dat die lewe sin maak en dat die eise van die lewe die individu se energie en toewyding waardig is.

Mayer (2014) postuleer dat beroepsberaders nodig het om berading so te struktureer dat die kliënt die proses, die doelwitte en homself of haarself binne die beradingsopset verstaan (begryplikheid). Die kliënt behoort aktief aan die besluitnemingsproses deel te neem en behoort nie oorweldig te voel of selfs dat hy of sy onderskat word nie (bestuurbaarheid). Professionele beroepsberading behoort ook te fokus op die individu se lewensoriëntering en doelwitte ten aansien van die lewe en die beroepsarena (betekenisvolheid). Sodoende word die kliënt se lewenskonsepte met betrekking tot beroepsbeplanning en besluitneming geïntegreer.

Lustig en Strauser (2008) plaas bogenoemde in die konteks van die sistemiese beradingsbenadering en noem dat beraders kliënte se begrip van die wêreld moet uitdaag, die bestuur van hul eie professionele en beroepsverwante aspekte onder kliënte se aandag moet bring en hulle moet ondersteun ten opsigte van betekenisvolle konstruksies van die werkwêreld. Hulle vermeld verder dat sistemiese beradingsbenaderings die kliënt kan ondersteun in die toelig, evaluering en restrukturering van sy of haar oortuigings ten opsigte van ŉ beroep en beroepsbesluitnemingsprosesse. Mayer (2011) voeg by dat die sistemiese beradingsbenadering oplossing-georiënteerd, salutogeneties, hulpbron-gefokus en groei-georiënteerd is, en dus ŉ groot bydrae tot beroepsberadingsbenaderings kan lewer.

Mayer en Boness (2013) benadruk dat berading onder andere die aandag moet vestig op aspekte van betekenisvolheid in terme van spiritualiteit en die ontwikkeling van ŉ gesonde organisatoriese kultuur (2.4.4). Die versterking van spiritualiteit en betekenisvolheid blyk die sleutel te wees tot die ontwikkeling van ŉ SVS en ŉ suksesvolle beroep.

SVS blyk ten slotte ŉ belangrike konsep van salutogenese te wees, sowel as ŉ nuwe erkende konsep in beroepsielkunde. Die drie komponente van SVS, naamlik begryplikheid, bestuurbaarheid en betekenisvolheid word aan die skep van individuele en organisatoriese betekenisvolheid en beroepe gekoppel. Met betrekking tot beroepsberading, behoort SVS ŉ erkende konsep in die bevordering van salutogeniese berading te wees wat beroepsbesluitneming en beroepsontwikkeling op ŉ positiewe en konstruktiewe wyse kan beïnvloed (Mayer, 2014).

### 2.6.4 Samevatting ten opsigte van die afdeling oor beroepskonstruksieteorie

Ontluikende volwassenheid blyk ŉ kritiese tydperk te wees waartydens individue ŉ self konstrueer in terme van persoonlike en beroepsbesluite wat die res van hul lewens beïnvloed. Daarom is dit moontlik dat baie ontluikende volwassenes hulp met beroepsverwante besluite en keuses benodig. Die argument is dat effektiewe beroepsberading moontlik aan hierdie ontluikende volwassenes gebied kan word deur staat te maak op die beroepsberadingsproses, asook op ŉ verdere opvolg oor die uitkoms daarvan.

Die toets lê in die kapasiteit van beroepsberaders om idealistiese jeug te kan koester; die uitdaging is opgesluit in die gesprek met ontluikende volwassenes, en die oplossing skuil

© University of Pretoria

in die belofte van ontluikende volwassenes – die belofte van ŉ toekoms met ŉ bepaalde sin- en betekenisgewing. Die toerus van ontluikende volwassenes met ŉ bepaalde sin- en betekenisgewing impliseer die katalisering van ŉ nuwe bewustheid van die feit dat ons as mens inderdaad in ŉ diepgaande *interafhanklike* en interkonnektiewe wêreld leef en dat bydraes tot die gemeenskaplike welsyn op plaaslike en globale vlak imperatief begin raak.

Malachi (2010) is egter realisties wanneer hy die uitspraak maak dat selfsugtigheid ŉ feit is van die mensdom, die begronding van die mens se ervaring en nie iets wat eintlik weg sal gaan nie. Hy brei verder uit en sê dat as sy uitspraak waar is, dan moet die transformasie van die selfsugtige persoon na ŉ selflose persoon nou op ŉ wyse geskied wat baie verskillend is van hoe dit vroeër geskied het. Malachi (2010, p. 172) maak die opmerking dat daar miskien inherent niks verkeerd is met die feit dat die mens ŉ sin van self het en dat daar ŉ mate van selfsugtigheid daaruit ontstaan nie en redeneer verder: *perhaps it is a matter of practising our selfishness in a more intelligent and enlightened manner, instead of the ignorant and self-destructive way that is so common in our present human condition.*

Malachi (2010) beskryf die ontwaking van die bewustheid van ŉ self as ŉ wonder en die mens se ervaring van ŉ eie identiteit as ŉ bron van bekoring. Die bekoring vertoef regdeur die lewe van ŉ individu en vorm as't ware die middelpunt van sy of haar lewe. Die vorming van die 'Ek' blyk uniek te wees vir elke individu en grootliks afhanklik van persoonlike geskiedenis. Die grootste veranderlike in die 'Ek'-gedagte is die kenmerkende kwaliteit van die Ek-gevoel – vir sommige individue kan hierdie gevoel een van vervreemding wees, terwyl ander ŉ dieper verbintenis met mense en die lewe sal voel. Vir sommige individue kan dit ŉ sensasie van ontneming en van 'onwaardig wees' behels, terwyl dit vir ander ŉ gevoel van groter oorvloed en selfbehoud gee. Vir baie is die 'Ek'-gedagte ŉ gevangenis gevorm deur gewoontevormende verstandelik-emosionele patrone, terwyl ander weer voel dit is ŉ versteekte skat van onskatbare waarde. Met ander woorde, Malachi (2010) kom tot die slotsom dat dit baie belangrik is om raak te sien dat die 'Ek' nie altyd iets negatiefs of belemmerend is nie, maar iets positief wat die basiese grond vir outentieke spirituele ontwikkeling vorm.

Harter (2012) vestig die aandag daarop dat indien ons bo die armoede van die outonome self sou wou uitstyg, is beelde van interafhanklikheid en vernuwende praktyke van die '*commons*' van die mees opvallende sterkpunte wat ŉ volwasse kultuur aan die wêreld van die ontluikende volwassene kan bied. ŉ Bewustheid van die heiligheid van die lewe bevestig die lewens van ontluikende volwassenes terwyl dit terselfdertyd hul deelname uitnooi aan verbintenisse wyer as blote selfbelang (in die engste definisie van die woord). Hierdie kaliber betekenisvolle belyning met die beweging van die lewe nooi ontluikende volwassenes om nie net ŉ werk, ŉ beroep of ŉ leefstyl te verbeel nie. Dit nooi hulle ook om aanspraak te maak op drome wat die vrug is van ŉ diep sin- en betekenisgewing ten aansien van doel en roeping. Dit verwelkom hul deelname in wat sommige al genoem het die 'Groot Werk van ons tyd'.

© University of Pretoria

## 2.7 TEORETIESE RAAMWERK

### 2.7.1 Inleiding

Soos reeds in Hoofstuk 1 verduidelik, is die doel van hierdie navorsing om die waarde van lewensontwerpberading te verken ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene. Ten einde ŉ teoretiese en konseptuele raamwerk te kan voorsien, word hierdie gedeelte van die navorsing ingelei met ŉ opsommende voorstelling van die literatuurstudie (Tabel 2.9), waarna twee sleutelelemente uit die skematiese voorstelling afgelei word:

**Tabel 2.9: Skematiese voorstelling van die literatuurstudie**

| Afdeling | Opsomming | Teorie |
|---|---|---|
| Ontluikende volwassenes. | Die diversiteit en kompleksiteit van ontluikende volwassenes as hoofsaaklik normatiewe fase is bespreek, asook die psigososiale invloede wat ontluikende volwassenes omgewe. As ŉ moontlike teenvoeter vir die effek van die psigososiale aanslag (individualisme, fundamentalisme, realitivisme en materialisme) is die komplekse ossilasie tussen outonomie en gemeenskap (die natuur ingesluit) onder die loep geneem. Gedagtes rakende interafhanklikheid en interkonneksie gekoppel aan bydraes tot die breër welsyn (en die planeet) is betrek. | Wetenskap van ontwikke-ling. |
| Ontluikende volwassenes en sin- en betekenis-gewing. | Sin- en betekenisgewing is beskryf as ŉ sentrale, selforganiserende en selftransenderende lewensdoelwit wat as motivering dien vir die verbinding tot en deelname aan prososiale, generatiewe gedrag. Die ontwikkeling van sin- en betekenisgewing is betrek as transformatiewe meganisme, meer spesifiek die beweging van outoriteitsgebonde vorms van betekenisgewing na ŉ interafhanklike en interkonnektiewe betekenisgewing. Kritiese denke is uitgelig. In hierdie sin word transformasie beskryf as die afstanddoening van een fase en die beweeg na ŉ volgende fase om uiteindelik by ŉ fase van voltooiing te arriveer. Sodoende word die transformasieproses aan ontwikkelingsteorie gekoppel. | |
| Ontluikende volwassenes en sin- en betekenis-gewing in die werkplek. | Sin- en betekenisgewing is uitgebrei na ‘n leef-beroep en onder die sambreelterm ‘spiritualiteit in ‘n leef-beroep’ is bespiegel oor die konstruksie van ŉ interpersoonlike en interafhanklike self. In hierdie konteks is transformasie aangeteken as ŉ beweging vanaf ŉ onkundige bewustheid (komplekse historiese prosesse wat tot en met die hede differensiasie en fragmentasie bevorder het) na ŉ nuwe bewustheid dat ons as mens inderdaad in ŉ diepgaande | |

© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | interafhanklike wêreld leef. Globalisasie blyk die oorsprong van die nuwe bewustheid te wees. | |
| Ontluikende volwassenes en hul bydraes tot die breër welsyn en die planeet. | Die self wat in die getransformeerde verstand opereer, is beskryf as 'n self wat 'n proses van individuasie en selfkonneksie (wat selfbevoegdheid, selfagting en outentisiteit insluit) bemeester het. Dit is 'n self wat bydraes kan lewer vanweë deelname aan transendensie (interkonneksie en selfverloëning) en eenwording – 'n sin- en betekenisgewing ten opsigte van 'n nuwe bewustheid van saamhorigheid en derhalwe 'n bewustheid van die behoeftes van die breër welsyn en die planeet.<br>Ten slotte is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die transformatiewe proses vanaf 'n individuele bewussyn na 'n kollektiewe bewussyn – 'n nuwe vlak van integrasie van die menslike fakulteite van kennis, liefde en wil (dit wil sê wanneer individue in staat is om eie belang aan die breër welsyn ondergeskik te stel) – selfontwikkeling en heelwording meebring.<br>Daar is ten slotte bespiegel oor die gedagte dat die konsep van transformasie beloftes impliseer van die ontluiking van ontluikende volwassenes as deelnemende landsburgers en meer nog, as toekomstige burgerskapleiers – leiers wat oor die potensiaal beskik om vanuit 'n volle-spektrum-bewussyn te opereer. | |
| Beroeps-konstruksie-teorie. | Die dieper vraagstuk wat ontstaan en 'n verdere diskoers ontlont het, was die volgende: hoe kan die outonome self van die ontluikende volwassene uitgebrei word na 'n getransformeerde self wat in die behoeftes van die breër welsyn en die planeet kan voorsien? In 'n poging om hierdie vraag te beantwoord, is daar uitgebrei oor die moontlike waarde van 'n nuwe paradigma vir beroepe, naamlik die beroepskonstruksieteorie.<br>Dit het geblyk dat die beroepskonstruksieteorie teorieë van Super, Holland en die sisteemteorieraamwerk van beroepsontwikkeling inkorporeer om 'n geïntegreerde terapie te ontwikkel wat staatmaak op 'n konstruktivistiese en sosiale konstruktionistiese benadering tot beroepsberading wat evaluering sowel as beroepsberading beïnvloed. 'n Narratiewe benadering word, onder andere, betrek. Om die kliënt te ondersteun in die ontginning van sy of haar storie, pas Savickas 'n benadering toe bekend as lewensontwerp. Lewensontwerpberading fokus op beroepskonstruksie deur die gebruik van stories oor vier | Beroeps-konstruksie-teorie. |

© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | fases heen: konstruksie, dekonstruksie, rekonstruksie, en ko-konstruksie. Tydens ko-konstruksie ontstaan ŉ makro-narratief of tentatiewe portret van die kliënt se lewe en beroepstema. As resultaat van ko-konstruksie, verkry die kliënt ŉ nuwe perspektief op sy of haar leef-beroep en is gereed om keuses te maak en tot aksie oor te gaan. | |

Twee sleutelelemente is uit die literatuurstudie verkry:

- Self- en lewenskonstruksie by die ontluikende volwassene as ŉ transformatiewe proses vanaf ŉ outonome self na ŉ uitgebreide self. In hierdie sin word transformasie beskryf as die afstanddoening van een fase en die aanbeweeg na ŉ volgende fase om uiteindelik by ŉ fase van voltooiing te arriveer. Die transformasieproses word dus gekoppel aan ontwikkelingsteorie.
- Lewensontwerpberading as ŉ benadering wat op beroepskonstruksie fokus deur die gebruik van lewensverhale oor vier fases heen: konstruksie, dekonstruksie, rekonstruksie, en ko-konstruksie. Tydens ko-konstruksie ontstaant ŉ makro-narratief of tentatiewe portret van die kliënt se lewe en beroepstema. As resultaat van ko-konstruksie verkry die kliënt ŉ nuwe perspektief op sy of haar beroepsoorgang en is gereed om keuses te maak en tot aksie oor te gaan. Die teoretiese benadering wat hier van toepassing is, is die beroepskonstruksieteorie.

Ferreira (2012) redeneer dat enige nuwe navorsing óf steun op óf in verband gebring kan word met bestaande teorieë, konsepte, konstrukte of rigtingwysers. Sy verwys na Maree en Van der Westhuizen (2009) wat ŉ onderskeid tussen ŉ teoretiese en ŉ konseptuele raamwerk tref. Volgens die genoemde outeurs voorsien ŉ teoretiese raamwerk ŉ oorsig oor perspektiewe en navorsingsresultate ten opsigte van die navorser se tema, terwyl ŉ konseptuele raamwerk ŉ tentatiewe verduideliking bied vir gebeure deurdat dit sleutelkonsepte of beginsels wat in die literatuuroorsig geïdentifiseer is, voorlopig aan mekaar koppel. ŉ Teoretiese en konseptuele raamwerk bied dus gesamentlik die nodige platform vir die beplanning van nuwe navorsing op grond van bestaande idees in die veld (Ferreira, 2012).

In die lig van bogenoemde en ten opsigte van my eie voorgenome navorsing, beoog ek om die waarde van lewensontwerpberading te verken met verwysing na selfkonstruksie by die ontluikende volwassene. Bestaande teorieë wat ŉ platform hiervoor bied, is die wetenskap van ontwikkeling, konstruktivisme, sosiale konstruksionisme en beroepskonstruksie. Hierdie begrippe word agtereenvolgens kortliks bespreek.

### 2.7.2 Die wetenskap van ontwikkeling

#### 2.7.2.1 Menslike ontwikkeling as rypwordingsaksie

Die konsep ‘ontluikende volwassene’ as ŉ ‘nuwe’ lewensfase betrek die wetenskap van ontwikkeling. Arnett (2012) gaan van die standpunt uit dat dit noodsaaklik vir navorsers is

© University of Pretoria

om oor die verskillende periodes van die lewensspan te kan kommunikeer, omdat besprekings wat uitsluitlik onder die vaandel van 'prosesse' plaasvind, spoedig struktuurloos en ondeursigtig raak. Lewensfases in menslike ontwikkeling is verder nodig omdat daar in elke lewensfase algemene kenmerke voorkom wat dit as 'n lewensfase konseptualiseer, ongeag verskillende kontekste.

Ten opsigte van my navorsing is die konsep 'lewensfase' nie net nuttig vir navorsers nie, maar ook vir ontluikende volwassenes en hul naasbestaandes, omdat dit help om te verstaan wat gedurende die ouderdomsperiode vanaf die laat tienerjare en deur die loop van die opvolgende twintigerjare gebeur. Mense in hierdie ouderdomsfase vind dikwels groot verligting en vertroosting in die besef dat onsekerheid asook uitdagings rondom identiteit algemeen in die twintigerjare voorkom en dat die pad na stabiele volwassenheid vir die meeste jongmense deesdae langer neem as in die verlede. In hierdie opsig word ontwikkeling dus beskou as 'n rypwordingsaksie en 'n ontvouiing in die gedaante van lewensfases (Patton, 2007) – 'n proses wat nie deur die individu as sodanig gereguleer kan word nie.

Soos reeds beskryf in 2.2.1[8], kan die oorgang van ontluikende volwassenheid na volwassenheid 'n tydperk wees waartydens individue verskeie ontwikkelingskwessies in die gesig staar – en baie van hierdie kwessies kan 'n beroep of werk behels. Arnett (2000) postuleer dat ontluikende volwassenheid 'n afsonderlike en onderskeidende ontwikkelingstadium is wat van adolessensie en volwassenheid verskil. Hy definieer die periode as kenmerkend van die laat tienerjare en die twintigerjare. Arnett (2000) argumenteer dat dit die tyd is wanneer die individu die afhanklikheidsfase wat tydens kindertyd en adolessensie voorkom, agterlaat, en die blywende verantwoordelikhede wat tipies deel van volwassenheid is, begin betree. Volgens Arnett (2000) is ontluikende volwassenheid 'n tydperk waartydens baie verskillende opsies moontlik is, wanneer besluite rakende die toekoms nog lank nie 'n sekerheid is nie en die omvang van onafhanklike eksplorasie ten opsigte van lewensmoontlikhede groter is as enige ander fase van die lewenstydperk.

Erikson (1968) het voorgestel dat ontluikende volwassenheid 'n fase is van identiteitsontwikkeling wanneer daar konflik tussen identiteitsverwarring en identiteitsverkryging heers. Erikson meld verder dat beroepsidentiteitontwikkeling onder andere tydens ontluikende volwassenheid begin en dat dit 'n groot deel uitmaak van identiteitsvorming wat noodsaaklik is vir die oorgang na volwassenheid. Super, Savickas en Super (1996) is van mening dat beroepsontwikkeling in tandem met die progressiewe bemeestering van ouderdomsverwante take begin manifesteer. Hulle dui aan dat ontluikende volwassenes tipies in die eksplorasiefase van beroepsontwikkeling verkeer waar hulle toekomstige beroepsopsies ondersoek en begin om voorlopige keuses te maak.

Soos ook reeds bespreek in 2.2.1[9], is ontluikende volwassenes op soek na 'n definisie van 'n self wat hulle in staat stel om saak te maak vir hulself, die gesin en die gemeenskap. Hierdie soektog dring hulle dikwels om 'n kognitiewe en emosionele fokus op die self te

[8] 2.2.1, p. 61, par 2.
[9] 2.2.1, p. 61, par 2.

© University of Pretoria

transendeer (Elkind, 1967) en om op belangrike, gewaardeerde en selfs dapper maniere tot hul wêreld by te dra.

### 2.7.2.2 Menslike ontwikkeling vanweë verhoudings, sisteme en die lewensspan

Die wedersydse invloedryke koppeling tussen individu en konteks blyk ontwikkeling oor die lewensspan aan te dryf (Warren, Lerner & Phelps, 2012) en behels die aanpasbaarheid van die individu, asook die potensiaal om te kan verander. Diverse individue[10] wat die tyd en ruimte gegun word om hul eie veelvuldige dimensies van individualiteit te verwerklik (deur byvoorbeeld blootgestel te word aan diverse perspektiewe en ervarings) sal meer buigsaam wees (beter in staat om diverse konstellasies van verhoudings te vorm asook om met diverse andere te identifiseer en potensieel te verbind). Gasset[11] in Warren (2012, p. 100) verduidelik die konsep soos volg:

> *So many things fail to interest us, simply because they don't find in us enough surface on which to live. And what we have to do then is to increase the number of planes in our mind, so that a much larger number of themes can find a place in it at the same time.*

Lerner (2004b) beweer dat die bevordering van sodanige intrapersoonlike diversiteit fundamenteel is tot die optimalisering van individue se gesondheid en indirek ook die samelewing se gesondheid (vanweë die effek van individue op hul kontekste). Die individu se diversiteit verteenwoordig dus ŉ sentrale basis vir die veerkragtigheid of plastisiteit van die algehele sisteem, en dus ook vir die potensiaal om na ŉ verbeterde status te kan verander. Die diverse persoon (vanweë sy of haar potensiële plastisiteit (Spencer, 2006) wat op verskeie gesondheid-ondersteunende wyses benader word (Benson, Scales, Hamilton & Sesma, 2006), word dus die fokus van die wetenskaplike ondersoek. Anders gestel, die salutogeniese ondersteuning van die ontwikkelingsisteem (die individu in sy of haar konteks) word die fokuspunt van die ontwikkelingsisteemteorie.

Lerner (2004a) vermeld dat ontwikkelingsistemiese denke uitgebrei kan word na jongmense, veral vanweë die konsepte plastisiteit en diversiteit (Lerner, 2004a). Daar word byvoorbeeld deur Lerner, Dowling en Anderson (2003) asook Lerner, Agans, DeSouza en Gasca (2013) voorgestel dat spiritualiteit, as ŉ aspek van diversiteit, die emosionele en kognitiewe stukrag kan verleen om ŉ fokus op die self te transendeer na ŉ fokus op bydraes tot die gemeenskap. Sodoende word die plastisiteit van die sisteem verhoog. Bjorklund (1997), Gould (1977) en Lerner (2002) beweer dat vertraging van ontwikkeling grootliks verantwoordelik is vir die vorming van komplekse en buigsame gedrag wat menslike plastisiteit of veerkragtigheid onderlê. Die verlenging van ŉ bepaalde lewensfase, soos

[10] Diverse individue kan uit twee gesigspunte beskryf word. Gesigspunt 1 verwys na variasies in genetiese eienskappe, geslag, ras, godsdiens, gesinstruktuur en kultuur wat van elke persoon ŉ unieke individu maak. Gesigspunt 2 verwys na 'intrapersoonlike diversiteit' wat neerkom op individue wat die tyd en ruimte gegun word om hul eie veelvuldige dimensies van individualiteit te verwerklik (deur byvoorbeeld blootgestel te word aan diverse perspektiewe en ervaringe). Die aanname is dat sodanige diverse individue meer 'plasties' of veerkragtig sal wees (beter in staat om diverse konstellasies van verhoudings te vorm asook om met diverse andere te identifiseer en potensieel te verbind (Warren, Lerner & Phelps, 2012).
[11] Soos aangehaal in Warshall, P. (1999). The great arsenic lobster. *Whole Earth, 13.*

© University of Pretoria

byvoorbeeld ontluikende volwassenheid, vermeerder tyd vir 'konstruksie' – deurdat die verskyning van ontwikkelingseienskappe langer neem, die tempo van verandering afneem en sodoende die bereiking van volwassenheid as't ware vertraag. Hierdie aspek, ook bekend as pedomorfies-neotene eienskappe (Gould, 1977) is veral van belang wanneer dit kom by 'aanpasbare (wedersyds, voordelige) ontwikkelingsreguleringe' wat verderaan bespreek word. Die kruks van die saak blyk te wees dat die verlengde moratorium ten opsigte van die ontwikkelingproses by byvoorbeeld ontluikende volwassenes genoegsame geleentheid bied vir die ontwikkeling van bepaalde konstruksies. In lyn met die navorsingtema is dit 'n tydperk wat benut kan word vir sin- en betekenisgewing ten aansien van spiritualiteit ('n oriëntasie om die self te wy aan gedagtes en optrede wat eie belang transendeer) – die jongmens se motivering om goeie dade te beoefen en terselfdertyd positief te ontwikkel.

Ford en Lerner (1992) het die konsep van die self↔konteks uitgebou na 'n self↔uitgebreide konteks ('n verbintenis tot die groter geheel) en noem dit 'uitgebreide ontwikkeling'. Warren (2012) het begin om die dinamiese ontwikkelingsprosesse betrokke by 'n verbintenis tot die geheel van die mensdom (soos geïnstansieer deur groot liefde-deernis (GLD) – dit is die wens vir alle mense vir vryheid en geluk en om vry te wees van pyn en lyding), uit te lig. Sy verdedig die dinamiese ontwikkelingsprosesse betrokke by 'n verbintenis tot die geheel van die mensdom soos volg.

***i Die integrale (kollektiewe) benadering***

Die persepsie van lewende entiteite as omvattende, geslote sisteme is een wyse waarop die *individualistiese paradigma* met betrekking tot die menslike natuur en interaksie uitgedruk kan word (Lee, 2002). Ondeurdringbaar vir eksterne invloede, voorsien geslote sisteme geen teoretiese basis vir verbintenis tot kollektiewe gesondheid en welsyn nie; die gesondheid van een geslote sisteem is nie van belang vir die gesondheid van 'n volgende geslote sisteem nie (Thelen & Smith, 1998, 2006). So 'n gesplete beskouing van self en die ander (Overton, 1998, 2006) rasionaliseer verbintenis tot net 'n gedeelte van die geheel, en op sy slegste, net tot 'n paar proksimale individue met wie verhouding en invloed tasbaar en voor die handliggend is. 'Die res' – aan wie ons ongemerk verbind en met wie ons as't ware saamgesmelt is – ontvang nie ons verbintenis of ons sorg nie (Warren, 2012).

Volgens Morgan (1968), Overton (2006), Tobach en Schneirla (1968) is hierdie individualistiese geloof in 'geen-invloed' van andere nie vals, aangesien dit faal ten opsigte van die waardering van die sistemiese interkonneksie van lewende sisteme en dus die onafwendbaarheid van invloed ignoreer. Volgens Ford en Lerner (1992) maak die sistemiese organisasie en ingebedheid van alle lewende entiteite, die lewende entiteite oop sisteme (Ford & Lerner, 1992) en, dus, 'integraal saamgesmelt' (Thelen & Smith, 1998). 'Om te wees', dan, 'is om verwant te wees' aan die geheel (Krishnamurti, 1992; Adler, 1927/1998; Jung, 1977). Daar is geen totale absolute breuk of skeuring tussen self en die ander nie (Overton, 1998, 2006, 2010). Daar is geen geïsoleerde deel afgesonder van die res nie. Daar is net die geheel, waar alles en almal integraal saamgesmelt is en wat alles en almal onvermydelik beïnvloed. Volgens Warren (2009) blyk die verstrengeling van alles en almal as 'n geheel, 'n teoretiese basis vir verbintenis tot die geheel te voorsien – die gesondheid van een faset van


© University of Pretoria

die algehele oop sisteem het ŉ invloed op die gesondheid van alle ander fasette. (Hierdie geïntegreerde opvatting blyk nie ŉ prominente gedeelte van die bestaande literatuur van sosiale en gedragswetenskappe te wees nie, aangesien navorsing oor gesplete/verdeelde opvattings van die mensdom die literatuur domineer (Overton, 2010).

In ooreenstemming met die geïntegreerde opvatting, bied Warren (2012) ŉ progressiewe, strukturele model van hipotetiese verhoudings tussen aanpasbare (wedersyds, voordelige) ontwikkelingsregulerings, uitgebreide ontwikkeling, en groot liefde-deernis (GLD). Warren (2012) poog hiermee om te verduidelik dat sommige scenarios ten opsigte van ontwikkeling in die verrysing van ŉ denkbeeldvormige en persoonlike styl ontstaan, gekenmerk deur ŉ verbintenis aan die geheel van die mensdom. Kwantitatiewe bevindings gebaseer op ŉ substudie bekend as die *Exemplary youth profiles in contribution sub-study* wat ontwerp is vir die primêre doel om ontluikende volwassenes in die Boston Massachusetts area se bydraes (vrygewigheid) tot die breër welsyn (as ŉ spirituele daad) te assesseer, voorsien bewyse van die verwagte, positiewe ko-variaat tussen ŉ indeks van uitgebreide funksionering en groot liefde-deernis (GLD). Waarop dit neerkom, is dat spiritualiteit ŉ belangrike onderliggende sisteem van betekenis en motivering blyk te wees vir ontluikende volwassenes wat by diensleweringsaktiwiteite betrokke is. Gebaseer op die gedagtes van die relasionele ontwikkelingsisteem van menslike ontwikkeling (Lerner, 2009) en die uitgebreide ontwikkelingsisteem (Ford & Lerner, 1992), word die dinamiese ontwikkelingsprosesse betrokke by die verbintenis tot die geheel van die mensdom in hierdie navorsing onderskraag. Die teoretiese argitektuur van hierdie werk word verder gebaseer op Warren (2012) se 'progressiewe strukturele model van hipotetiese verhoudings', soos uitgebeeld in figuur 2.2.

© University of Pretoria

**Figuur 2.2: 'n Progressiewe strukturele model van die hipotetiese verhoudings tussen aanpasbare (wedersydse, voordelige) ontwikkelingsregulerings, uitgebreide ontwikkeling en GLD**




Hierdie figuur beeld die essensiële proses van positiewe ontwikkeling of verandering by ontluikende volwassenes uit as 'n progressiewe proses en as dinamiese interaksies (wedersydse, voordelige verhoudings) tussen ontluikende volwassenes en die meervlakkige kontekste waarin hulle gebed is. Die geskakeerde gedeelte dui op die wedersyds voordelige interaksie tussen self en konteks, terwyl die res van die figuur die dinamiek van die struktuur verbeeld. Die wedersyds voordelige interaksie (geskakeerde gedeelte) behels 'n self (as intrapersoonlike diversiteit) in konteks (bestaande uit diverse vlakke van organisasie). Die trefkrag (positiewe ontwikkeling of verandering) van die proses is eerstens afhanklik van die intrapersoonlike diversiteit van die individu en tweedens van die aanpasbare (wedersydse, voordelige) verhouding tussen self en konteks, bekend as die plastisiteit van die sisteem. Diverse individue sal by implikasie meer plasties wees. Die diversifisering van die self

© University of Pretoria


geskied by wyse van ŉ uitbreiding van die self (byvoorbeeld groei in spiritualiteit, en in hierdie geval, groot liefde-deernis (GLD) en dui op die potensiaal van die sisteem – hoe groter die diversifisering, hoe groter die potensiaal van die sisteem, naamlik positiewe veranderings en positiewe ontwikkeling. Dit impliseer dat positiewe ontwikkeling by die self en gevolglike en progressiewe positiewe veranderings met betrekking tot die konteks, doelbewus bevorder kan word. Waar wedersyds voordelige interaksie dus dui op progressie van die self in konteks (geskakeerde gedeelte), dui funksie op die proses van die uitbreiding van die self (gedeelte buite die geskakeerde gedeelte). Die inhoud van uitgebreide ontwikkeling (diversifisering van die individu) kan enige formaat aanneem (gespikkelde gedeelte) en is in hierdie geval GLD (groter liefde-deernis).

Met betrekking tot die fokus van hierdie navorsing, is die werksaanname dat positiewe ontwikkeling in die self en positiewe verandering in die konteks meegebring word wanneer die doelbewuste diversifisering van die ontluikende volwassene ŉ wilsbesluit in prososiale en generatiewe gedrag[12] (by wyse van lewensontwerpberading) omsluit (figuur 2.3). Opsommend geskied positiewe ontwikkeling en positiewe verandering as ŉ progressiewe proses (in die vorm van geleidelike en sistematiese vooruitgang) tydens aanhoudende wedersyds-voordelige transaksies tussen diverse individue en die veelvoudige kontekste waarin hulle ingebed is.

[12]Generatiewe gedrag dui op die taak om die volgende generasie te kan lei en voor te kan gaan by wyse van effektiewe ouerskap, onderrig, raadgewing, leierskap en betrokkenheid by ’n wye reeks aktiwiteite gemik op die nalaat van ’n positiewe erflating vir die volgende generasie (McAdams, 2013).

© University of Pretoria

**Figuur 2.3: ’n Progressiewe strukturele model van die hipotetiese verhoudings tussen aanpasbare (wedersydse, voordelige) regulerings, uitgebreide ontwikkeling (’n relasioneel-morele self) en prososiale gedrag (bydraes tot die breë welsyn)**




Met betrekking tot figuur 2.2 en met verwysing na selfkonstruksie by die ontluikende volwassene (die fokus van die onderhawige navorsing), dui figuur 2.3 op die fokus van my spesifieke navorsing. Met ander woorde, ek vervang GLD met prososiale en generatiewe gedrag. Hiermee bedoel ek dat die wilsbesluit om in gedagtes, idees en optrede te belê (iets wat eie belang transendeer by wyse van die bevordering van ’n relasioneel-morele self), eindelik die motivering word om onbelemmerde prososiale en generatiewe gedrag teenoor andere en die omgewing te aktiveer. Dit is gedurende hierdie interaksies dat ’n ontluikende volwassene iets betekenisvol kan ervaar en hy of sy ’n groeiende sin van transendensie kan beleef – iets wat ’n onomkeerbare transformasie kan meebring. Sulke ervarings van transendensie voorsien sin en betekenis aan en motiveer ontluikende volwassenes om by te dra tot die breër welsyn, wat op sy beurt positiewe veranderings in hul gesitueerde konteks

© University of Pretoria

meebring. Soos reeds vermeld, is die verlengde periode van ontluikende volwassenheid beskikbaar vir ontluikende volwassenes om tyd en ruimte vir die uitspeel van pedomorfiese-neotene eienskappe (Gould, 1977), en uitgebreide ontwikkeling-veranderings (Ford & Lerner, 1992) toe te laat. Die optimalisering van uitgebreide ontwikkeling (die ontwikkeling van prososiale en generatiewe gedrag, oftewel die konstruksie van ŉ relasioneel-morele self) is dus afhanklik van die benutting van die verlengde jeug-moratoriumfase, aangesien die psigososiale repertorium van die individu uitgebrei moet word. Diverse individue dien as't ware as hulpbronne in die samelewing aangesien hulle vanweë hul aanpasbare ontwikkeling-regulerings (prososiale en generatiewe gedrag) in staat is om hoë vlakke van vennootskappe te sluit. Hierdie aanpasbare, wedersydse, voordelige regulerings bevoordeel terselfdertyd die groter geheel, die breër welsyn oftewel die kollektiewe.

Figure 2.2 en 2.3 beeld dus ontwikkeling uit as prosesse wat gelyktydig plaasvind, naamlik a) ŉ individu se vermoë om te kan aanpas (as ŉ selfregulerende, wedersyds-voordelige proses), b) uitgebreide ontwikkeling van ŉ 'self' na 'konteks' (wat die 'ander' insluit) by wyse van diversiteit en plastisiteit, en c) bevordering van groot liefde-deernis (GLD) of prososiale en generatiewe gedrag, soos verkry uit verskeie sosiale en wetenskaplike velde (o.a. die ontwikkelingsteorie, die sosiale sielkunde, persoonlikheidsielkunde, evolusionêre sielkunde, kognitiewe sielkunde, transpersoonlike sielkunde, en humanistiese sielkunde (Warren, 2012). Opsommend kom dit daarop neer dat diverse individue aan wie genoegsame tyd en ruimte voorsien word om hul veelvoudige dimensies van individualiteit te realiseer (deur diverse ervarings te hê, blootgestel te word aan diverse perspektiewe, en dus ŉ diverse psigososiale repertorium te bekom), meer plasties sal wees – beter in staat om met diverse ander te identifiseer asook om hulself potensieel beter aan diverse ander te verbind.

### 2.7.2.3 Samevatting van ontwikkelingteorie

Die nuutste en leidende opvattings oor menslike ontwikkeling dui aan dat die basiese prosesse van sistematiese ontogenetiese verandering gereguleerde wedersyds-voordelige verhoudings tussen self en konteks behels, en as verhoudings tussen self ↔ konteks verteenwoordig word (Lerner, 2002, 2006). Ontwikkeling word dus uitgebeeld as wedersydse dinamiese interaksies tussen die self en die meervlakkige kontekste waarin die self gebed is (Lerner, 2002; Lerner & Kauffman, 1985). Geen enkele of unieke veranderlike is die oorsaak van menslike ontwikkeling nie. Veranderings in die konfigurasies van die verhoudings is die oorsaak van ontwikkeling. Sulke dinamiese interaksies tussen/onder veranderlikes beteken dat menslike lewe deur relatiewe plastisiteit gekenmerk word, of oor die potensiaal beskik vir sistematiese verandering in *alle* manifestasies en kontekste van die mensdom (Brim & Kagan, 1980; Lerner, 2004b).

ŉ Ontluikende volwassene se individuele motivering of wilsbesluit om tot die samelewing by te dra, met die gepaardgaande sin- en betekenisgewing wat ŉ transformasie (transendensie of spiritualiteit asook positiewe ontwikkeling) genereer, is dikwels ŉ resultaat van die dinamiese verhouding tussen ŉ ontluikende volwassene se biologiese, sielkundige en sosiokulturele eienskappe (Warren et al., 2012). As sodanig stem die genoemde outeurs saam dat dit belangrik is om sulke gedrag by ontluikende volwassenes te bevorder.

© University of Pretoria

### 2.7.3 Konstruktivisme en sosiale konstruksionisme

Kontemporêre en postmoderne teorieë soos die konstruktivisme en sosiale konstruksionisme word as ŉ gereguleerde verstandelike proses beskou. Betekenisse verrys uit die voortdurende vloei of patroon van sosiale gedrag soos vertoon oor tyd en binne konteks. Vorms van simboliese interaksie, byvoorbeeld die gebruik van taal (dialoog), word ingesluit (Lyddon, 1995, in Patton, 2007). Menslike ontwikkeling is met ander woorde ŉ individuele kognitiewe proses (konstruktivisme) wat van fisiese deelname aan sosiale prosesse en interaksie (sosiale konstruksionisme) afhanklik is en herhalend van aard moet wees.

Collin en Guichard (2011) bevorder in soortgelyke verband die sielkundige konseptualisering van die 'self' as ŉ dinamiese, veranderlike konstruktiewe sisteem, met ander woorde ŉ self wat verstandelik gekonstrueer en derhalwe (by wyse van taal en gesprekke) ontwikkel kan word. Sosiale prosesse en interaksie speel dus ŉ belangrike rol in die konstruksie van die self. In hierdie verband (soos reeds in 1.4.3.2 vermeld) beskou Gergen (1991) die self as ŉ 'relasionele self', terwyl Parker (2007) na 'die self-in-morele-konteks' verwys. Deur die onsekerheid en uitdagings van ontluikende volwassenes tydens die ontwikkeling en konstruksie van ŉ eie identiteit in ag te neem, asook ag te slaan op die rol van sin- en betekenisgewing in die konstruksie en ontwikkeling van ŉ geïntegreerde en gerigte 'self' (1.4.1), verskaf konstruktivisme en sosiale konstruksionisme die potensiaal vir ŉ mate van beheer oor die ontwikkeling van ŉ stabiele self.

Twee verskillende konstruktivistiese benaderings – narratiewe berading en beroepskonstruksieteorie – word by beroepsberading toegepas (Sharf, 2013). In die narratiewe benadering word die kliënt as ŉ aktiewe deelnemer in ŉ storie beskou. Savickas se 8-stapstrategie waarvolgens vorm aan ŉ lewensportret gegee kan word (Maree, 2013b), toon aan hoe kliënte hul eie beroepstorie kan verstaan en sodanige begrip tot die aktiewe strukturering van hul eie toekomstige beroepe kan aanwend. Die beroepskonstruksieteorie (Savickas, 2002, 2005, 2011b, 2012) inkorporeer teorieë van Super, Holland en die sisteemteorieraamwerk van beroepsontwikkeling om ŉ geïntegreerde terapie te ontwikkel. So ŉ terapie maak staat op ŉ konstruktivistiese en sosiale konstruktionistiese benadering tot beroepsberading wat evaluering sowel as beroepsberading beïnvloed. Die geïntegreerde terapie word vervolgens bespreek.

### 2.7.4 Beroepskonstruksieteorie

Die beroepskonstruksieteorie voorsien ŉ teoretiese raamwerk rondom beroepsgedrag, asook ŉ beradingsmodel en metodes waarmee individue tot selfvoltooiing en sosiale bydraes by wyse van werk ondersteun kan word (Savickas, 2002; 2005a, in Hartung, 2007). Hierdie teorie berus verder op biografisiteit en identiteitswerk, wat daarop neerkom dat ŉ essensiële self nie *a priori* bestaan nie, maar as ŉ lewensprojek gekonstrueer word. Vanuit hierdie gesigspunt word die self as ŉ storie beskou (Savickas, 2011b). Daar word klem gelê op die vertel van stories (lewensverhaal) waardeur die kliënt die berader op samewerkende wyse as ŉ aktiewe agent in die konstruksie of ontwerp van ŉ toekomstige beroepstorie kan betrek (Patton & McMahon, 2006, in McMahon, Watson, Chetty & Hoelson, 2012). Die individu

© University of Pretoria


konstrueer ŉ storie wat die self se ervarings in sosiale rolle en verhoudings as ŉ eenheid en ŉ kontinuïteit verduidelik (Savickas, 2011b). Dit help die kliënt om betekenis uit lewenservarings te put en tydens hierdie proses word die holistiese, kulturele en kontekstuele aard van beroepe herken en aangewend (Watson & McMahon, 2005, in McMahon et al., 2012).

Beroepskonstruksie konsentreer op selfkonstruksie by wyse van ŉ storie gegrond op veral werk en ander verhoudings – die aanname is dat daar geen plaasvervanger vir ŉ gegronde sin van self is nie. Beroepskonstruksie vereis ŉ wetenskap van intervensie wat op die ontwerp van ŉ lewe gerig is (met die gepaardgaande besluite van hoe om werk in daardie lewe te gebruik) en staan as lewensontwerpberading bekend.

Ten opsigte van my navorsing verskaf die wetenskap van ontwikkeling, konstruktivisme, sosiale konstruksionisme en beroepskonstruksieteorie ten slotte ŉ platform vir die verkenning van die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van die konstruksie (en ontwikkeling) van ŉ (relasioneel-morele) self by die ontluikende volwassene. Vervolgens word die verwantskap tussen die konsepte in die vorm van ŉ konseptuele raamwerk aangedui. Hierdie konseptuele raamwerk (figuur 2.4) help my as navorser om my fokus op die navorsingstema te behou deurdat die sleutelkonsepte of beginsels wat uit die teoretiese raamwerk geïdentifiseer is, visueel met mekaar in verband gebring word.

© University of Pretoria

**Figuur 2.4: Konseptuele raamwerk**




© University of Pretoria

In ooreenstemming met die navorsingtema word daar in figuur 2.4 gefokus op die verband tussen lewensontwerpberading en selfkonstruksie by die ontluikende volwassene. Laasgenoemde word verbeeld as die konstruksie van ŉ self-in-konteks, en meer spesifiek as ŉ relasioneel-moreel en aanpassende self wat op die konteks gerig is en in die behoeftes van die breër welsyn wil voorsien. Die redes vir die keuse van ŉ relasioneel-morele en aanpasbare selfkonstruksie is deur die literatuurstudie uitgewys as van waarde met betrekking tot sin- en betekenisgewing vir die ontluikende volwassene en die meer diepliggende transformasieproses. Uit die literatuurstudie blyk ook die moontlikheid dat die transformasieproses in konstruktiewe, rekursiewe, positiewe ontwikkeling en verandering kan kulmineer, nie net vir die ontluikende volwassene nie, maar ook vir die samelewing.

Met verwysing na lewensontwerpberading, is die doelwit om die waarde daarvan by die konstruksie van ŉ relasioneel-morele en aanpasbare self te ondersoek. Narratiewe berading as deel van lewensontwerpberading word betrek en daarmee word gepoog om by wyse van die koöperatiewe ontginning van die kliënt se narratiewe, vars etiese moontlikhede bloot te lê wat die kliënt se persoonlike verhaal met die psigososiale konteks (plaaslik en globaal) kan verbind. Die beroepsberader het dus ŉ meer kontekstuele gesigspunt van die kliënt se identiteit, gedrag en ontwikkeling, en is in staat om die kliënt te help om sy of haar persoonlike verhaal te verbind met die psigososiale konteks waarvandaan hy of sy kom en waarheen hy of sy op nuwe wyse sal terugkeer. In hierdie opsig is beroepsberading ŉ kortstondige ontmoeting tussen kliënt en berader met die fokus op die ontwerp van ŉ nuwe prososiale en generatiewe leef-beroepstyl, ŉ lewe wat Warren (2012) beskryf as die verrysing van ŉ denkbeeldvormige en persoonlike styl.

Die langtermynpotensiaal van beroepsberading lê opgesluit in die ontluikende volwassene se beoefening van sy of haar relasioneel-morele selfkonstruksie wat op ŉ daaglikse basis in die behoeftes van die breër welsyn kan help voorsien. Die relasioneel-morele selfkonstruksie verteenwoordig dus die integrasie van alle relasioneel-morele interaksies (self↔konteks) oor tyd heen en veral in omgewings of situasies wat prososiale en generatiewe bydraes verg. Implisiet word daar in die totstandkoming van ŉ relasioneel-morele self erkenning verleen aan die integrasieproses wat op die talle weë van aanhoudende onderhandeling plaasvind – ŉ unieke, rekursiewe, tweerigting verwantskap – tussen die relasioneel-morele self en sy of haar konteks. Identiteit word die spieëlbeeld van aanhoudende, dinamiese en relasionele aksie; ŉ vertoning van voortdurende wedersydse voordelige aanpassing tussen gewer en ontvanger. Daar is dus ŉ intieme verband tussen die maniere waarop die ontluikende volwassene ŉ relasioneel-morele self konstrueer en die wyse waarop hy of sy optree, met ander woorde, sy of haar prososiale en generatiewe gedrag. Terselfdertyd vind daar konstruktiewe ontwikkeling en verandering (transformasies) plaas in die self en die konteks wat by die onderhandelings betrokke is. Soos reeds vermeld, dien diverse individue (relasioneel-morele selwe) as't ware as hulpbronne in die samelewing, aangesien hulle vanweë hul aanpasbare ontwikkeling-regulerings (d.i. prososiale en generatiewe gedrag) in staat is om hoë vlakke van vennootskappe te sluit. Hierdie aanpasbare, wedersyds-voordelige regulerings bevoordeel terselfdertyd die groter geheel, die

© University of Pretoria

breër welsyn oftewel die kollektiewe, en kan dus transformasie op verskeie vlakke (self en konteks) inisieer.

### 2.7.5 Samevatting van hoofstuk 2

In hierdie hoofstuk is die literatuurstudie, sowel as die teoretiese raamwerk waaruit die studie onderneem word, ondersoek. Die moontlike waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene is onder die loep geneem. Dit blyk dat ŉ relasioneel-morele (kollektiewe) self verskeie voordele vir die ontluikende volwassene (veral ten aansien van sin- en betekenisgewing en ŉ sin van samehang), asook vir die samelewing (veral ten aansien van prososiale en generatiewe gedrag) inhou. Sin- en betekenisgewing, asook ŉ sin van samehang geskied by wyse van die verstaan van ŉ individu se beroepsnarratief (wat die totale beroepsontwikkelingsproses impliseer by wyse van lewensontwerpberading), en kan met ŉ geïndividualiseerde konstruksie van ŉ self verbind word. Die ontluikende volwassene se self word dus as't ware onderhandel in ŉ gesprek tussen kliënt en beroepsberader waartydens kritiese denke gestimuleer, ŉ toekomstige leef-beroep verwek, en ŉ persoonlike styl geaktiveer kan word.

### 2.7.6 Beskrywing van en vergelyking met die YDS-program in die Wes-Kaap

Met verwysing na die navorsingtema en literatuurstudie, is lewensontwerpberading ŉ kortstondige proses (wat wel van tyd tot tyd herhaal kan word) met ŉ langtermyngevolg. Sonder persoonlike verandering kan jongmense nie 'ontwikkel' nie en sonder veranderings in hul omgewing is enige sukses ten aansien van individuele verandering gedoem om kort van duur, moeilik om te onderhou, en tydelik met hoë omsette van residivisme te wees. Lewensontwerpberading is hoogstens wat die konsep sê: die ontwerp van ŉ nuwe lewe. Die lewensvatbaarheid daarvan hang af van veelvoudige faktore. Verder het dit uit die literatuurstudie geblyk dat die ontwikkeling van prososiale en generatiewe gedrag opgesluit lê in die moratorium van die ontluikende volwassenheidsfase wat oor ŉ tydperk van ongeveer ŉ dekade geskied. Tyd en konteks speel dus ŉ groot rol in die suksesvolle konstruksie van ŉ relasioneel-morele en aanpasbare self.

Dis teen hierdie agtergrond dat ek met groot belangstelling die Wes-Kaapse inisiatief ten aansien van die strategie vir jeugontwikkeling (*Western Cape Youth Development Strategy 2013 – YDS*) wat in September 2013 deur die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling uitgerol is. Dié strategie onderskraag die waarde van transformasie ten aansien van ontluikende volwassenes se gedrag, asook hul sosiale konteks, met ŉ dringendheid wat die tydsfaktor aanspreek. In die eerste plek het die passie en verbintenis van meneer Albert Fritz by my oortuigings aanklank gevind en ek haal aan: *Helping young people to develop socially, cognitively, and physically is probably the most valuable investment that governments can make to drive social inclusion and reduce poverty* (MEC Albert Fritz, DSD, Foreword to Annual Performance Plan, 2012-2013, p. 5). Hierbenewens het sy breër uitkyk my beïndruk deurdat hy vermeld dat dinge verskillend aangepak moet word, met ander woorde dat daar nuut gedink moet word. My belangstelling is verder geprikkel deur die feit dat bepaalde elemente in die betrokke strategie met my

© University of Pretoria

navorsing ooreenstem en dus, na my mening, as ŉ goeie barometer vir die relevansie en haalbaarheid van die huidige navorsing dien. Derhalwe volg daar nou ŉ kritiese evaluering van hierdie hoofstuk, teen die agtergrond van die voorgestelde Wes-Kaapse strategie. Ek lig veral die belang van transformasie, die ontwikkeling van jeugleiers (met ŉ geïntegreerde morele en burgerlike identiteit) en lewensontwerpberading uit.

Die strategie is ontwikkel na aanleiding van ŉ paar weldeurdagte en visionêre insigte. Dit blyk dat die Wes-Kaapse jongmense (14–25-jariges) deel uitmaak van ŉ 'jeug grootmaat' wat die oorgrote meerderheid van die provinsiale bevolking vorm. Hierdie groep kan óf as ŉ 'demografiese bate' óf as ŉ 'demografiese tydbom' gesien word, afhangende van die 'lens' waardeur dit ondersoek word. Die mate waartoe hierdie jongmense binne die volgende dekade ŉ 'bate' of ŉ 'bedreiging vir sosiale stabiliteit' gaan wees, gaan afhang van die mate waartoe hul huidige, beperkende lewensgeleenthede geoptimaliseer word via die ontwikkelingsprosesse wat hulle sal deurgaan. Gegewe hul huidige jong ouderdomme, is die proses wat oor die volgende dekade gaan ontvou, net so belangrik soos die geantisipeerde uitkomste en resultate daarvan. Planne wat nou doelbewus in plek gestel word, sal grootliks bepaal wat in die volgende dekade gaan gebeur.

Die strategie plaas ŉ Teorie van Verandering (TVV) in die middel van die raamwerk op grond van die oortuiging dat verandering die sentrale kataliseringsfaktor in jeugontwikkelingsprosesse is. Volgens die strategie staan die ontwikkeling van jeugleiers verder sentraal in die hantering van langtermynuitdagings. Jeugleierskap, soos verstaan in terme van sosiale ontwikkeling, gaan nie oor noue 'rolmodel'-konsepsies van leierskap nie, maar eerder oor die verbetering en vermeerdering van ŉ verskeidenheid dienste, ondersteuning, en verskillende geleenthede wat vir jongmense as leiers van verandering in hul gemeenskappe beskikbaar is – eerstens as jongmense en later as volwassenes. Die ontwikkeling van jeugleiers staan sentraal ten opsigte van jeugdeelname in hul eie ontwikkelingsprosesse, hul gemeenskap en die breër samelewing. Namate die leierskapvermoëns en bevoegdhede van jongmense ontwikkel word, sal dit oor tyd heen ŉ fundamentele impak hê op die sosiale instellings waarmee hulle interaksie het. Dit sal ook mettertyd kumulatief lei tot die transformasie en verandering van die negatiewe plaaslike landskappe en omgewings wat soveel bydra tot die verskillende uitdagings wat jongmense tans teister.

Op ŉ veel kleiner skaal, maar in ooreenstemming met die essensie van die strategie, blyk dit uit my beoogde navorsing se literatuurstudie dat gegronde teoretiese raamwerke ŉ goeie wegspringplek is: *'the needs for evidence-based means to address the challenges of the 21st century will coalesce to make Kurt Lewin's (1951, p. 169) quote that 'There is nothing so practical as a good theory' an oft-proven empirical reality'*. In verband met hierdie aanhaling van die outeurs van die *Western Cape Youth Development Strategy* (2013) was my literatuurstudie in wese 'n ondersoek of die wetenskap van ontwikkeling as ŉ wyse kan dien waarop sosiale regverdigheid bevorder kan word, en of dit dalk 'n beduidende lens kan word waardeur die toekomstige bydraes van die wetenskap van ontwikkeling beskou kan word. Hiermee saam blyk beroepskonstruksieteorie individue te ondersteun met ŉ nuwe perspektief van hul leef-beroepskonstruksies wat hulle voorberei om keuses te maak en by bepaalde

© University of Pretoria

aksies betrokke te raak. Meer spesifiek het die literatuurstudie uitgewys dat lewensontwerpberading gemik is op die doelbewuste en intensionele bekwaammaking van ontluikende volwassenes vir gesonde, bevredigende en produktiewe lewens.

Dit blyk verder uit die literatuurstudie dat die twee teoretiese raamwerke in die volgende opsigte hand aan hand kan werk: om die voordele vir die individu en die samelewing in die persoon-konteks-verband te onderhou, moet die berading ŉ morele oriëntering by die ontluikende volwassene bevorder dat die goeie by wyse van bydraes tot positiewe persoon-konteks-verbande geskep word. Dit moet ook ŉ verbintenis promoveer waardeur individuele burgers begin om die instellings van die burgerlike samelewing op te bou. Wanneer ontluikende volwassenes hulself as moreel-verbinde betrokkenes in die bou van die burgerlike samelewing verstaan, en wanneer hulle as gevolg daarvan ŉ transendente sin van die belangrikheid in die lewe as ŉ verbintenis aan iets van blywende aard of buite die beperkings van hul eie bestaan, begin beleef, is hulle in staat om agente te wees van beide hul eie, gesonde ontwikkeling asook die positiewe bevordering van ander mense en aspekte van die samelewing.

Met verwysing na die tema van my navorsing, naamlik ontluikende volwassenes en hul selfkonstruksies, die volgende: gegewe die noodsaaklike rol van ŉ geïntegreerde morele en burgerlike identiteit en ŉ spirituele sin- en betekenisgewing ten opsigte van die gesonde ontwikkeling van jeug en hul gemeenskappe, is dit krities om openbare beleid en gemeenskapsaktiwiteite (bv. gemeenskapsgebaseerde programme vir die jeug) in lyn te bring met die ondersteuning van so ŉ identiteit. Een so ŉ model vir die ontwerp van die persoon-konteks-sisteem waardeur hierdie ontwikkeling kan plaasvind, behels die navolg van ŉ visie van ŉ model van sogenaamde jeugkafees as een van die kerninisiatiewe van die strategie ten opsigte van jeugontwikkelingsprogramme. ŉ Jeugkafee is ŉ eenstopmiddelpunt waar jongmense oor sosiale skeidings heen bymekaar kan kom en toegang het tot dienste, geleenthede en ondersteuning deur die publieke en private sektore. Sulke hulpbronne sluit in ŉ gesonde begin, ŉ veilige omgewing, opvoeding vir bemarkbare vaardighede, die geleentheid om 'terug te gee' aan die gemeenskap (om die gemeenskap te dien), asook vryheid van vooroordeel en diskriminasie.

ŉ Verbintenis ten opsigte van optrede – moreel en spiritueel – in ŉ wêreld buite die self, sal hierdie jongmense aanmoedig om vir toekomende geslagte ŉ samelewing na te laat wat gekenmerk word deur sosiale gelykheid en demokrasie, asook ŉ wêreld waarin jongmense kan floreer. Dit blyk dus dat my navorsing ŉ bydrae kan lewer tot die wesenlike omsetting van teorie na aksie, aangesien lewensontwerpberading bydra tot ŉ konsep waar ontluikende volwassenes op hul eie kan dien as rolspelers in die skep van ŉ bevorderlike omgewing waarin jongmense kan floreer.

© University of Pretoria

# HOOFSTUK 3

# DIE NAVORSINGSPROSES EN -METODOLOGIE

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die elemente van die navorsingsproses wat in die studie gevolg is in meer besonderhede bespreek. Dit sluit in die paradigmatiese perspektief, navorsingsontwerp en -metodologie (data-insameling- en data-analisetegnieke), asook die kwaliteitsversekering van die studie. My rol as navorser en die etiese maatreëls wat gedurende die navorsing gevolg is, word kortliks bespreek. Die potensiële betekenis van die studie en uitdagings waarvoor daar voorsiening gemaak is, word ook kortliks vermeld.

## 3.2 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF OP DIE NAVORSINGSPROSES

ŉ Paradigmatiese perspektief verwys na die wyse waarop die navorser die wêreld beskou en omvat sekere aannames (Maree & Van der Westhuizen, 2009). Maree en Van der Westhuizen (2009) verwys na Hitchcock en Hughes (in Cohen, Manion & Morrison, 2001) wat drie lense aanbeveel as dit kom by die ondersoek van navorsingpraktyk. Hierdie drie lense is ontologiese aannames[13] wat die basis van die navorser se epistemologiese aannames[14] vorm wat op hul beurt die metodologiese oorweginge help bepaal. Laasgenoemde is weer behulpsaam by besluitneming ten opsigte van navorsingsinstrumente en metodes van data-versameling. Vervolgens word uitgebrei op hierdie navorsingstudie wat in ´n interpretivistiese paradigma ingebed lê en sekere ontologiese en epistemologiese aannames propageer.

### 3.2.1 Interpretivistiese paradigma

#### 3.2.1.1 Bewustelike evolusie

Proponente van interpretivisme debatteer dat menslike ervaring net vanuit die gesigspunt van mense verstaan kan word. Realiteit is dus ´n sosiaal gekonstrueerde verskynsel en daarom is daar veelvuldige realiteite (Henning et al., 2004; Nieuwenhuis, 2007, in Morgan & Sklar, 2012). Lombardo (2007, p. 2) betrek die konsep 'individuele bewussyn' en konstateer dat daar ’n evolusionêre vloei gekoppel kan word aan die aard daarvan – hy beskou bewussyn as ’n fasiliteerder van evolusie vanweë die skepping van idees, uitvindings, produkte en persoonlike identiteite: *We exist in the flow of evolution and the flow of evolution exists within us. Both individual consciousness and collective human reality are dynamic,*

---

[13]Sosio-ekologiese sisteme (Folke, Hahn, Olsson & Norberg, 2005) verander vanweë ko-evolusie tussen sosiale en ekologiese komponente (Norgaard, 1994). Evolusionisme postuleer dat fisieke realiteit oeroud is en beide verstand en bewussyn verrys progressief oor tyd vanuit hierdie fisiese substraat (Kaufmann, 2010); soos wat die fisiese wêreld in kompleksiteit ontwikkel, ontwikkel bewussyn en verstand (Tipler, 1994). Lombardo (2011, p. 3) betrek die konsep '*ecological resiprocalism'* en postuleer dat daar ’n ontologiese interafhanklikheid tussen bewussyn en die fisiese wêreld bestaan – geeneen kan sonder die ander bestaan nie.

[14]Kennis word deur observasie en interpretasie verkry (Neuman, 2000). Die ervaring van self-observasie skep ’n bewussyn van self, maak betekenis moontlik en dra by tot die skep van gemeenskaplikheid en dus kultuur, en is ’n deurlopende proses (Gargiulo, 2013).

© University of Pretoria

*developmental, future-directional, purposeful and creative*. In aansluiting hierby blyk dit dat die begrip dat lewe op hierdie planeet aarde ’n intergekonnekteerde sisteem is, een van die grootste ontdekkings van die kontemporêre wetenskap is (Aczel, 2003; Greene, 2011; Kumar, 2008, Seife, 2007). Lombardo (2007) reken dat wat in die toekoms verwag kan word, ’n evolusie proses is waar ’n wedersydse beïnvloeding van die mens en sy of haar wêreld ter sprake is, met die mens as fasiliteerder. Sy oorwoë mening is vervolgens dat die ‘goeie’ binne die realiteit van ’n resiproke (’n dinamiese en interaktiewe) evolusie proses gerealiseer kan en moet word.

Seligman (2012) vermeld dat ‘die goeie’, histories gesproke, daardie aspekte is wat die mense se welstand bevorder – die sogenaamde ‘goeie lewe’. Hy beskryf welstand, onder andere, as dit wat uitnemend en ideaal is binne die menslike toestand of aard – gekoppel aan die mens se realiteit en ’n holistiese teorie van welstand wat menslike karakter en deugde betrek. Volgens Seligman (2012) blyk die omarm en betrek van kwaliteite soos selfontwikkeling en gemeenskaplike harmonie in ooreenstemming te wees met ’n dinamiese en evolusionêre gesigspunt van realiteit – die menslike realiteit ingesluit.

Lombardo (2007) stel die konsep ‘toekomstige bewustheid’ bekend en beskryf dit as die somtotaal van ’n geïntegreerde stel sielkundige vermoëns wat mense gebruik in die antisipering, begryping, benadering, hantering, skepping en regie van die toekoms. Met verwysing na die ‘self’ en die ‘self-narratief’, vermeld Szasz (2011) die volgende: *People often say that this or that person has not yet found himself. But the self is not something that one finds. It is something that one creates*. Die aard van die self word deur Lombardo (2007) beskryf as agent, sentrum, integrasie, verteller, gehoor en koördineerder van bewustheid – ’n noodsaaklike objek van bewustheid (self-bewustheid) – en is dus in staat om ’n groeiende self-reflektiwiteit en selfbeheer te midde van die heelal, te bevorder. Die self versterk evolusie by wyse van selfbewustheid, selfbeheer, ontwikkelde sielkundige vermoëns en sin- en betekenisgewing: die self skep die self by wyse van die deurlopend-toekomsgerigte, self-reflektiewe verhaal (werklik en ideaal) wat die self vir die self vertel oor die self.

Ten slotte betrek Lombardo (2007) die konsep ‘wysheid’ en definieer dit as die hoogste uitdrukking van self-ontwikkeling, die sintese en toepassing van die deugde van ’n verhoogde toekomstige bewustheid. Dit is die voortdurende ontwikkelde begrip van en fassinering met beide die groter prentjie en persoonlike dimensies van die lewe, van wat belangrik, eties en betekenisvol is, en die begeerte en kreatiewe vermoë om hierdie begrip toe te pas om die welsyn van lewe te verbeter, vir die self en vir andere. Molz en Edwards (2013) verwys na die samelewing se mega-krisis as hoofsaaklik eties, sielkundig en sosiaal en Lombardo (2007) vermeld dat ’n positiewe benadering en visie wat die goeie toekoms definieer (wat dinamies en holisties is) en in lyn is met deugde en wysheid, noodsaaklik is. Sodanige groot verhaal sal die konteks voorsien vir persoonlike narratiewe en lewens wat ’n bydrae kan lewer tot ’n eeu van wysheid as sentrale morele imperatief.

In lyn met die voorafgaande, is die gedagte dat mense betekenis konstrueer en dus hul eie realiteit – ′n standpunt wat tot die ontwikkeling van sosiale konstruksionisme gelei het –

© University of Pretoria

reeds deur Kelly in 1955 ontwikkel (Chen, 2007) en word vervolgens kortliks onder die loep geneem.

**3.2.1.2 Sosiale konstruksionisme**

Die sosiale konstruksionistiese gesigspunt word benader vanuit die perspektief dat mense by wyse van taal realiteit skep en dat veelvuldige waarhede bestaan (Collin & Guichard, 2011). Volgens genoemde outeurs is die sosiale konstruksionistiese tradisie aan postmodernisme verwant – die redenasie van voorstanders van die postmodernisme is dat daar geen universele waarheid is nie en dat dit die rol van die wetenskap is om verskillende aannames en diskoerse wat in die wêreld opereer, bloot te lê of te openbaar (Remenyi, Swan, & Van den Assem, 2011). In hierdie opsig asook in die konteks van die onderhawige navorsing, is die konsepte ‘bewustheid’ asook ‘bewustelike evolusie’, konsepte wat deur kontemporêre sosiale wetenskaplikes huidig onder die loep geneem word (Gidley, 2013; Molz & Edwards, 2013; Ornstein & Ehrich, 2000).

Die interpretivistiese perspektief berus op die volgende aannames (Rubin & Rubin, 2012).

*i* *Die aard van realiteit*

Betekenisse en begrippe is meervoudig: individue en groepe sien en interpreteer realiteit deur hul eie lense. Begrip is subjektief.

*ii* *Die tipe kennis wat verlang word*

Die doelwit is om spesifieke gebeurtenisse, prosesse, of kulture te beskryf vanuit die oogpunt van die deelnemers. Kwalitatiewe tegnieke word gebruik. Daar word belanggestel in strydende en oorvleuelende weergawes van realiteit; baie waarhede is moontlik.

*iii* *Die rol van die navorser*

Die navorser is ’n respekteerbare luisteraar of observeerder van ander mense se wêrelde wat erken dat sy of haar eie inslag affekteer wat bevind word:

> *In this model, you don’t have to be neutral, but you do need to know what your biases are and how they may influence your research. You need to take steps to recognize your own expectations and learn how to listen to someone whose understandings are radically different from your own* (Rubin & Rubin, 2012, p. 20).

*iv* *Implikasies van bevindings*

Beskrywings en analises koester begrip van politiese, sosiale en kulturele prosesse en praktyke; bevindings mag relevant wees vir teorie of mag die basis wees van voorgestelde aksie.

© University of Pretoria

Volgens die interpretivistiese paradigma is die doel van die navorsing dus nie om menslike gedrag in terme van universeel geldige wette of veralgemening te verduidelik nie, maar om gedrag te verstaan en betekenisse te interpreteer wat alledaagse menslike gedrag onderlê (De Vos, Strydom, Fouché, & Delport, 2011; Mouton, 2001).

## 3.3 NAVORSINGSONTWERP

My navorsingsontwerp is kwalitatief van aard en behels ´n gevalstudie waarop hier onder uitgebrei word.

### 3.3.1 Eienskappe van die navorsingsontwerp

#### 3.3.1.1 Modus van ondersoek

Navorsers kan ´n kwalitatiewe, kwantitatiewe of multi-metode ondersoekmodus toepas (Maree & Van der Westhuizen, 2009). Die soort of kombinasie moet duidelik beskryf word en die geselekteerde metode moet by die navorsingsvrae pas om te verseker dat die navorsingsvoorstel oor interne geldigheid beskik (Punch, 2005).

***i Inleiding***

Kwalitatiewe navorsers onderneem ŉ indringende ondersoek ten opsigte van ´n probleem en vir hierdie rede word ´n kleiner steekproef gebruik. Feite word in die vorm van ´n beskrywing aangebied – data word dus by wyse van woorde en illustrasies versamel en aangebied, eerder as deur middel van statistiek (Fraenkel & Wallen, 2006, in Maree & Van der Westhuizen, 2009). Aangesien my navorsing die verstaan en interpretasie behels van betekenisse wat gedurende ´n interaksie (tussen my as navorser en ´n ontluikende volwassene) blootgelê word (´n interpretivistiese/konstruktiewe benadering – sien 1.6, p. 19, par. 3), ressorteer dit onder die kwalitatiewe paradigma.

***ii Die kwalitatiewe paradigma***

Volgens Merriam (2009) is kwalitatiewe navorsing *interested in understanding how people interpret their experiences, how they construct their worlds, and what meaning they attribute to their experiences*. My navorsing fokus dus op die begryp en beskrywing van deelnemende individue in hul natuurlike omgewing en konteks (Nieuwenhuis, 2007). Die proses is induktief aangesien betekenis tydens die navorsingsproses opgebou word eerder as dat ŉ teorie of hipotese bewys wil word (Merriam, 2009; Fraenkel & Wallen, 2006).

Ek beoog om met my kwalitatiewe benadering insig te verskaf in die etiese moontlikhede en meer spesifiek in die relasioneel-morele verhoudinge van ontluikende volwassenes in die werkplek. Anders gestel, met behulp van ´n kwalitatiewe benadering beoog ek om ´n groter insig te verkry in ontluikende volwassenes se konstruksie van ´n self in tandem met hul keuse van ´n beroep. (Die bewustheid van wat goed is en goed kan wees –wat in hul narratiewe ontbloot word – word aangewend om ´n bydrae tot die breër welsyn te lewer). Ek beoog ook om ´n holistiese prentjie te voorsien van die interaksie tussen al die ander subsisteme (lewensrolle en verskillende leefkontekste) wat tydens die konstruksies van ´n beroep, en derhalwe ´n self, betrokke is.

© University of Pretoria

Soos reeds vermeld, is my navorsingsontwerp kwalitatief van aard en gaan dit ´n gevalstudie behels vir redes wat vervolgens verskaf word.

*iii Gevalstudie*

Gevalstudie navorsing is ´n benadering tot navorsing eerder as ´n navorsingsmetode op sigself (Willig, 2008, in Morgan & Sklar, 2012). Die onderskeidende kenmerk van ´n gevalstudie is dat dit ´n verskynsel ondersoek wat ´n begrensde sisteem het (Merriam, 2009; Stake, 2005) en deur Merriam (2009) as die 'eenheid van analise' beskryf word.

Die doel met my intrinsieke, instrumentele gevalstudie is dus om meer te wete te kom oor 'n persoon of verskynsel (in hierdie geval, die ontluikende volwassene as relasioneel-morele beroepskonstrueerder en gemeenskapsburger of -leier) waardeur spesifieke sake dan verder bevorder kan word (Creswell, 2013). 'Gevalle' kan mense, gebeure, instansies of selfs programme insluit. Multidimensionele data rakende die ontluikende volwassene as relasioneel-morele beroepskonstrueerder sal versamel en geanaliseer word. Die tipiese kenmerke van my gevalstudie kan dus (vanuit ´n interpretiewe perspektief) beskryf word as ´n strewe na ´n uitgebreide begrip van hoe ´n deelnemer in ´n spesifieke konteks geposisioneer is en optree, en watter betekenisse die deelnemer toeken en verwerf ten opsigte van die fenomeen wat bestudeer word (Nieuwenhuis, 2007).

Soos reeds vermeld, is die 'geval' wat in hierdie navorsing bestudeer gaan word, die ontluikende volwassene as relasioneel-morele beroepskonstrueerder en gemeenskapsburger of -leier. Gepaste data-insamelingstegnieke en data-analise is verder van belang in hierdie navorsing en word nou verder bespreek onder die opskrif 'navorsingsmetodologie'.

## 3.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 3.4.1 Seleksie van deelnemende individue

Soos hierbo aangedui, is dit die doel van kwalitatiewe navorsing om ´n grondige beskrywing van ´n verskynsel te formuleer (Creswell, 2011). Die seleksie van ´n geskikte eenheid vir analise moet dus verband hou met die navorsingsvraag, konseptuele raamwerk, die metodologie wat gebruik word, asook die doel van die navorsing (Creswell, 2011; Mouton, 2001). Seleksie moet ook verseker dat die fenomeen waarin die navorser belang stel uit die ondersoek na vore sal kom (Miles & Huberman, 1994 in Punch, 2005).

Twee tipes seleksie gaan in hierdie navorsing gebruik word (Creswell, 2011; Fletcher & Plakoyiannaki, 2010; Nieuwenhuis, 2007; Stake, 2005; Strydom & Delport, 2002): Gerieflikheidseleksie, wat impliseer dat individuele deelnemers vanuit ´n gerieflike omgewing gekies word (Maree & Pietersen, 2010), en doelgerigte seleksie, wat vereis dat die navorser spesifieke grense stel om sodoende die doelwitte van die navorsing en die navorsingsvrae te ondersteun (Punch, 2005). Die navorser moet dus´n goeie idee te hê van hoe die omstandighede van die deelnemers moet lyk en oor watter spesifieke eienskappe hulle moet beskik (Strydom & Delport, 2002).

© University of Pretoria

Dit is in die geval van my studie belangrik dat die deelnemer ´n behoefte aan lewensontwerpberading moet hê, aangesien die persoonlike voordeel wat inherent aan deelname is, sy of haar betrokkenheid by die proses sal bevorder. Ontluikende volwassenes wat beroepsleiding vanaf sielkundiges, onderwysers of ander relevante rolspelers versoek, sal vir moontlike deelname aan die navorsing oorweeg word. Slegs deelnemers wat aan die spesifieke, idiosinkratiese seleksiekriteria voldoen, sal uiteindelik vir die navorsing gekies word.

Soos reeds verskeie kere vermeld, sal die doel van die navorsing wees om die waarde van lewensontwerpberading te ondersoek ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene. Lewensontwerp blyk ´n langtermynkwessie te wees en word gekonseptualiseer as ´n lewenslange selfkonstruksieproses wat in veelvoudige lewensrolkontekste (waarvan ´n beroep een is) ingebed is. Daarteenoor is lewensontwerpberading, soos elders reeds genoem, ´n korttermyn-, narratiewe benadering wat by wyse van refleksie op lewensverhale, lewenstemas blootlê en sosiale bydraes promoveer as konstrukte vir lewensontwerp en lewensprojekte (Savickas et al., 2009, 2011b). Tydens die ontginning van die lewenstemas word gepoog om terselfdertyd moontlike waardes ten opsigte van die ‘goeie’ te ïdentifiseer en te prioritiseer. Die voorgenome pad na die realisering van die goeie tydens die ‘doen van ŉ beroep’, hoe dit ookal sy, word dan in die nuwe relasioneel-morele narratief verweef.

Die proses steun op die ko-konstruksie van betekenis ten opsigte van die deelnemer se lewensontwerp by wyse van die gebruik van sosiale dialoog en meer spesifiek, eksplorasie van ´n nuwe morele horison by wyse van evaluerende taal (2.6.3.2.i, p. 105). Die spesifieke aspekte wat in die lewensontwerpproses betrokke is, word vervat in ses algemene stappe en staan bekend as die Lewensontwerpmodel (Savickas et al., 2009).

Stap een

Die probleem word omskryf en die resultate wat die deelnemer hoop om te bereik, word geïdentifiseer. ’n Werkverhouding word gevestig tussen deelnemer en berader soos wat hulle begin om doelwitte vir berading te formuleer – die berader moedig die deelnemer aan om by wyse van lewensverhale, die geskiedenis van die probleme wat geadresseer moet word, te beskryf. Gedurende die proses moedig die berader refleksie op storie temas en betekenisse aan om sodoende die groter konteks van elke probleem te bepaal. Die fokus is nie net op een konteks nie; die dialoog moet die deelnemer help om bewus te word van al die domeine van sy of haar lewe.

Stap twee

In die tweede stap ondersoek deelnemer en berader die kliënt se huidige scenario deurdat die deelnemer geleentheid gebied word om oor die self te reflekteer en hoe die deelnemer in sy of haar lewensdomeine funksioneer. Die berader moedig die deelnemer aan om op die huidige scenario te reflekteer en dit te skulpteer deur ervaringe en verwagtinge, aksie en interaksies, verhoudinge teenoor andere en toekomstige verwagtinge te artikuleer.

Stap drie

© University of Pretoria

Die teiken van die derde stap in die proses is om nuwe perspektiewe te open. Deur lewensverhale te vertel, kan die deelnemer iets wat implisiet is verander na iets wat eksplisiet is – meer objektief en opvallend. Hierdie aksie verskaf aan die verhale meer substansie en werklikheid omdat die deelnemer die verhaal vanaf ’n afstand kan bestudeer. Die hersien van eie verhale veroorsaak dat die deelnemer veelvuldige perspektiewe van sy of haar eie verhale kan insien. Met die ondersteuning van die berader, kan die deelnemer verhale wat stilgemaak was, weer herleef en in ’n nuwe perspektief oorvertel omdat ondersoek kan word of die deelnemer se drome verpletter was en/of enige keuses moes opgee. By wyse van gesamentlike ontdekking en hersiening, kan verhale herorganiseer en hersien word en dus ’n nuwe lewe gegee word.

Stap vier

Die volgende stap sien toe dat die berader en deelnemer die probleem in die konteks van ’n nuwe verhaal kan plaas. (Sentraal tot die proses is die plaas van die probleem in ’n nuwe perspektief). Deur dit te doen, word die deelnemer bemagtig om aan hom- of haarself vanuit ’n nuwe of toekomstig verwagte identiteit, te dink. Die resolusie van probleme en die verandering by die deelnemer begin wanneer die kliënt ‘n moontlike self artikuleer wat voorheen onduidelik was. Hierdie stap is die resultaat wanneer die deelnemer, ou en nuwe identiteite integreer.

Stap vyf

Die volgende stap sien die berader en deelnemer besig om aktiwiteite te spesifiseer wat die nuwe identiteit kan aktualiseer. Ten einde die identiteit meer konkreet te maak, moet die kliënt ’n plan van aksie stipuleer oor hoe om betrokke te raak by nuwe ervaringe. Hierdie aktiwiteite kan die deelnemer beweeg van die huidige self na die begeerde self. Tiedeman in Savickas et al. (2009) verwys na hierdie beweging as doelgerigte aksie. Metodes oor hoe om huidige of potensiële versperrings te hanteer, moet in die plan ingebou te word. Die vertel van die verhaal behoort die ondersteuning van belangrike gehore soos vriende, ouers, vennote en wie ook al ’n goeie gehoor kan wees, te betrek aangesien dit die verhaal meer duidelik en meer samehangend sal maak. Die plan van doelgerigte aksie behoort die probleem wat die deelnemer aanvanklik na die konsultasie proses gebring het, te adresseer.

Stap ses

Hierdie stap sluit beide kort- en langtermyn opvolgaksies in. Kwaliteitsversekering vereis dat die berader die uitkoms van konsultasie evalueer en, soos wat nodig is, addisionele konsultasie verskaf.

Savickas et al. (2009) se Lewensontwerpmodel kan aangepas word om te voldoen aan die idiosinkratiese behoeftes van individuele deelnemers. In die onderhawige navorsing sal die deelnemer en navorser deur die ses stappe werk in ses weeklikse sessies van ongeveer twee ure elk (asook opvolgsessies), soos opgesom in Tabel 3.1.

**Tabel 3.1: Verloop van die beradingsessies**

© University of Pretoria

| Sessie | Lewensontwerpintervensie | Voorgenome inhoud van sessies | Verwagte uitkomste |
|---|---|---|---|
| 1 | Die probleem word gedefinieer en die resultate wat die deelnemer hoop om te bereik, word geïdentifiseer. | Die doel van die navorsing, asook toestemming daartoe word met die deelnemer uitgeklaar – laasgenoemde word gevra om die toestemmingsvorm te teken.<br><br>Die deelnemer word vriendelik versoek om ŉ joernaal op te stel wat ŉ refleksie moet wees van gedagtes, gevoelens en ervaringe tydens die beradingsproses en tussen die beradingsessies (die deelnemer word ingelig dat die joernaal aan die einde van die beradingsproses ingehandig moet word).<br><br>Die navorser bevestig die kwessie van vertroulikheid van inligting.<br><br>Daarna word die deelnemer se doelwitte vir berading uitgelig met die inleidende vraag: **In watter opsig kan ek vir jou bruikbaar wees met die konstruksie van ŉ beroep?**<br><br>Maree (2010c) se Beroepsbelangstellingsvraelys met 19 beroepskategorieë word uitgegee en verduidelik, waarna die vraelys saam met die deelnemer voltooi word.<br><br>Die voltooide vraelys word vervolgens gebruik as basis vir ŉ gesprek rondom tentatiewe voorkeurberoepe en die moontlikheid dat die breër welsyn tydens die beoefening | Deelnemers word eerstens by wyse van die skep van ŉ 'uitnodigende' omgewing gemotiveer om aan die lewensontwerp-intervensieprogram deel te neem. Verder is die doel van die aktiwiteit die identifisering en verkenning van die deelnemers se belangstellings en die rol van welwillendheid (na aanleiding van hul opinies en begrip van hul eie lewenservarings). Daar word gehoop dat die deelnemers selfkennis sal opdoen by wyse van insigte wat hulle verkry in sake wat vir hulself en in die breër konteks betekenisvol kan wees. |

© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | daarvan bedien kan word.<br><br>Aan die einde van die sessie word die sessie kortliks deur die navorser opgesom, die deelnemer word georiënteer ten opsigte van wat in die volgende sessie(s) gaan gebeur en herinner aan die joernaal waarin die eerste sessie se refleksies alreeds aangeteken moet word. Die deelnemer word vriendelik versoek dat die refleksies tuis gedoen moet word. | |
| 2 | Die deelnemer en navorser ondersoek die deelnemer se huidige scenario. | Die sessie begin met ŉ herhaling van die deelnemer se doelwitte vir berading en ŉ hersiening van die tentatiewe beroepe wat in die vorige sessie na vore gekom het, met die opsie om terselfdertyd ook die breër welsyn te dien.<br><br>Die versoek word herhaal dat die deelnemer sy of haar joernaal na afloop van die huidige sessie moet aanvul met insigte, gevoelens, ensovoorts, wat gedurende die huidige sessie verwerf is en ontstaan het.<br><br>Vervolgens begin die ko-konstruksie van ŉ beroep (in die vorm van ŉ nuwe lewensverhaal) met behulp van die beroepsonderhoud: vyf **primêre domeinvrae word gestel (1.1.4).**<br><br>In die proses word die selfkonsep aan ŉ voorkeurberoepsomgewing gekoppel, terwyl sentrale | |

© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | lewensprobleme en fiksasies van die kinderjare terselfdertyd uitgesorteer word.<br><br>ŉ Lewensleuse word ingespan om as hefboom te dien om ŉ nuwe hoofstuk in die lewensverhaal te begin. **Die etiese moontlikhede in die narratiewe word deurentyd ko-konstruktief ontgin.** | |
| 3 | Die deelnemer en navorser ondersoek die deelnemer se huidige scenario. | Die etiese moontlikhede in verdere narratiewe word verder ko-konstruktief met die hulp van lewensberadingstegnieke ontgin.<br><br>Voorbeelde hiervan is ŉ tydlyn, video-insetsels en 'n collage wat die deelnemer in die lewe wil bereik; wat die deelnemer verwag van die gemeenskap en wêreld waarin hy of sy leef; en wat die bydrae is wat hy of sy tot die gemeenskap en die wêreld kan maak. | Daar word aan deelnemers die geleentheid gebied om sin en betekenis aan hul eie lewens te verskaf. Deur die verlede en die hede (van hul eie lewens sowel as dié van die mensdom) in aanmerking te neem, kan hulle lewenstemas identifiseer wat met toekomstige ideale verweef word en waarin die aanspreek van die behoeftes van die breër welsyn, asook oplossings vir die samelewing se dilemmas opgesluit lê. |
| 4 | Nuwe scenarios word geopen deurdat die navorser die deelnemer se storie in ŉ nuwe perspektief vertel en saam met die deelnemer hersien. | Die navorser verbind die betekenisse wat tydens die deelnemer se beroepstorie-onderhoud en verdere assessering bevind is met die aanvanklike rede vir berading: die aanvanklike leef-beroepstorie word in ŉ | Die doel van hierdie aktiwiteit is om ŉ geleentheid te skep waartydens die deelnemers hul nuwe lewensverhale kan vertel. Inherente |

© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | duidelike karakterskets met ŉ beroepstema omskep.<br><br>Die deelnemer word weer eens gevra om refleksies na die sessie in die joernaal neer te skryf. | lewenstemas word gekoppel aan kwessies wat persoonlike sowel as sosiale sin- en betekenisgewing verskaf. |
| 5 | Die probleem word in ŉ nuwe storie geplaas. | Na aanleiding van inligting wat uit die vorige sessies verkry is, word daar binne die raamwerk van ŉ makronarratief of lewensportret gesamentlik ŉ nuwe beroeps- en lewensverhaal geskep wat betekenisvol en sinvol is en wat bydraes tot die breër welsyn insluit (met die beroep as sentrale punt). Sodoende word gepoog om´n relasioneel-morele self te konstrueer wat vir elke deelnemer uniek is.<br><br>Die deelnemer word weer gevra om refleksies na die sessie in die joernaal neer te skryf. | |
| 6 | Spesifiseer aktiwiteite wat die deelnemer in praktiese optrede kan omskakel. | Die plan konsentreer op aksies wat direk die kwessies aanspreek wat die kliënt vir berading gebring het. Super et al., (1990) (in Savickas (2011) se model) benoem die opeenvolgende aksies wat betrokke is, as kristallisasie (die passing tussen self en ŉ moontlike beroep), spesifikasie (ŉ meer gevorderde ondersoek van spesifieke stukkies inligting) en aktualisering (die keuse word werklik gemaak deurdat die deelnemer dit gaan uittoets).<br><br>Die deelnemer word gevra om | Die doel is om die deelnemers te mobiliseer ten aansien van stappe ter oplossing van hul aanmeldingsredes binne die meer holistiese prentjie (lewensportret) wat deur deelnemer en navorser onderhandel word. |

© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | ŉ finale reflektiewe opstel tydens die sessie te skryf oor hoe sy of haar deelname aan die lewensontwerpberadingsproses hom of haar persoonlik bevoordeel het. Hierdie opstel word na die sessie ingeneem. | |
| 7 | Opvolg. | Korttermyn- en langtermynopvolgaksies word beplan – indien nodig, hersiening van die uitkomste van die eksplorasie en die maak van tentatiewe volgende besluite. | Die doel is om, indien nodig, verdere ondersteuning te verleen ten opsigte van punt 5 hierbo. |
| 1-6 | Joernaalinskrywings. | Die deelnemers word versoek om oor aspekte van hul ervarings ten opsigte van die intervensieprogram te reflekteer en dit neer te stip (o.a. oor emosies wat opwel terwyl hulle enige van die take voltooi; asook gedagtes en beelde rakende hulself en hul lewens wat verrys). | Die doel met die refleksies tydens joernaalinskrywings is om aan die deelnemers dieper insigte te verskaf aangaande hul leefwêrelde. Sodoende kan hulle lewenstemas identifiseer om uiteindelik ŉ meer samehangende en sinvolle beeld rakende hulself en hul lewens te skulpteer. |

My navorsing sal ses gevalstudies vanuit die 'nuwe-lewensfase'-groep – die sogenaamde ontluikende volwassenes – behels. Ek beoog om drie vroulike en drie manlike deelnemers in te sluit wat uit die blanke, swart en bruin bevolkingsgroepe in Suid-Afrika gekies sal word. Die seleksiekriteria is die volgende:

- Die deelnemers moet tussen die ouderdomme 18 en 30 wees.
- Hulle moet uit die middel- en hoërklas inkomste omgewing kom.
- Deelnemers moet ŉ behoefte aan beroepsberading hê.

© University of Pretoria

- Hulle moet geletterd en verbaal genoeg wees om ŉ konstruktiewe bydrae tot die navorsingsprojek te lewer (akademiese prestasie en ŉ onderhoud sal gebruik word om te bepaal of die kandidaat geskik is al dan nie).
- Deelnemers moet hulself bereid verklaar tot deelname aan die lewensontwerpberading intervensie.

Die rasionaal agter hierdie keuse is dat ontluikende volwassenes uit beide geslagsgroepe in al drie hierdie bevolkingsgroepe voorkom en dat ek in my beroep as opvoedkundige sielkundige met al drie bevolkingsgroepe en geslagte te doen kry. My doelwit is om na die veld te gaan en data-ryke deelnemers te kies waarna ek wil toelaat dat die fenomeen ontvou, naamlik om die waarde van lewensontwerpberading in hierdie ses ontluikende volwassenes se konstruksies van ´n relasioneel-morele self te ondersoek.

Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke wat gedurende die ondersoek aangewend sal word, word vervolgens bespreek.

## 3.5 KWALITATIEWE DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE

Data-insameling en data-analise geskied as ŉ aanhoudende, sikliese proses gedurende kwalitatiewe navorsing, wat dit amper onmoontlik maak om hierdie twee elemente as afsonderlike fases van die navorsing te onderskei. Dit impliseer dat data-insameling, -prosessering, -analise en -verslaggewing ineengeweefde aktiwiteite gedurende die navorsingsproses is (Nieuwenhuis, 2007). Die gebruik van veelvuldige tegnieke (Niewenhuis, 2007; Cohen et al., 2001; Fraenkel & Wallen, 2006) wat tot ´n holistiese begrip van die deelnemer sal bydra en wat die navorser van geleenthede om data te verifieer sal voorsien, word in Tabel 3.2 uiteengesit.

**Tabel 3.2: Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke**

| Data-insamelings-tegniek | Beskrywing van data-insamelingstegniek | Dokumenterings-metode | Dataformaat |
|---|---|---|---|
| Opvoedkundig-sielkundige intervensie met behulp van lewensontwerp-berading. | Die intervensie steun op die krag van outobiografiese storie. Die aanname is dat advies vir lewensuitdagings binne die individu lê. Lewenstemas en subtemas in lewensverhale word samewerkend deur deelnemer en navorser by wyse van vyf domeinvrae blootgelê en ingespan om 'werk' as ŉ instrument van self-maak en self-heling te fasiliteer. | Oudio-visuele opname met verbatim transkripsies. | Video, transkripsies. |

© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Deelnemers ondersoek onder andere die geleentheid om vir hulself en andere om te gee – hulle ondersoek die waarde daarvan om tyd vir liefde, die gesin, familie, die gemeenskap en die samelewing in te ruim. Die proses vind plaas by wyse van refleksiewe self- en beroepskonstruksie (Savickas, 1998; Maree DVD, 2012b). | | |
| Een-tot-een-onderhoude (ko-konstruktiewe gesprekke). | Sodanige onderhoude blyk volgens Seabi (2012) die mees belangrike gereedskapstuk te wees vir data-insameling in kwalitatiewe navorsing. Oop vrae word gevra in ŉ poging om meer te leer uit die idees, oortuiginge, gesigspunte en opinies van die deelnemer.<br><br>Die geskikste tipe onderhoud blyk in hierdie geval ŉ semi-gestruktureerde onderhoud te wees, *neither fully fixed, nor fully free and commonly viewed as flexible* (Seabi, 2012, p. 89). ŉ Gesprekstyl word dus binne die raamwerk van gedefinieerde vrae gevolg. | Oudio-visuele opname met verbatim transkripsies. | Video, transkripsies. |
| Observasie. | Volgens Seabi (2012) is observasie ŉ sistematiese proses van data-insameling wat steun op die navorser se vermoëns om data by wyse van die sintuie te versamel (gehoor, gesig, tas, reuk, smaak). Die deelnemer se optrede, houding, ens. word gedurende interaksie met die navorser waargeneem. Gegewe die feit dat observasie subjektief is, behoort die navorser van sy/haar | Notas gemaak tydens die sessies, asook tydens die bestudering van video's na en tussen die sessies; opstel van ŉ reflektiewe joernaal. | Geskrewe notas, reflektiewe joernaal. |

© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | persoonlike vooroordele bewus te wees. | | |
| Navorsingsjoer-naal. | Burns (2000) motiveer die insluiting van 'n joernaal as 'n manier waarop persoonlike gedagtes en professionele aktiwiteite neergeskryf word wat kan bydra tot die opklaring van moontlike patrone deurdat dit helder, deursigtige inligting verskaf. | Navorsingsjoernaal deur die navorser opgestel. | Persoonlike ervaring gedurende die navorsing-sessies. |
| Deelnemers-joernaal (reflektiewe opstel). | Deelnemers aan die onderhoude word gevra om 'n reflektiewe opstel te skryf oor hoe hul deelname aan die lewensontwerpberadingsproses hulle persoonlik bevoordeel. Die deelnemer sal gevra word om na elke sessie oor eie gedagtes, gevoelens en ervaringe aangaande die proses te reflekteer. | Navorsingsjoernaal deur deelnemer opgestel. | Persoonlike ervaring gedurende die navorsing-sessies. |
| Ander databronne. | Maree en Van der Westhuizen (2009) verwys onder andere na die inhoud van e-posse en kbd's (kommunikasie tussen die navorser en deelnemer) wat moontlik ook as geskikte databronne kan dien. | Navorser reflekteer op inhoud van e-posse en kbd's en inkorporeer refleksies in die navorsers-joernaal. | E-posse en kbd's. |

Die navorsingsvrae moet ook gekoppel word aan die data-insamelingstegnieke (Maree, 2009) en word verbeeld soos wat in die onderstaande tabel weergegee word.

**Tabel 3.3: Die koppel van navorsingsvrae aan die data-insamelingstegnieke**

| Navorsingsvraag | Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke | Doel |
|---|---|---|
| Wat is die waarde van lewensontwerpberading vir die ontluikende volwassene ten opsigte | Een-tot-een-onderhoude, (ko-konstruktiewe gesprekke), observasies, joernale (navorser en | Bepaal:<br>i die etiese moontlikhede (die belewing van 'n sin vir wat goed is) in die narratiewe van |

| | | |
|---|---|---|
| van sy of haar selfkonstruksie? | deelnemer), e-posse en kbd's. | ontluikende volwassenes;<br><br>ii hoe die ontginde etiese moontlikhede van ontluikende volwassenes in 'n siening van die lewe as 'n ontluikende storie ('n nuwe lewensverhaal) verweef kan word, en tot watter mate;<br><br>iii of die verkenning van die nuwe morele horison (integrasie van die konsep van dienslewering plus die uitbreiding van die sin van 'n eksterne verbintenis met mede-menslikheid en die planeet) 'n bydrae tot selfontwikkeling en heelwording gelewer het. |

Ten slotte moet daar struktuur en betekenis aan die versamelde data verskaf word (De Vos, 2000). Derhalwe word data-analise die volgende punt van bespreking.

## 3.6 DATA-ANALISE

Merriam (2009) beskryf data-analise as ´n proses wat gebruik word om die navorsingsvrae te beantwoord en derhalwe sin uit al die data te probeer maak. Dit betrek konsolidasie, reduksie en interpretasie van wat deelnemers te sê gehad het en van wat die navorser gesien, gehoor en gelees het – ´n proses van betekenisvorming. Die betekenisse of begrippe of insigte konstitueer dan die bevindinge van die navorsing.

Soos reeds vermeld, sal my navorsing ses gevalstudies behels. Creswell (2013, p. 101) vermeld dat wanneer veelvoudige gevalstudies gekies word, dit tipies is om eers ´n gedetailleerde beskrywing van elke geval te voorsien met die temas wat daarin voorkom (bekend as ´n *within-case* of binne-die-geval-analise). Dit word gevolg deur ´n analise van die temas met betrekking tot al die gevalle (bekend as 'n *cross-case* of kruis-geval-analise), en daarna opsommende verklarings of ´n interpretasie van die gevalle as ´n geheel.

Marshall en Rossman (2011) verdeel analitiese prosedures in die volgende sewe fases waarby data-reduksie en interpretasie telkens ter sprake is en wat ek sal implementeer wanneer ek my data ontleed:

© University of Pretoria

- Organisering van data
- Verdieping in die data
- Voortbring van kategorieë en temas
- Kodering van die data
- Aanbied van interpretasies by wyse van analitiese aantekeninge
- Soektog na alternatiewe insigte
- Aanbied van die navorsing in die vorm van ´n verslag of in ŉ ander formaat.

Die gekose data-analisestrategieë wat in die studie geïmplementeer gaan word, is op Creswell (2013) se benaderings gebaseer, deur De Villiers (2012) aangepas en word vervolgens bespreek:

**Tabel 3.4: Uiteensetting van die data-analisetegnieke wat in die studie gevolg gaan word**

| Stappe | Data-analisetegnieke |
|---|---|
| Stap 1 | **Organisering en voorbereiding van data**<br><br>Nadat die data ingesamel is, gaan dit vir ontleding voorberei word. Onverwerkte data gaan georganiseer word en data wat nie in getikte formaat is nie, gaan getranskribeer word. Die inligting gaan gereduseer word deur irrelevante data uit te skakel. Hierdie stap sal tydens die verloop van die navorsing uitgevoer word, ten einde ŉ opeenhoping van data, wat tydrowend en moeilik hanteerbaar is, te voorkom. Dit sal my in staat stel om voorlopige bevindinge en addisionele hipoteses te formuleer. Alle data sal op hierdie wyse voorberei word. ŉ Raamwerk sal ontwerp word wat op patrone in die deelnemer se response gebaseer is. |
| Stap 2 | **Lees van data**<br><br>Die volgende stap sal wees om deur al die data te lees, ten einde ŉ algemene indruk van die data te kry en daarop te reflekteer. |
| | **Begin gedetailleerde data-analise** |

© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Stap 3 | Die data sal gekodeer word. Rossman en Rallis (in Creswell, 2013, p. 192) beskryf kodering as *the process of organizing data into chuncks before bringing meaning to those chuncks.* Tydens hierdie fase sal van 'n eksterne kodeerder gebruik gemaak word, ten einde kwaliteitsbeheer moontlik te maak. |
| Stap 4 | **Identifisering van temas en subtemas**<br><br>Subtemas (wat op die deelnemers se konstruksies van relasioneel-morele selwe betrekking het) sal geïdentifiseer en in moontlike temas gesorteer word. Die subtemas sal gelys en met mekaar vergelyk word, ten einde duplisering te voorkom en bogenoemde in voorlopige volgorde van belangrikheid te rangskik (McMillan & Schumacher, 2014). |
| Stap 5 | **Bespreking van temas**<br><br>Creswell (2013) beveel aan dat kwalitatiewe navorsers visuele voorstellings, figure, tabelle en grafieke gebruik om by besprekings van subtemas en temas aan te sluit. Tydens hierdie stap sal die temas wat die meeste voorkom en wat as die belangrikste geag kan word, identifiseer word (McMillan & Schumacher, 2014). |
| Stap 6 | **Interpretasie en verduideliking van data**<br><br>Daar sal vasgestel word wat uit die navorsing geleer is. Laasgenoemde kan op my persoonlike interpretasie van die navorsingsbevindinge, of op die afleidings wat vanuit die vergelyking van die bevindinge met inligting uit die literatuurstudie of teorie gemaak word, gebaseer wees. Die refleksies (asook die deelnemers s'n) sal aangewend word om die data-interpretasie uit te brei. |

© University of Pretoria

Die operasionalisering van die navorsing word vervolgens getabuleer.

**Tabel 3.5: Operasionalisering van die terapeutiese ingreep**

| Terapieproses (fases) | Beplande aktiwiteite en tegnieke |
|---|---|
| Eerste | Die doel van die navorsing, asook toestemming daartoe word met die deelnemer uitgeklaar – laasgenoemde word gevra om die toestemmingsvorm te teken.<br><br>Die deelnemer word vriendelik versoek om ŉ joernaal op te stel wat ŉ refleksie moet wees van gedagtes, gevoelens en ervaringe tydens die beradingsproses en tussen die beradingsessies (die deelnemer word ingelig dat die joernaal aan die einde van die beradingsproses ingehandig moet word).<br><br>Die navorser bevestig die kwessie van vertroulikheid van inligting.<br><br>Die deelnemer se doelwitte vir berading word uitgelig met die inleidende vraag: **In watter opsig kan ek vir jou bruikbaar wees met die konstruksie van 'n beroep?**<br><br>Die deelnemer word bekend gestel aan die Beroepsbelangstellingsvraelys en ondersteun met die voltooi daarvan. |
| Tweede | Die ko-konstruksie van ŉ beroep (in die vorm van ŉ nuwe lewensverhaal) word begin met behulp van die beroepsonderhoud: vyf **primêre domeinvrae word gestel (1.1.4, p. 8).**<br><br>In die proses word die selfkonsep aan ŉ voorkeurberoepsomgewing gekoppel, terwyl sentrale lewensprobleme en fiksasies van die kinderjare uitgesorteer word.<br><br>ŉ Lewensleuse word ingespan om as hefboom te dien om ŉ nuwe |

© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | hoofstuk in die lewensverhaal te begin. **Die etiese moontlikhede in die narratiewe word deurentyd ko-konstruktief ontgin.**<br><br>Die deelnemer word vriendelik herinner aan die opstel van die joernaal en as terapeut voltooi ek my eie narratiewe verslag van die waarnemings wat ek gemaak het gedurende en 'n afloop van die terapie sessie ('n reflektiewe dagboek). |
| Derde | Die derde fase omvat die hart van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene (2.6.3.7 op p. 61 en verder) deurdat die ontluikende volwassene gefasiliteer word om sy of haar relasioneel-morele self te ondersoek en te aktiveer (2.6.3.7 op p. 65).<br><br>Die fokus is om saam met die deelnemer te werk om 'n makro-narratief op te stel. Die boustene of temas wat die makro-narratief aanmekaar heg, kan in verband gebring word met twee outeurs se sieninge waarna ek alreeds in die onderhawige skripsie verwys het, en weer eens beklemtoon. Die eerste outeur is Taylor (1989, p 28) se opmerking '*To know who you are is to be oriented in moral space, a space in which questions arise about what is good or bad, what is worth doing and what not***,** *what has meaning and importance for you and what is trivial and secondary'.* Die frases '*what is good or bad?; what is worth doing and what not?***;** *what has meaning and importance for you and what is trivial and secondary?',* word gebruik om die deelnemer aan te spoor om uit sy of haar mikroverhale en die uiteindelike lewensverhaal, etiese moontlikhede te ontgin. Die ander outeur is Lombardo (2007) met sy definisie van wysheid as 'die hoogste uitdrukking van self-ontwikkeling, die sintese en toepassing van die deugde van 'n verhoogde toekomstige bewustheid. Dit is die begrip van en fassinering met beide die groter prentjie en persoonlike dimensies van die lewe, van wat belangrik, eties en betekenisvol is, en die begeerte en kreatiewe vermoë om hierdie begrip toe te pas om die welstand van die self en andere, voortdurend te bevorder' (3.2.1.1 op p. 2, paragraaf 4).<br><br>In essensie word kritiese denke deurgaans aangemoedig (Parks, 2011) asook die oorweging van ´n nuwe woordeskat (Savickas, |

© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | 2011b) en ´n nuwe evaluerende taal waarmee strukture van waarde onderhandel word (Taylor, 1989).<br><br><u>Lewensontwerpberading tegnieke:</u><br><br>Die deelnemer word blootgestel aan ’n visuele tydlyn wat die verandering van sosio-ekologiese sisteme (vanweë ko-evolusie tussen sosiale en ekologiese komponente) oor verskeie eeue heen aandui. (Evolusionisme postuleer dat fisieke realiteit oeroud is en beide verstand en bewussyn verrys progressief oor tyd vanuit hierdie fisiese substraat; soos wat die fisiese wêreld in kompleksiteit ontwikkel, ontwikkel bewussyn en verstand). Die konsep ‘ekologiese resiprokalisme’ word beklemtoon wat impliseer dat daar ’n ontologiese interafhanklikheid tussen bewussyn en die fisiese wêreld bestaan – geeneen kan sonder die ander bestaan nie.<br><br>Die deelnemer word uitgevra oor sy of haar persepsie van huidige maatskaplike en ekologiese krisisse asook die hand van die mens daarin. Daarna word die deelnemer blootgestel aan vier kort video uittreksels wat huidige sosiokulturele asook ekologiese krisisse uitlig asook toekomstige voorspellings verbeeld.<br><br>Hierna word die deelenemer uitgevra oor sy of haar persepsie van watter soort mens, ideaal gesproke, in die toekoms sal kan bydra tot die aanspreek van sosiokulturele asook ekologiese krisisse. As moontlike uitbreiding van sy of haar ‘evaluerende’ woordeskat en morele horison, word kort video uittreksels vertoon wat handel oor die noodsaaklikheid en logika van ’n uitbreiding van die self na die ‘ander’ (wat medemens en natuur insluit), die behoefte aan leiers wat betrokke kan raak by die oplossing van sosiokulturele en ekologiese krisisse en die waarde van wysheid (kultivering en beoefening van deugde.<br><br>Die sessies word afgesluit met ’n uitdaging aan die deelnemer om ’n collage te ontwerp wat ’n ideale toekomstige persoonlike narratief (’n relasioneel-morele self) illustreer. Die rasionaal is om die deelnemer bloot te stel aan ’n visuele ervaring waartydens die self uitgebrei word na die insluiting van die ander (medemens en natuur) met klem op die bewusmaking van die deugde wat betrokke is by sodanige uitbreiding. ’n Ontwikkeling van die self wat ten doel het die floreer van self en samelewing, word as visier gestel. |

© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | Ter opsomming word die relasioneel-morele essensies van die collage op ko-kreatiewe wyse deurgetrek na die deelnemer se alledaagse lewe, beoogde beroep en doelwitte wat gestel was in die eerste sessie. ’n Lewensleuse word ingespan en moontlike persoonlike fiksasies wat as belemmeringe kan opspring, word terselfdertyd aangespreek.<br><br>Die deelnemer word versoek om as relasioneel-morele self, navorsing en skaduwerk te gaan doen met betrekking tot sy of haar beoogde beroep. Hy of sy word ook versoek om sy of haar moontlike betrokkenheid by huidige gemeenskapsprojekte te gaan ondersoek.<br><br>Die deelnemer word ten slotte vriendelik herinner aan die opstel van die joernaal en as terapeut voltooi ek my eie reflektiewe dagboek. |
| Vierde | Terugvoer word gedoen na aanleiding van die navorsing (skaduwerk ingesluit) wat gedoen is. Die finale narratiewe verslag word gesamentlik deur deelnemer en navorser opgestel.<br><br>’n Plan van aksie word opgestel, byvoorbeeld registrasie van studierigting, daadwerklike betrokkenheid by gemeenskapsprojekte, enosovoorts.<br><br>Die deelnemer word vriendelik herinner aan die opstel van die joernaal en as terapeut voltooi ek my eie reflektiewe dagboek. |
| Vyfde | Opvolggesprek(ke) in terme van realisering van doelwitte wat gestel was. Die deelnemer se joernaal word ingeneem en bestudeer. |

Ten slotte: Tydens die verskeie fases van data-analise en verslagskrywing moet daar voortdurend oorweging geskenk word aan die gegrondheid, bruikbaarheid en etiese aspekte

© University of Pretoria

van die kwalitatiewe navorsing. Die dimensies hiervan word vervolgens bespreek binne die raamwerk van kriteria ten opsigte van die kwaliteit van die navorsing.

### 3.7 KRITERIA TEN OPSIGTE VAN DIE KWALITEIT VAN DIE NAVORSING

In kwalitatiewe navorsing word die konsepte ‘geldigheid’ en ‘betroubaarheid’ (wat by kwantitatiewe navorsing voorkom) met die meer toepaslike konsepte ‘verdienstelikheid’, ‘vertroubaarheid’, ‘bevestiging of versterking’ en ‘oordraagbaarheid’ vervang (Schwandt, 2007).

Volgens Patton (2002) in Marshall en Rossman (2011) hang die verdienstelikheid van ´n kwalitatiewe verslag af van ´n holistiese benadering wat die wesenlikheid van die ondersoek, die gebruik van nougesette kwalitatiewe metodes, doelgerigte seleksie, deursigtige, induktiewe analise en die geloofwaardigheid van die navorser vervat.

Wat vertroubaarheid – en derhalwe die konsep ‘replikasie’ (sien die bespreking rondom oordraagbaarheid verder aan) – aanbetref, verwys Marshall en Rossman (2011) na die wyses waarop die navorser veranderde omstandighede ten opsigte van die fenomeen wat bestudeer word, asook veranderinge in die ontwerp (vanweë ´n toenemend verfynde begrip van die navorsingsprojek) verreken. Die kwalitatiewe/interpretiewe aanname is dat die sosiale wêreld voortdurend gekonstrueer word en dit op sigself veroorsaak dat die konsep van replikasie problematies raak.

Bevestiging of versterking blyk maniere te wees waarop die kwalitatiewe navorser die tradisionele konsep van ‘objektiwiteit’ ewenaar. Die sterkte van verklarings word verhoog deurdat die logiese gevolgtrekkings en interpretasies van die navorser sin maak en vir ander navorsers deursigtig is (Marshall & Rossman, 2011).

´n Kwalitatiewe navorsingstuk se oordraagbaarheid na ander navorsingsprojekte kan problematies wees, ten minste ten opsigte van die waarskynlikheid daarvan. Om die uitdagings teë te staan, brei Marshall en Rossman (2011) uit oor ʼn paar moontlike oplossings. Eerstens kan die navorser verwys na die oorspronklike teoretiese raamwerk waar aangetoon word hoe data-insameling en data-analise deur konsepte en modelle gelei word. Tweedens, die neem van deeglike notas en behou daarvan in ´n joernaal (wat elke besluit asook die rasionaal daaragter aandui) laat ruimte vir ander navorsers om prosedures, protokolle en besluite te kan inspekteer. Derdens, deur alle versamelde data in ´n goed georganiseerde, toeganklike stelsel te hou, kan kwalitatiewe navorsers dit maklik beskikbaar stel indien hul bevindinge bevraagteken word of indien ´n ander navorser dit wil her-analiseer. Laastens kan ‘triangulasie’ tot ´n navorsingstuk se oordraagbaarheid bydra deurdat dit verskillende databronne by ´n enkelpunt bymekaarbring. Marshall en Rossman (2011, p. 253) meld dat *[d]esigning a study in which multiple cases, multiple informants, or more than one data-gathering method is used, can greatly strengthen the study's usefulness for other settings*.

Laastens is kwalitiewe navorsing eties van aard. Dit behels meer as bloot die navorser wat by institusionele hersieningskomitees of bestuur toestemming vra. Dit beteken dat die navorser bewustelik al die etiese kwessies rondom kwalitatiewe navorsing aanspreek tydens

© University of Pretoria

al die fases waardeur die navorsingstudie ´n paadjie strengel. Volgens Silverman (2011) is die tref van etiese voorsorg baie belangrik en in die volgende afdeling word daar hierop uitgebrei.

## 3.8 ETIESE VOORSORG

Daar is ´n aantal doelwitte wat tydens etiese navorsing bereik moet word, naamlik om te verseker dat mense vrywillig deelneem, dat hul opmerkings en gedrag vertroulik hanteer word, dat hulle teen skade beskerm word en dat wedersydse vertroue tussen navorser en deelnemer(s) verseker word (Silverman, 2011). Bogenoemde doelwitte kan bereik word deur verskillende etiese aspekte tydens al die fases van die navorsingsproses in ag te neem en sodanige aspekte word vervolgens bespreek.

### 3.8.1 Etiese aspekte tydens al die fases van die navorsingsproses

Volgens Creswell (2013) kan etiese kwessies in kwalitatiewe navorsing reeds van toepassing wees voordat die navorsing begin, tydens die begin van die navorsing, gedurende data-insameling, tydens data-analise, tydens die rapporteer van data en met die publikasie van die navorsing. In Tabel 3.6 word hierdie etiese kwessies opgesom en moontlike oplossings daarvoor aangedui.

**Tabel 3.6: Etiese kwessies in kwalitatiewe navorsing (Creswell, 2013)**

| **Waar die etiese kwessies in die navorsingsproses verskyn?** | **Tipe etiese kwessie** | **Hoe om die kwessie aan te spreek** |
|---|---|---|
| Voordat die navorsing geskied. | • Neem kennis van die riglyne van die etiese kode van die *Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad.* | • Raadpleeg tipes etiese standaarde wat in professionele dokumente benodig word. |
| Tydens die aanvang van die navorsing. | • Onthul die doel van die navorsing.<br><br>• Moenie druk op deelnemers uitoefen om toestemming vorms te teken nie.<br><br>• Respekteer norme van inheemse gemeenskappe. | • Kontak deelnemers en lig hulle in oor die algemene doel van die navorsing.<br><br>• Lig deelnemers in dat hulle nie die vorm hoef te teken nie.<br><br>• Vind uit oor kulturele, godsdienstige, geslags- en ander verskille wat respekteer moet word. |
| Tydens die versamel van | • Vermy dit om deelnemers te | • Bespreek die doel van die |

© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| data. | mislei.<br>• Respekteer die potensiële wanbalans ten opsigte van mag, asook moontlike uitbuiting van deelnemers (bv. onderhoudvoering, observasie). | navorsing en waarvoor data gebruik gaan word.<br>• Vermy toonaangewende vrae; weerhou die deel van persoonlike indrukke; vermy die onthulling van sensitiewe inligting. |
| Tydens die analisering van data. | • Vermy die bevoordeling van sekere persepsies.<br>• Vermy dit om net positiewe resultate te onthul.<br>• Respekteer die privaatheid van deelnemers. | • Rapporteer veelvoudige perspektiewe; rapporteer teenstellende bevindinge.<br>• Gebruik fiktiewe name; ontwikkel saamgestelde profiele. |
| Tydens die rapporteer van data. | • Vermy vervalsing van outeurskap, bewyse, data, bevindinge en gevolgtrekkings.<br>• Moenie plagiaat pleeg nie.<br>• Vermy die onthulling van inligting wat deelnemers skade kan berokken.<br>• Kommunikeer in duidelike, reguit, toepaslike taal. | • Doen eerlike verslaggewing.<br>• Volg APA (2010) se riglyne ten opsigte van toestemming wat benodig word om ander se werk te herdruk of aan te pas.<br>• Gebruik saamgestelde verhale sodat individue nie geïdentifiseer kan word nie.<br>• Gebruik taal wat vir verskillende navorsingsgehore toepaslik is. |
| Tydens die publisering van die navorsing. | • Deel data met ander. | • Voorsien kopieë van die verslag aan deelnemers en ander belanghebbende |

© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | • Moenie publikasies dupliseer of in stukkies of brokkies aanbied nie. | partye.<br><br>• Vermy die gebruik van dieselfde materiaal vir meer as een publikasie. |

Vervolgens stip ek ´n paar punte uit rakende my rol as navorser.

### 3.8.2 My rol as navorser om te verseker dat my navorsing aan die basiese vereistes vir etiese navorsing voldoen

My rol as navorser in die voorgestelde studie sal gelei word deur die etiese standaarde soos uiteengesit in die etiese kode van die *Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad.* Die wyse waarop ek beoog om die navorsing te doen, kan soos volg opgesom word:

- Ek sal regdeur die uitvoer van die navorsing die etiese kode vir navorsing respekteer.
- Ek sal die deelnemer inlig oor wat gedurende die navorsing verwag kan word.
- Ek sal ingeligte toestemming vanaf die deelnemer verkry nadat die aard van die navorsing verduidelik is.
- Ek sal gedurende die ondersoek my rol aan die deelnemer asook al die ander relevante rolspelers verduidelik.
- Ek sal verseker dat die fisiese lokaal waarbinne die navorsing geskied in ´n bevredigende toestand is.
- Ek sal informele en direkte gesprekke met die deelnemers fasiliteer.
- Ek sal ´n warm, empatiese atmosfeer gedurende interaksie skep.
- Ek sal die rigting van die navorsing met die deelnemer bespreek.
- Ek sal die interpretasie van die data met die deelnemer op ´n aanhoudende basis bespreek om sodoende te verseker dat misverstande opgeklaar word en die geloofwaardigheid van die navorsing bevorder word.
- Ek sal die data in ´n veilige plek bewaar en dit verantwoordelik analiseer en interpreteer.
- Ek sal terugvoer aan die deelnemer verskaf.

Aangesien die deelnemers ontluikende volwassenes is wat behoefte aan beroepsberading het en aan wie se behoefte ek in my privaatpraktyk kan voorsien, is dit nie vir my nodig om ingeligte toestemming van enige ander partye, buiten die deelnemers en die etiese raad van die universiteit, te verkry nie. Ek is verder ten volle daarvan bewus dat my rol in hierdie verband suiwer dié van navorser en nie sielkundige gaan wees nie. Ek is egter terdeë bewus van die feit dat daar tydens die verloop van die navorsing emosionele en gedragskwessies kan opduik en beoog om met ʼn bekwame kollega te reël vir die instaan en opvolg van sodanige kwessies. Soos reeds vermeld, onderneem ek om myself aan die etiese gedragskode te onderwerp om sodoende te verseker dat die deelnemers se beste belange voorkeur sal geniet deurdat hulle duidelik sal weet wat van hulle verwag sal word.

© University of Pretoria

### 3.8.3 Beperkings van die navorsing

Die volgende beperkinge kan gedurende my navorsing na vore kom:

- Deelnemers kan ter enige tyd onttrek of selfs versoek dat spesifieke inligting nie vermeld word nie.
- Kultuurverskille kan by die interpretasie van woorde, konsepte, metafore en gedragskodes (soos byvoorbeeld kollektiewe persepsies) ter sprake kom.
- My persoonlike leefstyl, wat van my vereis om verskeie lewensrolle in ´n samelewing met ´n versnelde tempo te vertolk, kan dalk veroorsaak dat ek tydens onderhoude moeg en gespanne is en gevolglik nie die geleenthede maksimaal benut nie.

Ek hoop om vanuit die interpretiewe/konstruktiewe oogpunt, soos deur lewensontwerpberading moontlik gemaak, insig in die etiese moontlikhede van ontluikende volwassenes se narratiewe te verkry.

## 3.9 Samevatting

Hoofstuk 3 is gewy aan ’n bespreking van die interpretivistiese perspektief waaruit die studie onderneem is, asook die kwalitatiewe navorsingsontwerp en gevalstudie wat geïmplimenteer gaan word. Die navorsingsmetodologie (die steekproef en tegnieke vir data-insameling en data-analise), asook die oordraagbaarheid en vertroubaarheid van die kwalitatiewe komponent is bespreek.

Die navorser se rol in die navorsing en die etiese maatreëls wat streng gedurende die studie eerbiedig gaan word, is ook kortliks vermeld. Ten slotte is die potensiële betekenisvolheid en beperkings van die studie bespreek.

In hoofstuk 4 gaan die bevindings van die navorsing bespreek word en gaan ek poog om die bevindings met die literatuur in verband te bring.

© University of Pretoria

# HOOFSTUK VIER

# RESULTATE VAN DIE DATA-ANALISE

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die data van die onderhawige navorsing binne die raamwerk van die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene ontleed. Volgens Merriam (2009) is kwalitatiewe navorsing *interested in understanding how people interpret their experiences, how they construct their worlds, and what meaning they attribute to their experiences*. Kvale en Brinkmann (2009, p. 48) vergelyk die proses met ŉ myner wat aanneem dat daar idees en kennis binne in die deelnemer aan die navorsing is, en dat dit die verantwoordelikheid van die navorser is *to dig nuggets of knowledge out of a subject's pure experiences, identifying the kernels or seams of priceless ore and mining them.* My ervaring tydens hierdie studie het sterk hiermee ooreengestem, aangesien die navorsing 'n deurlopende ontginningsproses was.

My navorsing het gefokus op die begryp en beskrywing van deelnemende individue in hul natuurlike omgewing en konteks (Nieuwenhuis, 2007a), en die temas en subtemas van my navorsing is deduktief vasgestel (a-priori). Voorbeelde van die temas is die konsepte 'eie daadwerklikheid' en 'gemeenskaplikheid' wat ingebed lê in die konstruk van die relasioneel-morele identiteit. Ek neem egter kennis van Bernard en Ryan (2009, p. 107) se siening dat, *no matter how hard we try, there are no purely inductive (or deductive) studies*. Dit was vir my geen verrassing dat ŉ aantal subsubtemas (deurgaans in 'n groen skakering aangedui) gedurende die analise van die data induktief na vore gekom het nie. Byvoorbeeld, waar sin- en betekenisgewing aanvanklik groot gewig gedra het in die deduktiewe analise, het dit geblyk dat die goed deurdagte en gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerdheid en selftransendering asook die aanwending van *sparks* (idiosinkratiese karaktereienskappe wat positiewe waardes impliseer en wat aangewend kan word vir prososiale en generatiewe waardes), ŉ meer integrale bestanddeel uitmaak in die identiteitswerk van ontluikende volwassenes. My analitiese styl kan dus as deduktief-induktief beskryf word.

Elke terapeutiese sessie, asook die refleksiejoernale van die deelnemers en die navorser is ontleed en daar is gesoek na bevestiging vir die a-priori-temas. Tydens hierdie proses is daar gelet op induktiewe temas, subtemas en subsubtemas ensovoorts wat moontlik na vore sou kom, en laasgenoemde is tydens die deduktiewe data-analise gekategoriseer.

Aangesien daar soveel dimensies betrokke is ten opsigte van die navorsingsdoel, bied ek ŉ visuele raamwerk om die res van hierdie hoofstuk meer samehangend te maak (figuur 4.1). Figuur 4.1 moet in twee stappe 'gelees' word: Eerstens moet die aandag gefokus word op die rol van Lewensontwerpberading in die hele proses – daarom dat hierdie begrip in die middel van die figuur geplaas word. Daarna moet die aandag uitbrei na die praktiese implikasie van Lewensontwerpberading, naamlik die konstruksie van die self. Hoewel die 'self' in figuur 4.1 onderskei word as die 'outonome self' en die 'relasioneel-morele self', kan die 'self' in der waarheid nie geskei word nie – die gekonstrueerde self omsluit ŉ outonome (Tema 1 in figuur 4.1) en relasioneel-morele self (Tema 2 in figuur 4.1).

© University of Pretoria

Wat ek dus poog om met ŉ eerste oogopslag van figuur 4.1 te illustreer, is dat Lewensontwerpberading (sien geskakeerde deel in die figuur) op ŉ beradingsproses neerkom wat tegelykertyd twee funksies vervul, naamlik ŉ refleksie- en ŉ ontwerpfunksie[15]: Terwyl die ontluikende volwassene se Ek (as storieverteller) deur die navorser aangemoedig word (met behulp van die *Beroep Belangstelling Profiel* (Maree, 2010c), die beroepskonstruksie-onderhoud, die tydlyn, die video-insetsels, die collage en die saamstel van die lewensportret) om die My se storie te vertel, word die My se storie in ŉ geheel omskep wat die ontluikende volwassene se verlede en verbeelde toekoms integreer om ŉ oorredende eenheid-vormende en doelgerigte verslag van die ontluikende volwassene se eie lewe te voorsien[16].

Met die tweede oogsopslag wil figuur 4.1 die aandag vestig op die volgende dinamiek: Met behulp van Lewensontwerpberading word insig verkry in hoe die My tot stand gekom het (Tema 1), met ander woorde, a) die My se agtergrond van wat geglo of aanvaar word as reg, goed en waar (die My se ideologie – 1.1); b) herinnerings wat dien as sleuteltonele wat hoogte-, laagte- en omkeerpunte aandui (1.2); en c) sleutelbeelde van die self wat die vitaliteit van die storielyn bevorder (1.3). Terselfdertyd kom daar breë temas na vore wat variasies van dryfkrag in terme van die outonome self se daadwerklikheid (Tema 1 – selfbevoegdheid, selfagting, selfbestuur, ensovoorts) en die relasioneel-morele self (Tema 2) se gemeenskaplikheid omsluit. Tema 2 (kontak, konneksie en eenheid met of verbintenis aan ander) word uiteengesit as verhoudings met familie, vriende, en ŉ intieme maat (2.1), ŉ werkrol (2.2) en die samelewing as 'burgerlike en kosmopolitaanse self' (2.3 en 2.4).

[15] 2.6.3.7, p. 116, par. 1
[16] 2.6.3.3, p. 116, par. 1

© University of Pretoria

**Figuur 4.1: Lewensontwerpberading as die gereedskapstuk vir identiteitswerk oftewel selfkonstruksie by die ontluikende volwassene**

**TEMA 1: EIE DAADWERKLIKHEID (Individuasie en differensiasie)**

(Beskik oor ŉ dryfkrag vir differensiasie, om die self te onderskei, die self te handhaaf, die persoonlike lewe uit te brei, dinge te bemeester en te skep)

**Identiteitsvorming van OUTONOME SELF** (Tema 1)

1.1 Ideologie

1.2 Sleuteltonele in die lewensverhaal

(hoogte-, laagte- en omkeerpunte)

1.3 Sleutelbeelde van die self wat die

vitaliteit van die storielyn bevorder

2.3 Die burgerskap-self (bydraer tot ŉ groter saak, groep of belang)

**OUTONOME SELF (Tema 1)** →

**LEWENSONTWERPBERADING**

(Die integrasie van eie daadwerklikheid en gemeenskaplikheid via refleksies en die gepaardgaandeontwerp van 'n relasioneel-morele self – krities, konnektief en deernisvol)

TRANSFORMASIE, SELFONTWIKKELING EN GROEI

← **RELASIONEEL-MORELE SELF (Tema 2)**

**Identiteitsvorming van RELASIONEEL-MORELE SELF (Tema 2)**

2.1 Verhoudings (familie, vriende, intimiteit

en die samelewing) (2.3 en 2.4)

2.2 Werkrol

2.4 Die kosmopolitaanse self

(bewustheid van die interkonneksie en

interafhanklikheid van die wêreld, 'n)

gevoel van eenwording met die wêreld

(Beskik oor ŉ dryfkrag vir kontak, konneksie en eenheid (verbintenis aan ander)

**TEMA 2: GEMEENSKAPLIKHEID**


**Saamgestel uit Barrett (2010, p. 61), Parks (2011, p. 118), Rosso et al. (2010, p.114), en Roberts en Côté (2014, p. 229).**

Opsommend kan die kruks van die onderhawige navorsing geplaas word in die volgende konseptuele raamwerk (figuur 4.2): James (1892/1963) het die drie areas van die

© University of Pretoria

My uitgelig as die materiële, die sosiale en spirituele self wat uitspeel by wyse van persoonlike introspeksie en ŉ vergestalting in die openbare lewe. Hierdie drie areas is met behulp van die literatuurstudie verbind met die individualistiese of outonome Ek (James se materiële Ek), die kollektivistiese of relasioneel-morele Ek (James se sosiale Ek) en die spirituele Ek (wat die tipe stories kan en moet vertel van ŉ lewe wat as goed en betekenisvol gesien kan word).

**Figuur 4.2: Die drie areas van die self betrokke by refleksie en ontwerp tydens lewensontwerpberading**




Ek gee vervolgens ŉ relevante opsomming van die agtergrond van die deelnemers in tabel 4.1 (ŉ meer volledige beskrywing is vervat in bylae B), asook elkeen se aanmeldingsbehoefte vir beroepsleiding (die vyf-syfer kode wat agter elke aanmelding verskyn, word verduidelik in 4.3, paragraaf 3 terwyl daar ŉ oorsigtelike opsomming verskyn in tabel 4.2). Daarna word die wyse waarop die subtemas gegroepeer is, in tabel 4.3 geïllustreer, gevolg deur ŉ meer omvattende bespreking van die resultate van die data-analise (aan die hand van die literatuur). Ter afsluiting volg ŉ opsomming van resultate (4.4) in die konteks van die literatuur (soos bespreek in hoofstuk 2, maar ook insigte wat sedert my aanvanklike literatuurstudie verwerf is).

## 4.2 AGTERGROND VAN DIE DEELNEMERS

ŉ Ondersoek na die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by ontluikende volwassenes noop ŉ kort bespreking van die agtergrondinligting van deelnemers. Dit dien te vermeld te word dat daar aan elke deelnemer ŉ skuilnaam toegeken is wat met hom of haar uitgeklaar is. ‘n Uitstaande persoonseienskap is gebruik as keuse van die skuilname en is nie op enige wetenskaplike teorie soos byvoorbeeld ŉ gestandaardiseerde persoonlikheidsvraelys gebaseer nie. Die doel was ook allermins om deelnemers te stereotipeer – inteendeel. Die skuilname is gebruik in die diskoers rondom die

© University of Pretoria

temas en subtemas, terwyl die nommers (bv. 1. Intellektueel) in die koderingstelsel gebruik is[17].

**Tabel 4.1: ’n Opsommende oorsig van die agtergrondinligting van die deelnemers**

| **DEELNEMER** | **1**<br>**Intellektueel** | **2**<br>**Entoesias** | **3**<br>**Saint** | **4**<br>**Charisma** | **5**<br>**Perfek** | **6**<br>**Sonnig** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ouderdom | 22 | 28 | 20 | 19 | 30 | 29 |
| Geslag | Vroulik | Manlik | Manlik | Vroulik | Vroulik | Manlik |
| Etnisiteit | Blank | Blank | Bruin | Bruin | Swart | Swart |
| Moedertaal | Afrikaans | Afrikaans | Engels | Engels | Suid-Sotho | Yoruba |
| Hoogste kwalifikasie | BA met Frans en Duits | Matriek (kort een vak vir graad in argitektuur) | Matriek | Matriek | BTech Ouditkunde | Nasionale Diploma in Bankwese en Bestuur |
| Student, werknemer, entrepreneur of werkloos | Student | Werknemer & entrepreneur | Werknemer | Werkloos | Werkloos | Werknemer & entrepreneur |
| Verblyfsituasie | Onafhanklik van ouer | Bly by ouers | Bly by ouers | Bly by ouer | Bly by ouer | Onafhanklik |

### 4.2.1 Aanmeldingsrede van elkeen van die ses deelnemers

Die rede vir aanmelding deur elke deelnemer word vervolgens ongeredigeer in sy of haar eie woorde weergegee. Soos reeds vermeld, is ’n skuilnaam op ’n mutualistiese basis aan elke deelnemer toegeken.

#### 4.2.1.1 Intellektueel

*To give me more insight to what is available basically, giving me more, actually attempting to inspire a young person to form a potential idea, a potential career in order to make a proper living in terms of make a good life for yourself, or what you want to achieve whether that may be, there I’m not speaking specifically monetary, I’m speaking in general terms. What would make you happy and what would make you content. And constructing a career and constructing a life is not something that just come by itself, and the best way to construct a career is by proper aid, proper guidance, proper information to be informed, somebody basically trying to guide you, not force you, but guide you. It doesn’t matter how*

[17] 4.3, p. 187, par. 2.

© University of Pretoria

*smart you are, how intelligent you are, or how well off you are in general terms, you do need guidance of some kind* (1:A1:1:1:4-13).

Uit Intellek se aanmeldingsrede hier bo blyk haar afhanklikheid van gegronde en oorsigtelike leef-beroepsbegeleiding die volgende te wees: om haar visie van ŉ bevredigende en vervullende leef-beroep te versoen met die besef dat ŉ groter prentjie ŉ potensiaal kan uitwys wat voorheen vir haar versluier was.

**4.2.1.2 Entoesias**

*Ek dink vir my op hierdie stadium is dit ... ek werk vir iemand en ek is ook besig om op hierdie stadium my eie ding te doen, so dit ... ek wil nie sê dit is om ŉ justification te kry vir dit wat ek doen, is reg nie, maar net om te weet dat hoe ek dit aanpak en wat presies ... wat ek doen, of daar beter maniere is ... of dit wat ek reg doen, of daar beter maniere is ... dat ek dit kan aanpas ... om die denkproses amper reg te kry* (2:A2:1:1:4-8).

Entoesias se aanmeldingsrede blyk ŉ onsekerheid uit te spel ten aansien van die feit dat hy die sekuriteit van ŉ bestaande werksgeleentheid wil opgee om sy posisie as entrepreneur te versterk. Sy onsekerheid ten opsigte van sy toekoms blyk te lê in die wete dat hy as individu nie alles weet nie en dat ŉ oop gesprek met ŉ leef-beroepsberader moontlike slaggate in sy denkproses kan uitskakel.

**4.2.1.3 Saint**

*I have never received any career guidance before. This is my first time and it will help me to discover my strengths point and help me with what I am now and take me to where I want to be; taking the right subjects. This would be a main reason why* (3:A3:1:1:4-7).

Saint se aanmeldingsrede blyk ŉ vertroue te wees dat hulp met vakkeuses asook ŉ groter mate van selfkennis hom met sy toekomsplanne sal ondersteun.

**4.2.1.4 Charisma**

*I do need assistance on career choice. Since I matriculated in 2013, I should have been studying but I don't know which career to choose. Firstly, I would choose teaching but I don't like children very much. I wanted to go for social worker but they don't get paid that much* (4:A4:1:1:4-7).

Charisma se behoefte aan leef-beroepberading blyk op hierdie stadium die keuse van ŉ geskikte beroep te wees, aangesien sy ŉ jaar nadat sy gematrikuleer het, nog nie rigting gekry het nie.

**4.2.1.5 Perfek**

*I want you to help me to find myself. I want to live a productive life. At this moment, I am still staying with my parents at my age. And I think (this) is one thing that is depressing me more. This is not me at all. I started working when I was twenty years old. I actually*

© University of Pretoria

*completed my diploma when I was twenty. This is not me at all. I want to live that constructive life; I want to be creative and productive …* (5:A5:1:1:4-8).

Dit blyk dat Perfek, hoewel sy reeds goed gekwalifiseer is, ŉ soeke na haarself ondervind wat sy meer breedvoerig uitspel as ŉ leemte aan bepaalde sin- en betekenisgewing (om produktief, konstruktief en kreatief te wees).

#### 4.2.1.6 Sonnig

*Thank you so much for that question because sometimes, you think you know better and at the same time it is a good thing for someone to really understand his calling and go for it. I think you would be more of help to me if you could just help me designing my future and of course working collectively to identify my passions because I am a very flexible person and I am easily divert in my career and I am a very, very versatile learner. I love to learn everything and do it well but in the course of doing that, I lose focus on the way and you keep doing that over and over again and the year keeps going and you don't even have a specific career you can go for. If you could just help me identify those things, I will be more grateful and something that I can say ok, this is my energy and 70% of my energy goes into that thing and I don't have to drain my energy on some unproductive career. I think it will help me in that line* (6:A6:1:1:4-14).

Sonnig ervaar waarskynlik ŉ tekort aan fokus aangesien hy vele belangstellings het en boonop besonder leergierig is. Sy behoefte blyk dus te wees die in-lyn-bring van sy passie of roeping met ŉ geskikte beroep en dan ŉ gefokusde realisering van die hele proses.

Soos uit die onderskeie aanmeldingsredes afgelei kan word, is die behoeftes nie net die keuse van ŉ geskikte beroep nie, maar breër kwessies wat die deelnemers wou uitklaar. Hierdie breër kwessies impliseer ŉ invalshoek wat na my mening die ontwerp van ŉ leef-beroep noodsaak – en wat ŉ ondersoek na die moontlike waarde van lewensontwerpberading net verder onderstreep het.

## 4.3 RESULTATE VAN DIE DATA-ANALISE

Marshall en Rossman (2011) beskryf kwalitatiewe navorsing as pragmaties, interpreterend en gegrond in die werklike ervarings van mense. Navorsers stem saam dat daar verskeie maniere is waarop kwalitatiewe navorsing uitgevoer kan word of waarop die kwalitatiewe data geanaliseer en gerapporteer kan word: Die analisering van kwalitatiewe data is ŉ eklektiese aktiwiteit – daar is nie net een 'regte' manier nie en data kan op meer as een wyse ontleed word.

Die proses van data-analise wat in my navorsing gebruik is, kom neer op ŉ proses van sin maak uit die organisering, voorbereiding en kodering van rou data (deur temas op deduktiewe en induktiewe wyse uit die onderskeie datastelle te identifiseer). Hierdie proses was daarop gemik om te verstaan hoe deelnemers sin maak uit die verskynsel onder oë. ŉ Vyfsyferkoderingstelsel is gebruik om die deelnemers se response in die getranskribeerde onderhoude te rapporteer: Die **eerste syfer** het verwys na die **deelnemernommer (**met ander woorde, een uit ses en soos toegeken in tabel 4.1 (ŉ opsommende oorsig van die

© University of Pretoria

agtergrondinligting van die deelnemers), **die tweede na die databronnommer, die derde na die sessienommer, die vierde na die bladsynommer**[18] **en die vyfde na die reëlnommer van die bepaalde deelnemer se getranskribeerde onderhoud.** Byvoorbeeld, (4:A4:2:16:200-204) is ŉ voorbeeld van ŉ vyfsyferkode.

**Tabel 4.2: Die vyfsyferkoderingstelsel wat na die data in die getranskribeerde onderhoude verwys**

| **Deelnemer-nommer** | **Databronnommer** | **Sessie-nommer** | **Bladsy-nommer** | **Reëlnommer** |
|---|---|---|---|---|
| 1: Deelnemer 1 | A1: Individuele semi-gestruktureerde onderhoude | 1-6 | 1-87 | 7 |
| 2: Deelnemer 2 | A2: Individuele semi-gestruktureerde onderhoude | 1-6 | 1-53 | 34 |
| 3: Deelnemer 3 | A3: Individuele semi-gestruktureerde onderhoude | 1-6 | 1-22 | 25 |
| 4: Deelnemer 4 | A4: Individuele semi-gestruktureerde onderhoude | 1-6 | 1-12 | 32 |
| 5: Deelnemer 5 | A5: Individuele semi-gestruktureerde onderhoude | 1-6 | 1-23 | 18 |
| 6: Deelnemer 6 | A6: Individuele semi-gestruktureerde onderhoude | 1-6 | 1-19 | 21 |
| 1: Deelnemer 1 | *BBP* | 1 | 1-41 | 37 |
| 2: Deelnemer 2 | *BBP* | 1 | 1-17 | 4 |
| 3: Deelnemer 3 | *BBP* | 1 | 1-7 | 26 |
| 4: Deelnemer 4 | *BBP* | 1 | 1-7 | 7 |
| 5: Deelnemer 5 | *BBP* | 1 | 1-8 | 6 |
| 6: Deelnemer 6 | *BBP* | 1 | 1-8 | 15 |
| 1: Deelnemer 1 | Beroepskonstruksie-onderhoud | 2 | 41-49 | 10 |
| 2: Deelnemer 2 | Beroepskonstruksie-onderhoud | 2 | 20-29 | 38 |
| 3: Deelnemer 3 | Beroepskonstruksie-onderhoud | 2 | 7-10 | 12 |
| 4: Deelnemer 4 | Beroepskonstruksie-onderhoud | 2 | 7-10 | 6 |
| 5: Deelnemer 5 | Beroepskonstruksie-onderhoud | 2 | 8-11 | 12 |
| 6: Deelnemer 6 | Beroepskonstruksie-onderhoud | 2 | 8-11 | 6 |

[18] Bladsynommers dui die totale aantal getranskribeerde bladsye aan vir die spesifieke databron.

© University of Pretoria

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1: Deelnemer 1 | Tydlyn en video-insetsels | 3 | 49-53 | 14 |
| 2: Deelnemer 2 | Tydlyn en video-insetsels | 3 | 30-37 | 24 |
| 3: Deelnemer 3 | Tydlyn en video-insetsels | 3 | 10-11 | 27 |
| 4: Deelnemer 4 | Tydlyn en video-insetsels | 3 | 10-11 | 6 |
| 5: Deelnemer 5 | Tydlyn en video-insetsels | 3 | 11-16 | 31 |
| 6: Deelnemer 6 | Tydlyn en video-insetsels | 3 | 11-13 | 21 |
| 1: Deelnemer 1 | Collage | 4 | 53-54 | 18 |
| 2: Deelnemer 2 | Collage | 4 | 37-42 | 25 |
| 3: Deelnemer 3 | Collage | 4 | 11-12 | 7 |
| 4: Deelnemer 4 | Collage | 4 | 11 | 24 |
| 5: Deelnemer 5 | Collage | 4 | 16-19 | 13 |
| 6: Deelnemer 6 | Collage | 4 | 13-14 | 27 |
| 1: Deelnemer 1 | Spesifikasie van aktiwiteite wat die deelnemer in praktiese optrede kan omskakel (lewensportret) | 5 | 54-64 | 14 |
| 2: Deelnemer 2 | Spesifikasie van aktiwiteite wat die deelnemer in praktiese optrede kan omskakel (lewensportret) | 5 | 43 | 21 |
| 3: Deelnemer 3 | Spesifikasie van aktiwiteite wat die deelnemer in praktiese optrede kan omskakel (lewensportret) | 5 | 12-21 | 16 |
| 4: Deelnemer 4 | Spesifikasie van aktiwiteite wat die deelnemer in praktiese optrede kan omskakel (lewensportret) | 5 | 11 | 31 |
| 5: Deelnemer 5 | Spesifikasie van aktiwiteite wat die deelnemer in praktiese optrede kan omskakel (lewensportret) | 5 | 19-21 | 22 |
| 6: Deelnemer 6 | Spesifikasie van aktiwiteite wat die deelnemer in praktiese optrede kan omskakel (lewensportret) | 5 | 14-15 | 38 |
| 1: Deelnemer 1 | Opvolg | 6 | 64-87 | 7 |
| 2: Deelnemer 2 | Opvolg | 6 | 43-53 | 34 |
| 3: Deelnemer 3 | Opvolg | 6 | 21-22 | 25 |
| 4: Deelnemer 4 | Opvolg | 6 | 11-12 | 32 |

© University of Pretoria

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5: Deelnemer 5 | Opvolg | 6 | 21-23 | 18 |
| 6: Deelnemer 6 | Opvolg | 6 | 15-19 | 21 |
| 1: Deelnemer 1 | B1: Brondokument – Refleksiejoernale van deelnemer en navorser | 0 (Tussen sessies) | Nvt | Nvt |
| 2: Deelnemer 2 | B2: Brondokument – Refleksiejoernaal van deelnemer en navorser | 0 (Tussen sessies) | Nvt | Nvt |
| 3: Deelnemer 3 | B3: Brondokument – Refleksiejoernale van deelnemer en navorser | 0 (Tussen sessies) | Nvt | Nvt |
| 4: Deelnemer 4 | B4: Brondokument – Refleksiejoernale van deelnemer en navorser | 0 (Tussen sessies) | Nvt | Nvt |
| 5: Deelnemer 5 | B5: Brondokument – Refleksiejoernale van deelnemer en navorser | 0 (Tussen sessies) | Nvt | Nvt |
| 6: Deelnemer 6 | B6: Brondokument – Refleksiejoernale van deelnemer en navorser | 0 (Tussen sessies) | Nvt | Nvt |

In hierdie hoofstuk word die temas dus verken wat gedurende die data-analise na vore gekom het. Die wyse waarop die subtemas gegroepeer is, word geïllustreer, gevolg deur ŉ meer omvattende bespreking van die resultate van die data-analise. Twee hooftemas is geïdentifiseer met verskeie subtemas onder elke hooftema. Tabel 4.3 bied ŉ opsomming van die temas, subtemas en kategorieë wat geblyk het uit die diepgaande bestudering van die verbatimtranskripsies van elke individuele onderhoud met die deelnemers, asook die refleksiejoernale van die deelnemers en navorser. Die insluitings- en uitsluitingskriteria van elke kategorie vorm ook ŉ deel van hierdie opsomming.

© University of Pretoria

**Tabel 4.3: Opsomming van temas en subtemas wat geblyk het uit die diepgaande analise van verbatim transkripsies van elke individuele terapeutiese ingreep**

| **TEMA 1: EIE DAADWERKLIKHEID (prestasies, status, sukses, lewensgenot, ens.)**<br>**(Outonome self' se identiteitvorming)** | |
|---|---|
| Insluitingskriteria | |
| 1.1 Ideologie | |
| Beskrywing van ideologie | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat daarop dui dat 'n deelnemer oor 'n lewensdoelwit of lewensdoelwitte, geartikuleerde standpunte oor relevante kwessies en 'n informele of formele oortuiging van godsdiens, politiek, wetenskap, humanisme ensovoorts beskik, met ander woorde 'n bewustheid van iets wat 'groter' as hy of sy is. 'n Bepaalde ideologie speel uit as selfvervullend of selftransenderend en word betrek in die ossilasie tussen eie daadwerklikheid (outonome gedrag) en gemeenskaplikheid (relasionele gedrag). | *I do believe in God and I am a Christian. And when you are a Christian, you are practically called to love everyone unconditionally* (6:A6:2:11:4-6). |
| Beskrywing van die effek van die afwesigheid van 'n ideologie | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat daarop dui dat 'n deelnemer nie beskik oor ideologiese strukture om sodoende sy of haar groeiende ervarings en begrip van die wêreld te organiseer nie. | *We just live here and we don't understand. Even some of us as old as 80 years, we still don't understand who we are, who is God, what is the universe, how did I came about, crying about growing up in poverty; ... sometimes some things are given to you and you don't even know how to use them because you don't understand* (5:A5:3:12:27-31). |
| 1.2 Sleuteltonele (hoogte-, laagte- en omkeerpunte in die lewensverhaal) | |
| Beskrywing van die waardevolle bydrae van sleuteltonele (hoogte-, laagte- en omkeerpunte) in die lewensverhaal | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat dui op temas van persoonlike versoening, opwaartse sosiale beweeglikheid, emansipasie, selfvervulling en herstel in die deelnemer se lewensverhaal. Die handhawing van emosionele welstand (selfhandhawing, emosionele outonomie of | *Definitely an event also or happening also that influenced my life the most was the fact that I attended German school – completely different, completely out of the ordinary from what we are used to here. Different culture, different people, different country, and it's an influence, it's an experience that I wouldn't exchange for* |

© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| emosionele 'energiebron') en oorskryding van die self (selftransendering) is ter sprake en word vervat in die konsepte 'plastisiteit', 'veerkragtigheid' of 'aanpasbaarheid'. | *the world* (1:A1:1:37:19-22). |
| Beskrywing van die afwesigheid van die waardevolle bydrae van sleuteltonele (hoogte-, laagte- en omkeerpunte in die lewensverhaal) | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat sleuteltonele verdoem tot mislukkings, of ten beste as halwe suksesse; ŉ fatalistiese benadering tot die lewe; geen vertroue kan verwek word dat beste intensies vrugbare uitkomste sal genereernie; energie kan nie effektief omgesit word in produktiewe werk wat die toekoms kan vergemaklik nie aangesien geglo word dat slegte uitkomste in elk geval gaan voorkom. | *Sometimes it becomes sad. I think about my father ... I even forgot about it, but after I woke up in the hospital after my bipolar has been diagnosed ... I couldn't grieve my father. And I think that's what caused my bipolar, because he was my everything* (5:A5:2:10:8-11). |
| 1.3 Sleutelbeelde (wat die vitaliteit in die storielyn bevorder) | |
| Beskrywing van sleutelbeelde wat die vitaliteit in die storielyn bevorder | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat psigiese energie belê in karaktereienskappe belê (wat positiewe waardes impliseer) en wat ten opsigte van bydraes tot die samelewing benut kan word. Intrapersoonlike diversiteit is ter sprake en kulmineer in prososiale doelwitte en/of generatiewe waardes. | *I am hard-working, I don't limit myself and I am always willing to learn* (3:A3:1:5:34-35). |
| Beskrywing van die afwesigheid van sleutelbeelde wat die vitaliteit in die storielyn bevorder | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat dui op ŉ stagnasie in die storielyn. | *Ek dink dit is vir my ... en ek verstaan die begrip hier, maar ek sukkel om dit te doen want daar was baie keer waar ek uitgereik het na vriende, familie, vir baie mense en op die ou einde het dit net teruggekom om my seerder te maak. Op hierdie stadium is ek baie selfsugtig. Ek het vir soveel jare lank alles vir almal gedoen en elke keer het dit net teruggekom om my te byt, so screw dit! Ek gaan net alles vir myself doen* (2:A2:4:40:36-40). |
| **TEMA 2: GEMEENSKAPLIKHEID – Beskik oor 'n dryfkrag vir kontak, konneksie en eenheid (verbintenis aan ander)** | |

© University of Pretoria

| **(Relasioneel-morele identiteitsvorming)** | |
|---|---|
| 2.1 Verhoudings (familie, vriende, intiem) | |
| Beskrywing van verhoudings (familie, vriende en intiem) | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat dui op gesonde verhoudings in die onmiddellike wêreld van dag-tot-dag-gedrag en die meer abstrakte arena van sosiale funksionering in konkrete gemeenskappe. | *We are a few young people that have a home cell together every week on Wednesdays and Fridays where we discuss topics and encourage one another* (3:A3:4:14:25-26). |
| Beskrywing van die afwesigheid van verhoudings (familie, vriende, intiem) | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat dui op ŉ gefragmenteerdheid in terme van verhoudings in die onmiddellike wêreld van dag-tot-dag-gedrag en die meer abstrakte arena van sosiale funksionering in konkrete gemeenskappe. | *I think I cut lots of people out of my life after I matriculated. Because I had so many friends that were just there because of what you can offer them. And if you don't, they break away* (4:A4:2:9:17-19). |
| 2.2 Voornemende of huidige werk- of studierol | |
| Beskrywing van voornemende of huidige werkrol | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat dui op ŉ belegging in die verkryging en uitoefen van vaardighede wat op een of ander wyse produktief tot die gemeenskap bydra. | *And lastly, anybody, any person who has made a supreme contribution to the development of human kind and also some of the prominent figures who fight for animal rights in society, would earn my deepest, deepest respect and I would try to model myself after them. I would try to model myself in terms of making a difference as well as trying to fight for animal rights and try to support any kind of improvement towards mankind. Not only medically, I'm speaking generally* (1:A1:2:43:32-37). |
| Beskrywing van die afwesigheid van ŉ voornemende of huidige werkrol | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat dui op die afwesigheid van ŉ produktiewe werkrol in die samelewing. | *I was forced to study law when I was working for the Financial Policy Board. During my diploma, those were my lowest marks. I never liked it. They were always debating, and debating is really not my thing. I just wanted to sleep* (5:A5:1:1:34 & 2:1-2). |

© University of Pretoria

| 2.3 Burgerskap-self | |
|---|---|
| Beskrywing van ŉ burgerskap-self | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat dui op gesindhede, gedrag, kennis en vaardighede gemik op bydraes tot die breër welsyn (bv. ŉ bepaalde perspektief, self-refleksie en gevoelens van verantwoordelikheid; bewustheid van sosiale en politieke sake; transendensie van eie belang). Beide gemeenskapsbetrokkenheid en politieke deelname word betrek. | *I also see myself as a leader that wants to improve the society. As a leader, you have to be humble enough to listen to your followers. You need to stick to your status quo to take you from where you are to where you want to be. And you have to be open minded to get corrected when things goes wrong. I cannot say I am a leader, I am the boss and I am always right. As a leader your opinion is the key. But other people's opinion can also add a lot of value and opportunities if you work together. And you should not lead your followers into something that benefits yourself. But working towards something that will benefit the world and the society as a whole* (4:A4:4:11:17-24). |
| Beskrywing van die afwesigheid van ŉ burgerskap-self | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat dui op die afwesigheid van ŉ gevoel van sosiale verantwoordelikheid (as gemeenskapslid, burgerskap en politieke deelnemer); afwesigheid van ŉ diepe simpatie met en begrip van die teëspoed in die wêreld rondom hom of haar. | *Ek dink daar is ŉ element van om mense te help, maar vir my ... ŉ groot probleem in Suid-Afrika ... en ek dink dis ŉ wêreldwye probleem ... is ons het hierdie bakhand mentaliteit en vir my is dit ... ek sal betrokke raak by iets wat ek voel ek kan ŉ bydrae lewer waar daai persoon weer ŉ bydrae kan gaan lewer en dit is nie soos ... want ek het my broer gehelp waar ons mense gehelp het met wiskunde klasse en skeinat klasse en daai ou wil graag universiteit toe gaan en uitbeweeg en ŉ verskil maak ... maar vir my om iemand se huis te gaan verf want hy weet volgende jaar kom daar nog iemand en ek gaan nie omgee oor hoe ek na hierdie huis kyk nie want volgende jaar gaan daar nog iemand kom en dit ... vir my was ... dit frustreer my want ons het hierdie bakhand teorie van ... ons moet net kry ... dit is ons reg om te kry en dit is apartheid se skuld en dis dié een en daai een se skuld en ons moet net kry, want dit is ons reg en dit ...* (2:A2:6:47:33-39 & 48:1-4). |
| 2.4 Kosmopolitaanse self | |
| Beskrywing van ŉ kosmopolitaanse self | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat daarop dui dat ŉ deelnemer die wêreld as interkonnektief sien; ŉ oopstel tot die wêreld in die sin dat ŉ deelnemer sy of haar morele en politieke horisonne uitbrei; aanduidings van maniere waarop ŉ deelnemer diversiteit (verskillende konsepsies van die *common* | *Another thing that we need to be aware of is that we are integrated. Everybody must be aware that we are interconnected, interdependent; because if the person who has oil resources isn't willing to share, we will suffer. We just have to realize that we are a global* |

© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| *good*) en eenheid ('n geloof in die moontlikheid van 'n *common good* en die gelykheid van alle persone) versoen deur die perspektief van andere in berekening te bring. | *community* (6:A6:6:17:30-33). |
| Beskrywing van die afwesigheid van 'n kosmopolitaanse self | Voorbeelde van deelnemers se verbatim response |
| Enige frases, sinne of woorde wat daarop dui dat 'n deelnemer tekort skiet ten opsigte van 'n interpretasie wat die bevordering van die breër welsyn oor landsgrense heen (kosmopolitiese ingesteldheid) aanmoedig. | *Trying to understand history is one thing, actually participating in it is something different. Naturally, as life goes on, the societies of populations on this planet change – the cultures adapt, change or even transform. However, cultures do not play the only role. The genes of the individuals frequently play a vital role as well. It is not possible for a person to learn, adapt or undergo any kind of personal change if the underlying genetics does not allow this transformation to happen, so in a way nature is the foundation for nurture* (1:B1:0:1:3-8). |

Die data-analise na aanleiding van die temas en subtemas word vervolgens breedvoerig bespreek.

### 4.3.1 Resultate van die kwalitatiewe data-analise van die individuele semi-gestruktureerde onderhoude en refleksiejoernale

#### 4.3.1.1 Tema 1 en subtema 1.1

| |
|---|
| **TEMA 1: EIE DAADWERKLIKHEID (prestasies, status, sukses, lewensgenot ens)**<br>**(Identiteitsvorming van 'Outonome self')** |
| Insluitingskriteria |
| Subtema 1.1: Ideologie |
| Enige frases, sinne of woorde wat daarop dui dat 'n deelnemer beskik oor 'n lewensdoelwit of lewensdoelwitte, geartikuleerde standpunte oor relevante kwessies en 'n informele of formele oortuiging van godsdiens, politiek, wetenskap, humanisme ensovoorts beskik, met ander woorde 'n bewustheid van iets wat 'groter' as hy of sy is. 'n Bepaalde ideologie speel uit as selfvervullend of selftransenderend en word betrek in die ossilasie tussen eie daadwerklikheid (outonome gedrag) en gemeenskaplikheid (relasionele gedrag).<br><br>Subsubtema 1.1.1: 'n Selfvervullende wêreldbeskouing<br><br>Subsubtema 1.1.2: 'n Selftransenderende wêreldbeskouing |

***i Subsubtema 1.1.1: ’n Selfvervullende wêreldbeskouing***

Entoesias deel sy siening oor die feit dat hoewel die wêreld konseptueel in ŉ westerse en oosterse deel verdeel word, die wêreld eintlik interkonnektief is: *Ek dink ... in my opinie is die westerse ... is very commercial en die oosterse is nog baie spiritual en ek dink daardie twee is nog baie streng teenoor mekaar en hulle kyk nog baie in mekaar vas. Die ironie van die saak is dat altwee trek van mekaar af. Waar ons het hierdie verskriklike commercial deel van die westerse ... maar ŉ klomp van hulle produkte word in die ooste gemaak, want dis goedkoop ... maar sodra dit dan gaan oor spiritualiteit, dan 'Ja, ag, ons weet nie eintlik waaroor hulle praat nie'. En vica versa ... maar waar hulle eintlik baie meer interconnected is as wat hulle self besef of wil erken dalk* (2:A2:3:31:33-40).

Entoesias brei uit oor sy siening dat die wêreld al meer interkonnektief raak en dat daar voordele aan verbonde is: ... *ek dink ons is meer global as wat ons wil erken en soos ... kyk nou die ouens met wie ek besigheid doen ... het ek nog nooit in my lewe ontmoet nie. Ek het eenkeer op Skype met hulle gepraat en een keer op die telefoon en die res is alles e-mails. En ek dink dit ... jy word al hoe meer global* (2:A2:6:49:17-20). *In ons huidige tyd en ons mag nog steeds ... Ek dink ons mag dalk nogsteeds borders hê ... waar ek bly in Amerika en jy bly in Suid-Afrika, maar ek dink in terme van sosiale en fisiese trends en goeters ... wat ons gaan doen en do's en don'ts ... dink ek tot ŉ groot mate openbaar ons onsself onbewustelik daaraan ... want wat op Facebook gebeur ... as jy kyk ... dom voorbeeld is hierdie Ice Bucket Challenge wat almal gedoen het. Dit het begin in Amerika en dit het ŉ global ding geword en ek dink baie mense het nie gedink, 'waar het dit begin en waar het dit geëindig nie'. So word ons so blootgestel aan ... dit was nou ŉ goeie en 'n positiewe ding ... maar dieselfde ding het gebeur in Egipte en Sirië ... daai opstande sou nie 30 jaar terug kon gebeur het nie, want daai mense het nie geweet dit is moontlik nie. 'Ons het gedink ons bly in Egipte en ons is onder druk' en dit is so ... maar hulle het nou op die nuus en op Facebook en op sulke plekke gesien dit is moontlik om op te staan* (2:A2:6:49:6-17).

Charisma ondersteun ook die gedagte van die wêreld as interkonnektief, die sensitiwiteit daarvan en die feit dat daar vir ŉ individu ŉ manier is om ook sy of haar opinie te lug: *Yes, we are interconnected. With technology, you can be anywhere and anytime. You could use your laptop with webcam and communicate with someone overseas. So we are interconnected. For example if one country is going through challenges, we will also experience the same thing because we are dealing with one another. So we are interconnected. Also the fact that if something happens somewhere and you want to get involved, you could say something on Facebook and Twitter and your voice will be heard and your opinion will be carry over. We are becoming more sort of global citizens ... rather than local citizens* (4:A4:3:10:30-34).

© University of Pretoria

Sonnig sien die hele wêreld as een groot familie: *I believe we are all family because according to our history God only created two people. Whatever happened afterwards was just nature* (6:A6:6:19:3-5).

Entoesias se mening is dat ŉ oop ingesteldheid kan lei tot ŉ nuwe identiteit wat neerkom op die vorming van ŉ meer volronde mens: *… dis waar wat hy sê ... soos daardie waar hy sê van ons het hierdie goeters ... en soos tannie gesê het ... meeste van dit is jou skool en jou ouers en jy question baie min van dit en dan bereik mens daardie comfort zone ... hier is waar ek wil beweeg want hierdie is wat ek weet ... waar dit is ... en wat mense nie besef nie ... is ... dat even al stem jy nie saam met iets daar buite nie ... dit verander jou nog steeds ... al stem jy nie saam nie ...* (2:A2:3:34:21-25) ... *en ek dink waarvoor baie mense bang is ... as hulle daardie boundary bietjie sagter maak en goeters laat in kom, dan gaan dit jou drasties verander. Die ding is, ek dink nie dit gaan jou vandag na nag só verander nie, maar dit gee jou die geleentheid om jouself oop te maak vir nuwe experiences. In die lang termyn verander jou identiteit, maar in ŉ goeie sin ... even al stem jy nie saam nie ... is dit darem ŉ informed decision eerder as ŉ 'Nee, sorry, dit kom nie hier verby nie'* (2:A2:3:20-25). *Dit het al baie keer in my lewe gebeur dat goed drasties my mindset verander. Ek dink dit maak jou ook ŉ meer volronde mens om meer goeters te weet. Weet eerder meer van die wêreld en hê ŉ opinie daaroor ... eerder as wat jy jou barrier opsit en sê jy stem nie saam daarmee nie en wil niks daarmee te doen hê nie. Weet? ... rather make an informed decision. Soos ek ook vroeër gesê het, 'a little bit of knowledge is very dangerous'* (2:A2:3:34:39-41 & 35:1-6).

Entoesias en Saint blyk geïnteresseerd te wees in die dinge wat in die res van die wêreld aangaan. Saint noem dat hy in die besonder in wêreldnuus belangstel: *I have an interest in what else is happening around the world with regards to global justice, economy, the planet and the likes ... I always read it on news24 and ENCA as well* (3:A3:6:22:1-3). Entoesias erken dat hy eerder toevallig blootgestel word aan wêreldpolitiek: *Dit is tien teen een net business en sport trends ... is maar meer goeters waarna ek kyk ... maar soos wat jy dit kyk, sal jy maar sien wat is die politiek in Amerika en Rusland ... Op hierdie stadium sal ek eerder 702 en internasionale nuus luister en kyk en Business Day ... meer as soos die Beeld of die Rapport en die 7 uur nuus. Ek voel ons het ŉ baie sensasionele tipe nuusberiggewing ... manier ... en veral in Afrikaanse nuus en dit is daai baie Huisgenooterige tipe nuus en dit frustreer my. Ek sal eerder internasionale nuus, CNN, BBC en 702 kyk want dit is feitelik, dit is nuus georiënteerd en dit is klaar. So dit is al wat ek doen* (2:A2:6:48:15-23).

Intellek voel ook dis belangrik om ŉ ander individu se perspektief in ag te neem en selfs kompromieë aan te gaan: *... and I think being a well-rounded person, is for you to understand that people act differently in different situations. You should also be able to actually try and understand somebody else's perspective as opposed to attacking them about their perspective* (1:A1:6:68:18-21). Entoesias vermeld die waarde van ŉ oop gesprek en maak daarby ŉ tong-in-die-kies-opmerking: *Ek dink baie van die wêreld se konflik kán, as twee mense met ŉ open mind, gaan sit en kom ons hê ŉ gesprek hieroor. 'Nee, ek wil dit hê en jy wil dit hê' ... Kom ons sit net so bietjie en sit net en luister wat die ander een sê. Ek het nou*

© University of Pretoria

*die dag iets gelees … toe sê hulle as die wêreld klomp vroue gehad het as president, dan sou ons nie oorloë gehad het nie … ons sou net 'n klomp lande gehad het wat nie met mekaar gepraat het nie* (2:A2:4:38:34-38).

***ii Subsubtema 2.4.2: Die belang van sistemiese refleksie op globale vlak***

Intellektueel beklemtoon die belang daarvan om 'n beter agtergrond te hê oor hoekom daar morele en politieke dilemmas is: *Dit is iets wat mense nie besef nie … daar is 'n realiteit. Daar is 'n realiteit oor hoekom iets gebeur. Almal 'Nazi, Nazi, Nazi' en jis, hulle het dit en dit en dit gedoen. Helfte van daai mense weet nie wat in die res van die wereld gebeur het nie. Hulle het nie 'n idee wat daar gebeur het nie … as jy vir hulle sê, 'Angola, panga en diamante', dan kyk hulle jou ook snaaks aan. Dan weet hulle ook nie waarvan jy praat nie … net 'hulle doen dit en dit en dit'. Hulle besef nie hulle het nie eers 'n idee van wat vooraf gebeur het … voor dit wat dit veroorsaak het … dat dit al in die Tweede Wêreldoorlog gebeur het nie … as jy nie baie informed is oor baie goed nie … mag jy nie … het jy nie 'n valid opinion … dit is nie vir jou geldig om 'n sterk opinie te hê nie, want jy weet nie genoeg daaroor nie* (1:A1:6:86:31-37 & 87: 1-3).

Entoesias reken hy het hoop vir die wêreld: *Ek dink ek het hoop vir die wêreld. Ek dink tot 'n groot mate as mens kyk deur die geskiedenis … daar is altyd hierdie fluctuations … ongelukkig kry jy verskriklike influential mense … jy kry ook die slegte influential mense wat wêreldoorloë begin het en glo hulle was reg … en ek dink as jy kyk … ons het nog altyd daai natural fluctuations gehad … Ek dink net ons het 'n groter input nodig in terme van fisiese input … want ek dink daar is nog hoop vir die wêreld. Daar is soveel goeie goed wat gebeur. Die ding is net … ons is baie meer exposed vir slegte nuus … as gevolg van social media en die nuus … en soveel informasie wat ons kry … maar ek dink oor die algeheel daar is inherent goed in elke mens* (2:A2:6:52:7-16).

## 4.4 BESPREKING VAN RESULTATE IN DIE KONTEKS VAN DIE LITERATUUR (SOOS BESPREEK IN HOOFSTUK 2, MAAR OOK INSIGTE WAT SEDERT MY AANVANKLIKE LITERATUURSTUDIE VERWERF IS)

Ek verskaf nou 'n opsomming van hierdie resultate deur kortliks te verwys na die temas 'eie daadwerklikheid' (outonomie of individuasie) en 'gemeenskaplikheid'. Aangesien die twee aspekte onderskei, maar nie geskei kan word nie (beide is verweef in die individu), word die opsomming vanuit hierdie geïntegreerde perspektief gedoen.

Uit die bevindings het dit geblyk dat die deelnemers se ideologieë selfvervullend (selfgesentreerd) en/of selftransenderend kan wees en dat 'n gesonde balans tussen die twee, vrugbaar aangewend kan word ten opsigte van 'n relasioneel-morele selfkonstruksie. Verder het dit geblyk dat die deelnemers in staat is om selfregulering toe te pas wat soms selfhandhawend (selfvervullend of selfgesentreerd) en soms selftransenderend kan wees. Die mate waartoe 'n individu selfregulering kan toepas, staan ook bekend as 'n individu se

© University of Pretoria

(inherente) veerkragtigheid, plastisiteit of aanpasbaarheid. Wanneer ’n deurdagte gebalanseerde ossilasie tussen ’n selfvervullende (of selfhandhawende of selfgesentreerde) en selftransenderende oriëntasie doelbewus gepromoveer word, word prosiale- en generatiewe aksies by implikasie gepromoveer en so ook die plastisiteit van die sisteem (ekstern) – menende dat die individu en die konteks baatvind by die dinamiese interaksie tussen self en konteks.

Die data-ontleding het verder uitgewys dat die deelnemers beskik oor idiosinkratiese karaktereienskappe wat positiewe waardes impliseer (ook bekend as *sparks* ) wat sommige van hulle lukraak ten opsigte van bydraes tot die samelewing aanwend. Deur die deelnemers doelbewus attent te maak op die teenwoordigheid van hulle *sparks* en die potensiaal daarvan ten opsigte van konstruktiewe bydraes tot die samelewing uit te wys, kom die konsep doelbewuste diversifisering ter sprake. *Sparks* kan dus as katalisator aangewend word vir prososiale en generatiewe aksies (en dus die uitbreiding van ’n outonome selfkonstruksie (met dormante *sparks*) na ’n outonoom-(moreel) relasionele selfkonstruksie (met geaktiveerde *sparks*). Die relatiewe veerkragtigheid van ’n individu en doelbewuste diversifisering gaan hand aan hand – beide het ’n voordelige impak gehad op die plastisiteit van die sisteem (mits ’n wedersyds voordelige aanpasbaarheid tussen self en die ‘ander’ oor ’n tydperk onderhou en gehandhaaf kan word).

Prososiale en generatiewe aksies vind by uitstek nie geïsoleerd plaas nie, maar in konteks. Laasgenoemde word in die onderhawige navorsing gekategoriseer as familie, vriende en intimiteit, werk- of studierol, en die burgerlike of kosmopolitaanse self. Die self-in-konteks impliseer ’n relasionele sowel as ’n holistiese benadering tot leef-beroepontwerp.

In die lig van bogenoemde het dit geblyk dat familie die primêre konteks vir spirituele ontwikkeling was. Verder het dit geblyk dat georganiseerde jeuggroepe (wat kan bestaan uit vriende, mentors en jeugleiers) ’n addisionele konteks vir spirituele ontwikkeling kan wees.

Vervolgens het dit na vore gekom dat die toenemende belegging van energie wat deur ontluikende volwassenes aan werk of studies toegewy word, moontlik druk op hul verhoudings uitoefen, wat kulmineer in die uitstel van die huwelik, onstabiliteit in verhoudings en die uitdaging om verbintenisse aan te gaan. Hierdie aspekte blyk kenmerkend van die moratorium fase van ontluikende volwassenes te wees waartydens romantiese verbintenisse en lewensplanne – meer spesifiek, die verskillende fasette van ontluikende volwassenes se lewens – gekoördineer word en die keuses van lewensrolle neig dus na waar die swaartekrag lê.

’n Spirituele benadering of oriëntering blyk verder voordelig vir werknemers te wees, veral in die lig van ontluikende volwassenes wat uitdagings ondervind om hulself ekonomies te stabiliseer. Verder blyk dit dat wanneer werk as ’n roeping beskou word, dit die dinamiese interaksie (die wedersyds-voordelige aanpasbare verhouding) tussen werknemer en die werksplek bevorder – dit wil sê beide werknemer en konteks trek voordeel uit die interaksie.

© University of Pretoria

Wat burgerlike doelwitte betref, het dit geblyk dat die deelnemers oor ’n vrygewige mate van gemeenskapgeoriënteerde gesindhede en doelwitte beskik. Volgens hulle kon gemeenskapsgeoriënteerde aksies meer effektief wees indien die regering op ’n sinvolle wyse betrokke raak. Hulle het egter nie vertroue in die politieke arena soos wat dit tans bedryf word nie – ‘politieke’ betrokkenheid vind moontlik ‘geatomiseerd’ plaas en saam daarmee raak die moontlikheid dat die sosiale kapitaal van ontluikende volwassenes verlore raak, ’n onrusbarende werklikheid. In hierdie opsig blyk dit dat georganiseerde jeuggroepe moontlik intussen kan voorsien in ontluikende volwassenes se behoeftes en potensiaal om by gemeenskapsprojekte betrokke te raak.

Laastens het my bevindings rakende die effek van globalisasie op ontluikende volwassenes getoon dat deelnemers bewus is dat die wêreld interkonnektief is en dat hulle oor ’n sosiale kritiese bewussyn beskik. Derhalwe blyk ontluikende volwassenes ’n bewustheid te hê aangaande die waarde van groter samewerking en betrokkenheid van individue op kosmopolitaanse vlak. Ontluikende volwassenes (en so ook die res van die wêreld se bevolking) bevind hulself in onstuimige waters en vanweë hul potensiaal en vrygewige oriëntasie word ontluikende volwassenes as’t ware ‘gevra’ om leierskapsrolle aan te neem.

Ten slotte het ek in hierdie hoofstuk gepoog om die kwalitatiewe data wat tydens onderhoudvoering met die deelnemers in die lewensontwerp beradingsessies versamel is, te analiseer, die bevindings te interpreteer en die resultate te rapporteer. Twee hooftemas is geïdentifiseer: Eie daadwerklikheid (dryfkrag vir prestasies, status, sukses, lewensgenot, ensovoorts) gerig op gemeenskaplikheid (dryfkrag vir kontak, konneksie en eenheid met andere). In die volgende hoofstuk word die resultate wat verkry is met die literatuur (soos bespreek in hoofstuk 2 asook addisionele verwysings) in verband gebring.

© University of Pretoria

# HOOFSTUK 5

## BESPREKING VAN DIE BEVINDINGS VAN DIE NAVORSING

### 5.1 Inleiding

Hoofstuk 5 word gewy aan ŉ bespreking van die bevindings van my navorsing in die groter raamwerk van ŉ vergelyking met ander studies wat ook oor aspekte verwant aan die waarde van lewensontwerpberading vir (relasioneel-morele) selfkonstruksie by ontluikende volwassenes gerapporteer het. Hierdie vergelyking word gebaseer op ŉ bespreking van die temas wat van ŉ analise van die kwalitatiewe data afgelei is en poog om te bepaal of die bevindings van bestaande navorsing my navorsing staaf of daarvan verskil, of my navorsing voorheen ongerapporteerde bevindings blootlê, en of enige nuwe tendens(e) bespeur kan word.

Binne die raamwerk van lewensontwerpberading en die navorsingsdoel was dit my oogmerk om as navorser op mutualistiese wyse met elke deelnemer (as outeur van sy of haar eie lewensverhaal) saam te werk aan ŉ leef-beroepontwerp waarin ŉ sin vir wat goed is (prososiale en generatiewe waardes) moontlik verweef kon word (wat ŉ spirituele dimensie van welwillendheid impliseer). In ŉ neutedop – ek wou verken of lewensontwerpberading ŉ sin van samehang ten opsigte van ŉ kritiese (denke), konnektiewe (verbintenis aan andere) en deernisvolle bewussyn kon bewerkstellig, indien nodig. Hierdie kritiese, konnektiewe en deernisvolle bewussyn impliseer ŉ bepaalde sin- en betekenisgewing (ŉ kognitiewe, affektiewe en sosiale sin- en betekenisgewing)[19] wat in ŉ fundamentele spirituele ontwikkeling kulmineer.

Dit blyk uit toenemende bydraes in die ontwikkelingsielkunde dat daar ŉ groeiende internasionale belangstelling in die wetenskap van spirituele ontwikkeling by kinders en jongmense is (Barkin, Miller & Luthar, 2015). Hierdie belangstelling word versterk deur onlangse navorsing wat voorstel dat spiritualiteit en spirituele ontwikkeling ŉ belangrike rol in menslike ontwikkeling en vooruitstrewendheid speel. Tot dusver is navorsing oor bv. adolessente spirituele ontwikkeling egter gesmoor deur kritiese beperkings (sien Roehlkepartain, King, Wagener, & Benson, 2006) soos die volgende: a) die vermenging van 'godsdiens' met 'spiritualiteit'; b) beperkte data betreffende spiritualiteit onder jongmense buite die Westerse of Judeo-Christelike godsdienstige tradisies; c) navorsing wat oorwegend fokus op individuele ontwikkeling met min inagneming van die interaksie met ontwikkelingsisteme of ekologieë; en d) die uitvoer van navorsing sonder onderliggende teoretiese raamwerke of grondleggings (Benson, 2006; Rew & Wong, 2006).

Die spirituele ontwikkeling (relasioneel-morele selfkonstruksie) van die ontluikende volwassene maak die kern uit van my navorsing. Bakan (1966) in Lips-Wiersma (2002) verwys na die dualiteit van die mens se bestaan, naamlik ŉ 'outonome daadwerklikheid'[20] en

[19] 2.3, pp. 68-79.
[20] ŉ Gevoel van daadwerklikheid: verantwoordelikheid vir die eie lewensloop; die uitgangspunt dat ŉ individu in beheer is van eie besluite en verantwoordelik is vir die uitkoms daarvan, en die vertroue dat die individu in staat

© University of Pretoria

'gemeenskapsbetrokkenheid'[21]. Bakan stel voor dat outonome daadwerklikheid en gemeenskapsbetrokkenheid oor die lewenstydperk gebalanseer moet word, maar waarsku dat daar 'n aanhoudende spanning tussen die twee sal wees. Vervolgens word die proses van die hou (d.i. instandhouding van emosionele welstand)[22] en aanspreek van hierdie spanning (d.i. oorskryding van eie belang) by wyse van 'n bespreking van die bevindings van die navorsing gedemonstreer. Dit behels 'n refleksie op die historiese gedrag ('n sintese van besluitnemings en optredes in die verlede) van die ontluikende volwassene – die artikulasie daarvan, die ontdekking van nuwe insigte vanweë die reflektiewe proses en dan die prioritisering en balansering van nuwe en verskillende lewensdoelwitte in die guns van beide individuele en kollektiewe ontwikkeling. Spiritualiteit gesien in hierdie lig het dus baie te doen met refleksie en leer, die oorweging van nuwe lewensdoelwitte, 'n wilsbesluit en optrede, en hierdie elemente blyk leef- en beroepsgedrag te affekteer.

Laasgenoemde komponente (refleksie en leer, nuwe lewensdoelwitte, 'n wilsbesluit en optrede) is alles aspekte van lewensontwerpberading. In lyn met my navorsingsdoel was dit juis die oogmerk om te verken of lewensontwerpberading van waarde kan wees ten opsigte van die (spirituele) selfkonstruksie van ontluikende volwassenes deur die bevindings van my navorsing te vergelyk met die bevindings van ander navorsers en om, indien nodig, nuwe tendense uit te wys.

Vervolgens tref ek 'n oorhoofse vergelyking van my eie navorsing met die bevindings van ander navorsers. Ten einde 'n omvattende oorsig van die huidige beskikbare literatuur oor die voorafgenoemde aspekte te verskaf, sal bestaande (voorheen aangehaal in hoofstuk 2) en addisionele verwysings aangehaal word. Ek fokus eerstens op die outonome daadwerklikheid van die deelnemers (5.2.1), gevolg deur die gemeenskapliksheidsaspek (5.2.2) in hul lewens. Ek sluit af met 'n bespreking van die resultate (5.3).

---

sal wees om struikelblokke te oorkom wat vooruitgang op die gekose lewenspad moontlik mag belemmer (Inguglia, Ingoglia, Liga, Coco & Cricchio, 2014). Rosso et al. (2010) gebruik die term 'individuasie'wat neerkom op die betekenisvolheid van optrede wat die self as waardig definieer en onderskei (differensiasie), en wat gevolglik in die vorm van gevoelens van selfbevoegdheid en 'n gesonde selfagting tot uiting kom (2.5.3.1, p. 40).

[21]'n Gevoel van verbintenis met andere, om lief te hê en om te gee, om liefgehê te word en voor omgegee te word – die vestiging van hoë kwaliteit, bevredigende en positiewe bande met ander (Inguglia et al., 2014). Rosso et al. (2010) gebruik die term 'eenwording' wat die betekenisvolheid reflekteer van optrede wat individue in harmonie met ander wesens of beginsels bring, en fokus sodoende op individue se persepsies van saamhorigheid (2.5.3.4, p. 41).

[22]Emosionele welstand is 'n omvattende model van eudaimonia (die strewe na die realisering van persoonlike potensiaal (Ryan & Deci, 2006) en hedonia ('n gevoel van gelukkig wees vanweë 'n strewe na plesiergewende projekte) (Keyes, 2000).

© University of Pretoria

### 5.2 Vergelyking van bevindings van eie navorsing met dié van ander navorsers

Met die gebruik van die gereedskapstukke van lewensontwerpberading (wat neerkom op die toepassing van ŉ narratiewe benadering) het die data van die deelnemers oorhoofs ŉ outonome (ook die 'Eie daadwerklike self' genoem) self uitgewys wat in ŉ (daaglikse) relasionele matriks (kompleks en wederkerig) funksioneer (ook benoem as die 'Gemeenskaplikheidsaspek'). Hierdie bevinding van ŉ 'outonoom-relasionele' deelnemer was in ooreenstemming met die bevindings van ander navorsers (Bakan, 1966; Markus & Kitayama, 1991; Deci & Ryan, 2000, 2008, Kagitcibasi, 2012, Inguglia, Ingoglia, Liga, LoCoco & LoCricchio, 2014) wat bevind het dat outonome gedrag (voetnota 20) en relasionele gedrag (verbintenis aan andere in ŉ gemeenskaplikheidsaspek) (voetnota 21), fundamentele behoeftes is vir alle mense. Hierdie behoeftes word as hoogs komplementêre motiewe beskou en die mutualistiese integrasie van die twee word gesien as noodsaaklik vir optimale gesondheid. Op grond van verdere bestaande literatuur kon die 'Outonome (eie daadwerklike) self' uitgebrei word na Outonome 'self' identiteitvorming en die 'Relasionele self' na Relasioneel-morele identiteitvorming (Barrett, 2013, McAdams, 1985, Gadow, 1999; Parker, 2007, Roberts & Côté, 2014). Die konsepte 'Eie daadwerklikheid' en 'Gemeenskaplikheid' met die gepaardgaande 'Outonome 'self' identiteitvorming en 'Relasioneel-morele identiteitvorming'is vervolgens gebruik as die twee hooftemas in my navorsing.

Aangesien geen nuwe hooftemas of subtemas uit my induktiewe analise na vore getree het nie (slegs subsubtemas), struktureer ek my bespreking op ŉ geïntegreerde wyse. Met ander woorde, ek tabelleer die temas en subtemas wat deduktief na vore getree het, en bespreek dan telkens daardie subsubtemas wat induktief na vore getree het, ter byvoeging tot die deduktief-afgeleide temas en subtemas (tabelle 5.1, 5.2 & 5.4). Die bespreking sal in diepte fokus op die bespreking van subsubtemas wat induktief na vore getree het, omdat hierdie subsubtemas die basis vorm vir die subtemas en die subtemas op hul beurt gesamentlik die temas konstitueer.

**Tabel 5.1: Die twee temas wat deduktief na vore getree het**

| TEMA 1: EIE DAADWERKLIKHEID<br><br>(Outonome 'self' identiteitvorming) | TEMA 2: GEMEENSKAPLIKHEID<br><br>(Relasioneel-morele identiteitvorming) |
|---|---|

Betreffende 'eie daadwerklikheid', stel McAdams en Cox (2010) voor dat die self in drie gedaantes van menslike selfheid opereer[23]. Oorhoofs opereer die self as *outeur* (van die eie narratiewe identiteit) wat kan besin en reflekteer oor die self as *akteur* (met sy of haar kenmerkende eienskappe en die self as *agent* (die daadwerklike self (met toekomsplanne en doelwitte).

[23] 2.6.3.3, p. 106; 2.6.3.4, pp. 107-110.

© University of Pretoria

Aangesien ek deduktiewe bevestiging vir hierdie aspekte uit my dataontleding verkry het, het die deelnemers se wêreldbeskouings (ideologieë), sleutelbeelde by wyse van die hoogte-, laagte- en omkeerpunte in hul lewensverhale (wat hul relatiewe veerkragtigheid impliseer), en sleutelbeelde as hul eie kenmerkende karaktertrekke en hul planne, drome en doelwitte in die lewe, as subtemas gedien. Al hierdie kwessies was dus saamgetrek in ŉ raamwerk wat my in staat gestel het om my data in meer detail met kontemporêre navorsing oor die deelnemers se 'selwe' en hul groei en ontwikkeling te vergelyk.

**Tabel 5.2: Die eerste tema en subtemas wat deduktief na vore getree het, asook subsubtemas wat induktief na vore getree het (sien groen skakering in res van hoofstuk)**

| TEMA 1: EIE DAADWERKLIKHEID (Outonome 'self' identiteitvorming) |
|---|
| Subtema 1.1: Ideologie of wêreldbeskouing (agtergrond van die lewensverhaal)<br><br>Subsubtema 1.1.1: ŉ Selfvervullendewêreldbeskouing<br><br>Subsubtema 1.1.2: ŉ Selftransenderende wêreldbeskouing |
| Subtema 1.2: Sleuteltonele (hoogte-, laagte- en omkeerpunte)<br><br>Subsubtema 1.2.1: ŉ Selfhandhawende plastisiteit<br><br>Subsubtema 1.2.2: ŉ Selftransenderende plastisiteit (voorbeeld van 'n burgerskap-leier ingesluit) |
| Subtema 1.3: Sleutelbeelde (wat die vitaliteit in die storielyn bevorder)<br><br>Subsubtema 1.3.1: Intrapersoonlike diversiteit<br><br>Subsubsubtema1.3.1.1: Prososiale doelwitte<br><br>Subsubsubtema 1.3.1.2: Generatiewe waardes |

© University of Pretoria

## 5.2.1 EIE DAADWERKLIKHEID (Individuasie)

### 5.2.1.1 Subtema 1.1: Ideologie of wêreldbeskouing

Die analise van die data het getoon dat die deelnemers oorhoofs oor selfvervullende (i) asook selftransenderende (ii) ideologieë of wêreldbeskouings beskik.

***i Subsubtema 1.1.1: ʼn Selfvervullende wêreldbeskouing***

Uit die data het dit geblyk dat selfvervulling by wyse van ʼn verbruikersmentaliteit, ʼn mate van morele relativisme en die handhawing van oppervlakkige waardes deel van sommige van die deelnemer se ideologieë uitmaak – wat neerkom op egosentriese waardes met ʼn hedoniese oriëntasie. Opmerkings wat gedui het op selfvervulling, was die volgende: *What I want to do with my life is ... I want to live my life doing what I want to do. I want to travel. I want to enjoy my life as a human being. I want to live a fulfilled life* (Charisma); *I would like to find a perfect balance between excellent income and intellectual stimulation. I refuse to settle for anything less* (Intellektueel).

Hierdie verskynsel van ʼn selfvervullende georiënteerde leefstyl is in ooreenstemming met Smith et al. (2011, p. 108) se bevindings dat ontluikende volwassenes onder andere materiële sekuriteit en finansiële gemak wil hê en verwag. Volgens die outeurs is ontluikende volwassenes by uitstek verbruikers in die sin dat hulle hard werk en hul inkomste gebruik om produkte en dienste te betaal wat tot die vervulling van hul materiële behoeftes bydra. Volgens Smith et al. (2011) is nuwerwetse en verbeterde hoë-tegnologiekommunikasie en vermaaklikheidstoestelle – soos iPhones, skootrekenaars, hoëspoed-internettoegang en grootskermtelevisies – basiese essensiële items in die lewe, soos Saint dit dan ook verbaliseer: *Last year when I started working, I bought myself a laptop, playstation and I bought my parents Christmas presents.*

ʼn Mate van morele relativisme het geblyk uit Entoesias se opmerking: *Eendag kom iemand daar aan en sê tien miljoen rand, twee dae (vir die verkoop van verdowingsmiddels) ... en ek dink jy kry jou mense wat almal op die hoë troontjie sit en sê ek sal dit nooit doen nie, en dit is die mense wat dit gewoonlik eerste sal doen. So ek dink dit is nie iets wat ek uitgaan om te doen nie, maar jy is onrealisties om te sê, nooit ooit sal dit met my gebeur nie.*

Smith et al. (2011, p. 69) stel hul siening rondom ontluikende volwassenes se morele landskap onomwonde en verbaliseer as't ware die gaping wat my navorsing geïnspireer het: *the problem is more that many of them are simply lost. They do not adequately know the moral landscape of the real world that they inhabit. They need some better moral maps and better-equipped guides to show them the way around. The question is, do those maps and guides exist, and can they be put into use?*

© University of Pretoria

Die deelnemers het aangedui dat fisiese voorkoms, finansiële sukses en sosiale erkenning vir hulle belangrik is. Intellek het haar versugting rondom fisiese voorkoms so geverbaliseer: *If I have to have a role model that pertains to looks for instance ... it would be Sophia Vergara. She's different ... she is different and she doesn't mind showing it. She doesn't have a desire to change her ways and how she is, how she dresses and how she portrays herself, how she carries herself. I like the fact that long hair ... yes ... look how she wears long hair ...*

Saint se opmerking oor finansiële sukses lui so: *It will definitely be a business man. I would love to have my own company like mechanics. And have my own business where I sell my stuff and still have shares in other companies. That's actually what I want to do with my future. Growing and planting everywhere. And I would love to invest in shares as well.*

Vir Entoesias sal ŉ posisie as hoof van ŉ groot maatskappy die nodige sosiale erkenning verleen: *My droom career is ... soos ek sien dit baie as ek êrens heen ry ... en daar is ŉ groot maatskappy met groot branding en logo ... ek sal graag die persoon wil wees wat aan die hoof is van daardie oorhoofse kreatiewe denke ...*

Entoesias het sy aspirasies rakende persoonlike fiksheid, die sosiale aspek van sy lewe, erkenning van andere en selfaanvaarding só verwoord: *Die ander ding waarvan ek hou, is enigiets aktief ... soos huidiglik is ek nou groot in die crossfit en ... so ek hou baie daarvan om gholf te speel ... te hardloop ... you know ... enigiets waar ek aktief kan wees. Snaaks, laas week het die mense daar by my verjaarsdag gepraat ... Die mense het ... baie mense het vir my gesê, dis fun ... want ek is ŉ ekstrovert ... ek recharge om mense ... en ek hou daarvan om grappies te vertel en ander mense half te entertain.*

My navorsing stem ooreen met dié van Twenge (2006) wat ook bevind het dat vandag se ontluikende volwassenes oor selfabsorberende en individualistiese wêreldbeskouings beskik. Die outeur se konnotasie rondom haar bevinding is egter negatief omdat sy ontluikende volwassenes oorhoofs as 'narssisties' beskou (Twenge & Campbell, 2010; Twenge & Foster, 2010). Volgens Staudinger en Bowen (2010) dra selfvervullende waardes by tot emosionele welstand, terwyl Keyes (2002) vermeld dat die regulering van emosionele welstand bydraend blyk te wees wanneer dit kom by prososiale en generatiewe gedrag. In die konteks van lewensontwerpberading is die bydrae van my navorsing moontlik uniek in die sin van ŉ persepsie dat selfvervullende waardes by ontluikende volwassenes ŉ positiewe konnotasie kan hê en as opbouend tot die breër samelewing aangewend kan word.

© University of Pretoria

### *ii Subsubtema 1.1.2: Selftransenderende wêreldbeskouing*

By verdere ontleding van die data het dit duidelik geword dat die deelnemers oor universele en welwillende ideologieë beskik. Die ses deelnemers kon hulself vrylik uitspreek oor verskillende kwessies soos die verband tussen oorbevolking en gene: *It is not possible for a person to learn, adapt or undergo any kind of personal change if the underlying genetics does not allow this transformation to happen* (Intellektueel)*;* godsdienstige toleransie: *I do believe in God and I am a Christian. And when you are a Christian, you are practically called to love everyone unconditionally* (Sonnig)*;* die effek van tegnologie op die mens se waardesisteem: *As you would agree with me, together with the technology revolution, a human cultural revolution is prerequisite for a successful future* (Sonnig)*;* die belang om ŉ ander se perspektief in ag te neem: *dis baie keer om in daardie persoon … om van sy oogpunt af te sien* (Entoesias); die rol van die mens se ego (veral ten opsigte van konflik): *The less they know, the more arrogant they are, and the bigger the ego* (Intellektueel); en die waarde van onderwys en opvoeding: *I genuinely believe that having some sort of education after school does help to improve or mould your being* (Intellektueel).

Bogenoemde bevindings kom tot ŉ mate ooreen met dié van Arnett (2013) wat die uitspraak maak dat ontluikende volwassenes minder selfsugtig en meer prososiaal aktief is as ooit tevore. Na my mening neem Nelson, Padilla-Walker, Carroll, Madsen, Barry en Badger (2007) egter ŉ meer sinvolle posisie in deur te redeneer dat alle ontluikende volwassenes nie oor dieselfde kam geskeer kan word nie, aangesien dit min doen om ons begrip van die ontwikkelingstrajek van ontluikende volwassenes en hul wêreldbeskouings te verbeter. Hierdie twee navorsers stel voor dat die konseptuele raam vanaf groepsvlakanalises na ŉ persoonlikheids-georiënteerde raamwerk verskuif word, sodat meer definitiewe vrae gevra kan word ten opsigte van die uitdagings van ontluikende volwassenes. Hul voorstel is dat ŉ samehangende wêreldbeskouing ontluikende volwassenes kan help om hul stres beter te bestuur, wat sodoende tot hul algehele gesondheid en welstand kan bydra.

Ter uitbreiding van die gedagte van ŉ samehangende wêreldbeskouing, reken Syed en Azmitia (2010) dat navorsingsbelangstelling ten opsigte van die ontwikkeling van ŉ normatiewe ideologie by ontluikende volwassenes nog in sy babaskoene staan. Hulle ondersteun die redenasie dat daar ŉ behoefte bestaan aan ŉ omvattende teoretiese model wat daardie ideologieë kan omsluit wat die voordeligste vir ontluikende volwassenes se ontwikkeling is (en wat ook die impak van hul lewenservarings in perspektief kan plaas). My navorsing – as moontlike bydrae tot ŉ omvattende teoretiese model – lig dus die potensiaal en belang van ŉ gebalanseerde ossilasie tussen selfvervullende en selftransenderende wêreldbeskouings uit.

Betreffende die ontluikende volwassene se lewenservarings of lewensgebeure (hetsy verteenwoordigend van die tragiese of van die meer vrygewige en helende sy van die lewe), redeneer Roehlkepartain, Benson en Scales (2011) dat dit ŉ kragtige impak op sy/haar spirituele pad kan hê. Hoe jongmense hulself en hul plek en doel in die wêreld verstaan,

© University of Pretoria

gebaseer op wat om hulle en met hulle gebeur, staan volgens hierdie outeurs sentraal in hul spirituele identiteitvorming en word vervolgens onder die subtema 'sleuteltonele' bespreek. Na die bespreking van die subtema 'sleuteltonele' (5.2.1.2), volg 'n bespreking oor die subtema 'sleutelbeelde' (5.2.1.3) en daarna 'n kort opsomming van die eerste gedeelte van my navorsing, naamlik die daadwerklikheidsaspek van die deelnemers se lewensverhale (5.2.1.4). Hierna sal die bespreking van die gemeenskaplikheidsaspek van die deelnemers se lewensverhale (5.2.2) 'n aanvang neem en voordat ek met 'n opsomming van die resultate sal afsluit (5.3).

### 5.2.1.2 Subtema 1.2: Sleuteltonele

'n Analise van die data (sien hier onder) het oorhoofs aangedui dat die deelnemers 'n 'plastisiteit' (veerkragtigheid of aanpasbaarheid) vertoon ten opsigte van die hantering van lewenservarings. Die effek kan selfhandhawend wees in die sin dat die deelnemers bloot emosionele welstand reguleer, of dit kan selftransenderend wees in die sin dat die deelnemers forseer word om die wyse waarop hulle hulself beskou het, te heroorweeg en te herevalueer, met ander woorde daar is 'n verandering in sin- en betekenisgewing (voetnota 1). Die stimulasie van refleksie en kritiese denke help om transenderende doelwitte te stel sodat 'n sin van integrasie of heelheid bewerkstellig kan word (Roehlkepartain, Benson & Scales, 2011).

Refleksie en leer betrek die Sisteem-teoretiese Raamwerk van beroepsontwikkeling (STR)[24] wat verder spesifiek deur beroepskonstruksie gekonseptualiseer word as 'n leersisteem waarin berading beskou word as 'n leerproses, beroepsberaders as leerfasiliteerders en individue as lewenslange leerders wat daarna streef om uit hul lewenservarings sin te maak. Leer is dus 'n dialogiese en kognitiewe, sowel as 'n transformatiewe proses wat by wyse van refleksie tot stand gebring word. Tydens die dialogiese proses in die storievertelbenadering vertel individue stories van hul ervarings en deur hul refleksie op hierdie ervarings op beide die objektiewe en subjektiewe vlak geskied transformasie. Sodanige leer het ook 'n invloed op die konstruksie van toekomstige stories.

Vervolgens word voorbeelde van lewenstemas verskaf. Die eerste behels 'n selfhandhawende wyse van hantering van lewenservarings en die tweede (twee voorbeelde) 'n selftransenderende wyse van hantering van lewenservarings ('n voorbeeld van 'n burgerskap-leier is ingesluit).

***i Subsubtema 1.2.1: 'n Voorbeeld van 'n selfhandhawende wyse van hantering van lewenservarings (wat bydra tot die regulering van emosionele welstand)***

'n Besigheid wat skeefgeloop het, het vir Entoesias waardevolle lewenslesse geleer: ... *die grootste down wat ek ooit in my lewe gevoel het, was die dag toe ek uitgevind het dat ons maatskappy gaan gelikwideer word; en die ergste was, dit was nie my besluit nie; Dit het ook my besigheidsdenke baie verander. Soos hoe om goeters aan te pak ... hoe om alles nie in een*

---

[24] 2.6.3.5.ii, p. 112, par 4.

© University of Pretoria

*plekkie te sit nie ... goed kan verkeerd gaan ... en die regte vrae te begin vra ...; ... soos ek het daardie tyd gevoel het, ek is jonk en ek het nie die reg om te weet waar kom die geld vandaan nie ... waar ek nou weet ... want dit is tog nog steeds ook my maatskappy.*

***ii Subsubtema 1.2.2: Twee voorbeelde van 'n selftransenderende wyse van hantering van lewenservarings (wat moontlik spirituele groei en ontwikkeling impliseer)***

Die omstandighede rondom Perfek se gesondheidstoestand het bygedra tot haar besluit om 'n sielkundige te word tot die voordeel van individue in haar eie kultuurgroep: *Most of my family does not know about psychology. When you are diagnosed – most especially with bipolar, you are considered to be a crazy person. We only search for the psychologist or professional help when we are affected with things such as drugs and violence. Then we start searching. And that's how we believe things in our culture. And this is why I really want to do psychology. Helping people to find their own lifestyle, counselling people ... for example in my family, there are a lot of young brilliant teenagers, and when they get out of school, they end up doing woodwork. But I want to be able to give them the support they want considering the fact that no one has ever supported me.*

My bevinding was dat elkeen van die deelnemers aangedui het dat hulle kans sien vir leierskap. 'n Voorbeeld is die volgende verklaring van Charisma: *I also see myself as a leader that wants to improve the society. As a leader, you have to be humble enough to listen to your followers. You need to stick to your status quo to take you from where you are to where you want to be. And you have to be open minded to get corrected when things goes wrong.*

My bevinding dat ontluikende volwassenes oor selfvervullende, selfhandhawende en selftransenderende eienskappe beskik (plastisiteit) wat potensiële burgerskap-leierseienskappe impliseer, word deur Parks (2011)[25] onderskryf. Sy beskryf die eienskappe van burgerskap-leiers soos volg – ontluikende volwassenes wat beide kan behoort en tog hulself kan onderskei, kan konnekteer en tog weer kan skei, waag en kan vertoef. Sy beskou dit as transformasies wat opgesluit lê in die belofte van ontluikende volwassenes se lewens: transformasies ten opsigte van kognisie, affek en die sosiale arena.

Opsommend (5.2.1.2) kom die bevindings van my navorsing ten aansien van die teenwoordigheid van plastisiteit by die deelnemers ooreen met Warren (2012) se ekologiese benadering[26] van die self-in-konteks, waar aanpasbaarheid (plastisiteit) die uitbreiding van die ontluikende volwassene se selfkonstruksie vanaf selfhandhawend na selftransenderend moontlik maak. Hierdie bevindings betrek ook (in die konteks van die navorsingsdoel)

[25] 2.5.4, p. 95, par. 3.
[26] 2.7.2.2, pp. 139-146.

© University of Pretoria

beroepsaanpasbaarheid[27] wat handel oor hoe individue hul storie-selwe in hul werksrolle implementeer om sodoende hul innerlike behoeftes en uiterlike geleenthede in harmonie te bring (Savickas et al., 2009). Deur te luister na hoe kliënte hulself as die hoofkarakters in hul eie lewensverhaal verbeeld, is beraders in staat om individue se oortuigings te identifiseer, asook hoe hulle tans met betrekking tot hul beroepsverwante uitdagings oorleef (Del Corso & Rehfuss, 2011).

My bevindings word waarskynlik ook ondersteun deur Nelson en Barry (2005) wat vermeld dat volwassenheid gekarakteriseer word deur ŉ meer samehangende sin van persoonlike identiteit. Antonovsky (1987) beskryf ŉ sin van samehang as die mate waarin ŉ individu die wêreld, die individuele omgewing en lewensgebeure as verstaanbaar, beheerbaar en betekenisvol bevind.[28]My bevindings in terme van die plastisiteit van die deelnemers kan moontlik ŉ addisionele invalshoek impliseer ten opsigte van die konstruksie van leef-beroepontwerpe waar die spirituele ontwikkeling van ontluikende volwassenes ter sprake is. Die konsep 'diversiteit' (ook deel van Warren (2012) se ekologiese model – voetnota 6) word vervolgens onder die loep geneem in die konteks van die sleutelbeelde van die deelnemers.

### 5.2.1.3 Subtema 1.3: Sleutelbeelde

ŉ Ontleding van die data het eerstens aangedui dat die deelnemers daarvan bewus is dat selfkennis belangrik is en dat dit byvoorbeeld tot voordeel kan wees vir die individu wanneer toekomsplanne gemaak moet word. Ter voorbeeld verskaf Perfek haar mening: *One good place to start understanding is you. Who are you, where are you going and how are you going to get there. You must first understand yourself and try and understand your purpose as a person* (Perfek).

***i Subsubtema 1.3.1: Intrapersoonlike diversiteit (karaktereienskappe wat positiewe waardes impliseer en wat ten opsigte van bydraes tot die samelewing benut kan word – ook bekend as sparks)***

Vervolgens het die dataontleding aangedui dat die deelnemers oor intrapersoonlike diversiteit beskik. Laasgenoemde kom neer op idiosinkratiese karaktereienskappe wat positiewe waardes impliseer en wat ten opsigte van bydraes tot die samelewing benut kan word, en Benson (2008) verwys daarna as *sparks*. Moontlike voorbeelde van *sparks* (bv. die transkripsies van Sonnig en Perfek by 5.2.1.3.i, a en b) is dienslewering aan andere, regverdigheid en die verbintenis om iets waardevols vir die volgende generasie agter te laat. Sonnig se *spark* ten aansien van ŉ bereidheid tot dienslewering aan andere, asook sy regverdigheidsin, kan goed aangewend word in sy voornemens ten opsigte van prososiale doelwitte en Perfek se insig rondom die waarde van ŉ nalatenskap kan verder ontgin word in

[27] 2.6.3.5.iv, p. 114, par. 2.
[28] 2.2.1.1, p. 61, par. 1.

© University of Pretoria

terme van ŉ generatiewe doelwit. Die volgende is voorbeelde van waar deelnemers hul *sparks* aan bydraes tot die breër samelewing koppel:

### *a Subsubsubtema 1.3.1.1: Prososiale doelwitte*

Sonnig is terdeë daarvan bewus dat langtermyndoelwitte ŉ belangrike deel is van sy lewensontwerp en stel dit duidelik dat dienslewering vir hom ŉ prioriteit is: *…and have a design and well planned goals that you would like to achieve and focus on them and make them part of your life before you can achieve them. I don't really value money too much, neither do I value materialistic things as prerequisite for my success. But I do value service to other... I would rather achieve my goals at the service for people, not at the expense of others.*

### *b Subsubsubtema 1.3.1.2: Generatiewe waardes*

Perfek beskou dit as belangrik om iets positiefs na te laat vir die volgende geslag (generatiewe oogmerk): *For me … I think what life is all about … like children, … your grand and great grand children will take over your dreams and you don't really realize it. Somebody must leave a legacy. Our purpose in the world is to carry on those legacies.*

My bevindings in verband met die teenwoordigheid van *sparks* wat aangewend kan word vir prososiale en generatiewe waardes stem ooreen met Warren (2012) se siening dat doelbewuste (spirituele) diversifisering plaasvind wanneer ŉ ontluikende volwassene bewus gemaak word van sy of haar intrapersoonlike diversiteit (meer spesifiek, idiosinkratiese karaktereienskappe wat positiewe waardes impliseer) en die potensiaal daarvan ten opsigte van (prososiale en generatiewe) bydraes tot die breër samelewing. In ooreenstemming hiermee stel Lerner, Dowling en Anderson (2003) asook Lerner, Agans, DeSouza en Gasca (2013) voor dat spiritualiteit, as ŉ aspek van doelbewuste diversifisering, die emosionele en kognitiewe stukrag kan verleen om ŉ fokus op die self te transendeer na ŉ fokus op bydraes tot die gemeenskap. Sodoende word die plastisiteit van die sisteem (wedersyds-voordelige regulerings) verhoog.

My bevindings ondersteun ook die gesigspunt dat ŉ individu sy of haar 'ware self' moet soek en ontdek, en dan ŉ stel doelwitte, waardes en oortuigings moet kies wat die ware self aktualiseer. Sodanige gesigspunt staan bekend as die 'selfontdekkingsteorie' en is gebaseer in eudaimonistiese identiteitsteorie (Waterman, 2004), wat op sy beurt op die skouers van Maslow en Lowry (1968) se humanistiese teorie staan. Schwartz (2006) is van mening dat hierdie verlenging en uitbreiding van die identiteitsteorie (selfontdekking en selfkonstruksie) behulpsaam kan wees om die onderliggende meganisme aan die konsolidasie van identiteit te spesifiseer. Hy redeneer dat aangesien beide selfkonstruksie en

© University of Pretoria

eudaimonistiese selfontdekking ŉ gevoel van daadwerklikheid en eie rigtinggewing reflekteer, dit moontlik is dat die verwantskap tussen selfkonstruende en eudaimonistiese selfontdekkingsprosesse en indekse van identiteitkonsolidasie waarskynlik die kwessie van daadwerklikheid is – daadwerklikheid verteenwoordig die meganisme waardeur identiteit ontwikkel word.

My bevindings in terme van die koppeling van *sparks* aan prososiale en generatiewe doelwitte kan moontlik ŉ addisionele invalshoek impliseer ten opsigte van die konstruksie van leef-beroepontwerpe in terme van doelbewuste diversifisering ten aansien van spirituele ontwikkeling by ontluikende volwassenes.

**5.2.1.4 Opsomming van bespreking oor die daadwerklikheidsaspek van die deelnemers se lewensverhale**

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat spirituele (relasioneel-morele) selfkonstruksie by die deelnemers gekenmerk word deur ŉ proses van selfontdekking wat aanvanklik neergekom het op die verkenning van elke deelnemer se outonome daadwerklikheid (die aspek van gemeenskaplikheid volg in die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk) en kulmineer in die *construction of style of one's individuality* – ŉ selfgekonstrueerde styl (Flum, 2015, p. 121). Lamborn en Groh (2009) beskou hierdie outonome daadwerklikheid (wat neerkom op selfbestuur) as ŉ aspek van ontluikende volwassenes wat die finale uitkoms van individuasie (voetnota 2) verteenwoordig en reken dat dit konsekwent verwant is aan positiewe ontwikkelingsuitkomstes. Tyler (1978, pp. 233-234) in Savickas (2013) ondersteun ook die wetenskaplike studie van individuasie: *Individuals create themselves. To understand a person completely, we would need to trace the road he or she has taken on one occasion after another. It is development we must study, but development of the shaper rather than the shaped.*

Ten slotte blyk dit dat outonome daadwerklikheid – gerig op ŉ gebalanseerde ossilasie tussen die regulering van welstand (by wyse van selfvervulling en selfhandhawing) en die oorskryding van eie behoeftes (die aanwend van idiosinkratiese karaktereienskappe wat positiewe waardes ten aansien van bydraes tot die breër samelewing impliseer) – fundamenteel is ten opsigte van spirituele identiteitvoming. In hierdie verband konstateer Schwartz, Côté en Arnett (2005) in Roehlkepartain et al., (2011) dat die dinamiese tussenspel tussen persoon en konteks (gemeenskapsverhoudings) geensins die aktiewe rol wat jongmense daarin speel, minimaliseer nie. Eie daadwerklikheid gerig op welwillendheid impliseer selfkonstruksie en, meer spesifiek, spirituele (relasioneel-morele) selfkonstruksie.

Ten slotte, oorhoofs en voorlopig (ten opsigte van die outonome daadwerklikheid van die deelnemers) kan die volgende aspek van my navorsing as ŉ nuwe bydrae tot die selfkonstruksie van ontluikende volwassenes oorweeg word: Deur die integrasie van spirituele (narratiewe en eudaimonistiese) ontwikkeling, identiteitsontwikkeling en

© University of Pretoria

ekologiese benaderings tot menslike ontwikkeling by wyse van lewensontwerpberading te verken, verkry ek ŉ meer robuuste begrip van selfkonstruksie by ontluikende volwassenes.

Vervolgens word my verkenning van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene verdiep deur ŉ poging om dit in ekologiese kontekste (familie, vriende, intimiteit, lokale en globale gemeenskappe) te grond (tabel 5.3).

**Tabel 5.3: Verkenning van die aspekte van gemeenskaplikheid as verdieping van die aspekte van die daadwerklikheid van ontluikende volwassenes by wyse van die interseksie van spirituele en (narratiewe) identiteitsontwikkeling en ŉ ekologiese benadering**

<table>
<tr><td>TEMA 1: EIE DAADWERKLIKHEID<br><br>(Outonome 'self' identiteitvorming)</td><td>TEMA 2: GEMEENSKAPLIKHEID<br><br>(Relasioneel-morele identiteitvorming)</td></tr>
<tr><td>1.1.1 Ideologie</td><td>2.1.1 Familie, vriende, intimiteit</td></tr>
<tr><td>1.1.2 Sleuteltonele</td><td>2.1.2 Werk- of studierol</td></tr>
<tr><td>1.1.3 Sleutelbeelde</td><td>2.1.3 Burgerlike-self</td></tr>
<tr><td></td><td>2.1.4 Kosmopolitaanse self (wêreldburger)</td></tr>
<tr><td colspan="2">SPIRITUELE ONTWIKKELING (Ontwikkeling van prososiale en generatiewe waardes)</td></tr>
<tr><td colspan="2">NARRATIEWE IDENTITEITSONTWIKKELING (Outobiografiese redenering: ontginning van en voortbou op eie lewensverhale; ontginning van eie lewenstemas om ŉ spiritueel georiënteerde leef-beroepstyl te ontwerp)<br><br>EIDAIMONISTIESE IDENTITEITSONTWIKKELING (Die gesigspunt dat ŉ individu sy of haar 'ware self' moet soek en ontdek, en dan ŉ stel doelwitte, waardes en oortuigings moet kies wat die ware self aktualiseer.)</td></tr>
<tr><td colspan="2">EKOLOGIESE BENADERING (Self-in-konteks)[29]</td></tr>
</table>

### 5.2.2 GEMEENSKAPLIKHEID

Vervolgens tabelleer ek die tema 'Gemeenskaplikheid' asook die subtemas wat deduktief na vore getree het, en bespreek dan telkens daardie subsubtemas wat induktief na vore getree het ter byvoeging tot die deduktief-afgeleide temas en subtemas (tabel 5.4). Ek doen dus weer eens my bespreking op ŉ geïntegreerde wyse.

[29] 2.7.2.2 op pp. 139-146.

© University of Pretoria

**Tabel 5.4: Die tweede tema en subtemas wat deduktief na vore getree het, asook subsubtemas wat induktief na vore getree het**

| |
|---|
| TEMA 2: GEMEENSKAPLIKHEID (Relasioneel-morele identiteitvorming) |
| Subtema 2.1: Familie, vriende en intimiteit<br><br>Subsubtema 2.1.1: Hersentrering van die ontluikende volwassene<br><br>Subsubtema 2.1.2: Familie as die primêre 'konteks' vir spirituele ontwikkeling<br><br>Subsubtema 2.1.3: Georganiseerde jeuggroepe as addisionele konteks vir spirituele ontwikkeling<br><br>Subsubtema 2.1.4: Die neiging om keuses (ten aansien van lewensrolle) te maak in terme van waar die swaartekrag lê |
| Subtema 2.2:Werk- of studierol<br><br>Subsubtema 2.2.1: Spirituele doelwitte (dieper beroepsbetekenis) wat aanvullend tot gedefinieerde mates van sukses is |
| Subtema 2.3: Burgerlike-self<br><br>Subsubtema 2.3.1: Gemeenskapsgeoriënteerde aspekte<br><br>Subsubtema 2.3.2: Politieke aspekte |
| Subtema 2.4: Kosmopolitaanse self<br><br>Subsubtema 2.4.1: Sosiopolitieke geletterdheid<br><br>Subsubtema 2.4.2: Die belang van sistemiese refleksie op globale vlak |

Deaux en Perkins (2001) gebruik die metafoor van 'n kaleidoskoop om te illustreer hoe die byvoeging van die relasionele self – die alledaagse rolle en verhoudings waardeur

© University of Pretoria

individue hul persoonlike en sosiale identiteite konstrueer – by die kaleidoskoop die toegevoegde voordeel verskaf van die verkenning van die inherente hiërargieë, ingebed in die meeste rolle en verhoudings. Super, Savickas en Super (1996) se lewensfase-lewensrol-teorie bied ŉ bruikbare templaat vir die ondersoek en berading van leefberoep-kwessies. Hierdie benadering impliseer dat individue na sekere rolle aangetrek word, dat sekere rolle normatief is en dat alle rolle waarde het en waardevol is. Op hierdie wyse kan harmonie tussen rolle bewerkstellig word.

Thorne, McLean en Lawrence (2004) maak verder die opmerking dat navorsers voor ŉ groot uitdaging te staan kom ten opsigte van identiteitskwessies. Hierdie uitdaging is naamlik om ŉ dinamiese en gekonstekstualiseerde begrip te verkry van hoe die gevoel van die self aaneenlopend kan wees, dog enige tyd kan verander, en hoe oortuigings en praktyke rakende beide persoonlike kwessies en gemeenskaplikheid in die einste selfkonstruksie verstrengel is. My navorsingsdoel behels juis so ŉ nuanse, naamlik die spiritualiteitsaspek van die ontluikende volwassene. In die volgende afdeling poog ek om (met behulp van die bevindings van my navorsing in tandem met ander navorsers se bevindings) ŉ verdere kleurvolle patroon by die kaleidoskoop se repertoire te voeg.

In die volgende afdeling bespreek ek dus my bevindings rakende die teenwoordigheid van spirituele dimensies in die hiërargie van familie, vriende en intimiteit, asook die werk- of studierol, gevolg deur die burgerskap- en kosmopolitaanse self (tabel 5.4). Ek poog om dit te doen vanuit ŉ perspektief wat fokus op die wedersyds-voordelig aanpasbare regulering tussen die deelnemer en sy of haar konteks en betrek dus sodoende die sisteemteorie[30]. Laastens verskaf ek ŉ opsomming van my resultate (5.3).

### 5.2.2.1 Familie, vriende en intimiteit

***i Subsubtema 2.1.1: Hersentrering van die ontluikende volwassene***

Eerstens het die dataontleding ŉ voorbeeld uitgelig van ŉ ontluikende volwassene wat oor selfbestuur reflekteer terwyl hy ŉ gerespekteerde verhouding met sy familie en veral sy vader bly handhaaf: *I would also call myself a role model because, in the family, there are so many expectations from my family and my younger sisters. My father trusts me with most of his things. He always asks for my opinion whenever he wants to buy something. So that shows that there is something they see* (Saint).

Hierdie bevinding van selfbestuur kom ooreen met Koepke en Denisen (2012) se bevinding dat ŉ geïndividualiseerde persoon tegelykertyd daartoe in staat is om outonoom op te tree en ŉ verwantskap met sy of haar ouers in terme van gemeenskaplike ondersteuning, sorgsaamheid, wederkerige kommunikasie en emosionele beskikbaarheid te behou. Tanner (2006) verwys na die verskynsel as ŉ 'hersentrering' en beskryf dit as die relasionele

[30] 2.6.3.5.i., pp. 111-112.

© University of Pretoria

herstrukturering tussen die ontluikende volwassene en sy of haar gesin as gevolg van ŉ skuif in oriëntasie vanaf ouerregulasie na selfregulasie.

***ii Subsubtema 2.1.2: Familie as die primêre 'konteks' vir spirituele ontwikkeling***

Die dataontleding het verder getoon hoe familie (ouers, sibbe en grootouers) spirituele waardes kan modelleer of dit by wyse van narratiewe en gesprekke kan oordra. Voorbeelde is:*... It will also be my father. Because everything that he did when he was young is now a light to my path* (Saint); *I do know that my brother was one of my role models ... the middle brother ... because he showed a strength and reliance* (Intellektueel). Hierdie bevinding word ondersteun deur navorsers soos Boyatzis, Dollahite en Marks (2006) se bevinding dat die familie die primêre 'konteks' vir spirituele ontwikkeling is.

***iii Subsubtema 2.1.3: Georganiseerde jeuggroepe as addisionele konteks vir spirituele ontwikkeling***

Die data het eweneens die potensiaal van ŉ georganiseerde jeuggroep as ŉ konteks vir die bevordering van prososiale aksies uitgewys: *We are a few young people that have a home cell together every week on Wednesdays and Fridays where we discuss spiritual topics and encourage one another ... you have the opportunity to share your experiences and ideas. The leaders are from Christian Family Church and it's located in Kempton Park. All of them are like the age between late twenties and thirties. I am actually looking forward to also become a leader and they have approached me as well. The way forward is to read more in the Bible and apply it into the experiences one goes through ... for example, I was encouraging my sister's children and the older one didn't listen, but I tried to talk to the younger one instead. I was telling him that he shouldn't put pressure on his parents because they were going through a hard time. And at the end of the day the little one wrote in the paper 'my uncle is my hero'. I usually told them that if you see a problem, keep away from it by doing something that will keep your attention away from it and that's what I did* (Saint).

Flanagan en Stout (2010) ondersteun bogenoemde scenario en dui aan dat netwerke van sosiale verhoudings sosiale vertroue bevorder wat jongmense motiveer om tot die gemeenskap by te dra. Youniss en Yates (1997) het verder bevind dat jongmense se (spirituele) identiteit ontwikkel word wanneer hulle aan andere verbind is en saamwerk om gemeenskaplike doelwitte te bereik; wanneer hulle verstaan dat die groep se belange ooreenstem, en dat doelwitte by wyse van kollektiewe aksie bereik kan word. Schwartz, Bukowski en Aoki (2006) het die veelvuldige wyses waarop vriende, mentors en spirituele leiers die spirituele ontwikkeling van ontluikende volwassenes kan komplementeer of daarvoor kan kompenseer, ondersoek en voorgestel dat dié tipe verhoudings nie net transaksioneel nie, maar ook transformerend kan wees. Die gemeenskaplike faktor blyk 'vriendskap' te wees – met vriendskap wat spirituele ontwikkeling verryk en spiritualiteit wat vriendskappe versterk.

© University of Pretoria

Ontluikende volwassenes rapporteer self in navorsing deur Arnett en Jensen (2002) dat hulle heelwat aandag skenk aan hul spirituele oortuigings,wat kulmineer in selfgerapporteerde prososiale gedrag. Hierdie erkenning kom ooreen met ontluikende volwassenes se behoefte aan verhoogde eksplorasie sover dit wêreldbeskouings betref (Arnett, 2000).

Die bevindings rakende die ontluikende volwassene se individuasie wat in die ouerhuis en in georganiseerde jeuggroepe uitspeel (in die familie as primêre konteks vir spirituele ontwikkeling en in georganiseerde jeuggroepe as addisionele konteks vir spirituele ontwikkeling), word ondersteun deur Warren et al., (2012). Dit kom neer op die waarde van wedersyds-voordelig aanpasbare regulering tussen die deelnemer en sy of haar konteks, wat moontlik spirituele ontwikkeling kan impliseer[31]. My bevindings in terme van familie en vriende as kontekste vir spirituele ontwikkeling kan moontlik ŉ addisionele invalshoek ten opsigte van die konstruksie van leef-beroepontwerpe aandui.

***iv Subsubtema 2.1.4: Lewenskeuses neig na waar die swaartekrag lê in terme van lewensbeplanning (die koördinering van intimiteit as een van verskillende fasette van ontluikende volwassenes se lewens***

Met behulp van die dataontleding word intimiteit by ontluikende volwassenes uitgelig as broos en gefragmenteerd. Voorbeelde van hierdie aspek word deur Intellektueel, Entoesias en Perfek soos volg verwoord: *I failed in a relationship before ... that's because we both failed ... that which was very prominent ... a very big effect on my being ... and how I treated men after that* (Intellektueel); *Die meisie saam met wie ek was ... ons was aan-en-af vir sewe jaar en ons het toe in April ... toe nou uiteindelik tot ŉ einde gekom. Dis vir my sad, want dis soos, ek was baie down gewees want dit was sewe jaar van my lewe, en dis iemand vir wie ek regtig lief is en ek is nog steeds lief vir haar, maar it just didn't work* (Entoesias); *When I was growing up, I was named after my grandmother. And sometimes some things ... they follow you, because I mothered my friends, my parents and my boyfriend and maybe that's why I don't have a boyfriend today* (Perfek).

Volgens Shulman en Connolly (2013) kan hierdie verskynsel moontlik toegeskryf word aan die laaste twee dekades se veranderings in die samelewing en ekonomiese toestande wat jong mense noodsaak om onvaste vooruitsigte en groot onsekerhede in die gesig staar. Hulle blyk veral minder selfversekerd te wees ten opsigte van hul vermoëns om vir hulself te sorg en om boonop aan ŉ gesin se behoeftes te voorsien. Dit lei daartoe dat ŉ oorgrote aantal jongmense ŉ laat reproduktiewe fase beleef. ŉ Voorbeeld hiervan blyk uit die transkripsies van Intellektueel: *You can't form a proper relationship if you don't have, if you lack severely in things ... like money for instance ... or academic achievement ... or even if you have some sort of career standing already*; *Ja, kyk ... ek sal nie ... ek persoonlik sal nie omgee as ek tot 38 toe wag vir die een enkele kind wat ek wil hê nie ... of twee nie. Ek sal nie omgee om tot*

[31]2.7.2.2, pp. 139-146.

© University of Pretoria

*daai tyd toe te wag nie ... want hoe ek daaroor voel .. .as ek ŉ kind of twee het ... of drie ... as dit sou gebeur, sou ek voordat ek daai kinders het ... is daar vir elkeen ŉ college fund, en vir elkeen ŉ fonds vir transport ... fondse om van te lewe ... sodat ek naby daai kinders kan wees.*

Entoesias reken hy het eintlik nie eens ŉ behoefte aan ŉ gesin nie: *Ja, soos ek voel nog al die jare: 'I haven't been put on this world to procreate'. Ek is nie hier om kinders te kry nie ... as ek doen ... great ... dit sal ŉ blessing vir my wees. Ek sal nie eendag ... ek hou van company ... maar ek sal nie eendag sad voel as ek 70 is en ek het nie kinders nie.*

Hierdie bevindings van my dat ontluikende volwassenes se lewenskeuses neig na waar die swaartekrag lê in terme van hul lewensbeplanning, betrek die Sisteem-Teoretiese Raamwerk en blyk ooreen te stem met heelwat ander navorsers se bevindings. Bynner (2012) het bevind dat die toenemende hoeveelheid energie wat deur ontluikende volwassenes in hul werk of studie belê word, druk op hul verhoudings uitoefen. Seiffge-Krenke en Luyckx (2014) asook Shulman en Connolly (2013) beskou die verskynsel as ŉ nuwe romantiese fase wat die laat-adolessente periode opvolg en ontluikende volwassenes nou tipies karakteriseer. Volgens hierdie navorsers omsluit hierdie fase die uitstel van die huwelik, onstabiliteit in verhoudings en die uitdaging om verbintenisse aan te gaan, en dit word beskryf as kenmerkend van die moratoriumfase waartydens 'romantiese verbintenisse en lewensplanne – meer spesifiek, die verskillende fasette van ontluikende volwassenes se lewens – gekoördineer word'. Die betrek van die Sisteem-Teoretiese Raamwerk in leef-beroepontwerp ten opsigte van die selfkonstruksie van die ontluikende volwassene mag dalk ŉ nuwe invalshoek vir navorsing impliseer.

Opsommend ondersteun hierdie bevindings die uitgangspunt van Super et al. (1996) dat die keuse van lewensrolle neig na waar die swaartekrag lê. Wat verder interessant is, is dat sodanige swaartekrag (moontlik op ŉ vlak van evolusie) die verrysing van die fase van ontluikende volwassenes noodsaak. Dit blyk dat verbintenisse ten opsigte van werk of ŉ beroep ook deel van hierdie moratoriumfase van ontluikende volwassenes uitmaak en dit word in die volgende afdeling onder die loep geneem.

### 5.2.2.3 Subtema 2.2: Huidige of voornemende werk- of studierol

*i Subsubtema 2.2.1: Spirituele doelwitte (dieper beroepsbetekenis) wat aanvullend tot gedefinieerde mates van sukses is*

My bevindings was dat Saint die enigste ontluikende volwassene was wat (tot nou toe) standvastig in een beroepsituasie te vinde was – die ander deelnemers was óf in ŉ studierol (Intellektueel); óf besig om te pendel tussen ŉ werk en entrepreneur-wees (Entoesias en Sonnig); óf werkloos (Perfek en Charisma)[32]. Die feit dat Saint oor besondere spirituele waardes beskik, mag dalk betekenisvol wees in die konteks van sy benadering tot die werkplek en word vervolgens bespreek.

[32]Tabel 4.1, p. 185.

© University of Pretoria

Saint gee graag sy beste vir die kliënte: *I also like working with customers and sometimes I would go the extra mile helping them and there are customers who always ask for me when they want to buy something.* Hy geniet dit om kreatief te wees in sy werk: *On Monday when my Manager came back, I was working and changed the whole sections around and he came on Tuesday thanking me so many times and telling me I did a good job.* Saint voel dat samewerking en mooi waardes belangrike aspekte is in die werksomgewing: *And the co-operation of others as well. Self-discipline and consideration … honesty and respect … I just think these are all good things that we need to apply in our jobs and our lives.* Selfontwikkeling blyk deel van sy repertoire te wees: *We were many casuals that started together but I am the only one left and performing very well and enjoying it. Even the manager told me just recent that there is hope for me in my department and I actually push myself to maintain the place.*

Hierdie tipe eienskappe word onderskraag in die bevindings van Lips-Wiersma (2002) en Jurkiewicz en Giacalone (2004). Hierdie navorsers het bevind dat (ten spyte van die variasie in die respondente se godsdienstige en spirituele oortuigings) die respondente glo dat die volgende (meer universele) doelwitte betekenisvol en sinvol in die werkplek is: 'die ontwikkeling en wording van die self', 'eenheid met andere', 'om die self te kan uitdruk' en 'die dien van andere'. Hierdie doelwitte het klaarblyklik vir die werknemers dieper beroepsbetekenis, is aanvullend tot gedefinieerde mates van sukses en word ondersteun deur vakkundiges soos Chakraborty (1987), Sharma (2007) en Bhatta (2009), asook andere wat *spirit at work* uitlig as omgee, ontferming, integriteit en ŉ daadwerklike poging om eie waardes in die werkplek uit te leef[33].

In hierdie verband vermeld Rosso et al. (2010) dat daar twee sleuteldimensies is wat mees fundamenteel is tot die skep en onderhou van sin- en betekenisgewing in die werkplek. Die eerste dimensie dui op twee verskillende gesindhede waarmee mense hul werk benader en kan vervat word in ŉ kontinuum van eie daadwerklikheid enersyds en/of ŉ gesindheid van bereidwilligheid om deel van ŉ gemeenskap of span te wees (wat sekere doelwitte wil bereik) andersyds. Die tweede sleuteldimensie is persepsies aangaande die betekenisvolheid van werk wat eweneens op ŉ kontinuum lê. Enersyds is daar die kwessie van werkservarings wat ten opsigte van die self (intern) georiënteer is en andersyds werkservarings wat ten opsigte van die 'ander' (ekstern) georiënteer is – waar beide oriëntasies vir ŉ belewing van sin en betekenis verantwoordelik kan wees. Rosso et al. (2010) vermeld dat die prosesse waardeur die self of 'die ander' as bron van sin en betekenis ervaar word van mekaar verskil, aangesien die 'ander'-georiënteerde optrede of ervarings die self op een of ander betekenisvolle wyse 'verbreed' of 'uitbrei'.

[33]2.4.4.2, pp. 83-84.

© University of Pretoria

Om terug te keer tot Saint – dit is verrassend dat hy in ŉ groot mate tevrede is met sy werk ten spyte van die feit dat sy besoldiging relatief laag is en dat die werk nie noodwendig baie werksvaardighede vereis nie. In hierdie konteks verwys Fouad and Bynner (2008) na ŉ land soos Argentinië waar die meeste jongmense suksesvol met die onsekerhede van die arbeidsmark saamleef vanweë twee meta-vaardighede, naamlik selfkennis en aanpasbaarheid.

Opsommend bevestig die bevinding van Saint se presteervermoë in sy werksomstandighede (waarskynlik vanweë ŉ spirituele oriëntasie tot werk) die waarde daarvan om werk as't ware as ŉ 'roeping' te beskou (Dik & Duffy, 2009). Werk wat as ŉ roeping beskou word, impliseer werknemers wat passievol en energiek is oor hul werk, wat sin en betekenis vind in hul werk, wat uitnemendheid nastreef en wat voel dat hulle hulself in hul werk kan uitleef. Dit behels individue wat werk as ŉ geleentheid sien om te groei en daardeur op betekenisvolle wyse tot die gemeenskap by te dra. Die uiteindelike doelwit van watter werk dus ookal gedoen word, kom neer op ŉ bydrae tot die wyer of groter 'goedheid' en word onselfsugtig gedoen, deur eie welsyn as bykomend te sien en as dienslewering tot die groter geheel. Met so ŉ gesindheid skuif die werkservaring vanaf ŉ beroep wat ŉ inkomste inbring na ŉ roeping waardeur werknemers hulself kan uitdruk en ŉ positiewe verskil in die wêreld kan maak.

Die bydrae wat my navorsing lewer, lê moontlik in die beklemtoning van die potensiaal en waarde van ŉ spirituele benadering tot die werksopset – veral gesien in die lig van ontluikende volwassenes wat uitdagings ondervind om hulself ekonomies te stabiliseer. Die betrek van die Sisteem-Teoretiese Raamwerk in leef-beroepontwerp ten opsigte van die selfkonstruksie van die ontluikende volwassene mag dalk hier ook ŉ nuwe invalshoek impliseer.

Vervolgens word ontluikende volwassenes se betrokkenheid by gemeenskapsprojekte bespreek, waarna hul bewustheid ten aansien van die wêreld as interkonnektief (en gepaardgaande kwessies) aan die beurt kom.

**5.2.2.4 Subtema 2.3: Burgerskap-self**

Ter inleiding verwys die term 'burgerlike betrokkenheid' na ŉ breë konstruk wat burgerlike vaardighede, kennis, gesindhede, gedrag en doelwitte insluit. Daar blyk heelwat definisies vir die term te wees (sien Adler en Goggin, 2005 vir ŉ bespreking) en daar is ŉ debat oor watter aktiwiteite as 'burgerlik' beskou word. Vir die doeleindes van my navorsing word burgerlike betrokkenheid gedefinieer as dat dit beide gemeenskapsgeoriënteerde en politiesgeoriënteerde deelname en doelwitte insluit.

© University of Pretoria

### *i Subsubtema 2.3.1: Gemeenskapsgeoriënteerde aspekte*

My bevindings het aangedui dat die deelnemers oor die algemeen oor gemeenskapsgeoriënteerde gesindhede beskik, asook die waarde daarvan besef: *like in my culture we used to say, 'umutu abantu omuntu' ... it means we must learn how to share with other people* (Perfek); *and that reward of course is much bigger and much more satisfying than doing anything really that you like that much. Because when you combine what you don't like and what you do like ... the reward is bigger than simply sticking to what you like* (Intellektueel).

Opsommend word bogenoemde bevindings rakende gemeenskapsgeoriënteerde aspekte onder andere deur Arnett (2013, p. 5) ondersteun wat die uitspraak maak dat *'today's emerging adults are not Generation Me but Generation We, an exceptionally generous generation that holds great promise for improving the world'*. Op Suid-Afrikaanse bodem word bogenoemde bevindings deur die konsepte *iSintu* (die beskou van die 'self-identiteit' in die 'ander' (Nussbaum, Palsule & Mkhize, 2010)) omvat, terwyl die term *Ubuntu* dui op die menslike verbintenis en interafhanklikheid wat in buurte, organisasies en die wêreldgemeenskap ervaar word (Le Grange, 2012).

Verder dui my bevindings daarop dat die deelnemers bewus is van die vereiste gesonde ossilasie tussen outonome en relasionele gedrag, maar dat hulle ook realisties daaroor is in die opsig dat hulle besef dat dit nie noodwendig 'n eenvoudige proses is nie*: A combination of individualism and collectivism would actually be fit for a well-rounded person ... although that would require some adjustment because a person who is very collectively orientated is going to have trouble in being ... in fact they might actually be fearful of being on their own for a change ... or independent.* Die ontwikkeling van 'n plastiese, diverse individu wat die parallele ontwikkeling van onafhanklikheid (outonomie) en interafhanklikheid ('n relasioneel-morele verwantskap) by die ontluikende volwassene promoveer, konstrueer 'n 'self' wat meer aanpassend is by veranderende leefstyle wat geassosieer word met sosioekonomiese ontwikkeling, verstedeliking en industrialisasie: *for example, although indigenous relatedness is conducive to the cultivation of social responsibility and cooperativeness, autonomy is conducive to individual agency for decision making and for carrying out the decisions. These two skills are central for adaptation to social change in the Majority World*[34] *and for being successful in it* (Kagitcibasi, 2012, p. 7).

Entoesias erken dat alhoewel hy besef dat hy 'n sosiale verantwoordelikheid het, hy nie tot die daad oorgaan nie: *Ek weet ek moet dit doen en ek weet dit is die regte ding om te doen. Ek weet ek kan baat vind daarby, maar op hierdie stadium is dit vir my moeilik om tot daar te kom.*

[34]Die sogenaamde ontwikkelende lande, of die nie-Westerlike wêreld, waar die oorgrote meederheid van die wêreld se bevolking woon (Kagitcibasi, 2012).

© University of Pretoria

Ten slotte dui my bevindings (aangaande die teenwoordigheid van gemeenskapsgeoriënteerde aspekte en deelnemers se bewustheid dat die ossilasie tussen outonome en relasionele gedrag wenslik dog ŉ uitdaging kan wees), sowel as dié van ander navorsers op die voorkoms van prososiale neigings onder ontluikende volwassenes, asook op die waarde van ŉ gebalanseerde ossilasie tussen individualisme en kollektivisme. Hierdie bevindings kan waardevol wees ten opsigte van die versugtings van Ndebele op 23 September 2009 in die *Mail & Guardian,* naamlik dat, afhangende van die besluite wat ons as Suid-Afrikaners maak, ons óf ons verlede sonder ŉ toekoms gaan herleef óf ŉ nuwe toekoms gaan skep. Volgens hom is laasgenoemde die groter uitdaging en vereis dit dat ons as Suid-Afrikaners ons herverbind tot die ideaal van diversiteit in solidariteit, samewerking, vertroue, toerekenbaarheid en beskaafdheid. In dieselfde gesindheid het President Thabo Mbeki in Julie 2006 met die inleiding van sy inspirerende toespraak gevra dat Suid-Afrikaners *an RDP (reconstruction and development) of the soul* moet onderneem.

***ii Subsubtema 2.3.2: Politieke aspekte***

Dit blyk uit die data dat die deelnemers voel dat die regering meer betrokke moet wees by die kwessie van prososiale bydraes, maar terselfdertyd ook dat hulle die wyse waarop hulle dinge tans doen, moet verander: *I think South Africa right now needs to change the way we used to do things; Everyone must be involved in these issues of contributing and the government should facilitate the project* (Sonnig).

Verder blyk dit uit die dataontleding dat die deelnemers tans geensins self betrokke is of betrokke wil wees by politiek nie, dat hulle gewalg voel deur en geen vertroue in politici of die regering het nie. Voorbeelde uit die transkripsies is die volgende: *I don't have any interest in politics. They don't have a mission or vision* (Charisma): *In South Africa ... if I want a cruel suicide death ... I would consider that if I have self-hatred ... and I am not quite fit to use a knife to slit my own throat ... I would get involved with politics. Yes. That would be ... I suppose ... a good way to go.* Hierdie bevinding word deur Cartocci (2002) en De Luca (2007) in Crocetti, Jahromi en Meeus (2012) ondersteun en Cartocci (2002) reken dat die afstand tussen politieke instansies en ontluikende volwassenes as burgerlikes byvoorbeeld in Italië (en waarskynlik ook in Suid-Afrika) só groot is dat veranderings noodsaaklik is om die probleem te oorkom.

Die ontleding van die data toon verder dat die deelnemers bewus is van sosiale bewegings en protesoptogte en hoe hulle deel daarvan kan wees. Entoesias verwys na ŉ insident buite Suid-Afrika wat ŉ voorbeeld is van waar ŉ groep mense ŉ sosiale verantwoordelikheid gedemonstreer het: *Ja, en soos veral interessant genoeg ... soos toe hulle in Hong Kong daai protest gehad het wat so ... waar daai verskriklike peaceful protest was ...* Charisma deel hoe maklik dit is om jou bydrae te lewer ten opsigte van sosiale dilemmas: *Also the fact that if something happens somewhere and you want to get involved, you could say something on Facebook and Twitter and your voice will be heard and your opinion will be carry over.* Morlino, della Porta, Francovich, Giusti, Legnaioli en Millazzo

© University of Pretoria

(2000) ondersteun hierdie bevinding en vermeld dat jongmense die afgelope paar dekades in verskeie sosiale bewegings en protesaksies betrokke was.

Die onderliggende argument rakende ontluikende volwassenes se onbetrokkenheid by politiek is dat, in omstandighede van sosiale verandering, vorme van politieke betrokkenheid skuif vanaf die kollektiewe na die individu. Hierdie benaderings aksentueer aksies wat ten opsigte van spesifieke kwessies georiënteer word en neem gewoonlik die vorm aan van die teken van petisies en deelname aan betogings, eerder as die omarming van ŉ breër stel ideologieë – geprioritiseer deur lidmaatskap van ŉ politieke party. Terwyl daar bewyse is dat 'geatomiseerde' vorms van politieke betrokkenheid deur ontluikende volwassenes verkies word, is dit minder duidelik of dit ŉ generasieskuif is wat die samelewing grootliks gaan penetreer en of dit ŉ jeugdige voorkeur is wat bly. Bang (2003) beskryf die 'nuwe burgerlike' as hoogs geïndividualiseerd wat dit eerder verkies om in gemeenskappe te vertoef wat respek vir verskille en vryheid betoon.

Opsommend kom die bevindings daarop neer dat hoewel ontluikende volwassenes oor gemeenskapgeoriënteerde gesindhede, doelwitte en gedrag beskik, hulle voel dat dit meer effektief kan geskied indien die regering op ŉ sinvolle wyse betrokke raak. Hulle het egter nie vertroue in die politieke arena soos wat dit tans bedryf word nie. Indien daar dus nie ŉ drastiese verandering in die politieke speelveld intree nie, vergroot die verlies aan sosiale kapitaal wat in ontluikende volwassenes opgesluit lê – soos wat alreeds gesien kan word in die feit dat politieke betrokkenheid 'geatomiseerd' plaasvind. Ten slotte kan die betrek van die Sisteem-Teoretiese Raamwerk in leef-beroepontwerp ten opsigte van die konstruksie van die ontluikende volwassene as burgerskap-self moontlik ŉ nuwe invalshoek impliseer.

### 5.2.2.5 Subtema 2.4.1: Kosmopolitaanse self

***i Subsubtema 2.4.1: Sosiopolitieke geletterdheid***

Die data toon dat die deelnemers ingelig is oor wêreldgebeure, dat hulle besef dat die wêreld interkonnektief is en dat hulle ŉ bereidheid openbaar om oop te wees vir ŉ nuwe 'wêreldburger'-identiteit. Voorbeelde vanuit die transkripsies is: *I have an interest in what else is happening around the world with regards to global justice, economy, the planet and the likes* (Saint); *If one country is going through challenges, we will also experience the same thing because we are dealing with one another. We are becoming more sort of global citizens rather than local citizens* (Charisma); *Weet eerder meer van die wêreld en hê ŉ opinie daaroor … eerder as wat jy jou barrier opsit en sê jy stem nie saam daarmee nie en wil niks daarmee te doen hê nie … ek dink nie dit gaan jou van dag na nag só verander nie, maar dit gee jou die geleentheid om jouself oop te maak vir nuwe experiences. In die langtermyn verander jou identiteit, maar in ŉ goeie sin.*

© University of Pretoria

### ii Subsubtema 2.4.2: Die belang van sistemiese refleksie op globale vlak

Verder toon die data dat die deelnemers in staat is om sosiale probleme en ongelykhede in sistemiese terme te omskryf, asook om sosiale dilemmas in ŉ historiese konteks te plaas: *Dit is iets wat mense nie besef nie … daar is ŉ realiteit. Daar is ŉ realiteit oor hoekom iets gebeur. Almal 'Nazi, Nazi' en jis, hulle het dit en dit en dit gedoen. Helfte van daai mense weet nie wat in die res van die wereld gebeur het nie. Hulle besef nie hulle het nie eers ŉ idee van wat vooraf gebeur het … voor dit wat dit veroorsaak het … dat dit al in die tweede wêreld oorlog gebeur het nie …* Laastens blyk dit uit die data dat die deelnemers besef dat dit futiel is om alles en almal te wil blameer, en dat elke individu sy of haar eie sosiale verantwoordelikheid moet opneem: *Now, first of all, many people have the tendency to blame whatever goes wrong within their lives and within their immediate surroundings as well as their immediate proximity as well as in general society … they tend to blame it on someone else, other than themselves.*

My bevindings rakende sosiopolitieke geletterdheid asook die belang van sistemiese refleksie op globale vlak word ondersteun deur verskeie navorsers.[35] Youniss en Yates (1997) asook Youniss, Bales, Christmas-Best, Diversi, Mclaughlin en Silbereisen (2002) dui aan dat ontluikende volwassenes ŉ behoefte het aan groter samewerking en betrokkenheid – meer as vorige generasies. Perucci (2011) verwys na ontluikende volwassenes se rol in die hele prentjie, veral as burgerskap-leiers. Volgens hom bevind ontluikende volwassenes hulself in onstuimige waters en word hulle 'gevra' om leierskapsrolle aan te neem. Perucci se mening is dat die onafwendbare afbreek van nasionale grense ontluikende volwassenes gaan forseer om die kruiskulturele dimensies van leierskap te konfronteer – kulturele vaardighede wat ontluikende volwassenes gaan toelaat om intergeneratiewe leierskap te verstaan. Sy voorstel is dat daar gekapitaliseer word op ontluikende volwassenes se eienskappe en dat leierskapsprogramme sodanig aangepas moet word dat hulle hul kan voorberei om doeltreffende leiers en volgelinge oor grense heen te wees.

Opsommend blyk dit dat die kritiese, konnektiewe en deernisvolle self nie onafhanklik van die eie sosiaal-historiese bestaan kan wees nie – dit word gereflekteer in ŉ nuwe lewensverhaal wat ŉ kaart van moontlike rolle en moontlike wêrelde voorsien waarin nuwe gedagtes, aksies en self-definisie begeerbaar, toelaatbaar en uitvoerbaar is. Deur die verstrengelde interkonneksie tussen self en die gemeenskap meer eksplisiet te maak, is die individu meer geneig om sy of haar daadwerklikheid te fokus op dit wat saak maak. Beide outonome en relasionele behoeftes kan gebalanseerd bevredig word en sodoende kan aksies in al die ekologiese kontekste suksesvol uitgevoer word. Ten slotte kan die betrek van die Sisteem-Teoretiese Raamwerk in leef-beroepontwerp ten opsigte van die konstruksie van die ontluikende volwassene as kosmopolitaanse self dus ook ŉ nuwe invalshoek impliseer.

Hierdie hoofstuk word afgesluit met ŉ kort opsomming van die resultate.

[35] 2.4.4.3., pp. 84-85.

© University of Pretoria

## 5.3 OPSOMMING VAN RESULTATE

In hierdie hoofstuk het ek die bevindings van my navorsing met bestaande literatuur (relevant tot my navorsingstema) geïntegreer en die temas wat daaruit voortspruit, bespreek. Dit blyk uit die betoog wat tot dusver in hierdie hoofstuk gevoer is dat daar wye steun in die literatuur bestaan vir my bevindings rakende ontluikende volwassenes wat selfgesentreerd (hedonisties en/of eudaimonies (voetnota 4) georiënteerd is, asook vir die teenwoordigheid van ꞌn spirituele welwillendheid onder die deelnemers (in die opsig van spirituele wêreldbeskouings, selfregulering ten gunste van welwillendheid (plastisiteit), ꞌn diverse versameling van positiewe waardes en die toepassing van welwillendheid in verskeie ekokontekste).

Andersins blyk dit dat my bevindings verskil van dié van ander navorsers ten opsigte van ꞌn persepsie dat ontluikende volwassenes óf net narsissisties is óf net oor ꞌn groot mate van gemeenskapsgeoriënteerde gesindhede, doelwitte en gedrag beskik (in kontras met my bevindings dat beide neigings teenwoordig is). Verder verskil my bevindings van dié van Parks (2011) wat bevind het dat ontluikende volwassenes (ten opsigte van haar model van ꞌn bepaalde ontwikkeling ten aansien van sin- en betekenisgewing) kognitief nog oorwegend ondersoekend ingestel is, en dat hulle op affektiewe vlak nog ꞌn brose innerlik-afhanklike verbintenis openbaar terwyl hulle op sosiale vlak ꞌn raadgewende gemeenskap verkies[36]. My bevindings gaan verder en dui op ꞌn oortuigde verbintenis, ꞌn interafhanklikheid en ꞌn oop-vir-ander-gesindheid wat neerkom op die teenwoordigheid van ꞌn kritiese, konnektiewe en deernisvolle bewussyn, soortgelyk aan haar ‘ervare volwassene’. Hierdie tendens kan dalk toegeskryf word aan die feit dat Suid-Afrikaanse ontluikende volwassenes hulself in ꞌn milieu bevind waar wysheid – as ’n positiewe benadering en visie wat die goeie toekoms definieer (wat dinamies en holisties is) en wat in lyn met deugde is – ꞌn vereiste raak vir oorlewing en derhalwe aangemoedig en gekultiveer word[37].

Dit blyk laastens dat die volgende aspekte nog nie voorheen in die literatuur gerapporteer is nie: die doelbewuste promovering van ꞌn gebalanseerde ossilasie tussen ‘eie daadwerklikheid’ en ‘gemeenskaplikheid’ met behulp van lewensontwerpberading. Meer spesifiek, die mutualistiese ontwerp van ꞌn leef-beroep in die groter raamwerk van die doelbewuste bevordering van eie daadwerklikheid (ꞌn promovering van ꞌn balans tussen selfvervulling en selftransendering deur die doelgerigte en verstandige aanwending van *sparks* vir eie welstand asook vir die welstand van die gemeenskap) en gemeenskaplikheid.

Dit blyk dus oorkoepelend uit my dataontleding dat doelbewuste diversifisering die sleutelelement is by die (relasioneel-morele) selfkonstruksie van die ontluikende volwassene. Doelbewuste diversifisering se effek behels wedersyds-voordelige aanpasbare regulerings (die gebalanseerde ossilasie tussen die outonome daadwerklike individu en sy of haar

[36]2.3, pp. 14-25.
[37]2.1.1, p. 2, par. 4.

© University of Pretoria

gemeenskap) wat spirituele ontwikkeling by ontluikende volwassenes bevorder en waartydens bydraes tot die breër welsyn terselfdertyd bewillig word.

In die volgende hoofstuk bespreek ek die samevatting en aanbevelings van my navorsing.

© University of Pretoria

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

Die onderhawige navorsing het gefokus op die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van die selfkonstruksie van die ontluikende volwassene. In hierdie hoofstuk word ŉ oorsig gegee oor die agtergrond, beplanning, verloop en bevindings van die studie, soos in die voorafgaande hoofstukke bespreek is. Die opsommings en bevindings maak dit vir die navorser moontlik om tot grondige gevolgtrekkings te kom en relevante verbande te formuleer.

Ter inleiding sal die navorsingsvraag of -probleem wat ondersoek is en die oorkoepelende doelwit van die studie weer gestel word. ŉ Oorsig van die beperkings wat op die navorsing betrekking gehad het, asook die etiese aspekte van die studie,word gevolg deur ŉ bespreking van die bevindings, beantwoording van die navorsingsvrae, moontlike bydrae en aanbevelings van die studie, asook ŉ kort refleksie oor my eie bevindings tot dusver. Ek struktureer my meta-refleksies soos volg: bevindings wat ek verwag het, bevindings wat my verras het, bevindings wat my teleurgestel het en laastens bevindings wat ek nie verwag het nie. Ten slotte bied ek ŉ samevatting van my navorsing.

## 6.2 OORSIG VAN DIE STUDIE

### 6.2.1 Navorsingsdoel en -vrae

My doel met die navorsing was om die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene te verken. My studie is deur die volgende navorsingsvraag gerig:

**Wat is die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene?**

In ŉ poging om meer inligting rakende die primêre navorsingsvraag te verkry, is etlike sekondêre navorsingsvrae ook gestel. Hierdie vrae sal in afdeling 6.6 onder die loep geneem word.

### 6.2.2 Opsomming van die hoofstukke

#### 6.2.2.1 Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering

Die inleidende oorsig handel oor die kwessie dat ontluikende volwassenes feitlik geensins as deelnemende en/of barmhartige of medelydende burgers op plaaslike, streeks-, nasionale en internasionale vlak figureer nie en oor hul kwesbaarheid ten opsigte van die invloede van breër psigososiale kwessies soos onder andere globalisasie. Dit is gevolg deur ŉ bondige bespreking van die motivering of rasionaal vir die studie, waarna die probleem en doel van die studie geformuleer is. In ŉ poging om ŉ gestalt te vorm en die fenomeen wat bestudeer is te verstaan, is sekere aspekte beklemtoon en die verbandhoudende konsepte, te


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wete 'ontluikende volwassenes', 'sin- en betekenisgewing in die leef-beroep-opset' en 'lewensontwerpberading', is kortliks bespreek. Ter wille van ŉ gemaklike oorsig word die verbandhoudende konsepte in figuur 6.1 gestel as 'Wie is betrokke?' (die ontluikende volwassene); 'Wat is ter sprake?' (sin- en betekenisgewing by die ontluikende volwassene) en 'Hoe word beoog om die uitdaging aan te spreek?' (die waarde van lewensontwerpberading). Die verbandhoudende konsepte is gevolg deur ŉ vooruitskouing van die verwagte uitkomste van die studie en moontlike probleme wat die studie kon belemmer. Die teoretiese raamwerk, sowel as die navorsingstrategie en -proses wat in die studie gevolg is, is ook kortliks vermeld.

**Figuur 6.1: Die verbandhoudende konsepte wat ŉ gestalt vorm en aangewend is as ŉ poging om selfkonstruksie by die ontluikende volwassene beter te verstaan**




**6.2.2.2 Hoofstuk 2: Literatuuroorsig**

In hierdie hoofstuk is ŉ intensiewe literatuurstudie oor die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van die selfkonstruksie by die ontluikende volwassene onderneem. Ek het gepoog om die wye lens van menslike ontwikkeling en meer spesifiek, spirituele ontwikkeling, as oogpunt te gebruik. Spirituele ontwikkeling word deur Roehlkepartain et al. (2011), Lerner (2009), Ford en Lerner (1992) en Warren (2012) omskryf as die intrinsieke kapasiteit wat jongmense dring om hul outonome self daadwerklik aan te wend ten opsigte van prososiale en generatiewe aksies in die gemeenskap en daardeur ŉ lewe van onder andere vooruitstrewendheid (Savickas (2011b) verwys na ŉ 'toorkrag' wat

© University of Pretoria

realiseer) vir self en konteks (gemeenskap) te verseker. Die konsepte 'plastisiteit'[38], en 'doelbewuste diversifisering[39] is betrek as katalisatore van groei en ontwikkeling[40] (en implisiet ook vooruitstrewendheid).

Menslike vooruitstrewendheid is volgens Waghid en Smeyers (2012) gebed in die universele oortuiging dat alles en almal aan ŉ groter geheel behoort. Hulle proklameer dat die konsep *ubuntu*[41] (as ŉ perspektief op die mens as etiese wese), veral as ŉ etiek van omgee (vanweë die staatmaak op empatie en relasionele outonomie[42]), ŉ baie oortuigende benadering is ter aanvulling van menslike vooruitstrewendheid. Barrett (2013) verwys na ŉ toenemend vergrotende en uitbreidende gevoel van persoonlike identiteit wat meegebring word deur ŉ groter gevoel van konneksie met die wêreld. Le Grange (2012) verwys na Guattari (2000) se drie ekologieë (ook bekend as ŉ ekosofie)[43], naamlik natuur, samelewing en self, en inkorporeer dit by die konsep *ubuntu*. Volgens hierdie outeur moet *ubuntu* relasioneel verstaan word en hy beskryf dit as ŉ uitdrukking van ŉ verbintenis tussen mense onderling en tussen mense en die biofisiese wêreld. Waghid en Smeyers (2012) beskryf *ubuntu* as ŉ lewensvatbare begronding vir ŉ teorie oor regverdigheid en bevestig dit ook as ŉ raamwerk vir ŉ diskoers rondom kwessies soos respek, intervensie, responsiwiteit (plastisiteit of veerkragtigheid) en die veelvuldige praktyke verweef in die alledaagse lewe. Die promosie van toepaslike morele intervensie, geregverdigde kritiese refleksie oor etiese keuses en die aktiewe kultivering van relasionele outonomie plaas die benadering in ŉ goedgegronde leefstyl.

In die lig van die diskoers rondom *ubuntu* as ŉ goedgegronde lewensfilosofie en geassosieerde leefstyl, lyk dit sinvol om kennis te neem van Guichard (2013) se versoek dat lewensontwerpberading en beroepsberading genoegsaam voorsiening moet maak vir ŉ universele etiek wat gepaard gaan met die wese van die mensdom as ŉ enkele globale gemeenskap, dit wil sê ŉ kosmiese besorgdheid in elke wêreldburger se lewensontwerp. Waarop dit dus neerkom, is dat ontluikende volwassenes by wyse van lewensontwerpberading ingelei moet word in lewensvatbare vorms van sin- en betekenisgewing ten opsigte van ŉ wêreldbeskouing soos byvoorbeeld ŉ ekosofie wat die

---

[38]Daar word in die onderhawige navorsing onderskei tussen 'inherente plastisiteit' wat dui op die innerlike veerkragtigheid van die individu om positief te ontwikkel ten spyte van teëspoed (Masten, 2001) en 'eksterne plastisiteit' wat verwys na wedersyds-voordelige regulerings tussen individu en konteks (Warren et al., 2012).

[39]Doelbewuste diversifisering vind plaas wanneer ŉ ontluikende volwassene se intrapersoonlike diversiteit (meer spesifiek, idiosinkratiese karaktereienskappe wat positiewe waardes impliseer) aangewend word vir prososiale – en generatiewe bydraes tot die breër samelewing (Benson, 2008; Warren, 2012).

[40]2.7.2.2, pp. 139-146.

[41]Murove (2009, p. 316) argumenteer dat *ubuntu* (medemenslikheid) die konkrete vorm van *ukama* (verbintenis) is in die sin dat '*human interrelationship within society is a microcosm of the relationality within the universe'.*

[42]Relasionele outonomie verwys na die interseksie van persoonlike en sosiale identiteit en impliseer dat die persoonlike identiteit die individuele projek is wat betrokke raak met en by historiese, kulturele en sosiale kontekste en praktyke (Thorne et al., 2004). Die optimale ontwikkelingsuitkoms is om ŉ sin van samehang te verkry wat die veelvuldige identifikasie oor konteks en tyd heen kan integreer (Azmitia, Syed & Radmacher, 2008).

[43]ŉ Eties-politieke artikulasie wat klaarheid verskaf oor kwessies van lyding in die drie ekologiese registers, naamlik die omgewing, sosiale verhoudings en menslike subjektiwiteit, wat onlosmaaklik aanmekaar verbind is – kultuur kan nie van die natuur geskei word nie (Gual & Norgaard, 2010; Le Grange, 2012).

© University of Pretoria

self, die samelewing en die natuur aanmekaar koppel (figuur 6.2). Parks (2011) verwys na die ontwikkeling van ŉ kritiese, konnektiewe en deernisvolle bewussyn, terwyl Barrett (2013) dit ŉ volle-spektrum-bewussyn noem. Sodanige wêreldbeskouing betrek ŉ morele (etiese) komponent by die konsep van relasionele outonomie en kulmineer in die konstruk 'relasioneel-morele outonomie' of ŉ 'relasioneel-morele self'[44] wat die kern van die onderhawige navorsing omskryf. In hierdie verband is die konsepte *iSintu en Ujamaa* betrek, met iSintu wat op *'the seeing of one's 'self-identity' in the other'* neerkom, en erkenning verleen aan ŉ gedagte dat alle individue vanuit dieselfde universele bron verrys het, dat almal deel van een groot familie uitmaak en ŉ uitvloeisel van dieselfde geheel is (Nussbaum, Palsule & Mkhize, 2010). *Ujamaa* (ŉ woord uit Swahili) dui op die mens as deel van ŉ uitgebreide familie, broederskap, familieskap of sosialisme; die idee dat menslike wesens mense word deur mense of die gemeenskap (Ibdawoh & Dibua, 2003). Teen hierdie agtergrond en, kennelik noodsaaklik, is die potensiaal van ontluikende volwassenes as burgerskapleiers uitgelig.

Ten slotte is die waarde van lewensontwerpberading bespreek ten opsigte van (relasioneel-morele) selfkonstruksie by die ontluikende volwassene. Met die oog daarop om ŉ robuuste verkenning te aktiveer is drie benaderings op universele en kontekstuele wyse betrek. ŉ Universele perspektief het bygedra om insigte te ontwikkel wat moontlik optimaal in die ontwikkeling van die ontluikende volwassene kon wees, terwyl ŉ kontekstuele perspektief praktykgerig was. Die patrone en temas in die ontluikende volwassene se narratief tydens die lewensontwerpberadingsproses is ontrafel met die doel om ŉ sin van samehang – die konstruksie van ŉ relasioneel-morele self – te bewerkstellig. Spirituele ontwikkeling (die aktivering van die intrinsieke kapasiteit van die ontluikende volwassene) en ŉ ekologiese benadering tot menslike ontwikkeling is ingetrek as universele benaderings. Laasgenoemde benadering behels die gedagte dat ŉ (veranderende) wedersyds-voordelige regulering tussen ŉ individu en sy of haar multivlakkige kontekste (bv. werk- of studierol, die intieme lewe, burgerskap en kosmopolitaanse self), vooruitstrewendheid (toorkrag) laat manifesteer en oor die langtermyn ŉ bewustelike evolusie gebaseer op wysheid[45] bewerkstellig. Hierbenewens is narratiewe (en eudaimonistiese)[46] identiteitsontwikkeling (die ontluikende volwassene word aangemoedig om outeur van sy of haar eie lewensverhaal te word) in die beradingspraktyk as kontekstuele benadering betrek. Die universele benaderings is betrek as riglyn om ŉ sin vir wat goed is (prososiale en generatiewe gedrag) in ŉ ontluikende volwassene se siening van die lewe as ŉ ontluikende storie te verweef en die kontekstuele benadering is bygehaal as instrument om ŉ sin van samehang (die ontwikkeling

---

[44]2.6.3.7.i, p. 118, par. 3.


[45]Wysheid of verhoogde toekomstige bewustheid behels kognitiewe kenmerke (soos ŉ breë begrip van die verlede, die huidige en die toekoms; ŉ goeie verbeelding en denkvaardighede; en die kapasiteit om kennis toe te pas op praktiese uitdagings en probleme), asook ŉ etiese en karakterdimensie wat die kognitiewe kapasiteite ondersteun, struktureer, voed en rigting gee (Lombardo, 2011).

[46]Eudaimonistiese identiteitsteorie staan op die skouers van die humanistiese teorie van Maslow en Lowry, (1968) en postuleer dat, om ŉ ware volledige sin van identiteit te vorm, ŉ individu moet soek na en die intrinsieke aard van ŉ 'ware self' moet ontdek en dat hy of sy daarna doelwitte, waardes en geloofsoortuigings daarvolgens moet kies om sodoende die ware self te aktualiseer (Waterman, 2004).

© University of Pretoria

van ʼn relasioneel-morele self, dit wil sê ʼn daadwerklike self[47] wat ʼn leef-beroep in die gesindheid van *ubuntu* of 'gemeenskaplikheid' benader) by die ontluikende volwassene te vestig.

**Figuur 6.2: Die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van (relasioneel-morele) selfkonstruksie by die ontluikende volwassene**




Hierdie figuur wil aandui dat wanneer die (1) intrinsieke kapasiteit van elke ontluikende volwassene mutualisties by wyse van (2) lewensontwerpberading verken, ontgin en doelbewus aangewend word ter wille van die aktualisering van ʼn wêreldbeskouing (en geassosieerde leefstyl) soos (3) *ubuntu* (ʼn bepaalde ekosofie), dit (4) sin en betekenis (vanweë prososiale en generatiewe aksies) aan die ontluikende volwassene kan verskaf. Dit sal implisiet nie net die konstruksie van ʼn relasioneel-morele self by die ontluikende volwassene bevorder nie, maar ook veroorsaak dat positiewe bydraes tot die samelewing en die planeet in vooruitstrewendheid sal kulmineer.

[47] ʼn Gevoel van daadwerklikheid: verantwoordelikheid vir die eie lewensloop; die uitgangspunt dat ʼn individu in beheer is van eie besluite en verantwoordelik is vir die uitkoms daarvan, en die vertroue dat die individu in staat sal wees om struikelblokke te oorkom wat vooruitgang op die gekose lewenspad moontlik mag belemmer (Inguglia et al., 2014). Rosso et al. (2010) gebruik die term 'individuasie' wat neerkom op die betekenisvolheid van optrede wat die self as waardig definieer en onderskei (differensiasie), en wat gevolglik in die vorm van gevoelens van selfbevoegdheid en ʼn gesonde selfagting tot uiting kom (2.5.3.1, p. 40). Individuasie geskied terselfdertyd tydens die onderhou en ontwikkeling van verhoudings (McLean, Breen, & Fournier, 2010).

© University of Pretoria

Verder is die teoretiese raamwerk waarop die studie gebaseer is, in hierdie hoofstuk ondersoek. Ek het die wetenskap van ontwikkeling, en meer spesifiek, menslike ontwikkeling op grond van verhoudings, sisteme en die lewensspan, asook beroepkonstruksieteorie bespreek. Inherent, soos reeds vermeld, is drie benaderings betrek, naamlik spirituele ontwikkeling, ŉ ekologiese benadering (meer spesifiek, menslike ontwikkeling vanweë verhoudings, sisteme en die lewensspan)[48] en narratiewe (en eudaimonistiese) identiteitsontwikkeling as kontekstuele benadering.

In harmonie met die voorstaanders van beide hierdie teorieë (die wetenskap van ontwikkeling en beroepkonstruksieteorie) het ek die deelnemers aan hierdie studie as aktiewe agente in hul eie ontwikkeling en outeurs van hul eie beroepslewenstories beskou en dataontleding en -interpretasie het dienooreenkomstig geskied.

**6.2.2.3 Hoofstuk 3: Navorsingsproses**

In hierdie hoofstuk is die proses wat in die navorsing gevolg is in meer besonderhede bespreek. Dit het ŉ bespreking van die interpretivistiese paradigmatiese perspektief ingesluit, asook van die kwalitatiewe navorsingsontwerp (ook die gevalstudie-metode) wat in die studie geïmplementeer is. Die navorsingsmetodologie (steekproef en tegnieke vir data-insameling en dataontleding), asook die oordraagbaarheid en vertroubaarheid van die kwalitatiewe komponent is ondersoek. My eie rol in die navorsing en die etiese maatreëls wat streng gedurende die studie eerbiedig is, is ook kortliks vermeld. Ten slotte is die potensiële betekenisvolheid en beperkings van die studie bespreek.

**6.2.2.4 Hoofstuk 4: Bevindings van die studie**

Die resultate van die studie is in hierdie hoofstuk bespreek. Elke individuele onderhoud, asook die refleksiejoernale van die deelnemers en die navorser is ontleed, terwyl ek na die volgende ondersoek ingestel het:

a. Of daar in my navorsingsdata bevestiging gevind kon word al dan nie vir die temas en subtemas (soos aan die einde van hoofstuk 3 gekategoriseer) wat op deduktiewe wyse in die literatuur geïdentifiseer is.

b. Die opduik van moontlike nuwe temas, subtemas of subsubtemas tydens die dataontledingsproses. Die deduktief afgeleide en bevestigde temas, subtemas, subsubtemas en subsubsubtemas wat op induktiewe wyse na vore gekom het, is op ŉ geïntegreerde wyse gerapporteer en bespreek.

**6.2.2.5 Hoofstuk 5: Bespreking van die studie**

Die resultate van die studie is in hierdie hoofstuk in verband gebring met die literatuurstudie wat in hoofstuk 2 onderneem is. Addisionele literatuur is waar nodig ook in ag geneem en geïnkorporeer. Ek het oorhoofs my bevindings (ten aansien van die

[48] 2.7.2.2, pp. 139-146.

© University of Pretoria

navorsingsdoel) met bestaande navorsing vergelyk en in die proses bevindings wat na my mening ooreengestem het, nie ooreengestem het nie, asook nuwe gesigspunte genotuleer en in ŉ samehangende verband saamgetrek.

### 6.3 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Die beperkings van die studie kan soos volg opgesom word:

- Die studie was van beperkte omvang, aangesien slegs ses ontluikende volwassenes by die navorsing betrek is.
- My eie, subjektiewe interpretasie sou as ŉ verdere moontlike beperking beskou kon word, aangesien ander navorsers die resultate moontlik verskillend kon interpreteer.
- Hoewel ek al ongeveer 15 jaar praktiseer, sou my min ervaring in die toepassing van lewensontwerpberading as sulks, moontlik as ŉ beperking beskou kon word.
- Kultuur verskille sou by die interpretasie van woorde, konsepte, metafore en gedragskodes (soos byvoorbeeld kollektiewe persepsies) ŉ beperking kon wees, hoewel ek gepoog het om na die beste van my vermoëns antwoorde uit te klaar.
- Hoewel ontluikende volwassenes se posisie deur Arnett (2000, 2004) beskryf word as ŉ periode van 'ongeëwenaarde geleenthede' ten opsigte van onder andere werksgeleenthede is bevind dat die huidige ekonomiese klimaat, sowel as die marginalisering van die arbeidsmark, faktore was wat uitdagings meegebring het ten opsigte van 'ideale' leef-beroepbeplanning.
- Sommige van die deelnemers se ondervindings met werksopsette wat nie prososiaal van aard was nie, het die ideale rondom prososiale aksies in die werksomgewing gefnuik, en alternatiewe gedagtes moes ontgin word.
- Hoewel die sistemiese model (wat ŉ integrale deel van die onderhawige navorsing uitmaak), eklekties is en die ontluikende volwassene uit ŉ holistiese oogpunt beskou, is dit ŉ benadering wat as ambisieus en veeleisend bestempel kan word in die sin dat die ontluikende volwassene in sy of haar verskillende rolle en kontekste beskou moet word en dat die interaksie tussen die verskillende komponente ook oorweeg moet word. Tinajero en Páramo (2012, p. 462) beskryf die uitdaging so:

© University of Pretoria

> *We would also mention one final cause for concern: the emphasis that has been placed on relativism. As the model accepts any possibility in the determination of development and its products, the applicability of the results from investigation becomes increasingly less reliable. We do not consider these controversial points as limitations, but instead as challenges to be met.*

Hierdie punt sal verder uitgeklaar word in die afdeling oor aanbevelings.

## 6.4 ETIESE OORWEGINGS

Standaard etiese vereistes is in my studie eerbiedig (sien verduideliking in hoofstuk 3[49]). Enkele van die betrokke etiese aspekte sluit in:

- Die doel, aard, verloop en etiese implikasies van die navorsingsprojek is aan die deelnemers verduidelik. Deelname aan die studie was vrywillig en ingeligte toestemming is van die deelnemers verkry. Hul anonimiteit is deurgaans gehandhaaf en die beperkings rakende vertroulikheid is aan hulle verduidelik.

- Aangesien die deelnemers ontluikende volwassenes is wat behoefte aan beroepsberading gehad het en in wie se behoefte ek in my privaatpraktyk kon voorsien, was dit nie vir my nodig om ingeligte toestemming van enige ander partye, buiten die deelnemers en die etiese komitee van die universiteit, te verkry nie.

- Daar is verseker dat die fisiese lokaal waarbinne die onderhoude geskied het, in ŉ bevredigende toestand was. Informele en direkte gesprekke met die deelnemers is gefasiliteer en daar is gepoog om ŉ warm, empatiese atmosfeer gedurende interaksie te skep. Die deelnemers is teen fisiese en/of psigologiese leed beskerm.

- Die rigting van die navorsing, asook die interpretasie van die data, is op ŉ voortdurende basis met die deelnemers bespreek en sodoende is daar gepoog om te verseker dat misverstande opgeklaar word en dat geloofwaardigheid eerbiedig sou word.

- Alle versamelde data is in ŉ goedgeorganiseerde, toeganklike stelsel bewaar.

- Ek was verder ten volle daarvan bewus dat my rol in hierdie verband suiwer dié van navorser en nie sielkundige was nie.

[49] 3.8, pp. 177-179.

© University of Pretoria

- Na my beste wete het ek dus myself aan die etiese gedragskode onderwerp en sodoende verseker dat die deelnemers se beste belange voorkeur geniet. Hulle het duidelik geweet wat van hulle verwag word.

## 6.5 OPSOMMING VAN RESULTATE (BEVINDINGS)

Vervolgens word ŉ opsomming van my navorsing se bevindings verskaf wat eventueel progressief bydra tot die verrysing van ŉ model wat spirituele ontwikkeling in die onderhawige studie as ŉ relasioneel-morele selfkonstruksie by ontluikende volwassenes verklaar (figuur 6.3). Ek begin met ŉ bespreking oor die ontluikende volwassene se eie (relasioneel-morele) daadwerklikheid (tema 1), wat hoofsaaklik neerkom op die identifisering en bevordering van die deelnemers se welwillendheid (in die vorm van prososiale en generatiewe aksies) ingebed binne ŉ raamwerk van ŉ gegronde leefstyl soos *ubuntu*, en sluit af met ŉ bespreking oor die ontluikende volwassene se gemeenskaplikheid (tema 2) wat ŉ holistiese benadering tot lewensontwerpberading ondersteun (die byvoeging van die relasionele self – die daaglikse rolle en diadiese verhoudings waardeur individue hul persoonlike identiteite uitvoer en skep).

### 6.5.1 Tema 1 en subtema 1.1: Deelnemers se insette ten aansien van hul eie wêreldbeskouings of ideologie

Die induktiewe ontleding van die data het oorkoepelend-opsommend getoon dat die deelnemers oorhoofs oor (i) selfvervullende sowel as (ii) selftransenderende ideologieë of wêreldbeskouings beskik[50]. Hierdie bevinding sluit aan by die siening van Erickson (1965, p. 24), wat geglo het dat individue wat van hul ouers (of versorgers) begin afskei en wat ook bewus begin raak van hul bestaan in sosio-historiese kontekste, ŉ wêreldbeskouing nodig het om hul '*newly won individual identity with some communal solidarity*' te kan teëwerk.

Die aspek van die pertinente bewusmaking van ŉ gebalanseerde ossilasie tussen ŉ selfvervullende en selftransenderende wêreldbeskouing is reeds (hoewel dikwels indirek) deur etlike outeurs aangeraak. Een wyse waarop ideologiese denke (soos hierbo vermeld) gedurende ontluikende volwassenheid waardeer kan word, is in terme van Shweder se etiek van onder andere outonomie (Shweder et al., 1997). Die etiek van *outonomie* definieer die individu as die primêre morele outoriteit, onbeperk in keuses – veral ten gunste van eie voorkeure. Oortuigings en waardes sentreer om individuele regte, veral die oortuiging dat individue toegelaat moet word om te doen wat hulle wil, solank hulle ander nie direk skade aandoen nie. Staudinger en Bowen (2010) het bevind dat sodanige selfvervullende,

[50] 5.2.1.1, pp. 221-224.

© University of Pretoria

selfsugtige of hedonistiese[51] waardes bydra tot emosionele welstand, terwyl Keyes (2002) vermeld dat die regulering van emosionele welstand bydraend blyk te wees wanneer dit kom by prososiale en generatiewe gedrag (wat by uitstek selftransenderende gedrag impliseer).

Malachi (2010) maak die uitspraak dat selfsugtigheid ŉ feit van die mensdom is, die begronding van die mens se ervaring en nie iets wat eintlik weg sal gaan nie. Hy brei verder uit en sê dat as sy uitspraak waar is, dan moet die transformasie van die selfsugtige persoon na ŉ selflose persoon nou op ŉ wyse geskied wat baie verskillend is van hoe dit vroeër geskied het. Malachi (2010, p. 172) maak verder die opmerking dat daar miskien inherent niks verkeerd is met die feit dat die mens ŉ sin van self het en dat daar ŉ mate van selfsugtigheid daaruit ontstaan nie en redeneer verder: ... *perhaps it is a matter of practising our selfishness in a more intelligent and enlightened manner, instead of the ignorant and self-destructive way that is so common in our present human condition.*

ŉ Voorbeeld van die pertinente bewusmaking van ŉ gebalanseerde ossilasie tussen ŉ selfvervullende en selftransenderende wêreldbeskouing word vervolgens uit die getranskribeerde onderhoude aangebied. Die gesprek het tussen die navorser en die deelnemer (tydens die mutualistiese ontginning van die deelnemer se selfportret) plaasgevind:

Navorser: *So, wat sal jou opinie wees as mens byvoorbeeld die woordjie 'self" vat en jy vat 'die ander' as diegene wat 'needs' het ... en jy sit ŉ 'dash' tussen die twee* (die navorser skryf die woorde op ŉ papier neer): *'self'–'ander'* ... (navorser praat verder en wys na die koppelteken): *dáár ... as jy betrokke raak by ŉ saak om 'a contribution' te maak ... nie oor ander redes nie ... dan ... in daardie proses ... die verandering wat in ŉ mens kom ... lê in daardie dash.*

Deelnemer: *Ek dink dit is vir my ... en ek verstaan die begrip hier ... maar ek sukkel om dit te doen want daar was baie keer waar ek uitgereik het na vriende, familie, na baie mense en op die ou einde het dit net terug gekom om my seerder te maak. Op hierdie stadium is ek baie selfsugtig. Op hierdie stadium is dit vir my ŉ moeilike ... om tot op daardie 'dash' te kom, is moeilik. Ek weet ek moet dit doen en ek weet dit is die regte ding om te doen. Ek weet ek kan baat vind daarby, maar op hierdie stadium is dit vir my moeilik om tot daar te kom.*

Navorser: *Net ŉ laaste vraag dan ... met ander woorde ... as ŉ mens dan sal kyk na jou 'heroes' ... wat het hulle 'heroes' gemaak?*

Deelnemer: *Ja, kyk dit is soos ... as mens kyk, ja ... Steve Jobs ... hy was ŉ creative thinker en ŉ visionary en alles ... maar dan kyk mens na iemand soos my pa ... is dit presies*

[51]Hedonia verwys na'n gevoel van gelukkig wees vanweë ŉ strewe na plesiersoekende projekte (Keyes, 2000).

© University of Pretoria

*oor daardie social contribution. Dit is daardie van … dit het nie gegaan oor hom nie … maar dit gaan oor iemand anders en die goed wat hy gedoen het om tot op daardie punt te kom.*

Navorser: *En nou kyk jy op die 'long term' … dis 'wisdom'. Op die 'long term' … wat was die effek daarvan gewees. Miskien sal dit op die ou einde gaan oor 'wie is ek?' en om 'future thinking' te hê … wat is die soort mens wat ek wil wees en wil word? Ten einde … as ek daar op die einde kom, moet ek kan terug kyk en kan sê: 'Okay, wow, it was a life lived well!'.*

Deelnemer: *Ek dink dit gaan oor balans. Soos, daar is goed wat Steve Jobs gedoen het wat ek gedink het is 'great' … wat ek ook graag wil doen … en goed wat hy nie gedoen het nie. Selfde met my pa … daar is goed wat hy gedoen het wat 'great' was, maar daar is baie goed wat hy gedoen het, wat ek ook nie wil doen nie en ek dink dit is om daardie balans tussen die twee te kry. Ek dink die fokus op die balans funksioneer deur die tipes fases wat jy in jou lewe gaan. Ek dink dis deel van wisdom, is om ... self awareness en critical thinking ... is om daardie proses deur te gaan en jouself amper te forseer om dit te doen.*

Bogenoemde transkripsie verduidelik hoe die deelnemer by wyse van ŉ refleksie op sy selfvervullende gedrag van die verlede en as outeur van sy eie verhaal, die self transendeer. Op mutualistiese wyse word die tema van die verlede gedekonstrueer, ŉ nuwe storie word gerekonstrueer met skerp verpakte inligting wat maklik geberg en ontgin kan word en waaruit ŉ relasioneel-morele self tot stand kom en kan kom.

Vervolgens word die bevindings van die deelnemers se insette rakende die hoogte-, laagte- en omkeerpunte in hul lewensverhale weergegee as selfhandhawende en/of selftransenderende oriëntasies. Saam met die deelnemers se wêreldbeskouings kom die konsep 'inherente plastisiteit' nou ter sprake.

### 6.5.2 Tema 1 en subtema 1.2: Deelnemers se insette rakende die hoogte-, laagte- en omkeerpunte in hul lewensverhale (sleuteltonele in die lewensverhaal)

Die induktiewe ontleding van die data het oorhoofs aangedui dat die deelnemers oor ŉ inherente plastisiteit (veerkragtigheid) beskik ten opsigte van die hantering van lewenservarings[52]. Die effek van die sogenaamde inherente plastisiteit kan selfhandhawend wees (in die sin dat die deelnemers hul emosionele welstand tot voordeel van selfvervullende behoeftes reguleer) of selftransenderend (in die sin dat die deelnemers geforseer word om die wyse waarop hulle hulself beskou het, te heroorweeg en te herevalueer, met ander woorde, ŉ verandering in sin- en betekenisgewing[53] ten gunste van spirituele groei en ontwikkeling word bewerkstellig). Die stimulasie van refleksie en kritiese denke (by wyse van

[52]5.2.1.2, pp. 224-226.
[53]2.3, pp. 68-79.

© University of Pretoria

lewensontwerpberading) is bydraend tot die stel van transenderende (prososiale en generatiewe) doelwitte wat die gemeenskap kan bevoordeel.

Vervolgens word gefokus op die gebalanseerde ossilasie tussen ŉ selfgesentreerde en 'ander'-gesentreerde oriëntasie (6.5.2.1), waarna doelbewuste diversifisering in oënskou geneem word (6.5.2). Inherente en (gevolglike) eksterne plastisiteit word deur beide aspekte bevorder.

#### 6.5.2.1 Die verhoging van eksterne plastisiteit (welvarendheid) wanneer ŉ gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerdheid en 'ander'-gesentreerdheid bewerkstellig word

In hierdie stadium noodsaak die sintese van beide die subtemas, ideologieë (6.5.1) en sleuteltonele (6.5.2) ŉ verdieping in insig ten opsigte van interne plastisiteit by die deelnemers en eksterne plastisiteit (welvarendheid) ten opsigte van die omgewing, aangesien dit blyk dat ŉ gebalanseerde ossilasie tussen **selfgesentreerdheid** (wat kan voorkom tydens selfvervulling as ŉ ideologie – ŉ aspek wat uitgelig is by 6.5.1) en selfhandhawing (die regulering van emosionele welstand tot voordeel van selfvervullende behoeftes ten opsigte van sekere sleuteltonele – ŉ aspek wat uitgelig is by 6.5.2) en ŉ **'ander'-gesentreerdheid** (wat neerkom op selftransendering – ŉ aspek wat ŉ gemene faktor was by 6.5.1 en 6.5.2) eksterne plastisiteit (welvarendheid) verhoog (tabel 6.1). By implikasie kan eksterne plastisiteit (welvarendheid) in die samelewing verhoog word wanneer ŉ gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerdheid en 'ander'-gesentreerdheid by ontluikende volwassenes as burgerskapleiers aangemoedig en bewerkstellig word.

Volgens Parks (2011), Damon en Lerner (2008), Keyes (2002) en Waterman (2004) dra die inherente gebalanseerde ossilasie tussen ŉ selfgesentreerde (outonome of individualistiese) en ŉ 'ander'-gesentreerde (relasionele of kollektivistiese) oriëntering by tot die vooruitstrewendheid van die individu, asook tot die verskillende ekokontekste waarbinne die ossilasie geskied (en by implikasie tot die globale samelewing). Die bewuswording van die noodsaaklikheid en waarde van sodanige (interne) ossilasie betrek die evolusie van die menslike bewussyn[54] (Barrett, 2013; Lombardo, 2007) en impliseer ŉ vergrotende en uitbreidende gevoel van persoonlike identiteit wat deur ŉ groter gevoel van konneksie met die wêreld meegebring word (Barrett, 2013).

McLean et al. (2010) vermeld dat ŉ narratiewe benadering beide ŉ gereedskapstuk is wat die ontwikkeling van ŉ identiteit kan verken, sowel as die voertuig waarmee die identiteit gekonstrueer word. My ervaring was soortgelyk aangesien die gebruik van die

[54]Menslike bewussyn word verklaar as ŉ toestand van bewustheid van self (gedagtes, gevoelens, idees) gebaseer op ŉ stel oortuigings en waardes waarmee realiteit geinterpreteer word. ŉ Skuif na ŉ hoër toestand van bewustheid behels ŉ verandering in oortuigings, waardes en gedrag. Die waardes van die hoër vlak van bewussyn bevorder groter insluiting en verbintenis en minder skeiding en fragmentasie (Barrett, 2013).

© University of Pretoria

gereedskapstukke van lewensontwerpberading gehelp het met die identifisering van selfgesentreerde en/of'ander'-gesentreerde oriëntasies by die individuele deelnemers. Terselfdertyd het die pertinente bewusmaking van die waarde van 'n gebalanseerde ossilasie (en by implikasie die waarde van 'n relasioneel-morele konstruksie) tydens die saamstel van die deelnemer se lewensportret, selfkonstruksie by die ontluikende volwassene bevestig.[55]

**Tabel 6.1: Die verhoging van eksterne plastisiteit (welvarendheid) wanneer 'n gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerdheid en 'ander'-gesentreerdheid by die ontluikende volwassene bewerkstellig word**

| EIE DAADWERKLIKHEID (selfaktualisering of individuasie) | | |
|---|---|---|
| Ideologie | Selfvervullend* en selftransenderend | Verhoging in eksterne plastisiteit:<br><br>Die gebalanseerde ossilasie tussen **selfgesentreerdheid** (selfvervullende en selfhandhawende oriëntasies) en **'ander'-gesentreerdheid** (selftransenderende oriëntasies) |
| Sleuteltonele (hoogte-, laagte- en omkeerpunte in die deelnemers se verhale) | Selfhandhawend* en selftransenderend | |

* Selfgesentreerde oriëntasies

Vervolgens word 'n voorbeeld aangebied van 'n deelnemer wat bevestiging van die navorser ontvang dat hy oor 'n selftransenderende plastisiteit beskik:

Deelnemer: *Yes. For example, if I struggle with something, I always look for ways to improve it ... not just to leave it like that ... to find a way out. I will find a way to make it easier for myself ... until it works ... I don't just leave it like that, because it shows a sign of weakness to just leave it ... because it could be something that can hold you back.*

Navorser: *And you said you also call yourself a role model because there are so many expectations from your family and sisters and your father trusts you with most of his things and he always asks for your opinion whenever he wants to buy something, for instance. So that shows there is something they see in you.*

Vervolgens word die afdeling oor 'eie daadwerklikheid' (tema 1) afgesluit met 'n bespreking oor doelbewuste diversifisering (6.5.3) wat saam met 'n gebalanseerde ossilasie tussen 'n selfgesentreerde en 'n 'ander'-gesentreerde oriëntasie (6.5.2.1) bydra tot die plastisiteit (en dus die vooruitstrewendheid) van die konteks waarin die deelnemer beweeg. Daarna word 'gemeenskaplikheid' (tema 2) betrek as 'n holistiese benadering tot die konstruksie van 'n relasioneel-morele self (wat verdiep word by wyse van 'n poging om die

[55] Sien die bespreking rondom die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van die selfkonstruksie van ontluikende volwassenes (p. 247, par. 1 (bespreking rondom figuur 6.2).

© University of Pretoria

konstruksie van ŉ relasioneel-morele self in ekologiese kontekste (familie, vriende, intimiteit, lokale en globale gemeenskappe) te begrond).

### 6.5.3 Tema 1 en subtema 1.3: Deelnemers se insette rakende hul eie intrapersoonlike diversiteit (idiosinkratiese karaktereienskappe wat positiewe waardes impliseer en wat ten opsigte van bydraes tot die samelewing benut kan word – ook benoem as *sparks*)

My bevindings was dat 'doelbewuste (spirituele) diversifisering' plaasvind wanneer ŉ ontluikende volwassene bewus gemaak word van sy of haar intrapersoonlike diversiteit (meer spesifiek van sy of haar idiosinkratiese karaktereienskappe wat positiewe waardes impliseer, ook bekend as *sparks* of deugde) en die potensiaal daarvan ten opsigte van (prososiale en generatiewe) bydraes tot die breër samelewing[56]. Doelbewuste diversifisering kan die emosionele en kognitiewe stukrag verleen om ŉ fokus op die self te transendeer na ŉ fokus op bydraes tot die gemeenskap – dit wil sê, doelbewuste diversifisering is in staat om dormante *sparks* (ook benoem as die intrinsieke kapasiteit van ŉ ontluikende volwassene) te aktiveer. Sodoende kan die sisteem waarbinne die 'geaktiveerde' ontluikende volwassene beweeg, positief beïnvloed word en die ontluikende volwassene kan ook by die interaksie baat, mits die verhouding oor die langtermyn wedersyds voordelig is (Warren, 2012).

Hier volg ŉ voorbeeld ten aansien van doelbewuste spirituele diversifisering (bewusmaking en bewuswording van *sparks)* uit een van die getranskribeerde onderhoude:

Navorser: *So for me, the 'ideal self 'that I see in 'Intellektueel' is the following: That you are more than able to make a supreme and* (navorser haal die deelnemer se eie woorde aan) *actually in your own words: 'making a supreme and startling, and prominent contribution to the development and improvement of mankind'.* Deelnemer*: Wow! ...* Navorser: *That's the overall message that I got from our beautiful journey up till now. Right? So ... you are able to do that.* Deelnemer: *Thank you ...*

Weer eens is dit nodig om op hierdie stadium doelbewuste diversifisering te betrek by ŉ verdere verdieping in insig ten aansien van eksterne plastisiteit (welvarendheid), aangesien dit blyk dat beide doelbewuste diversifisering (6.5.3) en die gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerdheid en 'ander'-gesentreerdheid (soos aangedui in tabel 6.2) ŉ verhoging in eksterne plastisiteit (welvarendheid) bewerkstellig. By implikasie geskied die konstruksie van ŉ relasioneel-morele self (en dus ook spirituele ontwikkeling) vanweë doelbewuste diversifisering en die gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerdheid en 'ander'-gesentreerdheid. Relasioneel-morele selfkonstruksie is by implikasie ŉ aspek van die ontluikende volwassene se eie daadwerklikheid of selfaktualisering (individuasie).

[56]5.2.1.3, pp. 226-228.

© University of Pretoria

**Tabel 6.2: Relasioneel-morele selfkonstruksie (spirituele ontwikkeling) vanweë doelbewuste diversifisering en die gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerdheid en 'ander'-gesentreerdheid (asook die verhoging van eksterne plastisiteit (welvarendheid)**

<table>
<tr><td colspan="4">EIE DAADWERKLIKHEID (selfaktualisering of individuasie)<br><br>Relasioneel-morele selfkonstruksie</td></tr>
<tr><td>Ideologie</td><td>Selfvervullende* en/of selftransenderende oriëntasies</td><td rowspan="3">Relasioneel-morele selfkonstruksie vanweë die kombinasie van<br><br>1) 'n gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerdheid (selfvervullend en selfhandhawend) en 'ander'-gesentreerdheid en<br><br>2) doelbewuste diversifisering</td><td rowspan="3">Spirituele ontwikkeling<br><br>vanweë 'n uitbreiding van die self, aangesien die 'ander' (bv. die medemens, 'n beroep, 'n verdienstelike saak en die planeet) ingesluit word.</td></tr>
<tr><td>Sleuteltonele (hoogte-, laagte- en omkeerpunte in die deelnemers se verhale)</td><td>Selfhandhawende* en/of selftransenderende oriëntasies</td></tr>
<tr><td>Sleutelbeelde (idiosinkratiese karaktereienskappe wat positiewe waardes impliseer en wat ten opsigte van bydraes tot die samelewing benut kan word; ook bekend as sparks of deugde)</td><td>Doelbewuste diversifisering as die verkenning, ontginning en aanwending van die intrinsieke kapasiteit of sparks van ontluikende volwassenes ten opsigte van prosogiale en generatiewe aksies.</td></tr>
</table>

* Selfgesentreerde oriëntasies

Met hierdie tabel wil ek die volgende verduidelik: Met behulp van insigte verkry uit die ideologieë, sleuteltonele en sleutelbeelde (wat deel uitmaak van die kontekstuele narratiewe benadering van lewensontwerpberading) kan 'n universele relasioneel-morele self (sien grysgeskakeerde gedeelte) gekonstrueer word op grond van die kombinasie van 1) 'n gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerdheid (selfvervullend en selfhandhawend) en 'ander'-gesentreerdheid en 2) doelbewuste diversifisering. By implikasie vind spirituele ontwikkeling plaas vanweë 'n uitbreiding van die self aangesien die 'ander' (bv. die medemens, 'n beroep, 'n verdienstelike saak en die planeet) ingesluit kan word. Parks (2011) verwys in hierdie verband na die konstruksie van 'n 'self met deurlaatbare grense' wat 'n bewustheid van 'self en ander', 'self en die wêreld' kan vergroot en onderhou. Volgens haar moet hierdie grense deurlopend hersien word om die buurskap, die gemeenskap, die samelewing, die wêreld en selfs die onuitputlike uitspansel waarin die mens homself bevind, te omarm. Relasioneel-morele selfkonstruksie raak by implikasie 'n aspek van die ontluikende volwassene se eie daadwerklikheid of selfaktualisering (individuasie).

© University of Pretoria

Ten slotte blyk doelbewuste diversifisering (6.5.3) en ŉ gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerdheid en 'ander'-gesentreerdheid (as aspek van die ontluikende volwassene se eie daadwerklikheid) – sien 6.5.1 en 6.5.2 – fundamenteel te wees ten opsigte van spirituele identiteitvoming. Eie daadwerklikheid of selfaktualisering gerig op welwillendheid (in die vorm van prososiale en generatiewe aksies) binne ŉ raamwerk of wêreldbeskouing van ekosofie impliseer universele selfkonstruksie en meer spesifiek, spirituele (relasioneel-morele) selfkonstruksie.

Deur die raakvlakke van spirituele ontwikkeling, (narratiewe) identiteitsontwikkeling en ŉ ekologiese benadering tot menslike ontwikkeling by wyse van lewensontwerpberading te integreer, kan ŉ meer robuuste begrip van selfkonstruksie by ontluikende volwassenes verkry word.

In die volgende paragrawe verdiep ek my verkenning van die waarde van lewensontwerpberading ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene deur dit in ekologiese kontekste (familie, vriende, intimiteit, lokale en globale gemeenskappe) te begrond om daarmee ŉ holistiese benadering tot lewensontwerpberading te ondersteun (Gysbers, Heppner, & Johnston, 2009; Lent, 2011). Ek begin met familie, vriende en intimiteit (subtema 2.1), waarna die werkrol (subtema 2.2), die burgerskap-self (subtema 2.3) en die kosmopolitaanse self (subtema 2.4) in oënskou geneem word. Ek sluit hierdie gedeelte af met figuur 6.3 waarmee ek spirituele ontwikkeling as ŉ relasioneel-morele konstruksie by wyse van lewensontwerpberading voorstel.

### 6.5.4 Tema 2 en subtema 2.1: Die teenwoordigheid van spirituele dimensies in die konteks van familie, vriende en intimiteit

Die bevindings rakende die ontluikende volwassene se eie daadwerklikheid (individuasie) wat uitspeel in die ouerhuis en in georganiseerde jeuggroepe, het die familie (as primêre konteks vir spirituele ontwikkeling) en georganiseerde jeuggroepe (as addisionele konteks vir spirituele ontwikkeling) as kontekste aangedui waarin wedersyds-voordelige regulering plaasvind[57]. Wedersyds-voordelige regulering blyk spirituele ontwikkeling (Warren, 2012) en, by implikasie, relasioneel-morele selfkonstruksie aan te dui.

Verder het die bevindings die neiging by ontluikende volwassenes uitgewys om keuses (ten aansien van lewensrolle) te maak in terme van waar die swaartekrag lê (Super et al., 1996)[58]. Intimiteit by ontluikende volwassenes is verder uitgelig as broos en gefragmenteerd en die verskynsel word beskou as ŉ nuwe romantiese fase wat die laat-adolessente periode opvolg en ontluikende volwassenes nou tipies karakteriseer (Seiffge-Krenke & Luyckx, 2014; Shulman & Connolly, 2013). Volgens dié navorsers omsluit hierdie fase die uitstel van die huwelik, onstabiliteit in verhoudings en die uitdaging om verbintenisse aan te gaan, en dit word beskryf as kenmerkend van die moratoriumfase waartydens

[57] 5.2.2.1.i-iii, pp. 231-233.
[58] 5.2.2.1.iv, pp. 233-234.

© University of Pretoria

'romantiese verbintenisse en lewensplanne – meer spesifiek, die verskillende fasette van ontluikende volwassenes se lewens' – gekoördineer word.

### 6.5.5 Tema 2 en subtema 2.2: Spirituele doelwitte (dieper beroepsbetekenis)[59] wat aanvullend tot gedefinieerde mates van sukses is

Die bevindings het aangedui dat hoewel die deelnemers hoë verwagtings in hul professionele strewes aandui vanweë die persoonlike voordeel wat hulle daaruit kan trek (bv. finansiële voordeel, die uitleef van 'n identiteit, en persoonlike groei), dit uit hul aanmeldingsredes[60] vir beroepsberading geblyk het dat hulle hulself in strydige toestande bevind ten aansien van hul werk- en studierolle. Sommige (Perfek, Sonnig en Charisma) het gewissel tussen periodes van werk en werkloosheid; Entoesias het werkrolle en entrepreneurskap gelyktydig aangedurf, met gemengde resultate; Intellektueel het reeds 'n graad voltooi maar wil nog spesialiseer in 'n mediese rigting (wat sy wou uitklaar) wat nog jare se opleiding gaan verg en Saint, die enigste deelnemer wat sover standvastig is ten opsigte van sy werk, vermoed dat hy nie sy volle potensiaal aktualiseer nie.

Die rede waarom Saint sover die enigste deelnemer met 'n standvastige werk is, kan toegeskryf word aan sy gesindheid om sy werk as't ware as 'n 'roeping' te beskou. Hierdie gesindheid kom neer op 'n bydrae tot die wyer of groter goedheid en word onselfsugtig gedoen – eie welsyn word as bykomend gesien in terme van dienslewering tot die groter geheel. Met so 'n gesindheid skuif die werkservaring vanaf 'n beroep wat 'n inkomste inbring na 'n roeping waardeur die werknemer hom- of haarself kan uitdruk en 'n positiewe verskil in sy of haar werksomgewing kan maak (Dik & Duffy, 2009).

### 6.5.6 Tema 2 en subtema 2.3: Die burgerskap-self

Die bevindings het gedui op die lukrake voorkoms van prososiale neigings onder ontluikende volwassenes, asook op 'n bewustheid van die waarde van 'n gebalanseerde ossilasie tussen individualisme en kollektivisme[61]. Soos reeds elders vermeld[62], kan hierdie bevindings waardevol wees ten opsigte van die versugtings van Ndebele (2009) dat, afhangende van die besluite wat Suid-Afrikaners maak, 'n verlede sonder 'n toekoms herleef gaan word óf 'n nuwe toekoms geskep gaan word. Volgens hom is laasgenoemde die groter uitdaging en vereis dit dat ons as Suid-Afrikaners ons herverbind tot die ideaal van diversiteit in solidariteit, samewerking, vertroue, toerekenbaarheid en beskaafdheid. In dieselfde gesindheid het President Thabo Mbeki in Julie 2006 met die inleiding van sy inspirerende toespraak gevra dat Suid-Afrikaners *an RDP (reconstruction and development) of the soul* moet onderneem.

---

[59] 5.2.2.3, pp. 234-236.
[60] 4.2.1, pp. 185-187.
[61] 5.2.2.4.i, pp. 236-238.
[62] 2.5.5, p. 97, par 2.

© University of Pretoria

Verder het dit uit die dataontleding geblyk dat die deelnemers tans geensins self by politiek betrokke is of wil wees nie, dat hulle voel dat die regering meer by die kwessie van prososiale bydraes betrokke moet wees, maar terselfdertyd ook die wyse waarop hulle dinge tans doen, moet verander[63]. Bang (2003) beskryf die nuwe burgerlike as hoogs geïndividualiseerd, en iemand wat dit verkies om in gemeenskappe te vertoef wat respek vir verskille en vryheid betoon.

### 6.5.7 Tema 2 en subtema 2.4: Die kosmopolitaanse self

My bevindings rakende die effek van globalisasie op ontluikende volwassenes kan saamgevat word as ŉ bewustheid onder ontluikende volwassenes van die interkonneksie tussen die wêreld en ŉ sosiale kritiese bewussyn[64]. Kommer word deur die deelnemers uitgespreek oor kwessies soos oorbevolking, die tegnologiese revolusie en die toestand van die planeet[65].

Ten slotte word bogenoemde bevindings rakende gemeenskapsgeoriënteerde aspekte onder andere deur Arnett (2013, p. 5) ondersteun, wat die uitspraak maak dat *'...today's emerging adults are not Generation Me but Generation We, an exceptionally generous generation that holds great promise for improving the world'.* Op Suid-Afrikaanse bodem word bogenoemde bevindings deur die konsepte *iSintu* (die beskou van die 'selfidentiteit' in die 'ander') (Nussbaum et al., 2010) omvat, terwyl die term *ubuntu* dui op die menslike verbintenis en interafhanklikheid wat in buurte, organisasies en die wêreldgemeenskap ervaar word (Le Grange, 2012).


Opsommend blyk dit dat die self (soos beskryf op universele vlak in die onderhawige skripsie) nie onafhanklik van die eie sosiaal-historiese bestaan (die relasionele en kontekstuele aspekte van die eie lewensverhaal) kan wees nie. By wyse van ŉ retrospektiewe sowel as ŉ prospektiewe gesigspunt van die self, kan ŉ kaart van moontlike rolle en moontlike wêrelde voorsien word waarin nuwe gedagtes, aksies en selfdefinisie begeerbaar, toelaatbaar, uitvoerbaar, wenslik en noodsaaklik is. Deur die verstrengelde interkonneksie tussen die self, die proksimale en distale gemeenskap meer eksplisiet te maak, is die individu meer geneig om eie daadwerklikheid ten gunste van gemeenskaplikheid te beoefen (ŉ relasioneel-outonome verwantskap) en kan die spirituele dimensie van prosossiale en generatiewe aksies in die ekosofie van *ubuntu* toegevoeg word (ŉ relasioneel-morele outonome self (figuur 6.3).

---

[63] 5.2.2.4.ii, pp. 238-239.
[64] 5.2.2.5, pp. 239-240.
[65] 4.3.1.1.ii, pp. 197-199.

© University of Pretoria

**Figuur 6.3: Die drie areas van die self betrokke by refleksie en ontwerp van 'n (relasioneel-morele) selfkonstruksie by die ontluikende volwassene met behulp van lewensontwerpberading**




Hierdie figuur verduidelik die drie areas van die self betrokke by die konstruksie van die relasioneel-morele self, by wyse van lewensontwerpberading, naamlik die 1) outonome self (eie daadwerklikheid); 2) relasionele self (gemeenskaplikheidsaspekte) en 3) die spirituele self (die morele self). Die outonome self (1) impliseer konsepte soos selfbevoegdheid en ŉ gesonde selfagting; die relasionele self (2) behels die daaglikse rolle en diadiese verhoudings waardeur individue hul persoonlike en sosiale identiteite uitvoer en skep, en laat toe dat hierdie hiërargieë individue se persoonlike en sosiale identiteite in hul daaglikse lewens verken en belig. Die spirituele of morele self (3) neem ŉ wilsbesluit waarmee die ontluikende volwassene toelaat dat ŉ sin vir wat goed is in sy of haar siening van die lewe as ŉ ontluikende storie verweef word en (4) die relasioneel-morele self word moontlik ten beste beskryf deur ŉ besondere stelling van Buechner (1993, p. 119) en ŉ observasie deur Savickas (2006, 2011a, p. 33). Buechner posisioneer die mens se lewensreis as't ware as ŉ antwoord op ŉ roepstem, naamlik: "The place God calls you to is the place

© University of Pretoria

where your deep gladness and *the world's deep hunger* meet", terwyl Savickas stukrag verleen met sy observasie dat iets besonders (toorkrag) gebeur wanneer daar beweging is: 'Magic happens when we move (forward)'. Die waarde van lewensontwerpberading kan dus in 'n neutedop (en in die konteks van die konstruksie van 'n relasioneel-morele self) saamgevat word deur 'nkombinasie van Buechner (1993) en Savickas (2006, 2011:13) se opmerkings, naamlik: *The magic happens where your deep gladness and the world's deep hunger meet*' – en omsluit in 'n neutedop die waarde van lewensontwerpberading.

Ten slotte betrek Lombardo (2007) die konsep 'wysheid' en definieer dit as die hoogste uitdrukking van selfontwikkeling, die sintese en toepassing van die deugde van 'n verhoogde toekomstige bewustheid. Dit is die voortdurende ontwikkelde begrip van en fassinering met beide die groter prentjie en persoonlike dimensies van die lewe van wat belangrik, eties en betekenisvol is, en die begeerte en kreatiewe vermoë om hierdie begrip toe te pas om die welsyn van lewe te verbeter, vir die self en vir andere. Molz en Edwards (2013) verwys na die samelewing se mega-krisis as hoofsaaklik eties, sielkundig en sosiaal, en Lombardo (2007) vermeld dat 'n positiewe benadering en visie wat die goeie toekoms definieer (wat dinamies en holisties is) en in lyn met deugde en wysheid is, noodsaaklik is. Sodanige groot verhaal sal die konteks voorsien vir persoonlike narratiewe en lewens wat 'n bydrae kan lewer tot 'n eeu van wysheid as sentrale morele imperatief.

Vervolgens word die beantwoording van die navorsingsvrae onder die loep geneem, waarna die moontlike bydrae van my studie asook aanbevelings bespreek word. Die hoofstuk word afgesluit met reflektiewe opmerkings en 'n finale samevatting.

## 6.6 BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAE

In antwoord op my primêre navorsingsvraag kom ek tot die gevolgtrekking dat lewensontwerpberading van waarde mag wees ten opsigte van (relasioneel-morele) selfkonstruksie by die ontluikende volwassene. Ek baseer hierdie gevolgtrekking op die volgende:

- Lewensontwerpberading behels die ontginning van en voortbou op individue se lewensverhale met die doel om 'n lewensportret saam te stel. Die mutualistiese saamstel van die lewensportret verteenwoordig die deelnemer se relasioneel-morele selfkonstruksie. Die doelwit was om lewenstemas (mikro-narratiewe ten aansien van *sparks* – in die vorm van eie unieke passies, ervarings en insigte, asook die gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerde en 'ander'-gesentreerde oriëntasies) in die toekomstige lewensverhaal of lewensportret (makro-narratief) te vervat.

- Elkeen van die ses deelnemers aan die studie het oorhoofs die geleentheid gehad om op mutualistiese wyse met behulp van die *BBP*, die beroepskonstruksie-onderhoud, die tydlyn, die video-insetsels, die collage en die saamstel van die lewensportret, die My se storie te vertel. Die collage in die besonder het voldoen aan die vereistes van die navorsingsdoel, aangesien die deelnemers die geleentheid gehad het om na afloop

© University of Pretoria

van die mutualistiese verkenning van die tydlyn en die video-insetsels, ŉ persoonlike relasioneel-morele narratief te kon opstel (met behulp van die collages) en dit met my as navorser te bespreek. Op grond van die deelnemers se *collages* kon ek vasstel of daar ŉ uitbreiding van die outonome self na ŉ relasioneel-morele self plaasgevind het – wat inderdaad by al ses deelnemers by uitstek die geval was.

- Die geleentheid is verder geskep om die hiërargie van daaglikse rolle en diadiese verhoudings waardeur die deelnemers hul persoonlike en sosiale identiteite uitvoer en skep, uit te sorteer en te integreer.

- Die werksdomein het veral aandag geniet en beroepsloopbane is voorlopig saamgestel met behulp van die *BBP* en die beroepskonstruksie-onderhoud. Die verkenning van *sparks* asook selfgesentreerde en 'ander'-gesentreerdewaardes is met gewilde werksomgewings in verband gebring.

- Die My se storie is dus aan die einde van die beradingsessies in ŉ geheel omskep wat die ontluikende volwassene se verlede en verbeelde toekoms geïntegreer het ten einde ŉ oorredende eenheid-vormende en doelgerigte verslag van die ontluikende volwassene se eie lewe in die formaat van ŉ lewensportrette voorsien. Die waarde van prososiale en generatiewe aksiesis weer eens in die lewensportret uitgelig en bevestig en veral met toekomstige burgerskap- en kosmopolitaanse rolle in verband gebring.

Drie sekondêre navorsingsvrae is gestel en elk word vervolgens individueel bespreek.

### 6.6.1 Wie is die ontluikende volwassene?

Soos aangedui in die literatuurstudie het sosiale en kulturele veranderings in onlangse dekades ŉ nuwe en onderskeidende oorgangsperiode in die gang van menslike ontwikkelingsfases ontketen (Smith et al., 2011). Die fase waaroor dit in hierdie studie gaan, blyk toepaslik te wees ten opsigte van jongmense in die meer welvarende gemeenskappe tussen die ouderdomme 18 (wanneer die meeste van hulle hul skoolloopbane voltooi) en 30 (voordat hulle die volwassenheidsfase betree) en is deur Arnett (2000, 2007, 2012) as 'ontluikende volwassenes' benoem. Die fase word ook beskryf as ŉ uitstel- of 'moratorium'-fase aangesien dit ontluikende volwassenes (in vergelyking met jongmense van ŉ paar dekades gelede) klaarblyklik langer neem om hul voete te vind in terme van die stabilisering van veral verblyf, werk en intieme verhoudings (Harter, 2012; Facio & Resett, 2013). Verder blyk dieselfde sosiale en kulturele veranderings wat die moratoriumfase ontketen, ŉ 'outonome self' – ingebed in materialisme, individualisme, morele relativisme en fundamentalisme – te kultiveer wat met velerlei psigososiale uitdagings gepaardgaan. In hierdie opsig en in die lig van my navorsingsdoel het ek bespiegel oor die mate waartoe bydraes tot die breër welsyn aan ontluikende volwassenes geleenthede kan bied ten opsigte van sin- en betekenisgewing in hul daaglikse leef-beroep en uiteindelik gesonde ontwikkeling en heelwording.

© University of Pretoria

Op grond van die aanmeldingsredes[66] van die ses deelnemers asook die bevindings van my navorsing, het dit gou geblyk dat die deelnemers hulself inderdaad in 'oorgange' bevind, want hul behoeftes het nie net die keuse van ŉ geskikte beroep behels nie. Breër kwessies soos insidente en ervarings betreffende psigososiale krisisse wat die deelnemers eksplisiet en implisiet wou en moes uitklaar, het verrys. Hierdie breër kwessies (bv. ideologieë (d.i. religieuse, morele en politieke identifikasies); residensiële reëlings[67]; die heronderhandeling van die ouer-kind-band; die ontwikkeling van vriendskappe; intieme (maar tipies nie-maritale) verhoudings; werk- en studierolle) het die kompleksiteit en diversiteit van die proses waarin ontluikende volwassenes hulself bevind, uitgelig – veral ten opsigte van hul oorgang na volwassenheid.

In die lig van die navorsingsdoel ten opsigte van die verkenning van die mate waartoe bydraes tot die breër welsyn aan ontluikende volwassenes geleenthede kan bied (onder andere ten aansien van hul psigososiale krisisse), het die bevindings van die navorsing aangedui dat die deelnemers oor ŉ gefragmenteerde mate van sosiale verantwoordelikheid beskik. Die deelnemers se sosiale verantwoordelikheid het gemanifesteer in die gedaante van selftransenderende eienskappe en deugde (wat hulle lukraak en inkonsekwent toepas in hul proksimale omgewings, byvoorbeeld familie, georganiseerde groepe, intieme lewens en werk- en studierolle), asook ŉ kritiese sosiale bewussyn. Ten spyte van die (gefragmenteerde) teenwoordigheid van ŉ sosiale verantwoordelikheid, het die deelnemers geensins burgerlike of politieke betrokkenheid getoon nie (m.a.w. hulle was nie lede van plaaslike organisasies nie, en hulle was ook nie by politieke groepe geaffilieer nie).

Laasgenoemde was kommerwekkend, aangesien dieselfde sosio-kulturele konteks met sy resultante maatskaplike en ekologiese behoeftes ŉ noodkreet is vir ŉ burgerskap-leierskorps wat op universele vlak orde en stabiliteit moet bring in ŉ globale 'dorp' (waardeur die wêreld beskou word as ŉ enkele gemeenskap wat by wyse van telekommunikasie aanmekaar verbind is) en waar plaaslike norms oorskry moet word om transnasionale agendas te ontwikkel. Vanweë globalisasie (verrysende prosesse wat diep integrasie op alle vlakke – ekonomies, sosio-kultureel en polities – vereis) moet ŉ eng (en veral uitsluitende) fokus op eie belang, etnisiteit en nasionalisme verplaas word ten gunste van die kollektiewe, met ander woorde, burgerlike en politieke kwessies in die vorm van kruiskulturele dimensies (samewerking met ander ontluikende volwassenes oor nasionale grense heen om komplekse globale probleme op te los) is betrokke.

Teen die agtergrond van bogenoemde, argumenteer Côté en Levine (2014) dat een van die belangrikste eienskappe wat nodig is om die uitdagings van die huidig-moderne samelewing op kontekstuele vlak tegemoet te kom (wat die afwesigheid van tradisionele

[66] 4.2.1, pp. 5-7.
[67] Tabel 4.1, p. 5.

© University of Pretoria

sosiale strukture insluit), ŉ samehangende en daadwerklike selfbesef[68], asook ŉ gevoel van identiteit is. Volgens Erikson (1968) bied ŉ gesonde identiteit duidelike doelwitte en ŉ konsekwente stel riglyne aan ŉ individu waarmee lewenskeuses gemaak kan word (vgl. Côté & Levine, 2014).

Opsommend blyk die paradoksale weerloosheid en sterkte van ontluikende volwassenes ŉ opvallende kenmerk van hierdie lewensfase te wees. Flum (2015) redeneer dat (as deel van ŉ oplossing vir hierdie paradoks wat ŉ gevoel van gefragmenteerdheid skep) die verstrengelde interkonneksie van self en die gemeenskap meer eksplisiet gemaak moet word – by wyse van spirituele ontwikkeling (relasioneel-morele selfkonstruksie). Volgens Roehlkepartain et al. (2006) is spirituele ontwikkeling ŉ konstante, aanhoudende en dinamiese tussenspel tussen die individu se innerlike en uiterlike reis wat hom of haar enersyds dring om 'na buite te reik' (en die eie lewe te verbind met die totaliteit van wat die lewe 'daarbuite' bied) en andersyds 'na binne te kyk' om sodoende die eie potensiaal vir groei, leer, bydra en saak maak, te ontdek of te aanvaar. Hierdie benadering beskou dus die spirituele as ŉ intrinsieke kapasiteit wat jong mense dring om hul verkenning van die self te koppel aan hul verkenning van die wêreld – soos (1993) verklaar, '*The place God calls you to is the place where your deep gladness and the world's deep hunger meet'* – om sodoende ŉ lewe van vooruitstrewendheid na te streef.

Benson en Scales (2009) beskryf vooruitstrewendheid as die identifisering en vertroeteling van deugde of *sparks* en die aanwending daarvan ten bate van die samelewing. Aanwysers van spirituele ontwikkeling of relasioneel-morele selfkonstruksie verwys dus na selfdefiniëring (in die vorm van die identifisering en vertroeteling van deugde of *sparks*) en sosiale integrasie (die aanwending daarvan ten bate van die samelewing) en kulmineer in die aanspreek van identiteitskwessies en die voldoening aan ŉ geïndividualiseerde projek – kwessies wat lewensontwerpberading impliseer[69].

Die dieper vraagstuk wat ontstaan en ŉ verdere diskoers ontlok, is die volgende: *Hoe kan die outonome self van die ontluikende volwassene uitgebrei word na ŉ relasioneel-morele self wat in die behoeftes van die breër welsyn sal kan voorsien?* In ŉ poging om hierdie vraag te antwoord, brei ek vervolgens eers uit op die psigososiale vereistes vir die vervulling van die behoeftes van die breër welsyn (6.6.2), waarna ek bespiegel oor hoe daar moontlik in hierdie behoeftes voorsien kan word (6.6.3).

---

[68]Maree en Molepo (2006) verklaar dat ŉ sterk selfbesef die persoon se 'identiteit' verklaar, met ander woorde, wie die persoon glo hy of sy is. Dit verwys na (verskillende fasette van) sy of haar objektiewe identiteit, maar veral na sy of haar subjektiewe/persoonlike (insluitend beroeps-) en sosiale identiteit, en sluit die handhawing en verdere ontvouing van sy of haar lewensverhaal in.

[69]6.6.3 van hierdie bespreking.

© University of Pretoria

### 6.6.2 Wat is die psigososiale vereistes vir die vervulling van die breër welsyn se behoeftes?

Uit my studie het dit geblyk dat doelbewuste diversifisering (6.5.3) en ŉ gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerdheid en 'ander'-gesentreerdheid (as aspek van die ontluikende volwassene se eie daadwerklikheid) – sien 6.5.1 en 6.5.2 – fundamentele psigososiale vereistes vir die vervulling van die breër welsyn se behoeftes is. Sodanige psigososiale vereistes impliseer eie daadwerklikheid of selfaktualisering gerig op welwillendheid (in die vorm van prososiale en generatiewe aksies). Binne ŉ raamwerk of wêreldbeskouing van ekosofie kom dit verder neer op universele selfkonstruksie en, meer spesifiek, op spirituele (relasioneel-morele) selfkonstruksie.

Op Suid-Afrikaanse bodem word bogenoemde bevindings deur die konsepte *iSintu* (die beskou van die 'selfidentiteit' in die 'ander' (Nussbaum et al., 2010)) omvat, terwyl die term *ubuntu* dui op die menslike verbintenis en interafhanklikheid wat in buurte, organisasies en die wêreldgemeenskap ervaar word (Ibdawoh & Dibua, 2003; Le Grange, 2012). Wanneer die verstrengelde interkonneksie van self en die proksimale en distale gemeenskap meer eksplisiet gemaak word, is die individu meer geneig om eie daadwerklikheid ten gunste van gemeenskaplikheid te beoefen (ŉ relasioneel-outonome verwantskap) en kan die spirituele dimensie van prososiale en generatiewe aksies in die ekosofie van *ubuntu* toegevoeg word (ŉ relasioneel-morele outonome self).

Opsommend blyk dit dat die psigososiale vereiste vir die vervulling van die breër welsyn se behoeftes, die toevoeging van die morele of spirituele aspek by die relasioneel-outonome self is (d.w.s. eie daadwerklikheid of selfaktualisering gerig op welwillendheid in die vorm van prososiale en generatiewe aksies). Wanneer die relasioneel-morele self verder in ŉ goedgegronde leefstyl soos *ubuntu* ingebed word, kan die realiteit van vooruitstrewendheid uitspeel as ŉ 'toorkrag' van genesing vir die malaise van die wêreld en veral vir ŉ kontinent soos Afrika (Nussbaum et al., 2010).

Alles (in die argument gevoer tot dusver) in ag genome, postuleer Flum (2015) dat om in die wêreld te wees, nie net relasionele en kontekstuele konnotasies impliseer nie; dit behels ook ŉ retrospektiewe en prospektiewe gesigspunt van die self. Lombardo (2007) verwys na ŉ positiewe en ingeligte narratiewe visie of prentjie wat in aksie omgesit kan word – ŉ kwessie wat vervolgens as 'lewensontwerpberading' onder bespreking kom.

### 6.6.3 Wat is lewensontwerpberading en wat is die waarde daarvan ten opsigte van selfkonstruksie by die ontluikende volwassene?

Uit my studie het dit geblyk dat prososiale en generatiewe aksies in die vorm van *sparks* (eie unieke passies, ervarings en insigte), asook die gebalanseerde ossilasie tussen selfgesentreerde en 'ander'-gesentreerde oriëntasies in die toekomstige lewensverhaal of lewensportret (makro-narratief) van die ontluikende volwassene vervat kon word. In my

© University of Pretoria

studie het die werksdomein veral aandag geniet en beroepsloopbane is voorlopig saamgestel met behulp van die *BBP* en die beroepskonstruksie-onderhoud. Die verkenning van *sparks* asook selfgesentreerde en 'ander'-gesentreerde waardes is in verband gebring met gewilde werksomgewings. Die geleentheid is verder geskep om die hiërargie van daaglikse rolle en diadiese verhoudings – waardeur ontluikende volwassenes hul persoonlike en sosiale identiteite uitvoer en skep – uit te sorteer en te integreer. Die My se storie is dus aan die einde van die beradingsessies in ŉ geheel omskep wat die ontluikende volwassene se verlede en verbeelde toekoms geïntegreer het om ŉ oorredende eenheid-vormende en doelgerigte verslag van die ontluikende volwassene se eie lewe in die formaat van ŉ lewensportrette voorsien. Die waarde van prososiale en generatiewe aksies is weer eens in die lewensportret uitgelig en bevestig, en dit is veral in verband gebring met toekomstige burgerskap- en kosmopolitaanse rolle.

My bevindings sluit aan by dié van Savickas et al. (2009) en Savickas (2012) wat argumenteer dat die bevordering van prososiale en generatiewe waardes impliseer dat die doelwitte van berading nie net die outonome betekenisse en optrede wat aan leef-beroep verwant is, moet verbeter nie. Die interseksie van persoonlike en sosiale identiteit, soos in ag geneem tydens my navorsing, word ook deur Azmitia et al. (2008) ondersteun, wat opmerk dat sodanige interaksie toenemend aandag geniet in ŉ groot verskeidenheid van dissiplines soos onderwys, sosiologie, ontwikkelingsielkunde en sosiale sielkunde. Azmitia et al. (2008) bevestig ook dat die voordeel van die byvoeging van die relasionele self lê in die verkenning van hoe hierdie hiërargieë individue se persoonlike en sosiale identiteite in hul daaglikse lewens belig.

Dik, Duffy en Steger (2012) vra die vraag of die eksplisiete promovering van prososiale waardes eties is, siende dat dit op die afdwing van waardes op die kliënt neerkom. Worthington (1993) vermeld dat berading inherent waardebelaai is. Hierby reken Blustein et al., (2005) dat voordelige uitkomstes gekoppel word aan mense se idees oor die goeie lewe en dat ŉ 'goeie' samelewing eksplisiet in die beradingskonteks gevisualiseer moet word. Dik et al. (2012) redeneer dat ŉ voordelige uitkoms in beroepsberading een kan wees waarin individue betrokke is by betekenisvolle werk wat geleenthede bied waarin sosiale harmonie direk of indirek bevorder word.

Die waarde van lewensontwerpberading as sulks lê dus opgesluit in ŉ beradingsproses wat tegelykertyd twee funksies vervul, naamlik ŉ refleksie- en ŉ ontwerpfunksie[70]. Die ontginning van en voortbou op die 'toorkrag' in individue se lewensverhale het ten doel om ŉ lewensportret saam te stel wat nie net ŉ verskil in die individu se lewe ontketen nie, maar ook in die groter konteks. Hierdie lewensportret funksioneer, soos reeds vermeld, as ŉ padkaart wat vir die outeur in sy of haar konteks lewenslank gesonde psigososiale ontwikkeling en heelwording kan verskaf – elemente wat ŉ sin van samehang by wyse van sin- en betekenis in die vorm van prososiale en generatiewe aksies verskaf.

[70] 2.6.3.7, p. 62, par. 1.

© University of Pretoria

Vervolgens word uitgewei oor die moontlike bydrae van die onderhawige studie, waarna aanbevelings vir die praktyk, verdere navorsing, opleiding en die ontwikkeling van beleid bespreek word.

## 6.7 MOONTLIKE BYDRAE VAN DIE STUDIE

Oorhoofs kan die potensiële bydrae van my studie gesien word as die integrasie van spirituele ontwikkeling, (narratiewe en eudaimonistiese) identiteitsontwikkeling en ŉ ekologiese benadering tot menslike ontwikkeling by wyse van lewensontwerpberading – waarmee ek ŉ meer robuuste begrip asook ŉ vestiging van selfkonstruksie by ontluikende volwassenes verkry het. Hierdie benadering het meegebring dat ek kon uitbrei op James (1892/1963) se drie areas van die My wat hy uitgelig het as die materiële, sosiale en spirituele self, en dit by lewensontwerpberading kon inkorporeer. Verdere bydraes het hieruit gevloei en word vervolgens kortliks aangedui.

### 6.7.1 Verdere bydraes van die studie

#### 6.7.1.1 Bydraes wat van toepassing is op universele vlak

- Die betrek van *ubuntu* as ŉ goedgegronde lewensfilosofie en geassosieerde leefstyl kan moontlik op universele vlak ŉ bydrae maak tot die ontwikkeling van ŉ normatiewe ideologie (ŉ samehangende wêreldbeskouing) by ontluikende volwassenes.

- By implikasie kan dit ŉ raamwerk verskaf vir besluitneming, doelwitstelling, verhoudings, veerkragtigheid, enosovoorts, wat sodoende kan bydra tot die ontwikkeling van burgerskapleiers asook kosmopolitaanse burgers.

#### 6.7.1.2 Bydraes wat van toepassing is vir lewensontwerpberading

- Die goeddeurdagte insluiting en bestuur van hedonistiese waardes en gedrag as ŉ stukrag vir die uitoefening van prososiale en generatiewe gedrag kan moontlik dien as ŉ bydrae tot lewensontwerpberading (in die sin van ŉ persepsie dat selfvervullende waardes by ontluikende volwassenes ŉ positiewe konnotasie kan hê vir en in terme van bydraes tot die breër samelewing aangewend kan word). Voortvloeiend hieruit kom die potensiaal en belang van ŉ gebalanseerde ossilasie tussen selfvervullende en selftransenderende wêreldbeskouings ter sprake.

- Die verwantskap tussen selfkonstruende en eudaimonistiese selfontdekkingsprosesse as meganisme vir daadwerklikheid of selfaktualisering kan waarskynlik as ŉ nuwe invalshoek vir lewensontwerpberading gesien word.

- My bevindings met betrekking tot die plastisiteit en die doelbewuste diversifisering van die deelnemers kan moontlik ŉ addisionele invalshoek impliseer ten opsigte van

© University of Pretoria

die konstruksie van leefberoep-ontwerpe waar die spirituele ontwikkeling van ontluikende volwassenes ter sprake is.

- Die betrek van die Sisteem-teoretiese Raamwerk in leef-beroepontwerp vir die spirituele ontwikkeling van die ontluikende volwassene mag dalk ŉ verdere nuwe invalshoek impliseer. Dit behels die effek wat progressiewe, aanhoudende, wedersyds-voordelige regulerings het ten opsigte van kontekste soos familie, vriende, die intieme lewe, werk- en/of studierol, burgerskap en die kosmopolitaanse self.

- Laastens wil dit blyk dat die volgende aspekte nog nie voorheen in die literatuur gerapporteer is nie: die mutualistiese ontwerp van ŉ leef-beroep in die universele raamwerk van *ubuntu, iSintu en ujamaa*, wat kulmineer in die doelbewuste bevordering van ŉ relasioneel-morele selfkonstruksie.

## 6.8 AANBEVELINGS

Aanbevelings kan gemaak word met betrekking tot die praktyk, verdere navorsing en opleiding.

### 6.8.1 Aanbevelings vir die praktyk

Ten opsigte van die praktyk, word voorgestel dat die beroepsvoorligtingsessies (soos in my studie uiteengesit) ingrypend verkort word, aangesien tyd en koste belangrike faktore in die hedendaagse lewe is. My bevinding was dat die deelnemers vinnig gesnap het en oor goeie energievlakke beskik, wat meegebring het dat resultate in ŉ heelwat korter tyd bereik is.

Die keuse van die tydlyn en die video-insetsels (BYLAES C & D) is van kardinale belang vir die mutualistiese gesprek tussen navorser en deelnemer aangesien ŉ diep insig in die elemente betrokke by die konstruksie van ŉ relasioneel-morele konstruksie hierdeur verrys. Hierbenewens vergemaklik die beskikbaarheid van (stimulerende) prente vir die maak van die collage die mutualistiese verkenning van ŉ relasioneel-morele self en is dit ŉ aspek wat op sigself tydbesparend is.

Die refleksiejoernale was nie baie gewild onder die deelnemers nie en goedgerigte individuele vrae in die opvolgsessies het ŉ oplossing geblyk te wees. Gevolglik moes ek telkens goedvoorbereide vrae gereed hê vir elke deelnemer om te bepaal of die gemeenskaplike doelwitte van die vorige sessie enigsins bereik is.

Die gebruik van ŉ ‘nuwe’ woordeskat, konsepte, beelde en/of taal ten opsigte van die waarde en redes vir die konstruksie van ŉ relasioneel-morele self (Taylor, 1989; Savickas, 2011b) het klaarblyklik vrug afgewerp. Woorde en sinne soos *a spark that ignites the magic the world (as a global village or a spaceship with limited resources) needs; good vibes; the common good; a good life; to flourish; an exploratory space/adventure* (vir refleksie en

© University of Pretoria

metarefleksie); *a new identity for a new world; future thinking; the evolution of consciousness; embracing each other; a web or network of relationships; not only the middle way* (menende 'n gebalanseerde ossilasie) *but also the right way* (morele waardes gekoppel aan prososiale en generatiewe aksies); '*Everything is awesome!*' (uit die fliek 'Lego movie'), '*I see you!*' (uit die fliek 'Avatar') ensovoorts.

Laastens, ten opsigte van die gebruik van 'n sistemiese model wat as ambisieus en veeleisend bestempel kan word[71], stel Magnusson en Stattin (1998) voor dat slegs 'n enkele fenomeen binne die sisteem bestudeer en geanaliseer word. Genoemde outeurs motiveer vervolgens die gebruik van 'n sistemiese model as 'n algemene ruimte of verwysingsraamwerk waarbinne wetenskaplike konsepte en resultate geïnterpreteer kan word.

### 6.8.2 Aanbevelings vir verdere navorsing

#### 6.8.2.1 Aanbevelings op universele vlak wat ook ten opsigte van lewensontwerpberadingvan toepassing raak

Na aanleiding van die bevindings van my navorsing wil dit voorkom asof die sosiale wetenskappe as vakgebied – in ko-evolusionêre terme – inderwaarheid onlosmaaklik verbind is aan die evolusie van die biofisiese sisteem (menende die wedersydse regulering wat bestaan tussen die prosesse van biologiese en kulturele evolusie en die impak daarvan op aardse sisteme). Vir verdere navorsing word die volgende navorsingsmoontlikhede dus voorgestel:

- Die waarde van *ubuntu* as 'n samehangende wêreldbeskouing vir ontluikende volwassenes as burgerlike en kosmopolitaanse leiers (bv. relasioneel-kulturele ontwikkeling).

- Aspekte van die outonome, relasionele en morele self betrokke by die optimale ontwikkeling van ontluikende volwassenes.

- Navorsing oor watter tipe ontwikkelingsniches die geskikste is vir die ontwikkeling van relasioneel-morele identiteite.

- Etiese en sosiale oorwegings ten aansien van digitale media (bv. advertensies, flieks, musiekvideos, ens.) as 'n spirituele invloed op individue en die gemeenskap.

- Die waarde van 'n 'nuwe' taal ten opsigte van relasioneel-morele selfkonstruksie.

- Die waarde van 'n psigospirituele persoonlikheidsmodel soos die Enneagram ten opsigte van 'n relasioneel-morele selfkonstruksie by ontluikende volwassenes. *Knowing ourselves so that we can transcend ourselves and attain balance and*

[71] 6.3, p. 247, par. 3.

© University of Pretoria

*integration is what psychology is about – while transcending ourselves to make room for the Divine is what spirituality is about. Both go together and are not at odds with each other* (Riso, 1990, p. 14 in Kale & Shrivastava, 2002).

- Die waarde van die Enneagram vir spanwerk oor kulturele grense heen ten opsigte van (relasioneel-morele) selfkonstruksie by ontluikende volwassenes.

- Die waarde van ŉ bio-sosio-psigo-spirituele model van bewussyn gebaseer op die chakra sisteem (ŉ beskrywende metafisiese model gefokus op *interbeing)* ten opsigte van ŉ relasioneel-morele konstruksie by ontluikende volwassenes.

- Die waarde van Barrett se 'Sewe vlakke van bewustheid'-model ten opsigte van relasioneel-morele selfkonstruksie by ontluikende volwassenes.

- Die verwantskap tussen ŉ toekomsgerigte bewussyn en relasioneel-morele selfkonstruksie by ontluikende volwassenes.

- Die verwantskap tussen bewustheid (*mindfulness)* en relasioneel-morele selfkonstruksie by ontluikende volwassenes.

- Die waarde van programme wat fokus op ontluikende volwassenes se 'globale ekologiese opvoeding' op grond van ŉ volhoubare, ontwikkelingsgebaseerde model: burgerlike betrokkenheid by plaaslike en globale gemeenskappe (voorbereiding vir globale dienslewering, wedersyds-voordelige vennootskappe met gemeenskappe en geleenthede vir na-diens-refleksie en -aksie. Laasgenoemde sluit byvoorbeeld die konsep in dat die mens se verantwoordelikheid as globale burgerlike begin by die interpretasie van konsepte binne die raamwerk van plaaslike ervarings, gevolg deur die her-ondersoek van globale sake met ŉ begrip van plaaslike kwessies, asook omgekeerd).

- Die ontwikkeling van aksiomas, beginsels en voorskrifte wat kan help om die destruktiewe patologie van militante nasionalisme en ander kollektiewe kwale te genees.

- Die ontwikkeling van ŉ behoorlike ko-evolusionêre raamwerk waaruit kwessies wat krities vir die toekoms van lewende organismes op die planeet is, geanaliseer en bestuur kan word – die begrip dat sosio-kulturele evolusie (sosiale wetenskappe) aan die biologiese wetenskappe gekoppel word.

© University of Pretoria

## 6.9 REFLEKTIEWE OPMERKINGS

ʼn Kort refleksie oor my eie bevindings tot dusver. Ek struktureer my meta-refleksies soos volg: bevindings wat ek verwag het, wat my verras het, wat my teleurgestel het, en wat ek nie verwag het nie. Ek eindig met dinge wat ek anders sou wou doen.

### 6.9.1 Bevindings wat ek verwag het

- Hoewel ek diversiteit (selfgesentreerde en/of selftransenderende gedrag) in terme van leefstyle verwag het, het ek verwag dat oorwegend selfgesentreerdheid onder al die deelnemers sou voorkom.

- Ek het ook verwag dat die deelnemers sou aandui dat hulle nie betrokke is by burgerlike en politieke aksies nie, wat inderdaad so was.

### 6.9.2 Bevindings wat my verras het

- Die voorkoms van ʼn kritiese, konnektiewe en deernisvolle ingesteldheid onder die deelnemers het my verras.

- Die mate waartoe tradisioneel-kollektiewe individue individualisties is, was vir my insiggewend.

### 6.9.3 Bevindings wat my teleurgestel het

- Geen

### 6.9.4 Bevindings wat ek nie verwag het nie

- Ek het nie verwag dat selfvervullende en selfhandhawende oriëntasies as hulpbronne bevind sou word ten opsigte van bydraes tot die breër welsyn nie.

- Ek het ook nie verwag dat die deelnemers so veerkragtig sou wees of oor sodanige emosionele outonomie (Masten, 2001; Shulman et al., 2005) of emosionele ‘energiebronne’ (Lerner, Lerner, von Eye, Bowers, & Lewin-Bizan, 2011) sou beskik nie en dat dit saam met die teenwoordigheid van hul *sparks,* sulke ‘beskikbare potensiaal’ vir die plastisteit van kontekse en sisteme sou wees nie.

### 6.9.5 Wat ek anders sou wou doen

Daar is nie regtig ʼn aspek wat ek anders sou wou doen nie. Ek het lewensontwerpberading as sodanig effektief bevind vir die doelwitte wat ek gehad het. Daarby was die deelnemers besondere individue en maak hulle my versigtig opgewonde

© University of Pretoria

(maar ook realisties) oor die potensiaal wat (heel waarskynlik) in Suid-Afrikaanse ontluikende volwassenes opgesluit lê – oor alle kleurgrense heen.

**7. SAMEVATTING**

ʼn Storie is een van die mees effektiewe maniere van menslike kommunikasie en in die eenvoud daarvan is dit gelaai met skerp verpakte inligting (wat maklik geberg en ontgin kan word), asook veerkragtig in die sin dat dit aangepas en/of verander kan word. In die lig hiervan en teen die agtergrond van my navorsing besef ek inderdaad hoe kragtig die rol van ʼn storie oor ʼn veranderde en beter toekoms is en watter impak dit op die betrokkenes kan hê – opsteller of verteller en luisteraar of leser baat ewe veel daarby.

In die konteks van my navorsing is ʼn (lewens) storie oor beplande goedheid die bepaler van wat in die volgende lewenshoofstuk in werklikheid kan of sal uitspeel. Die visie of verbeel van ʼn beter toekoms en ʼn beter wêreld (ʼn nuwe storie) wat die verlede en die hede insluit, is die kern daarvan. Die outeur van die verhaal word ondersteun om oorlewens temas van goedheid en welwillendheid te reflekteer en dit te integreer om sodoende ʼn mate van samehang, sin- en betekenisgewing[72] in die nuwe storie te verkry.

So belangrik is ʼn storie dus, dat dit nie net ʼn individu se lewe ten beste kan verander nie, maar ook die behoud van ons planeet in pag kan hou. Die aangrypende verhaal van die ontluikende volwassene (soos nagevors in hierdie verhandeling) blyk ook die verhaal van die mensdom te wees. Net soos wat die ontluikende volwassene te midde van ʼn onstuimige oorgang na sy of haar volwassenheid op pad is, bevind die mensdom homself in dieselfde bootjie. Die verbysterende feit dat Afrika die mensdom se toekoms kan bepaal (UNISEF, 2015), maak die hele konsep (die belang van ’n nuwe veerkragtige storie vir individu asook die kollektiewe massa) ’n topverkoper.

My eie samevattende storie oor my proefskrif bevat dus (na my mening) al die elemente van ʼn boeiende verhaal en kan opgesom word as ʼn sprokie wat op ʼn goeie noot eindig (in die sin dat ʼn ’towerkrag’ manifesteer wanneer goedheid en daadwerklikheid hande vat (Savickas, 2011b; Taylor, 1989). Dit is ook ʼn feitelike verhaal wat, hoewel dit in die konteks van lewensontwerpberading afspeel, heelwat draaie in die sprokie maak. My storie begin met die gesegde dat skoonheid (goedheid en welwillendheid) in *the eye of the observer* lê – en met hierdie gesegde is daar die implikasie dat die waarnemer ʼn keuse het oor wat hy of sy graag in die spieël wil sien. Die verhaal speel as ʼn sprokie (ʼn toekomstige verhaal van goedheid en welwillendheid) in die waarnemer se spieëlbeeld af. Die sprokie is die sprokie van *ubuntu* (of anders gestel die sprokie van die *common good*), die held(in) is *iSintu* (as die

[72]ʼn Stel fundamentele oortuigings en aannames van die self, andere en die wêreld (natuur en kultuur) wat identiteit beïnvloed, ʼn impak het op die besluite wat gemaak word, waarde-oordele rig en welstand affekteer (Gutierrez & Park, 2014); ʼn krities, konnektiewe en deernisvolle bewussyn (Parks, 2011); ʼn volle spektrum-bewussyn (Barrett, 2013); *interbeing (*Nhat Hanh,1993, 1998, 2009).

© University of Pretoria

nuwe kollektiewe modus van ‘om te wees’ (Nussbaum et al., 2010) of soos deur Nhat Hanh (1993, 1998, 2009) gestel as ‘*interbeing’*) en die ‘toorkrag’ lê in die *sparks* (om saam te leef en saam te werk vir die *common good*).

In lewensontwerpberading het die ontluikende volwassene die geleentheid om op individuele vlak die goue draad van die *common good* uit sy of haar eie verlede los te string, met die hedendaagse en toekomstige leef-beroep te konnekteer en die *spark* wat daar ontstaan met *iSintu* (die Ander se *sparks)* te konnekteer. Op universele vlak het die ‘toorkrag’ van kollektiewe wysheid (bv. as broeikas van innoverende idees en ŉ voertuig vir sosiale heling) die potensiaal om mense bymekaar te bring om kollektief te besin (te reflekteer) oor die omstandighede waarin hulle hul bevind, verby huidige politiese, sosiale en ekonomiese strategieë te kyk en te fokus op die spirituele wortel van *a good will* of ŉ gees van welwillendheid wat die geheel effektief, konstruktief en aanhoudend sal bly voed solank die dinamiek van ŉ positiewe, wedersyds-voordelige regulering gehandhaaf word. Buechner (1993) en Savickas (2011b) omskryf dit soos volg: *The magic happens where your deep gladness and the world’s deep hunger meet.*

Wat nodig is om die (gefragmenteerde) identiteit of storie van die ontluikende volwassene (hetsy die individu of die groter kollektiewe mensdom) te verander, is vir die ontluikende volwassene om sy of haar eie refleksie (eie bydraende prososiale en generatiewe aksies tot die *common good*) raak te sien in die spieëlbeeld, die Groter Storie (wysheid of ŉ verhoogde toekomstige bewustheid[73] in die gestalte van idees van dit wat ideaal is, asook die rol van menslike evolusie, aangesien menslike evolusie in die toekoms toenemend deur menslike ideale gerig sal word).

Een voorbeeld is die Manifes van die 2011-gestigte Strategiese Sosiale Inisiatief ‘2045’ (ŉ koalisie van wetenskaplikes, tegnici, entrepreneurs en spirituele leiers) met die doelwit om ŉ wetenskaplike en tegnologiese revolusie na te streef wat die mens gaan ‘verbeter’, aangesien dit nodig is – soos die argument gevoer word – om die fundamentele beperkings van die fisiese en verstandelike vermoëns wat tans deur die beperkings van die menslike liggaam (bv. veroudering, en selfs die dood) veroorsaak word, teë te staan. Die mikpunt is kubernetiese onsterflikheid via ŉ avatar waarna menslike bewussyn oorgedra kan word. Die oortuiging is dat die wêreld ŉ andersoortige ideologiese paradigma nodig het waarbinne ŉ nuwe rigting vir die mensdom se algehele ontwikkeling ŉ vereiste is, en sodoende is die uiteindelike strewe, die bereiking van ŉ wetenskaplike en tegnologiese revolusie. Die voorstel behels egter nie net die implementering van ŉ meganistiese projek wat ŉ kunsmatige liggaam moet skep nie, maar ŉ hele sisteem wêreldbeskouings, waardes en tegnologie wat die mensdom ten opsigte van intellektuele, morele, fisiese, verstandelike en spirituele ontwikkeling moet onderskraag.

---

[73]Wysheid of verhoogde toekomstige bewustheid behels kognitiewe kenmerke (ŉ breë begrip van die verlede, die huidige en die toekoms; ŉ goeie verbeelding en denkvaardighede; en die kapasiteit om kennis toe te pas op praktiese uitdagings en probleme), asook ŉ etiese en karakterdimensie wat die kognitiewe kapasiteite ondersteun, struktureer, voed en rigting gee (Lombardo, 2011).

© University of Pretoria

Teen die agtergrond van die kragtige impak van menslike evolusie op die mensdom se toekoms en die kardinale belang van ewigdurende spirituele waardes en ideale wat die self en die mensdom moet rig om nie mettertyd ŉ rampspoedige verhaal te reflekteer nie, konstateer Maslow (1968) dat bewustheid van die self daaroor gaan om meer oop te wees vir die dieper dimensies van verhoudings. ŉ Bewussyn van die storie van *ubuntu* en *iSintu* (ons interafhanklike bestaan op hierdie planeet) bring diep verandering ten opsigte van hoe met die wêreld omgegaan moet word. Die (relasioneel-morele) daadwerklike self is nodig vir die (harmoniese en volhoubare) gemeenskaplikheidsaspek. Thakadipuram (2010) verklaar dat eie daadwerklikheid en gemeenskaplikheid ŉ geheel vorm, soos om in te asem en uit te asem. Om ŉ geheel te wees is ŉ proses van om *te wees* en *te word*. Dit beteken nie om volmaak te wees nie – dit beteken om stukkendwees as ŉ integrale deel van die lewe te omarm. Sodoende word om heel te wees ŉ reis deur die proses van om erkenning te gee aan sukses en mislukking, aan eie daadwerklikheid en gemeenskaplikheid; om positief te reflekteer en te kritiseer – met ander woorde, ŉ reis wat lei na ŉ groter integrasie van die lewe. So word die kwessie om heel te wees ŉ aspirasie vir ŉ daadwerklike proses om ŉ innerlike en uiterlike harmonie te kultiveer (ten spyte van die chaos en kompleksiteit van die lewe (Thakadipuram, 2010), asook ŉ aspirasie vir ŉ visie ten opsigte van ŉ harmoniese en volhoubare gemeenskaplikheid (ŉ verhoogde toekomstige bewustheid of wysheid (Lombardo, 2011).

Kegan (in Parks, 2011, p. 56) beskryf die beweging vanaf wat (tans) is, na die ideaal, as *a meaning-constitutive evolutionary activity – something that is more than biology, philosophy, psychology, sociology or theology, but is that which all of these, in their different ways, have studied – the restless creative motion of life itself.* Kegan en Lahey (2009) in Parks (2011) verwys na die evolusie (van die bewussyn) wat by die ontluikende volwassene plaasvind, en beskryf dit as ŉ evolusieproses vanaf ŉ *socialized mind* na ŉ *self-authoring mind*. En so ontstaan daar ŉ uitnodiging om ŉ outeur te word van (miskien) een van die belangrikste evolusies van die wêreld – die uitnodiging om ŉ storie te skryf oor en van ŉ meer menslike wêreld; om die 'toorkrag' van *iSintu* – wat in die hart van gemeenskaplikheid lê – te verken.

Soos aan die begin van die samevatting vermeld, eindig my sprokie op ŉ 'goeie' noot (in die sin dat om goed te doen, ŉ eenvoudige en universele visie is – ŉ visie waaraan ieder en elk hulself kan verbind en bydra tot die realisering daarvan). Barrett (2013) stel dit gepas dat historiese gebeure die voetspore van die menslike bewussyn[74] se evolusie is, en agter elke historiese gebeure skuil as't ware ŉ stelling met betrekking tot waardes. Sy opinie is dat die *common good* nog altyd regdeur die geskiedenis as die primêre motiveringskrag na vore gekom het wanneer die mensdom se oorlewing, voorspoed of geluk bedreig is: *My optimism is based on the history of the evolution of consciousness* (Barrett, 2013, p. 26).

[74]Menslike bewussyn: ŉ Toestand van bewustheid van self (gedagtes, gevoelens, idees) gebaseer op ŉ stel oortuigings en waardes waarmee realiteit geinterpreteer word. ŉ Skuif na ŉ hoër toestand van bewustheid behels ŉ verandering in oortuigings, waardes en gedrag. Die waardes van die hoër vlak van bewussyn bevorder groter insluiting en verbintenis en minder skeiding en fragmentasie (Barrett, 2013).

© University of Pretoria

My slotsom is dat die self en die ander in ŉ delikate en komplekse verhouding verweef is. Die behoud en volhoubaarheid daarvan (ook op kosmiese vlak) lê opgesluit in die eksplisiete gedagte dat alles en almal aan mekaar verbind is en fokus op ŉ gesindheid van welwillendheid – die wil om die goedheid in die ander en by implikasie in die self te omarm en sodoende die welvaart en welsyn van die self en die ander te bevorder. Guichard (2015) verwys na die 'imperatief van verantwoordelikheid' soos voorgestel deur Jonas (1984, p. 37), naamlik, *Act so that the effects of your action are compatible with the permanence of genuine human life on earth*. In die lig hiervan beskryf Lombardo (2007) die aard van die self (individueel en kollektief) as agent, sentrum, integrasie, verteller, gehoor en koördineerder van bewustheid – 'n noodsaaklike objek van bewustheid ('self'bewustheid) – en is die self dus in staat om ŉ groeiende selfreflektiwiteit en selfbeheer te midde van die heelal te bevorder. Die self versterk evolusie by wyse van selfbewustheid, selfbeheer, ontwikkelde sielkundige vermoëns en sin- en betekenisgewing. Die self skep die self by wyse van die deurlopend-toekomsgerigte, selfreflektiewe verhaal (werklik en ideaal) wat die self vir die self vertel oor die self.

Halal (2013) verklaar ten slotte dat ontluikende volwassenes die eerste *globals* uitmaak. Volgens hierdie outeur aanvaar die 'digitale generasie' alle rasse, seksuele oriëntasies, nasionale kulture, en ander verskille, en is dit hulle voorneme om volhoubaar in ŉ verenigde wêreld te leef.

Soos van die ontluikende volwassene kan daar dus van die mensdom ook die volgende gesê word:

*'She isn't where she has been, she isn't where she is going, but she is on her way.'*

(Muurplaat: Harter, 2012, p. 131).

© University of Pretoria

## LITERATUURVERWYSINGS

Abrams, D., & Hogg, M.A. (2012). *Social identifications: A social psychology of intergroup relations and group processes.* New York, NY: Routledge.

Aczel, A.D. (2003). *Entanglement*. New York, NY: Penguin.

Adams, C.M. (2012). Calling and career counseling with college students: finding meaning in work and life. *Journal of College Counselling, 15,* 65-80.

Adler, A. (1927/1998). *Understanding human nature* (C. Brett, Trans.). Center City, MN: Hazelden.

Adler, R.P., & Goggin, J. (2005). What do we mean by 'civic engagement'? *Journal of Transformative Education, 3,* 236-253.

Alexander, C.N., & Boyer, R.W. (1989). Seven states of consciousness: Unfolding the full potential of the cosmic psyche in individual life through Maharishi's Vedic Psychology. *Modern Science and Vedic Science, 2,* 325-371.

Alheit, P. (1995). Biographical learning. Theoretical outline, challenges and contradictions of a new approach in adult education. In P. Alheit, A. Wojciechowska, E. Brugger & P. Dominicé (Eds.), *The biographical approach in European adult education* (pp. 57-74). Vienna, AUS: Verband Wiener Volksbildung.

Amundson, N.E. (2009). *Active engagement: Enhancing the career counselling process* (3rd edition.). Richmond, BC: Ergon Communications.

Antonovsky, A. (1985). The life circle, mental health and the sense of coherence. Israel. *Journal of Psychiatry and Related Sciences, 22*, 273-280.

Antonovsky, A. (1987). *Unravelling the mystery of health: how people stress and stay well.* San Francisco, SF: Jossey-Bass.

APA Style Guide to Electronic References, *6th ed.* (2012); 2nd printing (2010) of the *Publication Manual.*

6th edition, 2nd printing (© 2010) of the *Publication Manual*; *APA Style Guide to Electronic References,* 6th ed. (© 2012);

Arnett, J.J. (1994). Are college students adults? Their conceptions of the transition to adulthood. *Journal of Adult Development, 1,* 154-168.

Arnett, J.J. (1997). Young people's conceptions of the transition to adulthood. *Youth & Society, 29,* 1-23.

Arnett, J.J. (1998). Learning to stand alone: the contemporary American transition to adulthood in cultural and historical context. *Human Development, 41,* 295-315.

© University of Pretoria

Arnett, J.J. (2000). Emerging adulthood: a theory of development from the late teens through the twenties. *American Psychologist, 55*, 469-480.

Arnett, J.J. (2001). Conceptions of the transition to adulthood: perspectives from adolescence through midlife. *Journal of Adult Development, 8,* 133-143.

Arnett, J.J. (2004). *Emerging adulthood. The winding road from the late teens through the twenties.* New York, NY: Oxford University Press.

Arnett, J.J. (2007). Emerging adulthood: what is it, and what is it good for? *Child Development Perspectives*, *1*, 68-73.

Arnett, J.J. (2010, February 9). 'The Empathic Civilization': The young pioneers of the Empathic Generation. *The Huffington Post.* Retrieved from http://www.huffingtonpost.com/jeffrey-jensen-arnett/theempathic-civilization b 454211.html.

Arnett, J.J. (2012). New horizons in research on emerging and young adulthood. In A. Booth, S.L. , N.S. Landale, W.D. Manning & S.M. McHale (Eds.), *Early Adulthood in a Family Context* (pp. 231-244). New York, NY: Springer.

Arnett, J.J. (2013). The evidence for generation we and against generation me. *Emerging Adulthood*, *1*, 5-10.

Arnett, J.J., & Jensen, L.A. (2002). A congregation of one: Individualized religious beliefs among emerging adults. *Journal of Adolescent Research, 17,* 451-467.

Arnett, J.J., Ramos, K.D., & Jensen, L.A. (2001). Ideological views in emerging adulthood: balancing autonomy and community. *Journal of Adult Development*, *8,* 69-78.

Ashar, H., & Lane-Maher, M. (2004). Success and spirituality in the new business paradigm. *Journal of Management Inquiry, 13*, 249-260.

Ashforth, B.E., & Pratt, M.G. (2010). Institutionalized spirituality: An oxymoron? In R.A. Giacalone & C.L. Jurkiewicz (Eds.), *Handbook of workplace spirituality and organizational performance* (pp. 93-107). New York, NY: M.E. Sharper.

Assagioli, R. (1990). *Psychosynthesis. A Manual of Principles and Techniques*. Wellingborough, NN: Crucible. Available at: http://spiritatwork.com/university/Gibbons1999.htm (accessed 27 April 2001).

Azmitia, M., Syed, M., & Radmacher, K. (2008). On the intersection of personal and social identities: Introduction and evidence from a longitudinal study of emerging adults. *New directions for child and adolescent development*, *120,* 1-16.

Bakan, D. (1966). *The Duality of Human Existence: Isolation and Communion in Western Man*, Boston, MA: Beacon Press.

Baldwin, J.M. (1991). *The individual and society.* Boston, MA: Boston Press.

© University of Pretoria

Bang, H. (2003). ‘A new ruler meeting a new citizen: culture governance and everyday making’. In Bang, H. (Ed.), *Governance as Social and Political Communication* (pp. 241-267). Manchester, MCR: Manchester University Press.

Banyhamdan, K.M.T., Harrim, H., & Al-Qutop, M.Y. (2012). Transforming an organization into a spiritual one: a five-pathway integrated framework. *International Journal of Business and Management, 7,* 74-86.

Barkin, S.H., Miller, L., & Luthar, S.S. (2015). Filling the void: spiritual development among adolescents of the affluent. *Journal of religion and health*, 1-18.

Barrett, R. (2006). *Building a values-driven organization: A whole system approach to cultural transformation*. Burlington, MA: Elsevier Butterworth-Heinemann.

Barrett, R. (2010). Culture and consciousness. Measuring spirituality in the workplace by mapping values. In R.A. Giacalone & C.L. Jurkiewicz (Eds.), *Handbook of workplace spirituality and organizational performance* (pp. 255-275). New York, NY: M.E. Sharper.

Barrett, R. (2013). *Liberating the corporate soul: building a visionary organization.* Woburn, MA: Routledge.

Baumeister, R.F., & Leary, M.R. (1995). The need to belong: desire for interpersonal attachments as a fundamental human motivation. *Psychological bulletin, 117*: 497.

Bell, N.E., & Staw, B.M. (1989). People as sculptors versus sculpture: the roles of personality and personal control in organizations. In M.B. Arthur, D.T. Hall & B.S. Lawrence (Eds.), *The handbook of career theory* (pp. 232-251). Cambridge, CAM: Cambridge University Press.

Bengel, J., Strittmatter, R., & Willmann, H. (2001). *Was erhält Menschen gesund? Antonovskys Modell der Salutogenese – diskussionsstand und stellenwert. (Forschung und Praxis der Gesundheitsförderung, Band 6).* Köln: Bundeszentral für gesundheitliche Aufklärung.

Benson, P., & Scales, P. (2009). The definition and preliminary measure of thriving in adolescence. *The Journal of Positive Psychology, 4*: 85-104.

Benson, P.L., Scales, P.C., Hamilton, S.F., & Sesma, A. (2006). *Positive youth development: Theory, research, and applications*. Hoboken: NJ: John Wiley & Sons.

Benson, P.L. (2006). The science of child and adolescent spiritual development: Definitional, theoretical, and field-building challenges. In E.C. Roehlkepartain, P.E. King, L.M. Wagener, & P.L. Benson (Eds.), *The handbook of spiritual development* (pp. 484-497). Thousand Oaks, CA: Sage.

Benson, P.L. (2008). *Sparks: How parents can ignite the hidden strengths of your teenagers*. San Francisco, SF: Jossey-Bass.


© University of Pretoria

Bernard, HR & Ryan, GW. (2010). *Analyzing qualitative data: systematic approaches*. Beverly Hills, CA: Sage.

Bernaud, J.L. (2013). Adaptive counseling theory: a new perspective for career counseling. *Psychology of Counseling*. New York, NY: Nova Science Publishers.

Berzonsky, M.D., & Adams, G.R. (1999). Reevaluating the identity status paradigm: still useful after 35 years. *Journal of Developmental Review*, *19,* 557-590.

Bhatta, C.P. (2009). Universal peace through religion for human sustenance: ancient Indian insights. *The International Journal of Environmental, Cultural, Economic and Social Sustainability*, *5*, 217-232.

Biberman, J., & Whitty, M.D. (Eds.) (2000). *Work & Spirit: A reader of new spiritual paradigms for organizations.* Scranton, PA: The University of Scranton Press.

Bjorklund, D.F. (1997). The role of immaturity in human development. *Psychological Bulletin, 122*, 153-169.

Blair-Loy, M., & Jacobs, J.A. (2003). Globalization, work hours, and the care deficit among stockbrokers, *Gender and Society, 17*, 230-249.

Bloemraad, I., Korteweg, A., & Yurdakul, G. (2008). Citizenship and immigration: multiculturalism, assimilation, and challenges to the nation-state. *Sociology*, *34*, 153.

Blustein, D.L. (2011). A relational theory of working. *Journal of Vocational Behavior*, *79*, 1-17.

Blustein, D.L., McWhirter, E.H., & Perry, J.C. (2005). An emancipatory communitarian approach to vocational development theory, research, and practice. *The Counseling Psychologist*, *33*, 141-179.

Bosniak, L.S. (2000). Citizenship denationalized. *Indiana Journal of Global Law Studies*, *7*, 447.

Bosniak, L.S. (2006). Varieties of citizenship. *Fordham L. Rev.*, *75*, 2449.

Bourdieu, P. (1977). *Outline of a Theory of Practice* (R. Nice, Trans.). Cambridge, MA: Cambridge University Press.

Boyatzis, C.J., Dollahite, D.C, & Marks, L.D. (2006). The family as a context for religious and spiritual development in children and youth. In E.C. Roehlkepartain, P.E. King, L.M. Wagener, & P.L. Benson (Eds.), *Handbook of religious and spiritual development in childhood and adolescence* (pp. 297-309). Thousand Oaks, CA: Sage.

Brim, O.G., Jr., & Kagan, J. (Eds.). (1980). *Constancy and change in human development.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

© University of Pretoria

Brown, S.D., & Krane, N.E. (Eds.). (2000). Four (or five) sessions and a cloud of dust: Old assumptions and new observations about career counseling. In S.D. Brown & R.W. Lent (Eds).), *Handbook of counseling psychology* (3rd edition, pp. 740-766). New York, NY: Wiley.

Brown, S.D., & Lent, R.W. (Eds.). (2004). *Career development and counseling: Putting theory and research to work*. New York, NY: Wiley.

Brown, S. D., Krane, N. E. R., Brecheisen, J., Castelino, P., Budisin, I., Miller, M., & Edens, L. (2003). Critical ingredients of career choice interventions: More analyses and new hypotheses. *Journal of Vocational Behavior*, *62*(3), 411-428.

Bruner, J. (2004). Why stories matter in psychotherapy. In L. Angus & J. McLeod (Eds.), *The handbook of therapy & psychotherapy: Practice, theory, and research* (pp. 3-14). Thousand Oaks, CA: Sage.

Buchan, N.R., Brewer, M.B., Grimalda, G., Wilson, R.K., Fatas, E., & Foddy, M. (2011). Global social identity and global cooperation. *Psychological Science*, *22*, 821-828.

Buckner, E., & Russell, S.G. (2013). Portraying the global: cross-national trends in textbooks' portrayal of globalization and global citizenship. *International Studies Quarterly*, *57*, 738-750.

Buechner, F. (1993). *Wishful thinking: A theological ABC*. New York, NY: Harper & Row.

Buhl, H.M., & Lanz, M. (2007). Emerging adulthood in Europe: common traits and variability across five European countries. *Journal of Adolescent Research, 22,* 439-443.

Bundick, M.J. (2011). The benefits of reflecting on and discussing purpose in life in emerging adulthood. *New directions for youth development*, *132*, 89-103.

Bundick, M.J., Yeager, D.S., King, P.E., & Damon, W. (2010). Thriving across the life span. In W.F. Overton & R.M. Lerner (Eds.), *The handbook of life-span development. Volume 1: Cognition, biology, and methods* (pp. 882-923). New Jersey, NJ: John Wiley & Sons.

Burns, R.B. (2000). *Introduction to research matters* (4th edition). California, CA: Sage.

Buzzanell, P.M., & Liu, M. (2005). Struggling with Maternity Leave Policies and Practices: A Poststructuralist Feminist Analysis of Gendered Organizing, *Journal of Applied Communication Research, 33,* 1-25.

Bynner, J. (2012). Role statuses and transitions in adolescence and young adulthood: Reflections and implications. *Longitudinal and Life Course Studies, 3,* 243-253.

Cartocci, R. (2002). Diventare grandi in tempi di cinismo [To grow up in cynical times]. Bologna, Italy: ilMulino.

© University of Pretoria

Chakraborty, S.K. (1987). *Managerial effectiveness and quality of worklife: Indian insights*. Noida, NIDA: Tata McGraw-Hill.

Chen, C.P. (2007). Narrative counselling: an emerging theory for facilitating life career success. In K. Maree (Ed.), *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling* (pp. 20-38). Pretoria, South Africa: Van Schaik.

Chickering, A.W., & Reisser, L. (1993). *Education and identity* (2nd edition). San Francisco, CA: Jossey-Bass.

Clark, A. (2010). *The ABC's of human survival: a paradigm for global citizenship*. Edmonton, AB: AU Press.

Cochran, L. (1997). *Career counseling: A narrative approach*. Thousand Oaks, CA: Sage.

Cohen, L., Manion, L., & Morrison, K. (2001). *Research methods in education* (2nd edition). London: RoutledgeFalmer.

Cohler, B.J. (1982). Personal narrative and life-course. In P. Baltes & O.G. Brim, Jr. (Eds.), *Life span development and behavior* (Vol. 4, pp. 205-241). New York, NY: Springer.

Collin, A., & Guichard, J. (2011). Constructing self in career theory and counseling interventions. In P.J. Hartung & L.M. Subich (Eds.), *Developing self in work and career. Concepts, cases, and contexts* (pp. 89-106). Washington, WA: Maple-Vail Book Manufacturing.

Colozzi, E.A., & Colozzi, L.C. (2000). College students' callings and careers: An integrated values-oriented perspective. In D.A. Luzzo (Ed.), *Career counseling of college students: An empirical guide to strategies that work* (pp. 63-91). Washington, DC: American Psychological Association.

Côté, J.E., & Levine, C.G. (2014). *Identity, formation, agency, and culture: A social psychological synthesis*. Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum/Psychology Press.

Coyne, S.M., Padilla-Walker, L.M., & Howard, E. (2013). Emerging in a digital world a decade review of media use, effects, and gratifications in emerging adulthood. *Emerging Adulthood*, *1*, 125-137.

Creswell, J.W. (2011). *Educational research: Planning, conducting, and evaluating quantitative and qualitative research* (4th edition). Boston, MA: Pearson.

Creswell, J.W. (2013). *Qualitative inquiry and research design. Choosing among five approaches* (3rd edition). Thousand Oaks, CAL: Sage.

Crocetti, E., Jahromi, P., & Meeus, W. (2012). Identity and civic engagement in adolescence. *Journal of Adolescence*, *35*, 521-532.

© University of Pretoria

Cross, S.E., & Madson, L. (1997). Models of the self: Self-construals and gender. *Psychological Bulletin, 122*, 5-37.

Dadush, U., & Shaw, W. (2011). Emerging powers and the global commons. *International Economics Bulletin.*

Dahl, R.E. (2004). Adolescent brain development: a period of vulnerabilities and opportunities. In R.E. Dahl & L.P. Spear (Eds.), *Adolescent brain development: vulnerabilities and opportunities* (pp. 1-22). New York, NY: New York Academy of Sciences.

Damon, W., & Lerner, R.M. (Eds.). (2008). *Child and adolescent development: An advanced course.* Hoboken, NJ: Wiley.

Damon, W., Menon, J., & Bronk, K.C. (2003). The development of purpose during adolescence. *Applied Development Science, 7*, 119-128.

